
# BIBLIKASIE

UP BIBLIOTEEKDIENS

JANUARIE 1981



Met die eerste uitgawe van Biblikasie vir 1981 wil ek graag die geleentheid te baat neem om in die eerste plek al ons nuwe kollegas weer eens hartlik welkom te heet in ons geledere - ons hoop dat u afgesien van die werk ook die sosiale sy van ons saamwees in die Biblioteekdiens stimulerend en aangenaam sal vind.

Vir ons ander kollegas wil ons dankie sê dat u nog by ons is - ons sien uit na 'n jaar vol uitdagings en nuwe ontwikkelinge waarvan sommige reeds in die vorige uitgawe deur die Direkteur Prof Gerryts uiteengesit is. Ons sien ook uit na u hartlike samewerking op ander terreine as in die werk self.

In hierdie verband wil ek graag die volgende noem:

Die Sosiale Klub

Al die lede van die Biblioteekpersoneel is verplig om hierby aan te sluit. Die klub reël die tee en verversings in die biblioteek en is ook verantwoordelik vir een sosiale funksie gedurende die jaar waarheen metgeselle/-inne en kinders geneem kan word. Gewoonlik gaan die reël van die funksie met baie groot moeite gepaard en telkens is die bywoning daarvan nie na wense nie. Ek glo nie dit is te veel gevra as daar weer 'n beroep op al ons personeellede gedoen word om met entoesiasme aan die funksie mee te doen nie en om mekaar ook buite die werksituasie beter te leer ken nie.

Verlede jaar is 'n amptelike personeelvereniging vir die Universiteit van Pretoria gestig. Die doel daarvan is:

(1) die bevordering van gunstige diensvoorwaardes vir personeellede aan UP
(2) die bevordering van die belange van die Universiteit in die algemeen, en van die personeel in die besonder
(3) die bedinging van gunstige voorwaardes by finansiële en handelstransaksies waarby personeellede georganiseerd betrokke is
(4) die aanmoediging van sosiale verkeer tussen personeellede en hulle eggenote(s) onderling
(5) die bevordering van samewerking en skakeling met soortgelyke verenigings aan ander universiteite oor sake van gemeenskaplike belang

Die ledegeld is slegs R1,00 per jaar en personeel wat nog nie lid is nie word aangeraai om lid te word en so ook die hande te sterk van die Vereniging.

'n Vraag aan die kollegas wat in besit is van een of ander biblioteekkundige kwalifikasie, "Is u al lid van SAIBI?"

W W DUMINY

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## biblikasie

Dit waarsku alom in by my
dat ek maar liewer stil moet bly.

Stil moet ek wees, en aanhou swyg,
en aanhou net die hoof te neig

S V Peterson

In teenstelling met die digter vra Biblikasie laat ons nie stilbly en swyg, maar laat ons jubel en stry! 'n Aangename en voorspoedige 1981 vir almal en laat Biblikasie stewige bande smee!



*VERJAARSDAE IN FEBRUARIE:*

| | |
|---|---|
| *Mej M M Lee - Vakibliotekaresse* | *7* |
| *Mnr T du Toit - Buitemuurs* | *8* |
| *Mev N W Stols - Ontsluiting* | *9* |
| *Mev A C van der Hoven - Vakbibliotekaresse* | *13* |
| *Prof E D Gerryts - Direkteur* | *14* |
| *Mej A D Heckroodt - Vakbibliotekaresse* | *14* |
| *Mev C M Janse van Rensburg - Tydskrifte* | *16* |
| *Mev E Britz - Ontsluiting* | *19* |
| *Mnr A J Lowies - Tydskrifte* | *21* |
| *Mnr M J G Labuschagne - Bindery* | *22* |
| *Mnr J G Beyers - Finansiële Administrasie* | *26* |
| *Mej G R I Meyer - Musiek* | *28* |

**biblikasie redaksie**

*BIBLIKASIE REDAKSIE*

*REDAKTRISE: MEV MATILDA PIETERSE*

*SUBREDAKTRISES: MEV ZANI SWART*
*MEV SONJA POTGIETER*

*VERTEENWOORDIGERS: Mev Sanet Geyer*
*Mej Ronel Blaauw*
*Mnr Ferreira*
*Mej René Breytenbach*
*Mev Gerda Beukes*
*Mev Joriet Coetzee*
*Mej Jolinda du Toit*
*Mev Rika van der Walt*
*Mev Irene du Preez*
*Mnr Nic van Vuuren*
*Mej Adri Michau*
*Mnr Hurter van Breda*
*Mej Hestie Visser*




## briewerubriek

'N BRIEWERUBRIEK: WAT SAL ONS DIT NOEM??

Biblikasie is Merensky se blaadjie met ander woorde dit is almal in Merensky se blaadjie. Aangesien daar mense is wat voel dat hulle nie oor genoeg skryftalent beskik om 'n beriggie of storie vir Biblikasie te skryf nie, het die Redaksie op 'n briewerubriek besluit want almal van ons kan 'n brief skryf en sodoende kan elkeen sy sê sê! Die rubriek moet egter 'n oorspronklike naam kry. So die eerste briewe met voorstelle vir ons rubriek se naam word angstig ingewag! Enige iets wat u graag onder die aandag van u kollegas wil bring, enige kritiek, lof, gelukwensinge, wenke, enige iets wat gesê behoort te word, kan in ons briewe-rubriek gesê word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



PROF H BOON

Dit is nie elke tweede dag dat 'n nuwe adjunk-direkteur in Merensky aangestel word nie. Nuuskierig is daar dan ook bespiegel oor wie in die pos aangestel sou word en na die aankondiging, vol verwagting, uitgesien na die nuwe "baas" se koms!

Biblikasie het nader gaan kennis maak en 'n paar dingetjies van Prof Boon te wete gekom. Prof Boon 'n Hollander van geboorte was drie jaar oud toe sy ouers na Suid-Afrika en dan ook na Pretoria, geïmmigreer het. Die gesin Boon was hier woonagtig tot 1956 waarna hulle na Germiston verhuis het. Prof Boon beskou hierdie verhuising as 'n wyse stap aangesien hy sulke gawe maats in Pretoria gehad het dat hy miskien nooit verder as Standerd 3 sou gevorder het nie! Prof Boon het sy skoolloopbaan op Kemptonpark voltooi met 'n groot twyfel in die hart oor sy toekomstige akademiese loopbaan: onderwys of biblioteekwese? 'n Praatjie oor die beroep deur prof H van Rooy en vakansiewerk in die Staatsbiblioteek kon hom egter nie oortuig om tot die Biblioteekberoep toe te tree nie.

So val die lot dus op onderwys en is drie jaar BA, met Grieks en Latyn as hoofvakke, dan Prof Boon se voorland. Hy behaal sy graad aan die Potchefstroomse Universiteit en die volgende jaar begin hy as onderwyser in Latyn by 'n skool op Rustenburg. Prof Boon was egter vasberade om homself akademies verder te bekwaam en as gevolg van die afstand tussen Rustenburg en Pretoria, aanvaar hy 'n halfdagpos by die Staatsbiblioteek. So beland Prof Boon dus in die biblioteekberoep en begin hy met die Höer Diploma in Biblioteekkunde onder leiding van Prof P C Coetzee. Hierdie studie was in meer as een opsig vrugtevol aangesien Prof Boon ook sy vrou hier ontmoet het.

Na drie jaar by die Staatsbiblioteek verlaat Prof Boon Pretoria weer eens om 'n pos by die Randse Afrikaanse Universiteit te aanvaar as junior lektor in Biblioteekkunde. In 1971 behaal hy sy MA-graad in Biblioteekkunde.

In 1973 gaan prof en mev Boon en hulle twee seuntjies sak en pak oorsee na die Universiteit van Wallis. Hoewel prof Boon in Europa gebore is, het hy nooit weer teruggegaan nie en was dit dus vir hulle heeltemal 'n vreemde ervaring. Hulle het 'n Kombi goed ingerig en saamgeneem Engeland toe. Dit was 'n wyse stap, want hiermee het hulle baie rondgery en is ook gedurende die somer vir 1½ maande daarmee Europa toe. Prof Boon het hoofsaaklik navorsing gedoen by die Universiteit van Wallis, maar het ook self af en toe klas gegee en baie rondgery om Konferensies by te woon. Aangesien RAU 'n doktorale eksamen, 4 senior seminare en 'n doktorale proefskrif vereis, voordat 'n doktersgraad verwerf word, het Prof Boon sy doktorale eksamen en 2 senior seminare afgehandel voordat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het.

In 1977 het prof Boon dan ook sy doktorsgraad behaal. Vanaf 1970 was hy junior dosent by RAU en vanaf 1971 tot 1973 lektor, vanaf 1974 - 77 senior lektor waarna hy in 1978 professor en Hoof van die Departement Biblioteekkunde word. Januarie 1981 bring hom na Merensky en ons hoop dat hy hier gaan aftree!

Prof en mev Boon deel hulle belangstelling in die biblioteekwese aangesien mev Boon self bibliotekaresse was in die Staatsbiblioteek. Na hulle verhuising na Johannesburg het sy egter voltyds huisvrou en moeder van vier seuns en 'n dogter geword. Hier het sy onder andere die taak om die twee oudste seuns, wat kranige vioolspelers is, vir minstens 2 uur per dag aan die oefen te hou! Ons is bly dat mev Boon nou ook 'n lid van die vroulike geslag bygekry het, want vyf mans in die huis kan mens seker baie grys hare besorg!

Prof Boon het nog altyd 'n besondere belangstelling in, en voorliefde vir boeke. Iets wat hom, blykbaar 'n permanente finansiële knou toedien aangesien sy boekerekening elke maand 'n aansienlike bedraggie beloop. Prof Boon vertel met smaak van 'n sekere Richard Booth wat hy oorsee raakgeloop het in Hay on Wye. Die persoon het aanvanklik in 'n huis tweedehandse boeke begin versamel. Die huis het huise en vliegtuigstore vol boeke geword sodat hy vandag die grootste handelaar van tweedehandse boeke in die wêreld is.

Prof Boon het byvoorbeeld 'n kopié van die Settlers Bible, met kantaantekeninge, wat in 1820 deur die setlaars na Suid-Afrika gebring is by mnr Booth gekoop vir drie en dertig pond! Dit is duidelik dat ons prof ook graag so 'n versameling boeke sou wou besit.

Prof Boon doen ook graag tuinwerk vir ontspanning en hy en sy gesin onderneem graag staptoere. Verder is hy ook maar, soos die meeste mans, 'n Jack of all trades tuis. Gelukkig het hy darem vier helpers!


Wanneer Prof Boon terugdink aan sy loopbaan tot dusver, was elke keer wat hy 'n bydrae kon maak tot die bevordering van die Inligtingkunde, vir hom 'n besondere hoogtepunt asook die oorsese konferensies wat hy probeer om minstens elke tweede jaar by te woon. Laasgenoemde is veral vir hom 'n gulde geleentheid om gedagtes te wissel met mense in dieselfde beroep maar wel in 'n ander land met ander omstandighede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Prof Boon het weliswaar op sy eerste dag in Merensky ook maar groen gevoel soos die meeste van ons, maar hy het die personeel van Merensky 'n hartlike klomp mense gevind. Ons hoop dat hy gou by ons sal tuis voel en lank by ons sal bly.

Baie welkom Prof Boon!




# MEDIES

SOUT-en-PEPER

Nuwe Jaar, nuwe begin en nuwe voornemens ... Een van ons voornemens was sekerlik 'n sterk wens dat die Xerox-masjiene ten minste die eerste maand foutloos gaan wêrk. Helaas! Maar soos die spreekwoord sê: Oos wes, tuis bes. Met die gebreekte (gebroke?) masjien, voel ons alweer of ons hier hoort.

Annie loop nogsteeds met haar "hout"-arm rond. Dit is gelukkig nog net vir twee weke. Intussen is haar eksamen voor die deur. Sterkte, Annie! Ons dink aan jou.

Sophia het darem van haar aanvanklike "magdom pos" - skok herstel en draf alweer normaalweg voort om al die inters afgehandel te kry.

Marié se seun het vir hom 'n nuwe motorfiets gekoop - en haar sielerus vêrkoop! Ai, Marié, dis maar deel van die soet-en-suur jong.

Intussen word daar nog met sulke dinge soos jaarverslae ook geswoeg. Dit lyk na 'n lywige werkie!

Sannie is al weer aan die trek. Van hierdie stadslewe het sy nou heeltemal genoeg. Dis baie beter daar buite. Een van die dae bring sy blomme in haar eie tuin gekweek!

Leoné se eksamen is darem amper agter die rug. Sy werk ook nog net drie dae by ons, voordat sy haar in die leeu se bek by die Departement van Inligting begewe.

Pieter hou natuurlik heerlik vakansie - iewers langs 'n swembad waar die son nie 'n faktor is nie. Ai, party mense weet ook hoe om verlof te kies!

'n Mooi jaar vir almal van julle, van almal van ons!

Groetnis

# veels geluk


VEELS GELUK!

In Merensky is daar maar altyd mense wat braaf genoeg is om hulleself akademies verder te bekwaam. Ons wil aan die volgende mense wat hulle studies suksesvol voltooi het baie geluk sê:

Mev Irene du Preez
Mev Ilse-Mari van Niekerk
Mev Rentia Pretorius
Mej Amelia van den Bergh
Mev Erica Brits



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




NATE COLLIER

*"Oh, isn't it simply grand?"*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



SOSIALE KOMITEE 1981

Die Sosiale Komitee vir 1981 is verkies. Biblikasie wil vir hulle sê baie geluk en mag ons groot feeste hê hierdie jaar! Die komitee bestaan uit die volgende lede:

VOORSITSTER: Mev J C H Fourie

| | |
|---|---|
| Afdeling Leendiens: | Mej E Stolz |
| Bindery: | Mnr D Hughes |
| Boekbestellings en Finansiële Administrasie : | Mev M Meyer |
| Makro-Ontsluiting : | Mev R Pretorius |
| Tydskrifadministrasie: : | Mej C van Wyk |
| Tweedevloer : | Mev A Joubert |
| Derdevloer : | Mev H Fouche |
| Eerstevloer : | Mev G Beukes |

# SOSIALE KOMITEE


MERENSKY-BIBLIOTEEK

SOSIALE KLUB




OPSOMMING VAN ONTVANGSTES EN UITBETALINGS GEDURENDE 1980

| ONTVANGSTES | 1980 | 1979 | 1978 |
|---|---|---|---|
| Ledegeld | 4 083,50 | 3 461,00 | 2 699,50 |
| Bydrae deur die Universiteit | 72,28 | 54,11 | 57,47 |
| Diverse ontvangstes | 41,43 | 3,07 | 16,92 |
| TOTAAL: | 4 197,21 | 3 518,18 | 2 773,89 |



| UITBETALINGS | 1980 | 1979 | 1978 |
|---|---|---|---|
| Melk | 649,88 | 636,30 | 574,00 |
| Koek | 1 264,23 | 1 087,52 | 896,01 |
| Kruideniersware | 597,22 | 606,96 | 453,94 |
| Geskenke: diensverlating van personeel | 289,00 | 252,00 | 256,41 |
| Breekware + eetgerei (teelepels) | 91,52 | 8,58 | 112,16 |
| Tafeldoeke | - | 32,08 | - |
| Ruikers | 133,17 | 160,96 | 131,16 |
| Trougeskenke | 88,00 | 32,00 | 72,00 |
| Bydraes tot gesellighede | 162,65 | 100,00 | 169,45 |
| Blomme | 8,27 | - | 36,18 |
| Skryfbehoeftes | - | - | 1,75 |
| Bankkoste | 29,00 | 33,69 | 16,60 |
| Verversings: Biblioteekkomitee en besoekers aan Biblioteek (Hierdie bedrag is van die Universiteit verhaal) | 72,28 | 54,11 | 57,47 |
| Ledegeld terugbetaal aan persone wat diens verlaat het | 17,50 | 23,00 | - |
| TOTAAL: | 3 402,72 | 3 027,20 | 2 777,13 |



Kontant in besit van die Klub op 31 Desember 1980:


1) In lopende tjekrekening by Volkskas: R707,80

2) In Spaarrekening by Saambou-Nasionale Bouvereniging: R902,06



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WHAT'S COOKIN ?



What's cookin?

In 'n plek soos Merensky waar daar so baie dames werk met dieselfde versugting in die hart en op die ton: "Wat op aarde gee ek tog vanaand vir manlief om te eet" - of erger nog: " Ek kry alweer mense vir ete en my resepteboek is heeltemal uitgeput!", dink ons is dit 'n goeie idee om 'n resepterubriek in Biblikasie te hê. Hiervoor is die samewerking van, ervare kokke en miskien onervarenes wat nog deur foute en trane leer, egter 'n noodsaaklikheid. Enige beproefde staatmakerresep (met geen bestanddele weggelaat nie) sal baie welkom wees. Sodoende kan ons almal die pot aan die kook en die gesinne aan die glimlag hou. Hier is solank 'n voorsmakie van wat ons beoog:

Vinnige Kaasskons

1 koppie meel
1 koppie melk
1 koppie gerasperde kaas
1 eier
4 teelepels bakpoeier

Meng alles saam. Skep lepelsvol in kolwyntjiepan en bak tot ligbruin (+ 15 min) by 350$^{o}$.

Tunaslaai

1 blikkie tuna
1 greenpepper
2 of drie piesangs
pynappel na smaak
brosgebraaide bacon ôf salami ôf worsies ens.
3 eetlepels mayonaise
1 pakkie harde aartappelskyfies, fyngedruk

Meng alle bestabddele saam en bedien op slaaiblare as ligte middagete vir 2 of 3 persone of as voorgereg vir ongeveer 6 mense.

ADRESSE VAN BELANG

Sosiale Klub: Sameroepster Mev J C H Fourie
Seksie Makro-ontsluiting

Personeelvereniging: Voorsitter Prof B Engelbrecht
Dekaan Fakulteit
Teologie A


Sekretaris Mnr J J de Swardt
Dept Toegepaste
Wiskunde

Verteenwoordiger
Biblioteekdiens Mnr W W Duminy

Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese

Sekretaresse: Noord Transvaalse Tak
Mej R de Vos
Posbus 1137
PRETORIA
0001

Tel no: 86-9211 x 3039



"I CAN'T STAND THE SUSPENSE..... WHAT IS IT ?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DERDE Verdieping

*KALENDER KASKENADES*

*Op vloer drie het Januariemaand dusver allerhande interessante gebeurlikhede opgelewer!*

*5 Januarie - sommer so met die intrapslag beland daar toe 'n nuwe assistent op vloer drie. (Mev Annatjie Botes het die vakansie só geniet dat sy onmiddellik haar verlof verleng het en eers weer na 'n week kans gesien het om terug te keer.) Die eerste dag het egter vele kommentare opgelewer...*

*Mev Jinnie van Oordt:*
*"Jong, jy kan baie bly wees jy't hier beland - dis die lekkerste plek in die hele biblioteek!"*

*Mev Matilda Pieterse:*
*"Baie baie welkom - ons hoop jy gaan dit geniet."*

*Mej Rita Badenhorst*
*"Hallo jong - baie sterkte en voorspoed."*

*Mev Amanda van der Hoven:*
*"O! Is jy die nuwe een hier by ons - hoop jy werk lekker."*

*Mnr Piet de Kock:*
*"Aangename kennis 'kindlein' - jy moet net sê as ou Pietie kan help."*

*Mev Annatjie Botes:*
*"Hallo'. - jong, Hennie sal jou leer - ek neem nog 'n week verlof."*

*(arme) Mev Hennie Fouché .... na twee dae*
*"Verstaan jy ooit alles - ek praat seker so deurmekaar."*

*- en nou na twee weke gaan daar darem 'n liggie op as iemand praat van Journals ... Proceedings... Abstracts en "Forthcoming events"!*

*'n Mens hoef maar net in Mev Annatjie Botes se oë te kyk om te weet hoe sake staan -*

*op die 18de Januarie was daar 'n vonk in die oog - Max die labrador grawe blomme uit en bene in ... en bome om ...*

*op die 19de was daar 'n vonkel in die oog - 6 maande getroud en dis só lekkerrr ...*

*Ons innige simpatie aan mev Hennie Fouché met haar groot verlies die 20ste - grootoog en asvaal het sy hier aangekom en het moedig vir manlief in kennis gaan stel dat sy die band van liefde in die lang gras verloor het. Hy sing toe gans 'n ander deuntjie as wat sy verwag het -*

*"My liewe kokkenHENNIEtjie*
*My liewe kleine dingetjie*
*waar kry ons weer vir jou*
*so 'n ringetjie!"*

*Nie sleg nie!*

*Mev Matilda Pieterse het die kersie op die koek geplaas met haar verjaarsdag die 21ste - die hele derde vloer het etenstyd ingesak verby die Blou Bul van San Fransisco en heerlik gesmul aan die reuse pizzas - só erg dat Hennie na die tyd moes gaan lê het ...*

# u.o.v.s. besoek

UOVS - BESOEK


Op Dinsdag, 25 November 1980 is daar geskiedenis gemaak toe mnr H de Bruin met sy vakbibliotekarisse en afdelingshoofde vanaf die UOVS hier by ons 'n draai kom maak het. Samesprekings is met ons eweknieë van Bloemfontein gevoer, en die stroom van vrae oor ons doen en late en ondervindings het nooit opgehou nie; 'n bewys dat die Bloemfonteiners reeds wel deeglik self oor dinge gedink het en probleme geïdentifiseer het. Die wyse waarop die vakbibliotekarisstelsel funksioneer het veral aandag geniet.

Na 'n smaaklike middagete het die betrokke vakbibliotekarisse by die Mediese- en Musiekbiblioteke besoek afgelê.

Die dag is gemoedelik - en halfnat - met 'n skemerkelkie aan huis van Prof Gerryts afgesluit.
(Ons het eenparig besluit die Prof het 'n goeie vrou, die wat wil weet hoekom, moet hom maar self vra!)

Dit was werklik aangenaam om ons kollegas van Bloemfontein beter te leer ken en ons sien uit na die volgende ontmoeting - dit kan alleen tot die bevordering van ons beroep lei.

Annie Pienaar



NURIT KARL

"Twenty-two is out of step. Pass it on."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# tweedevloer

TWEEDEVLOER

*Aai!, Aai!, Aai!, Oe! Dis 'n nuwejaar!*
*Aai!, Aai!, Aai!, Oe! Dis 'n nuwejaar!*

Op 2de vloer het ons al amper vergeet dat ons nog nie eens 'n maand gelede lustig saam met die Kaapse Klopse geaai-aai-aai-oe het nie, want alles hier is alweer in rep en roer.

Alida het 'n bruinbrand, baie eet en baie lekker seevakansie agter die rug. Beslis het sy 'n goeie uitrus nodig gehad, want haar nuwe jaar het assistentloos begin en tot op hede is haar redder uit die nood vir ons almal onbekend.

Dis hierdie jaar Magriet se beurt om op die sopkomitee te dien - vir die oningeligtes - dit het ongelukkig niks te doen mer reëndae en kaggelvure nie, maar met baie harde werk. Baie sterkte Magriet en sommer baie dankie ook vir verlede jaar se lekkerlees Biblikasie.

Thea is Magriet se sekundus - ons is almal baie bly daaroor, want sy het openlik verklaar dat sy eerder matte'skoonmaak as somme maak - dus voorspel ons 'n heerlike liberale jaar vir ons tydstate met 'n kontroleerder wat nie kan somme maak nie! Terug van 'n heerlike Kaapse draai met onder andere Stilbaai op die spyskaart, is Thea dadelik weer oorval deur eiendomsagente en teoloë - hoor maar by haar wat die ergste is.

Met die intrapslag moes Anita ontdek dat Japanees blykbaar ook 'n vereiste is vir goeie diens in die Merensky, want haar Engels en die Japanese Ekonomie-student sin het blykbaar geen raakpunte gehad nie! Haar dogtertjie is vanjaar vir die eerste keer skooltoe en op haar vraag of sy nou elke dag moet skooltoe gaan, was sy hewig ontsteld om te hoor dat sy vir 12 jaar lank elke dag moet gaan.

Susan en Adriaan se vakansie klink na 'n ontdekkingsreis van die Oos-Kaap: Graaff-Reinet, Swellendam, Tulbach, Onrust, Hartenbosch ens. ens. ... Dit was ook nie sommer net 'n rondryery nie, maar 'n goed beplande fynry, fynkyk en fynluister na alles eie aan elke plek - tot regte waterblommetjies geëet!

Zani het al weer 'n nuwe baas, Jolinda - volgens fluisterstemme gaan sy van 1 Februarie af nog een bykry, naamlik Dr Trichardt. Dus gaan sy die enigste persoon in die Merensky wees met 3 direkte hoofde - beslis 'n uitdaging om almal te plesier. Saam met Piet de Kock is sy ook besig om 'n meestersplan vir die eerstejaars se rondleiding uit te werk. Ons hoop die *"leiding"* sal verdere *"lyding"* vir ons en die eerstejaars drasties verminder.

Baie welkom by ons Jolinda - dis lekker om jou hier te hê. Jolinda se vakansie het ver draaie gemaak - saam met die Tukkie-toer oorsee en daarna ook na Nature's Valley. Op haar lessenaar is 'n bak vol herinnering-skulpies om haar hart nog so nou en dan ver heimweepaaie te laat loop. Sy moes haar vakansie ongelukkig met haar Afrikaans-honneurs eksamen afsluit - regtig 'n skok terug werklikheid toe. Ons hoop die uitslag is positief.

Om die nuwe jaar nog beter te begin, is ons almal een etenstyd na die teetuin - dit was heerlik en is beslis aanbevelenswaardig.

Vir al die ander afdelings wens ons toe: 'n produktiewe en konstruktiewe 1981, met baie humor en vreugde so tussendeur al die produksie en konstruksie.

# veeartsenyKunde

VEEARTSENYKUNDE-BIBLIOTEEK

Te midde van verbeterings aan ons biblioteek betree Veeartsenykunde 'n nuwe jaar met die verwagting om gedurende 1981 oor 'n baie ruimer en netjieser lokaal te beskik.

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om totsiens te sê aan mnr Leon van Heerden wat hom nou voltyds aan sy teologiese studies gaan wy. Dankie vir al jou hulp, Leon, en alle sukses en sterkte vorentoe!

Mathilda du Preez






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# tydskrifte

Nou ja die jaar 1980 het gekom en gegaan en so ongelooflik as wat dit blyk te wees, is 1981 alweer in volle swang.

Hier in die tydskrifafdeling was daar sedert die verskyning van die laaste Biblikasie heelwat verwikkelinge en 'n mens wil byna byvoeg ontwikkelinge.

Wat die verwikkelinge betref sal ons maar bo-aan die lys begin. Ann het een oggend in Desember met blink ogies hier aangekom en gesê Alida wil hê sŷ wat Ann is moet saam met haar see toe gaan en dat sy al Ann se besware met oplossings afgekam het. Onder luide aanmoediging van ons almal het Ann natuurlik verdere besware geopper byvoorbeeld "Maar skatjies! Kyk hoe lyk die poskamer ens. ens ... Nodeloos om te sê hier het sy ook nie hond haar-af gemaak nie en sy is weg see toe om net betyds terug te wees om darem nog te kom engeltjie speel. Verder is Ann natuurlik alweer weg maar darem nie om vakansie te hou nie, want sien Ann het huis gekoop en deeglike mens wat sy is moet alles van die begin af reg gedoen word.

Hestê en haar John het 'n heerlike vakansie by John se ma op Knysna deurgebring en sy het met sterre in haar oë vir ons van die Engelse se gasvryheid kom vertel. Ons moes net keer of sy't dit nog op Engels gedoen ook. Verder was hulle ook vir 'n paar dae Kaap toe en het hulle ook so 'n bietjie daar rond geloer.

Canna en Sylvester het die langpad na Suidwes aangedurf om daar vir familie te gaan kuier. Sy sê behalwe dat sy poot-uit was van die lââång pad het hulle dit baie geniet.

Marike en Christo moes met Jan Tuisbly se karretjie ry omdat Christo moes werk. Hulle kon darem Kersfees na hul ouers toe gaan. Verder het Marike-hulle ook maar kort gelede na 'n nuwe woonstel verhuis en het sy nog baie te doene gehad.

Ilse-Marie en Neels het die vakansie stil in Pretoria deurgebring en nou gaan hulle lekker see toe voor die Universiteit begin - ag wat 'n heerlike gedagte! Ilse-Marie baie geluk met jou graad.

Irene het by haar ouers gaan kuier en natuurlik ons almal kom verras met 'n blink steen aan haar vinger en nog blinker ogies. Irene aan jou en Attie wil ons net sê baie geluk en alles wat mooi

is vir die toekoms. Van haar nuwejaars voornemens sal ek liewer niks sê nie, die moet julle haar self vra. Baie dankie vir die tydjie wat jy hier by tydskrifte gehelp het en baie geluk met jou graad.

Adolf: Baie welkom, ons weet jy is al klaar tuis by ons, ons hoop regtig dat jy dit sal geniet tussen al ons vroumense.

Nou ja op die noot sluit ek dan af en die Tydskrif-afdeling as geheel wil net aan almal 'n mooi jaar toewens. O ja, laaste maar nie die minste nie oor die ontwikkelinge sal ons volgende keer meer sê.

Adri le Roux

## BEPLANNING

BEPLANNING

Ons sê baie welkom aan prof Hans Boon. Hy lyk darem al tuis in Merensky. Baie geluk ook aan hom en sy vrou met die klein Boondogtertjie.


Welkom terug ook aan mnr Rolf Tönsing na die byna drie maande lange kuier by sy skoonouers in Duitsland.

Verder wens ons dr Tamal Trichardt voorspoed toe met die nuwe projek waar sy Wysbegeerteboeke sal ontsluit en vakbibliotekaresse vir Wysbegeerte sal wees.

*Pas na die aankondiging van die nuwe toevoeging tot die Boongesin, vra iemand toe in die teekamer:*

*"Maar wat noem mens so 'n baba Boon?" - 'n "BOONTJIE" natuurlik!*

*Baie geluk Prof en mev Boon met die nuwe BOONtjie.*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *ontsluiting*

<u>ONTSLUITING</u>:

Hoewel die nuwe jaar by ons ook nie sonder probleme en frustrasies begin het nie - DOBIS het summier besluit om nog 'n wekie langer vakansie te hou - lyk dit darem nou of hierdie probleme uitgestryk is en almal weer (uitgerus?!) terug is in hul ou roetine. Te oordeel aan die heen en weer geskarrel, en die "ge-oe" en "ge-aa" as DOBIS dit net sou waag om 'n ou stuiptrekkinkie te gee, wil dit darem voorkom asof ontsluiting nie aan ywer, en veral moed, ontbreek vir die nuwe jaar nie!

Daar is ook 'n hele paar "verskuiwings" in die afdeling ... tàfels!! èn personeel! Baie welkom aan Amelia van den Bergh vanaf die Tydskrifafdeling en Erika van de n Berg van Bestelafdeling. Ook aan mev Vink wat vroeër hier 'n personeellid aan die ou Merensky was, en interessant genoeg ook haar man hier ontmoet het (so daar's nog hoop!) baie welkom by ontsluiting. Mev Vink het die interessante werk, 2 oggende 'n week, by St John Vianney Nasionale Seminarie ('n Rooms Katolieke Kweekskool) se biblioteek verruil vir 'n halfdag pos in ontsluiting. Ons hoop/weet julle sal baie gelukkig by ons wees. Dan het Jolinda du Toit en Anthea White groener weivelde gaan opsoek as vakbibliotekarisse by onderskeidelik Merensky 2de vloer en Voorklinies. Ons hoop julle sal ook baie lekker werk in jul nuwe afdelings.

Maar eers nog nuus oor 2 feestelike gebeurtenisse. Op 17 Januarie 1981 het beide Miemie Greyling en Erika van den Berg in die huwelik getree - skaars 'n uur uitmekaar! Die wat albei troues wou bywoon moes spring! Ons wil dan ook net vir albei van julle alles wat mooi is toewens en ook in die besonder vir Miemie wat die geledere van die tiksters verruil het vir 'n pos by die Huishoudkunde Departement. Ons is darem seker dat ons haar wel so nou en dan te siene sal kry.

So met die gelukwensing saam, 'n voorspoedige 1981 vir almal.



ERIKA BRITS

MIEMIE V.D. MERWE


## FINANSIËLE ADMINISTRASIE

SEKSIE FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Mnr Johan Beyers is vanaf die begin van Januarie besig met sy militêre diens op Middelburg.

Mnr Neels Venter (voorheen van Seksie Boekbestellings) is na die Seksie oorgeplaas.


Mev Berry Matzopoulos het die Biblioteek se diens verlaat en werk nou in die Universiteit se Personeelafdeling.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *nuwe dosente*





NUWE DOSENTE

Gedurende die week van 19 - 23 Januarie het die nuwe dosente aan UP 'n oriënteringsweek gehad. Op Donderdag 22 Januarie het prof E D Gerryts 'n lesing gehou oor die noodsaaklikheid van samewerking tussen die Biblioteek en die doserende personeel en die Biblioteek se rol in die Universiteitsopset. Die dosente is daarna volgens hulle onderskeie vakgebiede in groepe verdeel en deur die betrokke Vakbibliotekaresses deur Merensky geneem. Die oriënteringsweek is op gesellige wyse met 'n kaas- en wynonthaal in die biblioteek afgesluit.



## TIK en KAARTPRODUKSIE

Graag wil ons vir mev Rina Greyling en mej Adri Michau hartlik welkom heet in hierdie afdeling. Ons hoop julle werk lekker saam met ons en voel al tuis.

Rina kom van Bloemfontein en is nie lank in Pretoria gevestig nie. Rina, ons hoop jy kom reg met die paaie van Pretoria en ons beste wense vergesel jou en jou familie met die nuwe woning.

Ons wil net baie dankie sê aan Mara van Rensburg en Minda Meyer wat ons op hierdie afdeling uithelp. Mara help tot aan die einde van Februariemaand uit. Sy moes al in die begin van Januariemaand by tydskrifte begin werk het. Minda help soggens in die Tik- en kaartproduksie terwyl haar werk by Bestellings ophoop. Aan Mara en Minda, nogmaals baie dankie vir jul hulp.

Ons sê totsiens aan Marietjie Greyling. Sy is oorgeplaas na Huishoudkunde en ons wens haar alle voorspoed in haar nuwe werk toe. Marietjie is die 17de Januarie getroud met Kallie van der Merwe. Aan Marietjie en haar eggenoot wens ons 'n gelukkige huwelik en alles van die beste toe vir die toekoms.

TIKSTERS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *INTER*

INTER

23 Desember 1980: 'n Sug verrys by Inter, nie net oor die week en 'n ietsie van rus en niks doen wat ons gegun word nie, maar eerder met die wete dat wanneer die biblioteek heropen op 5 Januarie 1981 sal al die leë stoele weer gevul wees - met so 'n bietjie ekstra grammetjies op die verkeerde plekke, maar ag, die stoele sal dit buitendien nie voel nie.

5 Januarie 1981: Almal lyk vars en uitgerus (stukkende hakke en al!). Nuwe gesigte net waar jy kyk, stroom by die voordeur in. Hier, in Inter se hokkie word daar gewed en gewonder - watter twee van hierdie gesigte is vir ons bestem? Gissings duur voort tot kort voor etenstyd toe mnr Otto met die nuwe gesiggies opdaag. Graag wil ons aan die twee nuwe karperde - Ansie en René - wat gaan mee help om die 1981-wa deur die drif te trek, sê baie welkom en dankie vir die deel wat julle reeds doen.

Vir die wat navraag doen oor ons visse - wel hulle het laat weet hulle geniet nog hulle vakansie in die baai. Blakend gesond soos net 'n vis in die water kan wees, sal ons hulle met nog vier maatjies terug verwag wanneer hulle akademiese jaar in aanvang neem - wanneer dit sal wees wonder Inter self, maar hulle het per teleks laat weet hulle sal wel een of ander tyd hier opduik. Wel, Inter wonder nou net na 'n maand van rus by die see, gaan hulle nie dalk hulle akademiese jaar kanselleer nie????

Aan al die lui dames (dis nou Ria en kompanjie) volg hier nou Inter se kits-blits resep:

Dadelkoekies

1 pakkie mariebeskuitjies (gebreek)
1 (lb) (500g) dadels (fyn gesny)
3/4 koppie suiker
½ lb (250g) botter/margarien
bietjie klapper

Metode

1. Smelt botter en suiker in 'n pot.
2. Voeg dadels by.
3. Roer goed, en laat deur kook.
4. Voeg beskuitjies by en meng deeglik.
5. Gooi uit in 'n plat gesmeerde bak en druk vas.
6. Wanneer koud, sny in blokkies en rol in klapper.

Nou ja, groetnis van  tot 

'N NUWE VOORUITSIG

Toe ek die eerste keer hierdie jaar as vakbibliotekarisassistente die trap na die Musiekbiblioteek opgestap het, het dit amper soos 'n paar jaar gelede gevoel toe ek dit as dtudent opgestap het.

In daardie tyd was dit vir 'n taak of werksopdrag; jy hoort net aan die voorkant van die toonbank; jy wag dat jy gehelp word en jy maak kennis met die inhoud van boeke, plate en partiture.

Nou het die situasie verander - meer tydskrifte, nuwe kasset- en platespelers, nuwe katalogus, nuwe gesigte...
Hierdie keer is dit ek wat bydra tot die verantwoordelikheid om die gretige student van hulp te wees sodat die inhoud van kennis geleer en ontdek kan word uit dit wat daar te vinde is.

Ek sien baie uit na die tyd hier in die Musiekbiblioteek - veral as die studente hulle opwagting maak.

'n Groot dankie aan mev Anita Moolman vir die geduld en hulp by die aanleer van die werk.
Ek's bly dis jy!

Getrud Meyer






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## africana

In Africana toon die nuwe jaar tot dusver nog maar dieselfde ewewigtige grafiek as in die verlede - geen besondere hoogte- of laagtepunte nie. 'n Tipiese laagtepunt bestaan daaruit dat gebruikers 'n sadistiese vermoë het om altyd die oudste boek (waarvan die rugbeskrywing nie meer bestaan nie) op die onderste rak in die donkerste gang, aan te vra. 'n Hoogtepunt daarenteen is die aangename gevoel wanneer 'n dosent van 'n verafgeleë universiteit sy ingenomendheid met ons biblioteekdiens uitspreek.

Een groot hoogtepunt wat die nuwe jaar tot dusver opgelewer het, is die feit dat die geledere van die Africana-personeel nou tot drie aangegroei het met die oorplasing van Joy Roos hierheen. Ons wil haar baie hartlik welkom heet en hoop sy voel reeds heeltemal tuis. Sy het, voordat sy hier aangemeld het, 'n gunstige eksamenuitslag ontvang en van woonplek verwissel net om te sorg dat sy nie in 'n groef beland nie.

Die veteraan in ons afdeling, Sonja Potgieter, het self 'n baie goeie eksamenuitslag beleef en die woonstellewe vir 'n huis verruil. Haar lewe is nie altyd sonder sy katastrofes nie soos byvoorbeeld die dag toe haar Duitse motortjie te haastig oor die stopstraat beweeg het en sy met 'n verkeersman warm op haar spoor, die parkeerterrein binne gery het. Of dit aan hierdie episode te wyte is, weet ons nie maar sy het daarna 'n vervoermiddel begin gebruik wat baie hard getrap moet word voordat hy beweeg. Die laaste wat ons van haar weet is dat sy vasberade was om die Otterwandelpad met dapper en stapper aan te durf.

Joriet Coetzee het ook maar haar privaat ellendetjies. Sy moes vir die tweede jaar namekaar 'n seun aan die Weermag "leen". As sy nie 'n egte Africanastuk is nie kwalifiseer sy minstens om as stoere volksmoeder deur te gaan.

Namens bogenoemde drie personeellede: 'n voorspoedige 1981 waarin ons steeds die goeie betrekkinge van die verlede, sal handhaaf.

## BOEKBESTELLINGS

SEKSIE BOEKBESTELLINGS

Een-vir-een van ons mense het teruggekom ná die Kerstyd tot ons familie weer voltallig is, dit wil sê behalwe vir dié wat gedros het.

Mej Erica van den Berg is oorgeplaas na Ontsluiting so ons sal haar dus nog sien. So ook Neels Venter wat nou by Finansiële Administrasie is. Ons sal hulle almal nog lank soek. Ons twee nuwe meisies mejj Maretha van Aardt en Helene Potgieter lyk klaar tuis by ons.

Die Kerspartytjie was dié keer gereël deur Laergrondvloer met mej Verona Blignaut vir die groot baas. Dis seker hoofsaaklik om daardie rede dat dit so 'n sukses was.


Die teekamer was onherkenbaar, 'n sprokiesland, met 'n gemoedelike Kersvader en heerlike eet- en drinkgoed. Om daardie rede is ons des te meer jammer om vir Verona te verloor. Gelukkig is sy nie ver weg nie, sy gaan dié jaar voltyds studeer, so ons kan miskien volgende keer weer van haar talente gebruik maak al sou sy net optree as sersant-majoor!

Aangesien die grootste deel van die personeel van plan is om hierdie jaar verder te studeer, wil ons graag aan almal 'n baie suksesvolle jaar toewens.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

TOONBANK SE MENSE:

Nog 'n nuwe jaar het onder registernommer 1981 sy piek ingeneem. Op sy kaartjie pryk die vrolike gesigte van die Toonbankpersoneel wat die jaar met nuwe ywer en werklus inwag.

Dit kan ook nie anders nie, want die afgelope reses het almal beslis baie goedgedoen!

Afgesien van die reses het mev Hannatjie Erlank haarslef 'n week ekstra verlof gegun en heerlik uitgerus met Jan Tuisbly se karretjie. Haar stembande werk weer ononderbroke by die Toonbank.

Neels en Irene Venter het 'n nare ondervinding gehad toe 'n dief by hulle huis ingebreek het. Gelukkig is die gebreekte ruit en gesteelde sleutel se slot vervang en leef die Venters nie meer in angs nie.

Mev Christie de Klerk het die vakansie by haar familie deurgebring. Dit het haar goed gedoen om die bekendes en geliefdes weer te sien. O ja, haar familie bly in die Wildtuin.

Mej Estelle Stolz het haar vakansie op die snelweg deugebring - die snelweg tussen Pretoria en Kemptonpark. Haar "sagte plekkie" het Tukkies verlaat en Kempton toe verhuis.

Mej Marie Schoeman was daar doer in die Boland en sy sê sy sou beslis weer gaan (Haar wynkennis het aansienlik uitgebrei!)

Mev Mara Grobbelaar het 'n deeltydse pos aanvaar. Die res van haar tyd wil sy aan haar tuiste wy. Sy verlaat egter die Toonbank en gaan voorgraads toe.

Mev Sanette Geyer het die vakansie haar met hereksamen studies besig gehou. Sy is tans in 'n staat van grasweduweeskap want haar man is Weermag toe. Sy het ons ook verlaat, maar is darem nie uit sig daar by katalogusadvies nie.


Mev Corriē du Plessis het by ons begin werk. Ons hoop sy sal baie gelukkig wees en nie wegraak tussen die kardekse en kaartjies nie.

Met die oriëntering in ons midde, is die Toonbank druk besig om die verdwaasde, ek-wens-ek-was-by-my-mammie-gesiggies rigting te laat kry.

Die toonbank skitter soos 'n nuwe sikspens te danke aan oom Labuschagne se harde werk. (Al moes ons soms ons lewens waag op die nat, seepbesmeerde vloere!)

En dit is net sulke blink wense wat Toonbank almal toewens. Mag die jaar voorspoedig wees en laat ons lekker saamtrek aan ons sware boeketuig.

TOONBANK



"The freezer broke."

# MUSIEK

Dis 'n gewoel en 'n gewerskaf ...
rakke verf, publikasies op- en afpak, vloere skrop en katalogus vervang -
so is die nuwe jaar begroet!

Baie dankie aan mnr Piet de Kock, meve Zani Swart en Lucia Smith
sonder julle hulp sou dinge net nie kon vlot nie
'n Baie groot DANKIE ook aan Topbestuur
wat al hierdie veranderinge moontlik gemaak het.
Hier by Musiek voel alles sommer nou splinternuut!

Hartlike verwelkoming aan mej Gertrud Meyer,
wat haar onderwysfrustrasies verruil het
vir 'n toekomstige loopbaan in die Biblioteekdiens.

Gertrud, ons hoop jy sal die werk hier by ons baie geniet
en wees verseker dat jou diens dringend benodig word
veral met die vooruitsig op die geharwar van eerstejaars, studente en ... jy sal nog sien!
Dis lekker!

Anita Moolman



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# bindery

Net soos ons boeke en bladsye saam bind, so het ons in November 'n samebinding van twee mense gehad. André het verloof geraak en sy vakansie op Viljoenskroon deurgebring om die troue te reël.


Marthinus, in teenstelling, het 'n rustige tydjie by sy familie op Newcastle gehad en so het Chris en Daan ook die Kerstyd stil deurgebring.

Arme Rassie het sy hande vol gehad met sy grasperk, maar het andersins 'n stil Kerstyd gehad.

Nic het letterlik en figuurlik vleis "gebraai". By Die Bron. Mnr W Porter het besluit dat die herstel van 'n vloot motors hom uitgeput het, en het toe ook maar 'n paar dae by Die Bron gaan uitspan.

Mnr Dawie Hughes het net voor Kersfees redelik ernstig siek geword, hy sterk nog tuis aan. Gou gesond word Dawie'.

Nou gaan dit weer bedrywig hier in Die Bindery en tot volgende keer sê ons: "Hou lym hou'."



# KLEREKOMITEE

KLEREKOMITEE

Die volgende dames sal gedurende 1981 sorg dat die Merensky-personeel altyd volgens die bepaalde voorskrifte geklee gaan:

Ontsluiting: Mev H Nel (Sameroepster)
Vakbibliotekarisse: Mev J van Oordt
Boekbestellings en Tydskrifadministrasie: Mej I du Preez
Grond- en eerste verdieping: Mev M Bekker
Takbiblioteke: Mej J du Preez



BORIS DRUCKER

*"Do you have something with a smaller check?"*




"Heavens—I just saw my whole life flash by."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BIBLIKASIE

Februarie
~~MAA~~RT 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord

DIE BIBLIOTEEKDIENS AS INLIGTINGSENTRUM

Om so kort na my diensaanvaarding 'n voorwoord vir Biblikasie te kan skryf is voorwaar 'n groot voorreg. Die voorreg is veral daarin geleë dat dit moontlik is om met enkele pennestrepe die agtergrond te skets waarteen die Biblioteekdiens van UP in die toekoms as dinamiese inligtingsentrum sy rol kan speel.

Meeste lande in die Westerse wêreld het reeds die sogenaamde na-nywerheidsera betree waarin die produksie en verwerking van kennis die produksie en verwerking van goedere oorskry. Algemeen word beweer dat tot 80% van die Westerse werkers, kenniswerkers of "white collar" is. Geen kenniswerker kan sonder die "voorkennis" van sy voorgangers werk nie. Elke navorser bou op die werk van vorige navorsers. In hierdie na-nywerheidsera wat dikwels die "inligtingsera" genoem word is daar sekere onderliggende beginsels ten opsigte van inligting wat ook in die biblioteek as inligtingsbron in die toekoms 'n groter rol sal speel:

- inligting is 'n hulpbron netsoos arbeid en kapitaal wat gebruik kan word om sekere doeleindes te bereik;

- inligting is 'n handelsartikel wat verkoop of verruil kan word;

- inligting help om ander hulpbronne te bewaar en bevorder produktiwiteit op alle terreine van ons samelewing.

Nou is dit so dat die aanwending van enige hulpbronne 'n geordendheid veronderstel. Arbeid op sigself het geen nut as die mannekrag nie geordend aangewend word nie. So ook met inligting. Op sigself is inligting ongeordend, deurmekaar, ongesistematiseerd. Die gebruik van inligting deur 'n navorser, dosent of student veronderstel geordendheid. En nou is dit ons pragtige roeping om binne universiteitsverband orde te skep in die groot wanorde van bronne van inligting naamlik boeke, tydskrifte, oudiovisuele materiaal, en ander media wat daagliks gepubliseer word.

Ons as biblioteekpersoneel aanvaar dat inligting broodnoodsaaklik is vir die verrigting van enige taak. In die inligtingsera waarin ons beweeg sal hierdie besef ook by gebruikers al hoe groter word. Die gevolg is dat al groter eise aan biblioteekdienste gestel sal word. Waar ons tans gebruikers uitnooi om met hulle inligtingsbehoeftes na die biblioteek te kom sal dit in die toekoms vanselfsprekend wees, soos wat dit vanselfsprekend is dat ek medisyne by 'n apteek koop en na 'n dokter toe gaan as ek siek is.


'n Mens hoor soms die uitspraak dat die bibliotekaris 'n uitgediende beroep is. Ek is van mening dat ons eintlik maar pas aan die begin van fantastiese uitdagings staan. Sommiges voel dat die uitdagings in ons beroep in die ontwikkelinge van tegnologiese hulpmiddels lê. Ek sien die tegnologie slegs as 'n hulpmiddel wat ons in staat stel om met veel groter diepte en met 'n wyer trefkrag inligting te orden en beskikbaar te stel. Ons eintlike doel en beroepsverwesenliking lê in die feit dat ons inligtingsmakelaars is wat voortdurend tot diens bereid is. Ons bydrae lê daarin dat ons 'n belangrike inset tot navorsing en onderrig lewer.

Hierdie inset is veel belangriker as wat ons werklik na waarde skat.


Ten slotte, by UP se biblioteekdiens het ons ons verbind om die uitdagings van die nuwe inligtingsera met entoesiasme aan te pak. Die ywer van al die personeellede van die afgelope aantal jare en die sukses waarmee u die biblioteekdiens een van die bestes in ons land gemaak het, getuig van 'n span mense wat oor groot kwaliteite beskik om ook nuwe uitdagings in die toekoms met vertroue aan te pak.

Aan elkeen sterkte met u besondere taak.

PROF J A BOON



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



*VERJAARSDAE - MAART 1981*

*2 Mej M Pieterse - Bestelafdeling*
*7 Mnr P T Ferreira - Finansiële Administrasie*
*9 Mev A White - B.M.W.*
*13 Mnr D G P Botes - Bindery*
*16 Mej H Struwig - IBL*
*20 Mev E Langkilde - Ontsluiting*
*21 Mej R Breytenbach - IBL*
*23 Mev S E Hattingh - Mediese Biblioteek*
*24 Mev L Smith - Vakbibliotekarisstelsel*
*26 Mev A Venter - Ontsluiting*

UIT TOPBESTUUR SE DAGBOEK

FEBRUARIE

12 - Prof Joubert oorhandig 'n boek wat handel oor Delft porselein - Les faïences de Delft - aan Prof E M Hamman by 'n funksie waar ook Prof Gerryts en Prof Nilant, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis teenwoordig was.

Die boek is onder andere geskryf deur mnr Jan Boyazoglu, 'n oud-Tukkie. Baie van die fotos in die boek is die van stukke uit die Van Tilburg versameling. Hieroor later meer in Biblikasie.

13 - Prof Gerryts woon 'n vergadering in Bloemfontein by van die Beplanningskomitee insake die Biblioteekdiens van die Universiteit van die Oranje Vrystaat waarop hy dien.

Personeel van die biblioteek van die Potchefstroomse Onderwyskollege besoek Merensky om te kom kyk na DOBIS en die Vakbibliotekarisstelsel.





17 - 'n Interessante versameling landboukundige boeke word deur mnr van Rooyen aan prof P M Joubert oorhandig. Later ook hieroor meer in Biblikasie.

18 - Personeel van die Universiteit van Durban besoek Merensky om na ons geboue, metodes ensovoorts te kyk.


MUSAION

Woensdag 18 Maart - 20h00 Consortium Novum (Kamermus groep)
Woensdag 25 Maart - 20h00 Solomon (Pianis)
SONDAGMIDDAGKONSERTE: MUSAION
Sondag 1 Maart Carol Cooper (Pianiste)
ETENSUURKONSERTE: MUSAION
Donderdag 5 Maart - 13h10 Pieter de Villiers (Klawesimbel)
Donderdag 12 Maart - 13h00 Chamara en Franci (Ligte liedjies)
André Roberts (Folk)
Donderdag 19 Maart - 13h00 Ina Snyman (sopraan)
Maria Swart (Fluitobligato)
Dina Potgieter (Klavier)
Frank Smuts (Klassieke ghitaar)
Donderdag 26 Maart - 13h10 Jannie du Toit (Ligte liedjies)
ETENSUURFILMS: AULA
Dinsdag 3 Maart - 13h10 Die Leeus Besoek RSA 1980 (27½ minute)
Dinsdag 10 Maart - 13h10 Uitvoerhandel RSA (28 min.)
Dinsdag 17 Maart - 13h10: Minerale skatkamer (14 minute)
Kulturele Identiteit (13 minute)
Dinsdag 24 Maart - 13h10: The Bridge Builders (20½ minute)
Dinsdag 13 Maart - 13h10: Ons Weermag (24 minute)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Oriëntering



Soos dit elke nuwe jaar betaam, het 1981 ook sy kwota aan nuwe eerstejaargesiggies opgelewer. Weer eens is die rustige gang van sake in die Merensky "ontwrig" deur die oriënteringstydperk van hierdie nuwe studente.

'n Gedeelte van die Merensky-personeel is in spanne verdeel en toegerus met riglyne deur mnr Piet de Kock om die eerstejaarvreemdheid weg te oriënteer. Paraat het ons hulle dan ingewag om hulle met die relevante inligting te bestook.

Met die eerste oogopslag het hulle half verdwaas gelyk. Die hele oriënteringsproses het egter nie verligting aan hierdie verslaendheid gebring nie. Dat soveel vreemde voorwerpe bestaan, het eerstejaar se kind nooit kon droom nie. Tussen die katalogus en katalogi, mikrofiche en terminaal, rooi nommers en swart nommers was net 'n stroewe kopknik af en toe waarneembaar. Al wat opwindend blyk te wees in hierdie grote biblioteek is die verklikkerstelsel. Hierdie magiese apparaat word egter baie liggelowig bejeën.




Een ding weet ek nou! 'n Eerstejaar bly 'n eerstejaar en as jy rêrig dom (in eerstejaaroë) wil wees, moet jy net 'n vraag vra. Ons was egter almal eerstejaars op 'n stadium en daarom juis het ek meegevoel met hulle. Miskien het ons hulle oorweldig of miskien was ons oriënteringsprogram nie goed genoeg nie. Ek meen, dit is ontstellend om te sien hoevéél van hulle nog by die ingang probeer uitgaan. Uiteindelik het ek myself getroos met die wete dat om te luister sonder om te hoor definitief 'n student- en veral eerstejaarkwaal is. Daarom dat soveel van hulle verbete probeer het om aan te sluit by die biblioteek nog lank voor hulle hulle registrasiekaarte gekry het.

Daar is egter sommige kandidate in die nuwe groep wat dapper genoeg was om 'n vragie te waag. "Juffrou, hierdie boek wat ek vanoggend by Van Schaick gekoop het, sal hy die alarm laat afgaan?" En een wat soveel leeuemoed aan die dag gelê het om die terminaal te bekruip en stilletjies 'n soektog te probeer uitvoer.

Wel, effektief al dan nie, oriëntering vorm 'n deel van hierdie nuwe studente se aanpassing by die universiteitslewe. In elk geval, al die nuwe eerstejaars weet ten minste nou wáár die biblioteek geleë is. Of weet hulle?

- Sanette Geyer





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Die Otterwandelpad

"REMEMBER BOYS WE ARE DOING THIS FOR FUN ..."

Die Otterwandelpad kan na regte die koning van ons Suid-Afrikaanse wandelpaaie genoem word. Die natuurskoon is werklik asemrowend en (veral) die stil ongereptheid daarvan is 'n wonderlike ervaring. Wat die wandelpad so uniek maak is dat mens heeltyd langs die see stap. Soms is dit net die dreuning, dan die sien van die diep blou see deur die takke, varings en bobbejaantoue, en skielik open die ruigtes voor jou en staan jy op 'n paradys-agtige strandjie. Die aard van die omgewing wissel ook van dag tot dag byvoorbeeld ronde-klip strande (wat met die voete en enkels gesels), amper bergagtige dele (wat vir my angswekkend was) oerwoudagtige dele en (die lekkerste!) die plato-gedeeltes, met die lieflikste uitsig waar mens gewoonlik maar net kan staan en kyk. Meesal kyk jy maar ook TERUG en voel goed as jy sien waar jy orals moes "stap".

'n Ander (minder aangename) kenmerk van die Otterwandelpad is sy heuwels. Mens daal die een oomblik tot op seevlak en die volgende oomblik voor jy jou weer kon kry styg jy meters bokant seespieël - die hoogste het ons ± 150 meter geskat. Die inligtingsbrosjures meld dan ook dat die tweede dag die vermoeindste is want daar is elf heuwels wat mens moet op en af klouter. Ek sal eerlikwaar nie kan sê of dit waar is nie, want by heuwel nommer ses wou ek liewer nie verder tel nie.


Plante soos lelies, spinnekopblomme en varings, wat ons arme Transvalers met groot moeite in ons tuine aan die groei kry, staan sommer oral rond.

Op so 'n staptog is daar altyd jou aangename, minder aangename en humoristiese momente. Ons was sewe in ons groep: ons vyf plus twee vreemdes. Ons vyf bekendes spring toe die eerste dag so om en by negeuur weg. Die eerste dag is volgens die inligtingsbrosjure die kortste en ook die maklikste naamlik sewe kilometer. Na 'n heerlike swem (stort) by die waterval en afpak by elke mooi plekkie het ons die eerste hut baie tevrede, omstreeks 15h00 bereik - dit wil sê na 6 ure. Die afsaal het gewoonlik 'n kenmerkende volgorde gehad naamlik: rugsak af, stewels uit, "pantoffels" aan, sit op kussings op die stoepie van die hut, koffiewater aan vir groot en lekker dinge ........ . Ons het skaars nes geskrop die eerste dag toe 'n figuur uit die bosse verskyn. Dit was nommer ses van die groep; 'n baie gawe ou toe boonop. Ietwat geskok-ontnugterd verneem ons toe dat hy kort voor een by Stormsriviermond weggespring het - dit wil sê na 2-3 ure. MAAR toe nommer sewe ewe rustig om ± 18h15 opdaag en hy kalm vertel dat hy vyf uur (17h00) by die kamp weg is - dit wil sê 1 uur en 15 minute - het ons vyf almal onwillekeurig gedink aan die 22 kilometer van die vierde dag. My wederhelf het ons ook sommer gou ingelig dat ons die vierde dag nêt maar 22 uur sal stap - dit is eet en slaap uitgesluit. Ons het heerlik geskater en die daaropvolgende dae het almal gewoonlik vroeg in die pad geval.

Nommer sewe van ons groep was 'n baie interessante persoon. Hy is 'n negentienjarige Nieu-Seelander wat familie in Pietermaritzburg het. Hy het toe ook werklik die hele Suid-Afrika en Suidwes-Afrika met rugsak en stewels aangepak. Op daardie stadium was hy al twee-en-'n-half maande op pad, maar het erken dat hy begin huistoe verlang. Hy sou dan ook middel Februarie terugkeer na Nieu-Seeland. Hy was baie bly oor die geselskap, want hy het twee ander wandelpaaie stoksielalleen aangepak. Hy was van plan om die tweede dag deur te stap tot op Nature's Valley, maar na my pa hom van ons heerlike Suid-Afrikaanse biltong en droë wors laat proe het, het hy (heimlik) van plan verander en saam met ons op Nature's Valley geëindig - al etende.

Die laaste dag het ons in gietende reën klaar gemaak. Dit was nogal 'n spektakel om te sien! My pa was baie bly want sy swart vuilgoedsakke het baie nuttige gestaltes aangeneem: die hoeke is uitgensy en onder hoedens gedra, kameras en kosbaarhede is toegedraai en my man en ek het sommer elkeen een onder ons reënjasse aangetrek. Ek is seker enige stapper wat die Otterwandelpad gestap het, sal met my saamstem dat die wyd uitgestrekte strand van Nature's Valley, wat daar onder voor jou lê, die mooiste gesig is want dit is die EINDE.

- Sonja Potgieter






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MERENS-KIERIE KYK BOON-TOE

Op die eerste Vakbibliotekarisvergadering van die jaar het Prof Gerryts vir Prof Boon verwelkom as die nuwe voorsitter van die vergadering. Prof Gerryts het gemeld dat hy en mnr Duminy nie meer nodig sal hê om met 'n kierie te loop soos na mnr de Bruin se vertrek nie, aangesien Topbestuur nou weer volledig is. Biblikasie kon dit nie weerstaan om hierdie verwelkoming uit te buit nie! Die resultaat:




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# DIE MERENS-KIERIE
# TOP BESTUUR KYK 'BOON': TOE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# What's Cookin?



ERRATA

Die resep vir Kaasskons in die Januarie-uitgawe van Biblikasie bevat net 3 teelepels bakpoeier en nie 4 nie!

Jammer oor die fout. Ons hoop die skons het nie uit die oond gerys nie'.

Wyntert

Room saam.

1½ K versiersuiker
250 gram margarien of botter
dan 3 eiers een-vir-een
1 t vanilla
Week 1½ pak Mariebeskuitjies in:
soetwyn en bietjie water (opsioneel!)
plus bietjie koffiegeursel of sterk koffie
Pak lae koekies en vulsel in gesmeerde bak.
Krummel droë koekies bo-oor en sit oornag in yskas.
Sny in blokkies.

*Muurskrif opgemerk in die omgewing van WITS:*

*"If you think education is expensive, try ignorance".*

*Muurskrif verkondig:*

*"Love is the answer".*

*'n Paar dae later is die volgende bygelas:*

*"What was the question?"*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AFRIKAANSE KULTUURALMANAK

'n Interessante boek wat onlangs op ons rakke verskyn het is die Afrikaanse kultuuralmanak.

Gebeurtenisse van kultuurhistoriese belang en persone wat bygedra het tot die opbouing van die Afrikaanse kultuur verskyn in die boek. Lewende politici, militêre figure en kerklui is weggelaat as gevolg van beperkte ruimte.

'n Register van persone en gebeurtenisse wat in die publikasie verskyn is agter in die boek opgeneem asook 'n lys van die meer as 400 fotos wat in die boek gebruik is.

So vind ons dan dat 1 Maart 1878 die geboortedag is van A G Visser. Langs sy foto verskyn 'n kort en bondige lewenskets. Op dié dag in 1803 is die Kaap aan die Bataafse Republiek teruggegee en in 1941 op dieselfde dag is die Volkspelebeweging gestig.

Dis beslis 'n nuttige boek om op die rak te hê veral in die lig van al die komende uitstallings wat Merensky gaan versier!

'N ENSIKLOPEDIE VIR DIE TUINIER

Gedurende die somermaande, en noodgedwonge sekerlik wintermaande ook, bring baie van die Merensky se personeel hulle tyd naweke in tuine deur. Daar word dan ook nie altyd heerlik tee gedrink in hierdie tuine nie. Hulle moet met groot moeite in stand gehou word. In die biblioteek is daar 'n handige ensiklopedie vir die ywerige tuinier. Die titel van die ensiklopedie is: Encyclopedia of Gardening en dit staan by N 712(03) ENCYCLOPEDIA.

Enige moontlike informasie in verband met plante, struike, bome, potplante ensovoorts, die bewerking van grond, uitleg van tuine en enigiets wat 'n tuinier se hart kan begeer, word in hierdie ensiklopedie bespreek.


VERVOERVERHAAL VAN SONJA (vervolg)

1. Vraagstuk:

   Wat is vinniger as 'n fiets
   en
   Goedkoper as 'n Golf?

2. Oplossing:

   'n Pas-oppa
   of
   Pas-olla
   (of iets in dier voege)



WAR ON 'INDECENT' LIBRARY BOOKS

Since last month, public libraries across the United States have been under siege from fundamentalist Christians and right-wing political groups, who are trying to remove immoral and indecent books from their shelves.

Mrs Judy Krug, who directs the American Library Association's office for intellectual freedom, said the number of complaints from members about attemted censorship jumped from five a week to five a day after the November elections.

Most librarians believe the surge of book-banning attempts was triggered directly by the swing to the right in the election, which give groups such as the so-called Moral Majority new confidence to seek the removal of books they see as anti-family, anti-Christian and anti-American, from school and public libraries.

A large group of fundamentalists in Washington Country. Virginia, is demanding that the library board withdraw books such as *The Lonely Lady* by Harold Robbins and *Goodbye Columbus*, by Philip Roth, which they claim are "hard core pornography".

UIT: TIMES HIGHER EDUCATIONAL SUPPLEMENT
2/1/81

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



"AL GESELSEND ....."

Indien iemand kan dink dat 1980 'n vinnige jaar was moet hulle net kyk wat alles tussen 20 Januarie en 20 Februarie gebeur het.

Die laaste week in Januarie was sinoniem met rakkontrole: "Ek kan nie meer tel nie; of wat kom eerste die punt of die hakkies" ag en nog vele ander desperate uitroepe was tiperende gesprekke voortspruitend uit diê aktiwiteit.

4 Februarie het soos enige ander dag aangebreek. Die Kampus het begin lewe. Ouers en hul eerstejaars het oral beweeg. Merensky was aktief saam aan die beweeg. Vakbibliotekaresses moes "lesings" voorberei van hoe word 'n universiteitsbiblioteek gebruik. Die voordragte was puik en aan oorspronklikheid was daar geen einde nie.

Grootogig het die eerstejaars geluister en selfs aantekeninge gemaak.

Die biblioteek het weer gelewe - groepe studente het belangstellend geluister en gekyk hoe werk die basiese "masjinerie" van die biblioteek.

Die oriënteringsweek het verbygegaan en die biblioteek het steeds bedrywiger geraak, met die terugkeer van die senior studente.

As ons kyk na die studentetal wat deur die biblioteek beweeg en selfs die drukte tydens aanddienste dan wonder mens of die studente deesdae besef dat jy hier is om klaar te maak en nie rond te speel nie.

So tussen al die daaglikse soek na boeke, tydskrifte, mense, inligting ensovoorts ensovoorts was daar ook tyd vir onsself.

Magriet het verjaar en so op 'n blou Maandagmiddag het sy die mense van tweede vloer met 'n feesmaal by haar woonstel onthaal. Anita se dogtertjie Jeanette, sal na al die etes wat sy al bygewoon het, 'n ware fynproewer wees van verjaarsdagetes, ooievaarpartytjies en vele ander.

Sonja het intussen van haar "wandelpad" vakansie teruggekeer en die fotos spreek vanself. Lees maar gerus haar berig oor diê staptoer.

Aan Ansa van Rensburg, Alida se assistent, wil ons net baie welkom sê. Ek dink Alida is sô dankbaar! Met haar vriendelike glimlag is sy al klaar deel van die vloer. en ons hoop jy gaan lekker werk!

Net sommer so 'n laaste opmerking. Ek dink 2de vloer se mense en sy gebruikers waardeer die blomme wat so gereeld voorsien word.

Ons nooi ook al die personeel om 'n draai hier te maak en na die uitstalling te kom kyk.

"Groete van hier bo-af"

- Jolinda du Toit

DIE WIE WAT EN HOE VAN 'N BINDERY

Wat is 'n Bindery en wat doen mnr W Porter en sy span om hul daaglikse brood te verdien, of liewer wat word gedoen behalwe om raad in verband met motors te gee en die heelmaak van damesskoene.

'n Bindery is die begin en die einde van 'n boek. Kom ons neem tydskrifte as voorbeeld en verduidelik hoe dit tot 'n eenheid van volumes gebind word.

Die bladsye word een vir een losgemaak en op die rugkant reguit gesny. Nou word 'n bladsy oopgesit om die buiteblad aan die boek te bind ('n skutblad genoem). Volgende aan die beurt is die rugkant (beste deel van 'n donksie sê hulle). Dit word gelym en ruglinne word opgesit. Die boeke kan nou droog word en kan die voor-; bo en onderkante gelyk gesny word. Die boek word nou rondgemaal sodat hy kan blaai, en hierna kry die boek sy "oortjies" (hisse met lang ore in 'n boek). Nou kan die kartonne gesny word en die rugstrokies vir die rugkant. Ons sny nou die linne waarmee die kartonne oorgetrek word. Eers word die linne gelym en dan op die kartonne en rugstrokies geplak. Die titel van die boek word opgedruk en nou kan ons die skutblad aan die kartonne lym om dan die boeke en buiteblad aan mekaar te bind.

Die boek word vir ± 3 uur in die pers gesit voordat dit na ons bure, - tydskrifte kan gaan: so word elke volume van 'n tydskrif, in kort, behandel.

Tussen dit alles deur doen mnr Porter nog herstelwerk: noodwerk en Departementele werk buite die Merensky. Dit is maar 'n deel van ons werk in die bindery. Om al ons doen en late breedvoerig te verduidelik het ons 'n hele Biblikasie nodig.

- Nic van Vuuren

LANDBOUNUUS

Hier by die Landboubiblioteek het ons die nuwe jaar begin met 'n herbeplande, ruimer en netjieser kantoorruimte, 'n nuwe lokaal vir die Xeroxmasjiene en 'n verklikkerstelsel.

Ons dank aan mnr Duminy en dr Trichardt met die herbeplanning hier en die vinnige afhandeling van die verskuiwings. Ons en ook die landboustudente is trots op ons biblioteek.

Rondom die verklikkerstelsel is heelwat vrae en uitroepe soos: Ai, dit lyk nou soos op Jan Smutslughawe! Toe die verklikker afgaan sê een student benoud al plukkende aan sy klere: Regtig tannie, ek het niks behalwe hierdie boeke by my nie!

Ons het die TISAB uitdruk van lanbou se tydskrifbesit ontvang. Dis met groot entoesiasme dat ons die spanpoging begin. Mej van Zyl en haar personeel word sterkte toegewens vir die groot projek.

Ons groet vanaf die Oos-Kampus.

- Jeanette du Preez



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Toonbank het natuurlik nie tyd gehad om gewoond te raak aan die vinniger roetine van die nuwe jaar nie. Nee, dit was net oë toeknyp en inplons in die haastige tempo. Nou eers besef ek dat toonbank 'n plek van uiterstes is. Jou dag verloop ôf teen 'n fanatiese pas of heeltemal rustig. Slegs eersgenoemde is van toepassing op hierdie tyd van die jaar.

Mev Hannetjie Erlank, toonbank se nuwe hoof, het besluit om daadwerklik op te tree teen al die luies onder die UP-personeel wat nooit hulle boeke kom hernu nie. Wees derhalwe gewaarsku, want niemand spring haar aanslag vry nie. "Met die oog op rekenarisering", volgens haar, "moet sake nou reggeruk word!"

Die gewildste gesprek by toonbank verloop nou as volg:

Gebruiker: "Kan ek asseblief 'n lenerskaart kry?"
Toonbank: "Het u 'n registrasiekaart?"
Gebruiker: (verontwaardig) "Nee! Ek ken wel my registrasienommer."
Toonbank: "Het jy ook nie meer verlede jaar se lenerskaart nie?"
Gebruiker: (hêêltemal verontwaardig) "Nee! Het hom al lankal weggegooi."

Tweede op die lys van gewildheid, gemeet aan frekwensie, kom uit eerstejaarsgeledere. "Waar is die fotostaatmasjiene?" Die eerstejaarvrae is natuurlik kenmerkend eerstejaarvrae. "Mag ek maar hier sit, al het ek nie biblioteekkaartjie nie?" Sommige van hierdie vrae neig na die absurde. So het een eerstejaar mej Marie Schoeman beslis genader en gevra: "Hoe werk hierdie hek (verklikkerstelsel)? Ek wil nou dadelik weet!"

Mev I Venter het vanjaar die taak om statistiek te hou van die registrasie van gebruikers. Reeds op hierdie vroeë stadium sluit daar ongeveer 80 studente per dag by die biblioteek aan.

Mevv Christie de Klerk en Corrie du Plessis besef natuurlik ook nou waarom ses mense benodig word om die toonbank te beman. Hulle geniet dit in elk geval om so besig te bly, want dit maak die dae voller en meer interessant. Mej Estelle Stoltz het natuurlik lankal haar vreugde uitgespreek, omdat die :lewe"-terug is op die kampus

Wel, so aan die draf het ons ook al weer aan die einde van Februarie gekom. Sterkte aan almal vir die tien maande wat nog voorlê.

- Sanette Geyer

Die nat somermaand Februarie het gewis ook sy draai in die geledere van IBL se mense gemaak. As ons kyk na die bedrywighede van sy bemanningslede is dit duidelik dat die geesdrif van dosente studente oor die nuwe akademiese jaar IBL op die punte van hul tone hou.


Met die nuwe eerstejaars in ons midde het ook IBL 'n paar grappige oomblikke belewe. Een middag staan 'n eerstejaar leepoog en bedroë oor IBL-toonbank: "Verskoon my maar is dit die biblioteek die?", kom dit heel ernstig.

So kort na die intrede van die nuwe karperde is een stoel in die IBL-kamp klaar weer leeg. Ansie Kitching het haar betrekking by die Merensky verruil vir 'n pos in die onderwys. 'n Ander deel van die hartseer-nuus is Denise se rooi oë, lang gape en totale afgematheid een oggend. Dit laat mens wonder of die bure se hond met sy ontydige geblaf darem al end gekry het.

Nieteenstaande alles is ons tog bevoorreg om weer 'n paar verwelkomings te doen. IBL spog met ses spekvet lewendige visse wat baie belangstelling uitlok. Dit was met leedwese dat ons een oggend ontdek het dat die sewende vis gedurende een donker nag stilweg heengegaan het.

Ons is bly Maryna is weer pure perd na haar afwesigheid as gevolg van Cobus se pampoentjies. Met Anet se hoofpyn verlig, borrel die geesdrif behoorlik oor soos wat daar deesdae huise verfraai word. IBL se mense beleef voorwaar 'n operasie huisverfraaiing! Asof nie genoeg nie het Denise glad ook aangesteek!

Te midde hiervan word IBL by die dag mooier en mooier. Denise, kan jy dalk vir ons meer vertel van die fraai, pink ruiker wat twee dae op die toonbank gepryk het? Ons is bly die seewater het Helena se hakskene genees en dat sy met 'n vonkel in die oog terug is van haar avontuurlike naweek by die see.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Daar is in Februarie navraag by Lockheed en SDC gedoen oor hulle vereistes wat terminale betref met die oog op eie soektogte na dië eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste.

Mnr Rolf Tönsing het hierdie maand 'n programmeerder van die RGN te woord gestaan oor gebruikersidentifikasie vir die LIBIS-leenstelsel. Die RGN se biblioteek stel belang in DOBIS/LIBIS.

Die beplanning van 'n DOBIS-demonstrasie het ongelukkig vir die tweede keer skeef geloop. Tot dusver is die nuwe rekenaar nog nie so 'n groot seën as wat verwag is nie.

Verdere 'skewe' beplanning was aan die kant van 'n biblioteekmeubelfirma wat swart stoeltjies vir die Veeartsenykundige biblioteek wou aflewer in plaas van rooies. Die rooies wat hulle wel gehad het, het wieletjies aan! Daar is uiteindelik besluit om tog die rooies met die wieletjies aan, aan te vra.

VEEARTSENYKUNDE-BIBLIOTEEK

Die Veeartsenykunde-biblioteek het 'n splinternuwe gesiggie bygekry, naamlik die van mevrou Shirley Kingsley. Hartlik welkom Shirley! Ons hoop jy sal baie gelukkig wees hier by ons.

\- Mathilda du Preez

Geagte radaktrise

Aangesien julle melding gemaak het van 'n briewerubriek in Biblikasie, het ons besluit om die pen op te neem. Ons dink dit is 'n uitstekende idee en stem saam dat ons 'n gevatte, gepaste naam vir hierdie rubriek moet uitdink.

Nou het ons gewonder of dit nie sal help as julle 'n wedstryd uitskryf om die soektog aan te help nie. Die wennaam kan byvoorbeeld 'n kontantbedrag(gie) losslaan, wat soveel meer mense aan die dink sal sit

Baie dankie vir al die lekkerleesnuus.

Die uwe(s)

TOONBANK



"Ek kan nie die skrywer of die titel onthou nie, maar die boek is omtrent só dik."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Boekbestellings

Ten spyte van rakkontrole, massakansellasies en hope nuwe bestellings, het die jaar vir ons in die bestelafdeling sommer baie rooskleurig begin. Die rede: die jaar is skaars twee maande oud en ons het vier nuwe gesiggies by om ons afdeling weer in volle vaart te bring.

Ongelukkig moes ons 'n paar dae sonder mev Nel klaar kom. Ons het maar verlore gevoel sonder haar stille onderskraging, en wil net vir haar sê ons is bly sy is weer terug. Vol energie soos wat sy is, kon nie eers 'n operasie haar lank in die bed hou nie.

Ons sien ook al uit na Minda wat weer van volgende maand af in ons midde gaan wees. Ons gaan haar nou weer terug steel van die tiksters.

Net toe die akademie sy kop om die hoek steek, het Estelle besluit om vir 'n week weer die gevoel te kry van voltydse student wees. Sy het darem een troos; hier is baie in die biblioteek wat saam met haar in dieselfde bootjie is. En daarvan gepraat, 'n stukkie raad aan die ander afdelings; ons het 'n kitsoplossing of sal ek liewer sê 'n kitsoplosser in die persoon van mev Rautenbach gevind. Sy is altyd gereed met raad of ons nou kla oor sake van die hart en of dit nou klagtes oor die akademie is. Sy spesialiseer self in menseverhoudings!!

- Ronel Blaauw

## Ontsluiting

"Na die sure kom die soete"; ja die spreekwoord is aangepas om by Seksie Makro-Ontsluiting in te pas. Na al die nuwighede wat ons stelselmatig moes bemeester, het ons die groot beloning en vrug op ons arbeid ontvang - ons eie splinternuwe Prosedurehandleiding; die ontvangs was plegtig, en die DIK rooi lêer (wat later vergesel gaan word van die DUN rooi lêer, te wete die DOBIS-handleiding) is ingehuldig (ja, 'n eksemplaar is saamgery om óók die feestelikheid mee te maak) by die Willows Teetuin.

Buig of bars, flink en betyds, heel haastig en hongerig, het die hele Seksie met ons Seksiehoof vóór aan die optog van negentien volgelinge, een goeie etenstyd "afgesak" en heerlik in die natuur gaan ontspan. Nie een nie, maar almal het die uitstappie verdien en hiermee dan 'n baie groot dankie aan mev Langkilde wat die "deurgronding" en "voleinding" op haar skouers geneem het, en nog steeds bybring.

Aan iedere ontsluiter:

geniet die nuwe rooi lêers, en moet dit asseblief nie as ekwivalente van ons ou diep rooi lêers wat onder die lessenaars staan, beskou nie.

- Irene du Preez




Harmse, het jy dan nie my "word-onmiddellik-gesondkaartjie" gekry nie?!



„Mej. Van Niekerk, geen telefoonoproep kan so privaat wees nie!"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sosiale Komitee



VRYDAG, 6 MAART 1981

7.30 nm.

*Wie is dan nou nie lus vir ontspan*
*veral as dit kans is vir heerlike jolyt*
*dis lekker tiekiedraai, musiek en warm kos*
*alles op 6 Maart, kom dus gerus*

*Die Sosiale Komitee is al weer aan die gang*
*hul bied jul die kans van die jaar*
*net R4 per persoon - dis amper niks*
*betaal net voor 2 Maart en kom asseblief*

*Die plek van ons aand van die jaar*
*is die Pretoria Tennisklubsaal*
*Al wat ons dus van julle vra:*
*kom en geniet dit - dis net een aand in 'n jaar*

PRETORIA SPORTUNIE SAAL
(VGL. KAART)

INFORMEEL. (MANS: SPORTBAADJIES/PAK KLERE)


WARM ETE MET WYN/KOELDRANK

R4,00 PER PERSOON


R2,50 : KINDERS TUSSEN 10 - 16 JAAR


KINDERS ONDER 10 - GEEN KOSTE

BETALINGS MOET NIE LATER AS 2 MAART 1981
GESKIED NIE, ASSEBLIEF




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





UITSTALLINGS

Elke bibliotekaris is bewus van die doeltreffendheid van uitstallings in die openbare biblioteek sowel as in die skoolmediasentrum - maar hoe reageer die universiteitsbibliotekaris wanneer hy te staan kom voor die vraag: uitstallings of nie?



Eerstens moet ons onthou dat dit juis 'n doeltreffende metode is om leesleiding te gee, omdat enige mens se aandag geboei kan word deur 'n treffende en keurige uitstalling. Die gebruiker en sy behoeftes staan natuurlik voorop wanneer ons rondom so 'n onderwerp besin - daarom moet ons die student (ook dosent) in al sy fasette as mens sien en nie net as 'n persoon wat bloot vakkennis wil opdoen nie. Die gebruiker van die universiteitsbiblioteek het ook 'n behoefte daaraan dat sy belangstelling geprikkel word om wyer te lees, nuwe stokperdjies te ontdek en nuwe kennisvelde te ontgin. Hierin kan die universiteitsbibliotekaris 'n groot rol speel deur 'n bietjie inisiatief en kreatiwiteit aan die dag te lê.

Uitstallings het beslis 'n bestaansreg in die Merensky, veral nà die aankoop van die nuwe uitstalkaste wat baie moontlikhede vir besonderse uitstallings inhou. Uitstallings behoort glad nie 'n kopseer te wees of soveel tyd en energie in beslag te neem as wat gereken word nie, indien die volgende punte van belang in aanmerking geneem word nie:

Die sukses van 'n uitstalling hang nie van die hoeveelheid materiaal af nie, maar die klem val wel op die enkele boek. Elke indruk wat die gebruiker kry moet iets beteken, en in sekere gevalle sou mens slegs 'n enkele boek kon uitstal.




'n Aktuele, boeiende tema wat op die gebruiker se behoeftes gerig is, is van die allergrootste belang. Beplan die uitstalling betreffende opskrif, kleurgebruik, rangskikking van materiaal, gebruik van ander voorwerpe en die plasing daarvan, rondom hierdie tema. Onthou: die lektuur bly steeds die fokuspunt en mag nie oorheers word deur ander voorwerpe nie.

Die uitstalling moet in sy geheel spreek van keurigheid, afgerondheid en dit moet 'n hoë visuele impak hê.

Met 'n bietjie verbeelding en 'n tikkie entoesiasme kan ons dalk 'n suksesvolle uitstaljaar in die Merensky beleef!

\- Rika van der Walt

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# WAAR IS DIE DERDE BY IN ONS WAPEN?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




*Hier is ek*
*My naam is M.Rensky By*

*Ek is hardwerkend en intellegent*
*kan seer steek (kritiek lewer)*
*kan heuning maak (komplimente uitdeel)*
*is lastig (bee in the bonnet)*
*is skeppend en het 'n oog vir skoonheid*
*(hou graag uitstallings)*
*is nie 'n sosiale vlinder nie (ek dra elke*
*dag my werksbaadjie)*
*met ander woorde ek is Merensky se*
*Biblikasieby.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





If you don't know EXACTLY where you are, you can't make a proper plan to get any place if you don't know where you are NOW, you probably can't see where you OUGHT to be if ever, in those circumstances, you do get to where you ought to be, you will have WASTED time and money getting there.

IMAGE 2(4) Dec/Jan 1981, p. 12.

If you crave for Knowledge, the banquet of Knowledge grows and groans on the board until the finer appetite sickens. If, still putting all your trust in Knowlegde, you try to dodge the difficulty by specialising, you produce a brain bulging out inordinately on one side, on the other cut flat down and mostly paralytic at that: and in short so long as I hold that the Creator has an idea of a man, so long shall I be sure that no uneven specialist realises it.

The real tragedy of the Library at Alexandria was not that the incendiaries burned immensely, but that they had neither the leisure nor the time to discriminate.

Journal of Information Science 2(3/4) Oct 1980 p 134.

He that hath wife and children hath given hostages to fortune; for they are impediments to great enterprises, either of virtue or mischief.

- Francis Bacon

# Totsiens



Chrissie Blignaut



Adri Michau



Ansie Kitching

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Magda van der Walt



Ansa Janse van Rensburg

# Welkom by ons!

Welkom by ons!



Shirley Kingsley




Stella v d Westhuizen



Marianne Pieterse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BIBLIKASIE

MAART 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



NEEM BIBLIOTEKE BROOD VAN SKRYWERS WEG?

Die afgelope tyd het daar herhaaldelik berigte in die pers verskyn dat Suid-Afrikaanse openbare biblioteke diskrimineer teen die "beter" Afrikaanse boek, en dat skrywers, omdat biblioteke hul boeke gratis aan die publiek beskikbaar stel, geen bestaan uit hul skryfwerk kan maak nie.

In my onlangse studie oor leenvergoeding of openbare uitleenreg is nuwe lig gewerp op die vraag in hoeverre die Suid-Afrikaanse skrywer, soos sy kollegas in sommige lande oorsee, vergoed behoort te word vir die gebruik van sy boeke deur biblioteke.

Daar is tans nege lande wat leenvergoeding aan te veel skrywers betaal, gebaseer op òf die aantal kere dat 'n boek deur biblioteke uitgeleen word òf die aantal eksemplare wat die biblioteke van die boeke aankoop òf 'n kombinasie van albei.

Wetgewing is ook onlangs in Brittanje ingedien waarvolgens Britse skrywers binnekort 'n vergoeding sal ontvang op grond van die aantal kere dat hul boeke deur openbare biblioteke uitgeleen word.

Uit die literatuur oor die onderwerp is dit duidelik dat die betrokke skemas ingestel is om outeurs te vergoed vir die gebruik van hul boeke in biblioteke, of vir die vermeende verlies aan inkomste wat hulle ly weens die beskikbaarheid van hul boeke in biblioteke - die regstreekse doel was dus nie om die literatuur van die lande te bevorder nie.

In Suid-Afrika het onder andere die Afrikaanse Skrywersgilde, die Skrywerskring en die Uitgewersvereniging meermale daarop aangedring dat die een of ander stelsel van leenvergoeding plaaslik ingestel word. In die betrokke ondersoek is bevind dat daar wel regverdiging bestaan vir die eise van skrywers om leenvergoeding.

Die probleem is egter dat die reeds bestaande stelsels baie tekortkomings en gebreke toon en nie voldoen aan die doel waarvoor hulle ingestel is nie. Die administratiewe koste daarvan is besonder hoog. Die stelsels is almal gegrond op die gebruik van boeke in slegs openbare biblioteke en boeke in ander biblioteke word nie in aanmerking geneem nie. Slegs die skrywer van populêre boeke ontvang bedrae wat enigsins die moeite werd is en dit is duidelik dat daar veral aan die wat reeds het, gegee word. Leenvergoeding in die buiteland dra ook min by om vakliteratuur en die beter boek te bevorder.

Daar word dikwels beweer dat openbare provinsiale biblioteke en provinsiale biblioteekdienste by hulle boekaankope diskrimineer teen die "beter" Afrikaanse boek. In my studie is inderdaad bevind dat heelwat minder eksemplare van letterkundige Afrikaanse romans aangekoop word as van populêre literatuur van sowel hoër as laer gehalte.

'n Steekproef is gedoen by al die provinsiale biblioteekdienste sowel as by die nege stedelike openbare biblioteke wat nie met die provinsiale biblioteekdienste geaffilieer is nie. Vir die steekproef is romans onderverdeel in drie groepe, naamlik romans van 'n letterkundige gehalte (boeke wat op universiteitsvlak aandag kry), populêre romans van 'n hoër gehalte en populêre romans van 'n laer gehalte.

By eergenoemde groep is 'n boek van André, P. Brink, Ettiene Leroux, Jan Rabie asook Karel Schoeman ingesluit. Van hierdie boeke in die steekproef is in totaal 2 722 eksekplare deur die betrokke biblioteke en -dienste aangekoop, 'n gemiddelde dus van ongeveer 700 per boek. Van die vyf populêre romans van gehalte in die steekproef is gemiddeld 870 eksemplare per titel aangekoop en van die populêre romans van 'n laer gehalte ruim 1 400.

'n Mens sou geneig wees om van hierdie gegewens af te lei dat die betrokke biblioteke eerder in die aanvraag en behoeftes van hul lesers voorsien as om doelbewus te probeer om die "beter" boek te bevorder.

Dit word weerspreek deur die opname wat gemaak is om vas te stel hoeveel keer die verskillende tipes romans deur die biblioteek uitgeleen word.

Romans van letterkundige waarde word die eerste paar jaar ná aankoop gemiddeld sowat 11 keer per jaar uitgeleen, populêre romans van gehalte elk 22 keer en gewilde romans van 'n laer gehalte gemiddeld 26 keer. Hieruit kan dus die gevolgtrekking gemaak word dat die biblioteek meer eksemplare van die "beter" boek aankoop as wat die verwagte gebruik daarvan regverdig.

Die ondersoek het ook aangetoon dat Suid-Afrikaanse openbare biblioteke relatief weinig bydra tot die inkomste van outeurs. Die afgelope jaar het hulle saam ongeveer R3 miljoen per jaar aan die aankoop van Suid-Afrikaanse boeke bestee, min of meer dieselfde as die bedrag wat uitgewers ontvang uit die verkoop van Afrikaanse boekklubboeke.

Aan die ander kant vertolk die biblioteke 'n baie belangrike rol as verspreiders van boeke: nagenoeg 25 miljoen eksemplare van Suid-Afrikaanse boeke word jaarliks deur hulle uitgeleen.

Dit is bekend dat Suid-Afrikaanse skrywers, soos hul kollegas in die meeste lande oorsee, oor die algemeen ontevrede is met die inkomste wat hulle uit hul skryfwerk verkry.

In my studie is ondersoek na die finansiële posisie van Suid-Afrikaanse skrywers van boeke wat normaalweg deur openbare biblioteke aangekoop word. Die doel met die ondersoek was om antwoorde op vrae te kry soos hoeveel hulle met hul boeke verdien, watter persentasie van die skrywers hulle voltyds toewy aan hul skryfwerk en watter beroepe beoefen word deur outeurs wat deeltyds skryf.

'n Vraelys is in hierdie verband aan 248 skrywers uitgestuur. Drie van die 134 outeurs wat dit voltooi het, het gemeld dat die outeurskap hul enigste beroep is, vier het dit as hul belangrikste beroep aangedui terwyl 127 dit as 'n neweberoep aangedui het. Die meeste respondente was huisvrouens (26 persent), onderwysers/Dosente (24 persent) of pensionarisse (13 persent) terwyl die origе 37 persent 'n verskeidenheid van ander beroepe gehad het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

As groep was die respondente baie produktief: sowat die helfte het minder as vyf boeke gepubliseer terwyl die ander helfte meer as vyf boeke gepubliseer het. Oor 'n periode van een jaar bereken, het ongeveer 10 persent van die skrywers egter geen inkomste uit hul publikasies verkry nie, 'n verdere 54 persent het minder as R1 000 daarmee verdien en 36 persent R1 000 of meer.

Die grootste deel van die skrywers het dus geen inkomste uit hul skryfwerk verkry nie; aan die ander kant het 24 skrywers elk meer as R3 000 per jaar daarmee verdien en ses selfs tussen R10 000 en R20 000. Die skrywers met die hoogste inkomste was oor die algemeen besonder produktief.

Die algemene gevoltrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die skryf van boeke vir die meeste Suid-Afrikaanse skrywers geldelik nie lonend is nie. Nes in die buiteland, is dit een van die redes vir Suid-Afrikaanse skrywers se aanspraak op leenvergoeding.

In die ondersoek is nie ingegaan op die vraag of die Suid-Afrikaanse owerheid genoeg doen ter ondersteuning van die plaaslike skrywers en ter bevordering van die land se literatuur nie. In die buiteland, veral in die Nordiese lande asook Nederland en Wes-Duitsland, vorm leenvergoeding slegs 'n klein deel van 'n doelgerigte beleid van die lande om die produksie van goeie literatuur te stimuleer en skrywers te ondersteun. 'n Groot deel van die fondse wat in hierdie lande vir leenvergoeding beskikbaar gestel word, word nie direk aan skrywers uitbetaal nie, maar aangewend vir werksbeurse, reïsbeurse, spesiale toelaes, pryse, pensioene en siekteversekerings vir skrywers asook vir die publikasie van verdienstelike werke. In Noorweë koop die regering sedert 1965 jaarliks 1 000 eksemplare aan van alle oorspronklike Noorweegse prosawerke, digbundels en dramas vir verspreiding in die land se openbare en skoolbiblioteke. Vir hierdie boeke ontvang die skrywers heelwat meer outeursgeld as gewoonlik.

Dit is duidelik dat in Suid-Afrika in vergelyking hiermee van owerheidsweë bitter min gedoen word ter ondersteuning van die inheemse skrywers en literatuur. Om hierdie rede het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese (SAIBI) onlangs by die Regering aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid en wenslikheid van die stigting van 'n staatsgefinansieerde fonds vir die produksie van goeie literatuur deur alle Suid-Afrikaanse skrywers. Die doel van hierdie fonds sou wees om vir eers te verseker ker dat Suid-Afrikaanse skrywers voldoende vir hul arbeid beloon word en ten tweede om die produksie van goeie Suid-Afrikaanse literatuur te bevorder.

'n Probleem met hierdie voorstel is dat nie uiteengesit is wat bedoel word met "goeie literatuur" nie. Verder is daar ook gevare verbonde aan die staatsubsidiëring van 'n land se literatuur. Hierdie probleme sal egter waarskynlik in groot mate oorkom kan word deur die beheer van die fonds oor te laat aan belanghebbende groepe, dit wil sê skrywers, uitgewers, bibliotekarisse asook verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Akademie en soortgelyke organisasie - sonder staatsinmenging.

Ontleen uit RAPPORT - 8 Maart 1981 - Mnr P E Westra
Assistent-direkteur, Staatsbiblioteek PRETORIA



*VERJAARSDAE IN APRIL:*

*3 April - Mev J M Coetzee - Africana*
*7 April - Mev J C H Fourie - Ontsluiting*
*- Mej G Meijering - Tydskrifte*
*8 April - Mej H S Theron - Boekbestellings*
*12 April - Mej A van Zijl - Tydskrifte*
*20 April - Mev E P Pretorius - Ontsluiting*
*21 April - Mnr V B de V Otto - Leendienste*
*23 April - Mej A E J Roos - Africana*
*24 April - Mev J C van Oordt - Vakbibliotekarisstelsel*
*Mej M F van der Walt - Boekbestellings*
*28 April - Mnr A van Rensburg - Bindery*

AKADEMIESE JAAR : HOOFTREKKE

EERSTE SEMESTER

| | | |
|---|---|---|
| Aanvang van akademiese jaar | : | 11 Januarie |
| Aanvang van lesings | : | 10 Februarie |
| Herfspromosieplegtigheid | : | Die tydperk 19 tot 23 April |
| Aprilvakansie | : | 2 tot 13 April |
| Langnaweek (Hemelvaart 20ste) | : | 20 Mei tot 24 Mei |
| Republiekdag | : | 31 Mei |
| Eerste Semester se lesings sluit af | : | 3 Junie |
| Aanvang van Eerste Semestereksamens en Semestertoetse in Jaarkursusse | : | 7 Junie |
| Eerste Semester sluit af | : | 26 Junie |

TWEEDE SEMESTER

| | | |
|---|---|---|
| Aanvang van lesings vir Tweede Semester | : | 20 Julie |
| Lentepromosieplegtigheid | : | 10 September |
| Lentedag | : | 15 September |
| Oktobervakansie | : | 6 tot 11 Oktober |
| Krugerdag | : | 10 Oktober |
| Lesings sluit af | : | 1 November |
| Aanvang van Tweede Semester en Jaarkursusse se eksamens | : | 4 November |
| Semester sluit af | : | 4 Desember |

ALGEMENE INLIGTING

Skooltermyndatums vir 1982 (Transvaal)

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Eerste termyn | : | 6 Januarie tot 31 Maart |
| (b) | Tweede termyn | : | 20 April tot 8 Julie |
| (c) | Derde termyn | : | 3 Augustus tot 1 Desember |
| (d) | Bykomstige vakansiedae | : | 4 Oktober tot 8 Oktober |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sosiale Komitee



SOSIALE FUNKSIE VAN DIE JAAR

Vrydag 6 Maart was 'n Rooiletter Hoofletter Dag vir Merensky. Dit was die dag van die jaarlikse groot Makietie. Diegene wat daar was, sal die aand seker nog lank onthou en diegene wat nie daar was nie, is seker lankal spyt dat hulle so 'n gesellige aandjie misgeloop het. Die Tennisklubsaal het daar feestelik uitgesien om van die Merensky-dames nie eens te praat nie. Die kos was uit die boonste rakke en daar is tot laataand gedans. Ons sê aan die Sosiale Komitee baie geluk en baie dankie vir 'n geslaagde en aangename aand.



SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VERGADERINGS VAN DIE SENIOR ONDERSTEUNINGSPERSONEEL EN DIE VAKBIBLIOTEKARISSTELSEL WAT DIE RES VAN DIE PERSONEEL MAG RAAK:

Africana Boeke:

Geen boeke mag uit Africana verwyder word sonder dat die nodige vorms voltooi is nie. Vakbibliotekarisse moet ook let op die moontlike verskyning van Africana-boeke tussen hulle eie voorraad.

Dienspunte:

Personeel word weer eens daarop gewys dat hulle self die boeke moet parafeer vir na-uurse diens en ook op die vasgestelde tye naamlik 13h40 en 16h20 die dienspunt moet oorneem.

Eetware:

Aangesien die agterdeur nou gesluit is, moet personeel wat etenstye eetware in die biblioteek inbring, dit asseblief kamoefleer of op onopsigtelike wyse inbring.

PUBLISITEIT: KOTTELJONS EN KELKIEWYN

Vanaf 1 - 9 April vind daar groot vrolikheid in Die Masker h/v Lynnwood- en Tindallweg, plaas. Die U.P. Dramadepartement bied elke jaar 'n bewegings - program aan. Hierdie keer vind dit plaas in die vorm van 'n kabaret-agtige program.

Kabaret is 'n baie subtiele en delikate genre. Dit is nie 'n verskeidenheidskonsert nie. Dit bevraagteken eerder die politieke en morele waardes sodat 'n mens bietjie selfondersoek kan toepas. In sy suiwerste vorm is kabaret 'n genre wat verandering bring - of ten minste die noodsaak van verandering beklemtoon. Daar word ook gekyk na die weerloosheid van mense.

Die Tweedejaars, Derdejaars en Honneursstudente bied hierdie program aan o l v Letti Fick.

Kom geniet die aand saam met ons rondom 'n tafeltjie, by kerslig en met 'n glasie wyn in die hand.

Toegang beloop R6,50 per paar en R4,50 enkel waarby 'n bottel wyn en soutigheidjies ingesluit is.

Besprekings kan by Computicket gedoen word.

AULA

APRIL: Sat 25 20h00 Operette: Die Sigeunerbaron

Etensuurkonserte

Don 2 April 13h10 Susan Mouton (tjello)
Sonja van Straten (pianiste)
Mimi van der Merwe (voordrag)

Don 30 April 13h10 José Montoya en sy Spaanse Dansers

Etensuurfilms

Dins 7 13h10 Africa Mosaic (22½ min)
Dins 28 13h10 Wie gee om (14 min)
'n Reus in Diens (14½ min)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



DIE VOLKOME VROU

(Met erkenning - en apologie aan Ria Viviers vir die "agtergrond" van die verhaal)

"C Louis Leipoldt, Henri Meurant, die GRA ..." mymer ek op pad Skilpadsaal toe, deur Pretoria se middagverkeer. "Wonder wat se vrae ons in die Taalgeskiedenisafdeling van die Afrikaanse vraestel gaan kry ... en dan is daar nog 'n opstel ōōk om te skryf!"

Die motor voor my se remligte ruk my terug tot die werklikheid. Outomaties trap ek rem, en toe die koppelaar, maar die eienaardige klapgeluid by die koppelaar moes seker as waarskuwing dien, want daar is skielik net nie 'n koppelaar nie. Hoe nou gemaak? "Kalm bly, kalm bly," probeer ek die paniekerigheid onderdruk. "Jy is nou op die pad, en jy gaan daar bly tot by die Skilpadsaal".

Die tog ontwikkel in 'n kragtoer van verkeerslig tot verkeerslig. Om stadig genoeg te ry dat die suiers nie by die enjinkap uitspring van ooreising nie, maar tog vinnig genoeg om elke verkeerslig groen te vang, word erger as enige drie-uur vraestel. Vir die parkeerslag by die saal word daar na 'n bultjie gesoek sodat die neus van die motor afdraand kan staan - vir netnou se wegtrekslag.

My pennesakkie getuig van eksamengereedheid, maar definitief nie van algehele paraatheid nie. Daar is nie 'n enkele vyf sent om die garage of vir Manlief te bel nie. 'n Mens het mos nie geld nodig as jy eksamen skryf nie!

Die samewerking tussen die Novemberson en my "avontuur" dra nou nie juis by tot die beeld van 'n rustige, selfversekerde eksamenskrywer toe ek 'n minuut voor die tyd die saal binnehardloop en op die naaste leë sitplek neerval nie; vlak voor die opsiener wat na my kyk asof ek 'n skoolkind is wat so byna laat vir skool is.

Gelukkig is die saal groot, en kon ek darem weer begin dink aan die rede waarvoor ek nou eintlik daar is, voordat my vraestel op my tafel te lande kom. Stelselmatig begin ek hom bestudeer, maar 'n knaende gedagte bly in my agterkop - "hoe kom ek by die huis, - wat maak mens in die vyfuurverkeer met so 'n kar, wat doen ek as ..." toe my oog die opstelonderwerpe vang. "Die Volkome Vrou" staan daar, - so netjies as wat dit maar op 'n vraestel kan staan.

Ek kners eg-onvolkome-vroulik op my tande en begin skryf ... Ek skryf van die Volkome Vrou van die Tagtigerjare van die Twintigste Eeu. Ek skryf van die vrou wat Marabel Morgan maan toe gestuur het. Ek skryf van die vrou wat moet kan werk - om meer redes as om haar besig te hou; - van die vrou wat studeer - om 'n ander rede as om vir haar man 'n verryking van sy gees te wees. Ek skryf van die vrou wat dit alles kan doen, ēn die slag as die motor se koppelaarkabel breek, doodluiters 'n nuwe uit die kattebak haal, haar denimoorpak oor haar Dior-uitrusting aantrek, en die kabel vervang. Ek skryf van die vrou wat nie paniekerig mag raak in Stadsverkeer met 'n gelapte motor nie; en die vrou wat altyd 'n geldjie of twee op 'n geheime plek in die motor het om 'n garage te bel. Nie vir manlief nie, o nee, hy is besig, en het sy eie bekommernisse. Sy is die vrou wat vanaand, na 'n stukkende motor en eksamen-middag vir hom 'n ete by kerslig sal gee en so terloops met die laataandkoffietjie sal noem van die middag se "interessanthede". Ek skryf my hart uit - sommer so 'n deurmekaar opstel sonder beplanning, of rigting, maar 'n opstel waarvan ek wēēt.


Die ander gedeelte van die vraestel kom toe ook sommer vanself. Ek vergeet van die ellendige motor asof hy nooit bestaan nie - en loop hier teen vyfuur se kant met 'n geruste hart by die saal uit - totdat ek my motor, so met sy blinkkant na bo sien staan ...

Oor die terugtog trek ek 'n sluier. Tien kilometer verder, en twintig jaar by my ouderdom, trek ek by 'n vriendin se erf in, parkeer my kar op die gelyktetjie voor haar motorhuis, en bombardeer haar met: "kan jy Ierse koffie maak? Jy hoef nie so baie koffie by te gooi nie, hoor,. Kan ek asseblief jou telefoon gebruik? Daai blou motor is van nou af my Mån se probleem".

Toe ek 'n maand of wat later een van my Afrikaanse dosente, wat my ken, nadat ek 'n vorige keer my lôt by hom gaan beklae het, raakloop, groet hy my met 'n vonkel in die oog. "ek het jou eksamenopstel baie geniet. Dit lyk so asof jy ... praktiese ondervinding van die saak gehad het".

"Dit lyk my ek moes saam met Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het, of die Boere by Majuba gaan help het - dan het dit dalk beter met my Geskiedenis gegaan," is my grimmige gedagte as ek die dosent groet, in my hēēl motor klim, en in die stadsverkeer wegry.

\- Magriet Lee



*"Soap and education are not as sudden as a massacre, but they are more deadly in the long run."*

**Mark Twain**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# SKENKING




Op 13 Maart is Prof J A E Leue en mev Leue op 'n geselligheid in Merensky onthaal. Prof Leue, afgetrede departementshoof van die Departement Duits, het sy boekversameling aan Merensky geskenk. Die versameling sluit heelparty waardevolle stukke in en bestaan hoofsaaklik uit Duitse boeke, maar sluit ook 'n hele klompie oor ander vakgebiede in. Prof Leue het gesê dat hy graag sy versameling aan Merensky bemaak aangesien hy so verseker is dat dit goed gebruik sal word.
Die geselligheid is bygewoon deur Prof P Oosthuizen, Vise-Rekotr; Prof A P Grove, dekaan Lettere en Wysbegeerte; Mnr N Rossouw, Direkteur Openbare Betrekkinge; Prof A M van Aarde, Hoof van die Departement Duits; Prof E G Gerryts, Direkteur Merensky; Prof J A Boon en Mnr W Duminy, Vise-Direkteure Merensky; Mej R Badenhorst, Vakbibliotekaresse Duits.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# What's Cookin?



KANEELKAASTERT

KORS:

12 - 14 Tennisbeskuitjies
½ koppie fyn gekapte grondboontjies ("Peanut Sprinkle")
½ teelepel gemaalde kaneel
½ teelepel gemaalde neut
1½ eetlepel suiker
3 eetlepels gesmelte botter
Meng en druk in tertbak

VULSEL:

250 gram maaskaas (glad)
½ koppie suurlemoensap
½ pint room of suurroom
1 blik kondensmelk
kaneel

Meng maaskaas en kondensmelk.
Voeg suurlemoen sap by en roer tot glad.
Vou geklopte room in.
Gooi mengsel in kors.
Strooi kaneel bo-oor, en verkoel vir drie ure.

- Amanda van der Hoven

Die onderstaande reseppie is onveranderd oorgeskryf uit mev E J Dykman se "Kook-Koek-en Resepte boek (12de verbeterde druk, 1905). Dis getoets en is baie lekker saam met ingelegde vrugte:

Minuut Poeding

Neem 2 koppiis fol melk, sit in 'n kastrol, laat dit net kook, klop dan 2 yers en 2 lepels meel op, 1 groot lepel wit suiker en 5 druppels limoen of amandeloli, 'n knypi sout, roer dit stadig by di melk, laat kook fer 5 minute, smeer 'n skottel of form en sit di poeding daarin, as dit koud is gooi mooi uit, sous daarby.

In dieselfde boek, onder die opskrif Gryntjiis Goud, is die wyse raad:

Fermy fersoeking, uit frees dat jy dit ni sal kan weerstaan ni. (Miskien vir 'n figuur bewuste dame bedoel?)

SUID-AFRIKAANSE WYN

Noudat die inflasiegogga ook in die wynbottel ingekruip het, bestaan die gevaar dat goeie Kaapse wyne net soos ou Kaapse meubels, dalk deel van ons volksverlede sal word, omdat die gewone man dit net nie meer sal kan bekostig nie.

Jan van Riebeeck het 3 jaar na sy aankoms reeds die eerste wingerdstokke aan die voet van Tafelberg geplant en 4 jaar later is die 1ste wyn gemaak. Vandag geniet Suid-Afrikaanse wyn oor die hele wêreld hoë aansien.

In die Africana-afdeling is 'n aantal pragtige boeke waaruit dit duidelik blyk dat goeie Suid-Afrikaanse wyn nie bloot drank is nie maar netso deel van ons volkskultuur as die geskrewe woord self is. Om hierdie boeke deur te blaai is om na 'n ander wêreld van groen wingerde teen blou berghange verplaas te word. Die eeue-oue Kaaps-Hollandse gewelhuise staan rustig en statig tussen die groot ou eikebome met die wynkelders noodwendig altyd net 'n paar treë verder. Oor dit alles hang die geur van tradisie soos die geur van die regte wyn in die regte glas.

In ons uitstalkas in Africana is op die oomblik 'n hele paar van hierdie mooi boeke te sien. Op die rakke is nog 'n hele paar meer, byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| Knox, G | : | Estate wines of South Africa |
| Leipoldt, C L | : | 300 Years of Cape wines. |
| Opperman, D J | : | Gees van die wingerd |

- Mev Joriet Coetzee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

KARNAVAL IN WINDHOEK

Vandat ek kan onthou is daar in die eerste week van Mei, altyd Karnaval of "Wika" soos dit algemeen bekend was, gehou. "Wika" staan eintlik vir "Windhoeker Karnaval". Ongelukkig het diê jaarlikse gebeure 'n paar jaar gelede tot 'n einde geloop, gedeeltelik om finansiële redes maar grootliks omdat dit as gevolg van vreemde elemente ontaard het in 'n maatskaplike euwel.

Die gebruiklike Meifeesvierings wat vandag nog 'n belangrike plek in die volkslewe van Noord- en Wes Europa inneem, waar daar vaarwel gesê word aan die winter en die lente, met sy hernuwingskrag verwelkom word, is in die Koloniale tydperk na Suid-Wes Afrika oorgebring. Daar is dit dan herfs en nie lente nie maar die feesvieringe vind nietemin plaas.

In die karnaval week heers daar 'n gees van "gemütlichkeit" onder Duits-, Afrikaans- en Engelssprekende Suidwesters. Daar word 'n Prins en 'n Prinses gekies en vir die gesogte titel is daar altyd groot wedywering onder die Windhoekskoonhede.

Die eerste Vrydag in Mei drom al wat leef in in Kaïserstrasse saam om die optog te aanskou.

Daar is trompoppies, 'n kadet-ordes, narre, talle sierwaens, en die opgewekte trant van 'n oempa-oempa orkes het nooit agterweë gebly nie.

Die Vrydagaand word daar "Buttenabend" gehou. Dis 'n tipe verskeidenheidskonsert met grappies en draakstekery met aktuele onderwerpe.

Saterdagaand word die groot "Prinzenball" gehou. Dis 'n maskerbal en hou maklik aan tot daglig.

Sondagoggend is alles stil in Windhoek tot so twaalfuur wanneer daar weer saamgekom word om die karnaval af te sluit.

Die finale skof word "Kehrauss" genoem. Almal verkeer in 'n gemoedelike luim terwyl daar gesmul word aan veral southaring "rollmops" en yskoue bier.

Helaas, die karnaval bestaan nie meer nie en so gaan nog 'n bietjie van die "atmosfeer" van Suid-Wes Afrika verlore.

- Mej Joy Roos

*Agatha Christie recalls the following story (told by her American grandmother) in her autobiography:*

*Two frogs fell into a pail of milk. One said, "Ooh, I'm drowning I'm drowning!" The other frog said, "I'm not going to drown." "How can you stop drowning?" asked the first frog. "Why, I'm going to hustle around, and hustle around, and hustle around like mad".*

*Next morning the first frog had given up and drowned, and the second frog, having hustled around all night, was sitting there in the pail, right on top of a pat of butter."*

*Moral of the story:*

*Moenie 'n ledige nag deurbring nie en jy sal met jou - in die botter beland!*



Geagte Redaktrise,

Ek is seker daarvan dat al die daaglikse inwoners van die Merensky saam met my sal stem oor die volgende.

As ek saans tuis kom en daar sit 'n vreemde man, gewapen met rookgied en 'n blikkie Coke, langbeen op my stoepstrappies - sal ek die eerste aand waarskynlik geamuseerd wees. As ek hom vir 'n volle week lank elke dag daar aantref en boonop ontdek dat hy my bene met sy oë meet, sy stompies en blikkies op my trappies los en weier om sy lang, lui bene net 'n aks te verskuif sodat ek of my gaste met gemak kan in en uit, sal my bloeddruk beslis styg en sal ek hom beslis hardhandig verwyder of selfs laat verwyder.

Presies net so voel ek oor die slaplittige, skaamtelose sitters wat jou deesdae by die Merensky se ingang begroet. My bloeddruk sê vir my skop links en regs en vergeet goeie verhoudinge - maar my verstand waarsku my vir die rooi tapyt en spoedige ontslag as gevolg van sulke impulsiwiteit.

Is dit die agterdeur wat maak dat die base van ons plaas nie weet wat by ons voordeur aangaan nie of is ek net 'n bietjie te sensitief vir slaplittige, skaamtelose sitters?

Ek wonder maar net ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UITSTALLINGS



VERBODE VRUGTE

U opdrag kom kort en duidelik:

Liewe Redaktrise,

geen eetgoed met 'n verjaarsdag of wanneer iemand die diens verlaat nie.

Toe ons diens aanvaar het by Merensky, het ons nie vir 'n oomblik gedink dat ons 'n ononderbroke feesmaal tegemoetgaan nie, maar om jou vriende af-en-toe met 'n kleinigheid te onthaal, is tog nie onredelik nie.

Ons word aangesê om ons vriende tuis te onthaal, maar so eenvoudig is dit nie. Ons werksvriende het gewoonlik 'n sleepsel wat buite die vriendskap staan en nie juis geneë is om 'n geleentheid tuis mee te maak nie - of dis jy wat nie geneë is nie - na alles, julle is vreemdelinge vir mekaar.

Let op na al die vriendelike ontspanne gesigte in die teekamer op 'n Woensdag, en kyk hoe anders gaan dieselfde mense lyk as hulle een Woensdag onverklaarbaar begroet sou word met 'n geurlose, kliniese, leë teekamer!

50% van jou werksbevrediging, sou ek sê, bestaan daaruit dat jy jou werk so goed doen as wat jy maar kan;

50% word bygedra deur aangename werksomstandighede; en

99,9% hang af van die mense met wie jy saamwerk.

Die tweede 50% kan ons afskryf - vensterloos (slegs vir zombies en molle), en die kortpad nou ook versper!


Trek so 'n ietsie hier en daar af van die 99% en die eindtelling is redelik vêr van wenslik (onder die mikpunt).

Feitlik ons hele lewe bring ons by ons werk deur (aanddiens maak dit 'n groot +) so ons werk is ons lewe. Moet alles wat lekker is, dan verbied word? Ons waterbottel is maar droë troos, en volgens Adele Davis is dit nadelig om teveel water te drink!

Hierdie is 'n pleitskrif: gee ons ons vryheid terug om 'n klein plesier in ons werkdag terug te bring.

\- Hierdie brief is kras gesensor deur myself -

\- M Rautenbach






LETTERKUNDE



REGTE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Tekening : A. Pepermans · Tekst . Marc Van Impe – Verantw. uitg.: Ministerie van Nederlandse Cultuur · Dienst voor Openbare Lectuurvoorziening, Sainctelettesquare 13 · 1000 Brussel – Druk : Gillis



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TWEEDE VLOER

Soos gewoonlik gaan dit steeds bedrywig op tweede vloer.

Daar is hierdie maand op 'n groot skaal oriëntering op die vloer gedoen. Groepe voornemende ekonome, argeoloë, sosioloë en vele meer is deur ons hande. Die eerstejaars het ook al op ons begin toesak met taakonderwerpe - alles vanaf Slawehandel in Afrika tot en met Angs.

Ina Boon (nie familie van professor Boon nie, want almal vra haar dié vraag) het haar by ons geledere aangesluit. Sy is nou Susan Swanepoel se assistent. Ons was gelukkig genoeg om Ina vir 'n hele ruk as 'n "ekstra" op die vloer te hê en sy kon dus sommer eerstehandse opleiding van haar voorganger ontvang. Baie welkom Ina, ons hoop jy gaan sommer lekker saam met ons werk en dat jou studies hierdie jaar ook baie suksesvol sal wees. Dit voel asof jy sommer reeds lank deel van ons is.

Met die blye verwelkoming val daar egter ook 'n hartseer afskeid saam. Lucia Smith het ons op haar verjaarsdag verlaat om voltyds huisvrou te wees. Ons het almal so lekker saam met jou gewerk Lucia, en wens jou alle voorspoed toe.

Thea is nou deeglik ingeburger in haar nuwe tuiste en geniet dit baie. Na al die soek verdien jy om lekker te bly Thea!

Zani het vir 'n naweek in die Drakensberge gaan klim. Sy is terug met 'n baie rooi gebrande gesig, stories van kettinglere, reën, koue en die uitspraak dat dit heerlik was.

Alida, Magriet, Susan en Thea beplan net hard aan die opedag op 31 Maart. Te oordeel aan die besprekings van roosters, eerste en tweede keuses en die verversings, verg dit redelik kop krap want die belangstelling van universiteitspersoneel kant is blykbaar oorweldigend.

Ons sê maar net sterkte en groete hier van tweede vlak!

Mikro-ontsluitingstelsel, Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing.

Die Instituut wou in 1979 'n mikro-ontsluitingstelsel begin en het die Biblioteekdiens om hulp gevra. 'n Projekkomitee is saamgestel uit die lid vir mikro-ontsluiting van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling (mev Gerda Beukes), die vakbibliotekaresse vir Plantkunde (mev Amanda van der Hoven) en die navorsingsbeampte van die Instituut (mej Inge von Teichmann). Daar is verskeie ondersoeke gedoen om vas te stel of so 'n stelsel werklik nodig is en of daar nie reeds so 'n stelsel by ander instansies bestaan, waarvan die Instituut gebruik kon maak nie.

Die Instituut ondervind veral 'n probleem om inligting oor saadnavorsing te bekom, aangesien verskeie indekse en ekserpjoernale geraadpleeg behoort te word.

Geen tesourus oor saadnavorsing kan opgespoor word nie, en 'n voorlopige tesourus is saamgestel, wat later met die gebruik van die stelsel verder verfyn word.

Daar is op 'n Unitermstelsel besluit en aanvanklik het die personeellid wat die stelsel bedryf het (mev Estelle Duvenhage) in 'n twaalf-uur-per-week-pos, veral nuwe tydskrifartikels oor saadnavorsing in die Merensky-biblioteek en Landbou biblioteek, geïndekseer. Daar is ook later op SASDI-ingeteken, wat tans die grootste deel van die invoer bied.

Behalwe die navrae van die dosente en studente van die Departement Plantkunde en die personeel van die Instituut word daar ook 'n diens aan buite-instansies soos die saadhandel en koöperasies gelewer. Die Instituut oorweeg dit nou om 'n fooi vir soektogte te vra.

Daar word ook sade in die Instituut versamel en saad sal waarskynlik ook deur middel van die mikro-ontsluitingstelsel ontsluit word.


- G J Beukes

Gedurende die laat vyftigerjare het hierdie Meksikaan gereeld in die Perdeby verskyn en kommentaar gelewer oor aangeleenthede van die oomblik.

Die Redaksie van Biblikasie meen dat dit nie onvanpas is om hom vir 'n geleentheid na vore te roep nie.




DOBIS beter aktief wees op die 31ste Maart!!






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Boekbestellings

Mev Mariê Rautenbach gaan einde April ontspan van haar skenkings-sonder-einde. Terwyl die kartonhouers ophoop om en op haar lessenaar gaan sy salig rondvaar op 'n blou see tussen die Griekse eilande.

Sy vereker ons die doel van haar vakansie is om vir Biblikasie oor die eilande te skryf - op voorwaarde dat Merensky haar vergoed met 'n paar af-middae!

Die afgelope paar weke het ons mev Langkilde kortkort hier op Laergrond sien rond beweeg saam met nuwe Biblioteekkunde studente. Dit het opnuut weer die belangrikheid van die werksaamhede wat op hierdie vloer plaasvind, onder ons aandag gebring. Dit was hier gedoen word is as't ware die begin van 'n reeks handelinge wat lei tot die suksesvolle gebruik van hierdie biblioteek. Dit vorm ook die grondslag van die diens wat die vakreferente op die verskillende vloere lewer.

Dit het my onwillekeurig laat dink aan "Die beiteltjie" van N P van Wyk Louw

*DIE BEITELTJIE*

*Ek kry 'n klein klein beiteltjie*
*en tik hom en hy klink;*
*toe slyp ek en ek slyp hom*
*totdat hy klink en blink.*

*Ek sit 'n klippie op 'n rots:*
*- mens moet jou vergewis:*
*'n beitel moet kan klip breek*
*as hy 'n beitel is -*

*ek slaat hom met my beiteltjie*
*en dié was sterk genoeg:*
*daar spring die klippie stukkend*
*so skoon soos langs 'n voeg:*

*toe, onder my tien vingers bars*
*die grys rots middeldeur*
*en langs my voete voel ek*
*die sagte aarde skeur,*

*die donker naat loop deur my land*
*en kloof hom wortel toe -*
*só moet 'n beitel slaan*
*wat beitel is, of hoé?*

*- N P van Wyk Louw*

- Ronel Blaauw

## Ontsluiting

Gedurende Oktober verlede jaar het mev Ilse van Niekerk van die WNNR se biblioteek 'n kursus oor SAMARC aangebied, wat dan ook deur 'n paar van Ontsluiting se personeellede bygewoon is, naamlik mev E Langkilde, mej B Kotze, mev L A van Wyk, mej M Mörsner en mev J A Maree. SAMARC is 'n kodeerstelsel wat probeer om bibliografiese rekords in besondere fyn detail te analiseer en te ettiketeer vir rekenaarmatige doeleindes, sodat verskeie rekords met mekaar vergelyk kan word deur 'n rekenaar. Dit was 'n uiters insiggewende ervaring om te sien hoedat slefs 'n Mazzawatteeteeblikkie deur die behendige mev Van Niekerk tot 'n gekodeerde bibliografiese rekord omskep word, en natuurlik was dit vir die Merensky-afvaardiging met hul DOBIS-agtergrond stof tot diepe nadenke oor die vereistes van die ontsluitingsberoep en die verwerking van inligting. Hier en daar het dit nog gehaak oor die interpretasie van die nuwe AACR II reëls, maar oor die algemeen is dit gevind dat SAMARC enige bibliografiese element kan hanteer as deel van 'n rekord.

Op die 16de Maart het die genoemde ontsluitingsafdelingpersoneel 'n middag afgestaan aan "terugvoer" lesings oor SAMARC aan die res van die afdeling se lede, en het elke persoon omtrent twintig minute gewy aan 'n aspek van SAMARC. Mej B Kotze het begin met 'n inleiding en die geskiedenis van SAMARC en daarna het mev E Langkilde gesels oor die struktuur van 'n SAMARC-rekord. Mev L A van Wyk en mej M Mörsner het elkeen twee praktiese voorbeelde behandel, byvoorbeeld boeke, bladmusiek, reekse en dergelike meer, en mev J Maree het afgesluit met 'n vergelyking tussen die formaat en inhoud van SAMARC en ons eie DOBIS, waarin veral uitgewys is dat DOBIS, benewens 'n gerekenariseerde bibliografiese rekordstelsel, ook 'n pakketprogram is wat sy bibliografiese inligting en elemente onmiddellik by die invoerstadium begin manipuleer tot 'n vorm wat reeds op die volskerm al bruikbaar is, synde 'n intydse stelsel, wat inligtingsoekers sowel as ontsluiters moet bedien.




"The only drawback is that I can never tell if they're working or just playing games."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## NUWE BESEMS ...

Dis met die beste bedoelings en baie vrees en bewing) dat 'n mens uit die dieptes van die Kelder waar alles rees (oud?) en vertroud is jou na die hoogtes van die Derde verdieping begewe.

En dan kom die spyt - soos gewoonlik helaas te laat - en ek kan my hare uit my kop trek omdat ek tog sô dikwels gesê het: "Vra maar net by die toonbank by die betrokke vakgebied", of veel erger: "Meneer, vra net op die derde verdieping by die Ingenieurswesetoonbank."

Gelukkig, net toe ek dink alles is verlore so tussen die navrae oor sulke dingetjies soos skarniere binne in tweepuntmuurproppe, verbandspanning en autofrettage in kanonlope en ... - kom mnr Piet de Kock met die antwoord op al hierdie navrae.

Die metode is kort - dit moet net blitsvinnig toegepas word en bestaan uit die volgende stappe:

1. Gebruiker kom te voorskyn met 'n bitter moeilike navraag (soekwoord bestaan uit meer as een lettergreep en is "Ingils").
2. Antwoord hom koel en kalmpies met die volgende woorde:
   "Meneer, ek kan nie nou onmiddellik iets daaroor in die hande kry nie, maar ek gaan vind gou uit."
3. Verdwyn vinnig met behulp van hyser na veiliger vlak.
4. Wag so 'n rukkie totdat jy dink die gebruiker het maar moed opgegee en geloop.
5. Keer terug na die dienspunt toe en wees gereed vir verdere navrae.

Die metode is baie suksesvol, daar kan baie meer navrae afgehandel word as met enige ander metode.

- Irene du Preez

Met hierdie metode sal almal van ons binnekort kan aftree (sonder pensioen!)

- Redaksie



„Daar's 'n wet wat sê 'n muis mag nie gevang word as hy 'n hoed ophet nie!"

## GESELSIE MET ...... W S H PORTER (OOM WILLIE)

Die tweede wêreld-oorlog breek in 1939 uit en eindig in 1945. So tussen al die dinge in 1943 begin mnr Porter, beter bekend as Oom Willie, by Die Universiteit van Pretoria werk. Sy loopbaan begin in Januarie 1943 by Staatstesourie, waar hy na 4 maande by UP begin werk vir £9,00 per maand. Glo dit of nie hy was toe maar 'n skrale 17 jaar oud, en het met 'n help my trap werk toe gery.

Die hoof van die Bindery, mnr Verschoor, 'n Hollander, verlaat die Bindery in 1947. Alleen staan oom Willie toe in die Bindery, toe nog in die Ou Merensky, vandag Beeldende Kunste Gebou. Gelukkig vir oom Willie sluit mnr Hughes hom by Merensky aan in 1948. Die Merensky se personeel was toe 'n hele ± 15 lede, die Hoof van die Biblioteek Dr Coetzee, en Die Rektor, Prof M C Botha Sy hoofde vanaf Dr Coetzee was net mnr Van den Bergh tot vandag se topbestuur.

Oom Willie het natuurlik ook 'n groot plesier in sy lewe: 'n motor se enjin - 'n stokperdjie wat menigte Merensky personeellid al handig te pas gekom het. 'n Stokperdjie wat deur baie skade en skandes, nou 'n bietjie ekstra in Volkskas laat beland.

In 1951 trou oom Willie, en vandag is hy 'n goeie en 'n suksesvolle man. Ek wonder maar net wie agter 'n suksesvolle man staan? Vandag 38 jaar verder vanwaar hy as binder begin het het hy 'n menigte van Merensky-personeel sien kom en gaan. Hier uit die Bindery wil ons hierdie jaar al ons antieke stukke aan julle bekend stel. Meeste van hulle al op die rak en vol stof, maar hierdie "antieke" stuk vir ons "argief" is nog vol lewe, en kan onmoontlik nie op die rak geplaas word nie. Daarvoor het hy nog te veel lewe, en verrig hy sy dagtaak net baie beter as 38 jaar gelede!

- Nic van Vuuren




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE — BINDERY


Behalwe vir Marike en Carina wat 'n verbete stryd teen mnr Verkouekiem voer gaan dit by Tydskrifte sommer nog fleit-fleit die bult uit - Marike en Carina ons hoop mnr Verkouekiem ly 'n bittere neerlaag na al die antibiotikas en pille. Tydskrifte-afdeling is deesdae die aanhoorders van kreune en steune - dit is nou Anne s'n. Sy het seker nooit kon dink dat tuinmaak by haar nuwe huis sulke harde werk is nie, Anne wanneer is die daknatmaak-partytjie waarvan ons nou al so lank hoor?

Aan Grietjie ons nuweling - baie welkom - sy het haar vuurdoop: 'n beangste aand voor die kasregister suksesvol deurgegaan. So met die stapels tydskrifte wat by L - R kardex krimp word Stella se kroontjie ook weer sigbaar - Sterkte Stella!!

Aan A3 (Adri) wat nou A3 (Adri Botha) op die 4de April word - wil ons net sê baie geluk - mag die huweliksbootjie sonder skommeling vaar.
Adolf en Esther ons oorblywende twee - kreun onder die studies maar gelukkig bring elke oggend nuwe krag. Laaste maar nie die minste nie - aan ons buurvrou mev Landkilde baie geluk met die verjaarsdag 20 Maart. Nou ja fluit-fluit my storie is uit en tot later.




"Ah, those were the good old days."





BINDERY

Na 'n lang siekbed en sommer verlof ook, is Dawie Hughes, nog 'n bietjie grieperig, terug op sy pos in die Bindery. Hoop jy is nou gesond en die griep sal ook verdwyn. Welkom terug Dawie.

André van Rensburg gaan van die 1ste April met verlof en trou die 4de April. G'n wonder die man se senuwees is gedaan nie. Alle voorspoed André, en mag dit vir jou 'n mooi dag wees! (Staan stil broek jou baas bewe nie).

Daan en Chris het nou so motors onder mekaar gekoop en verkoop dat ons nie weet wie ry wat nie. Ons laaste berig is egter dat Daan 'n bruin Mini ry, wat Chris ook laas gery het, want Daan het 'n witte gehad, en Chris 'n rooie, groene en 'n bruine. Ons hoop Daan se "nuwe" motor hou ou bene.

- Nic van Vuuren





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



ONTHOUTYD

'n Wyse het eenmaal gesê: "Om te kan onthou is om twee maal te lewe" en iemand anders het gesê: "Herinneringe is een van die paradyse waaruit jy nooit gewerp kan word nie".

Albei hierdie uitsprake klink onmiddellik baie filosofies en mens dink dadelik dat dit seker net op die romantiese van toepassing is. Tog dra die onthou van mooi en kosbare dinge wat op elke vlak en binne elke lewensruimte voorkom, by tot die groter sin van die lewe. Dinge wat herinneringe die moeite werd maak is nie noodwendig groot of grootste dinge wat die gang van die lewe verander nie, maar dit is baie dikwels klein, lewensegte dinge wat voortspruit uit die kwaliteit van mense se gedagtes en dade.

Omdat afskeid en weggaan noodwendig met onthou en herinneringe in verband gebring kan word, is dit logies dat jy jouself aan die einde van 'n werkstyd sal afvra: was dit die moeite werd - het die baie dae en aande wat ek in die Merensky deurgebring het bygedra tot die sin van my bestaan of is dit vermorste ure, ure wat ek liefs nie wil onthou nie omdat ek niks ontvang het wat ek waardig genoeg ag om verder met my saam te dra nie.

Iets nuuts wag vir my en daarom moes ek besin oor dit wat verby is - wil ek onthou en wat is dit wat maak dat ek wil onthou of wil ek so gou moontlik 'n snit maak waaraan ek nooit weer wil dink nie.

Baie dinge kom voor my verby - pakke en pakke bestellings wat by die katalogus gekontroleer word, fotostate en nomaals fotostate uit "Current Contents" e.a., dom gebruikers wat blykbaar geen inisiatief van hul eie het nie, oorvol pakkamers, vermiste en verdwaalde boeke en tydskrifte ens. ens. en ek wonder? Was dit die moeite werd?

Uit hierdie deurmekaar gedagtes kom die besef - ek wil onthou, ek wil baie graag onthou! Beslis nie omdat ek versot is daarop om vermiste boeke te soek of om in 'n oorvol pakkamer rond te krap nie, maar omdat ek eerstens met my verstand iets van die sin daarvan verstaan en ook omdat my hart my lei na dit wat dit andersins sinvol maak.

Met my verstand weet ek dat ek deel was van 'n groep en 'n struktuur wat 'n taak en doel binne die samelewing het, dat ek maar net 'n ratjie was, maar tog 'n belangrike ratjie omdat die oorkoepelende taak en doel groots en belangrik is. Beslis 'n jammerte dat hierdie gedagtes dikwels ver van jou is as jy voor die katalogus staan - maar tog goed dat jy dit darem soms in hierdie perspektief kan sien.

My hart en my emosies lei my na die grootste rede waarom ek wil en sal onthou - die mense met wie ek daagliks saamgewerk het, die mense langs wie ek oor stapels boeke en tydskrifte moes struikel, die mense saam met wie ek onlogiese en sinnelose navrae moes beantwoord, die mense wie se gedagtes en persoonlikhede ek kon leer ken en verstaan - en ek weet: dis nie die groot struktuur wat ek sal mis nie, maar die mense daarbinne - hulle met wie ek my klein ervarings kon deel en hulle wat dit vir my moontlik gemaak het om ook hulle menswees, ideale en drome te deel. Aan die begin was die mens die kroon van God se skepping en vandag is dit steeds so - dis mense wat sin gee aan soms skynbaar sinlose dinge, dis mense wat maak dat jy onthou sodat jy daardeur eintlik twee maal kan lewe en dis mense wat maak dat herinneringe 'n paradys word.

Vir my is die herinneringe aan die Merensky en twee jaar van my lewe hier 'n paradys, omdat die mense wat langs my was, onthou mense is.

- Lucia Smith

**TOTSIENS!**



Mev Lucia Smith

*Verbeelding is aan die mens gegee om te vergoed vir wat hy nie is nie.*

*'n Sin vir humor het hy gekry om hom te troos vir wat hy is.*

*TUINIERS*

*The difference between rising at five and seven o'clock in the morning, for forty years, supposing a man to go to bed at the same hour at night, is nearly equivalent to the addition of ten years to a man's life.*

*- The Gardner*

*And adds: This time spent in the garden makes life even better.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



ina boon



grietjie meijering



carolina van huyssteen




valerie muller



ina vd westhuizen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# BIBLIKASIE

APRIL 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



ERKENTLIKHEID

Die vakbibliotekarisse wil by hierdie geleentheid dankie sê. Ons wil ons waardering betuig teenoor hulle wat dit vir ons moontlik maak om diens aan ons gebruikers te lewer.

Gaan maar terug in die geskiedenis en u sal vind dat al die groot veldslae wat gewen is aan een of ander naam gekoppel is - dink maar aan Napoleon, Christiaan de Wet, Rommel en Montgomery. Die soldate wat die oorlog geveg het, het min erkenning gekry.

Hier waar ons met dienslewering gemoeid is, is dit onvermydelik dat slegs die persone op die punt waar dienslewering geskied deur die gebruikers gesien en waardeer word omdat hulle totaal onbewus is van die vele ondersteuningsdienste wat agter die skerms 'n reuse bydrae lewer om die diens 'n sukses te maak.

Dit wat die gebruiker ervaar is slegs die speerpunt sonder dat hy altyd daarvan bewus is dat die vakbibliotekarisstelsel gemoeid is met die skakeling met verskeie onontbeerlike afdelings.

Laat ons vlugtig na hierdie afdelings kyk: by die dienspunt word die behoefte van die gebruiker by wyse van 'n navraag vasgestel en, indien nie reeds in voorraad nie, herlei na die Seksie Boekbestellings waar die item vinnig aangekoop word. Na ontvangs kom die ratte by die Seksie Makro-ontsluiting in werking sodat die hele proses van vind en beskikbaarstelling deur die vakbibliotekaris vinnig en flink kan plaasvind. Dieselfde geld vir die Seksie Tydskrifadministrasie waar daar op bykans 6 700 tydskriftitels ingeteken word. Ook die vriendelike wyse waarop spoedboeke en tydskrifnommers afgelewer word, gaan nie ongesiens verby nie.

En nou moet ons vir geen oomblik vergeet om die belangrike rol wat Leendienste speel in die opsporing en voorsiening van materiaal deur middel van interbiblioteeklenings nie, die verskaffing van katalogusadvies en die voorsiening van boeke aan die massa voorgraadse studente by die Seksie Gereserveerde Studieversameling.

Wanneer die materiaal wat hanteer word tekens van verwering toon, stuur ons die kleinode na die Bindery waar toegewyde mense op kunstige wyse elke artikel van 'n nuwe en duursame kleed voorsien.

Sonder vergaderings en kommunikasie sal die Biblioteekdiens nie na wense ontwikkel nie en sonder die tiksters en Seksie Algemene Administrasie sal agendas, notules en korrespondensie nooit die lig sien nie.

Buiten die normale drag wat hierdie mense dra, kom daar so dikwels versoeke van die vakbibliotekarisse vir die spoedafhandeling van 'n taak en ons kan alleen met die grootste waardering praat van die gesindheid waarmee hierdie versoeke van ons bejeën word.


Aan al hierdie kollegas van ons sê die vakbibliotekarisse 'n groot dankie. Ons sukses op die voorpunt is grootliks deur julle bekwame toedoen.

- Alida Dippenaar



*VERJAARSDAE - MEIMAAND*

*2 Mej M Nortje - Mediese Biblioteek*
*3 Mev A von Backström - Sekretaresse: Direkteur*
*3 Mev J Duursema - Voorkliniese-biblioteek*
*6 Mnr R E Tönsing - Beplanning en Ontwikkeling*
*10 Mej A van den Bergh - Ontsluiting*
*11 Mnr W W Duminy - Adjunk-Direkteur*
*11 Mej M van Aardt - Boekbestellings*
*13 Mej C J van Wyk - Tydskrifte*
*17 Mej J du Toit - Vakbibliotekarisstelsel*
*19 Mev R Roux - Boekbestellings*
*25 Mev M Grobbelaar - GSV*
*25 Mev E C J W van Huyssteen - Sekretaresse Adjunk-direkteure*
*27 Mev M Meyer - Boekbestellings*
*27 Mev E Cronje - Ontsluiting*
*30 Mej S S du Toit - BMW-biblioteek*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE VERSAMELING VAN AFRICANA-BOEKE AS STOKPERDJIE

Die versameling van Africana-boeke is dwarsoor die wêreld 'n gesogte stokperdjie en beleggingsmoontlikheid en dit 'n jammerte dat daar nie groter belangstelling by die gewone Suid-Afrikaanse burger hiervoor bestaan nie.

'n Groot liefde vir boeke is egter die belangrikste vereiste vir so 'n versameling, want dis 'n stokperdjie wat baie geduld verg en daar is ander maniere om vinniger ryk te word as geld die beweegrede vir die belegging is.

By die besluit wat om te versamel bied dit groter bevrediging as jy jou versameling kan laat aansluit by jou persoonlike belangstelling want dan put jy soveel meer vreugde uit die boeke. Dit is in elk geval altyd beter om 'n klein versameling waardevolle boeke oor 'n sekere onderwerp op te bou as om na willekeur boeke oor 'n verskeidenheid onderwerpe saam te gooi.

Die mees waardevolle boeke op die Africana-mark vandag is die boeke van die vroeë reisigers en kunstenaars soos Baines, Burchell, Daniell, Harris, e.a. Omdat hulle so skaars is, neem hulle steeds in waarde toe. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die boek van S Daniell, "African scenery and animals" wat in 1804 uitgegee is. 'n Eksemplaar is in 1962 in Johannesburg verkoop vir R350. Hy word tans deur 'n firma in Kaapstad adverteer teen R23 000.

Die meeste van ons se beursies skiet egter te kort om waardevolle ou boeke te koop, en ons moet ons aandag maar by nuwe boeke bepaal. Natuurwetenskaplike publikasies, veral oor ons plante- en dierelewe, bly steeds 'n goeie belegging. Die belangrikste vereiste is net dat die outeur 'n erkende deskundige op sy vakgebied moet wees. Die boek "Mammals of South Africa" van A Roberts, wat in 1950 teen £2-17-6 (met ander woorde ongeveer R6,00) uitgegee is, word nou verkoop teen R200.

In Suid-Afrika het die neiging in die later jare almeer posgevat om "versamelaarsuitgawes" te druk, dit wil sê luukse uitgawes van beperkte oplaag. Alhoewel hierdie boeke feitlik altyd 'n goeie aankoop is en in waarde toeneem, word hulle nooit eintlik die werklike skaars en waardevolle boeke nie omdat hulle waarde besef word en hulle dus beter opgepas word as gewone boeke.

Aangesien die dae van "ware winskopies" van Africana-boeke grootliks verby is, is daar hoofsaaklik twee plekke waar jy jou boeke kan aanskaf, naamlik betroubare Africana-boekhandelaars en boekveilings. By die veilings kan jy soms 'n boek teen ongeveer die helfte van die prys wat jy by die handelaar sal betaal, bekom. Dit verg egter jarelange studie en ondervinding voordat jy die vermoë ontwikkel om die waardevolle boek teen die regte prys, tussen die ander uit te ken.

- Mev Joriet Coetzee
AFRICANA



WHO WORKS?


The population of South Africa, both black and white is 22 million. There are 7 million over 65 years of age, leaving 15 million to do the work. People under 21 years of age total 10 million, leaving 5 million to do the work. Of these 2 million are government employees, leaving 3 million to do the work. There are 500,000 of all races in the armed forces, leaving 2,500,000 workers. Now deduct 1,250,000 provincial, muncipal and city employees, thus leaving 1,250,000 to do the work. There are 250,000 in hospitals and other institutions, leaving 1 million to do the work. But 700,00 of these are either unemployed or incapacitated and 200,000 are either on welfare or won't work, so that leaves 100,000 to do the work.

Now it may interest you to know that these are 80,000 people out of the country at any given time and 19,998 people are in jail at any given time. That leaves just two people to do the work and that is you and me brother - and I am getting sick and tired of doing everthing myself.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## What's Cookin?



"KRAGKOEKIES"

Melt together slowly:

500g Butter
  3 Tablespoons Honey
  2 Tablespoons Molasses
  1 Tablespoons Jam

Add 1½ teaspoons Bicarbonate of Soda.
Allow to cool.

Mix: 4 cups Rolled Oats
 1 cup Nutty Wheat Flour
 1½ cups All Bran
 2 cups Bran
 1 cup Wheat Germ
 1 cup Brown Sugar
 2 cups of mixed: Nuts
  Seedless Raisins
  Sesame Seeds
  Sunflower Seeds

Add to butter mixture.

Press into greased trays and bake at 160°C for 20-25 minutes. Cut into squares and allow to cool.




## Die Posklip



Geagte Redaksie

Graag wil ek van kollega Rautenbach verskil oor die aangeleentheid van "koek gee vir jou vriende met jou verjaarsdag".

Ek hou van die sekuriteit wat dit my bied om te weet dat daar op 'n Woensdag vir my 'n bordjie eetgoed sal wees. My gevoelens sal byvoorbeeld baie seergemaak wees as Mariê met haar verjaardag koek bring en nie vir my ook gee nie - en dit nadat sy so graag vir my "geskenke" stuur.

Aan die anderkant weer sou ek dalk baie graag vir die hele biblioteek (veral die topbestuur, met die oog op 'n moontlike verhoging) wou koek gee as ek verjaar. Maar dan bestaan die gevaar dat die hele personeel sal uitvind hoe 'n swak kok ek is en hoe plat my beursie is.

My betoog is dus: behou 'n stelsel wat ek jare gelede in die staatsdiens al as die mees praktiese oplossing leer ken het.

Liewe Redaksie

By ons werk merk ons af-en-toe dat 'n jong vrou op 'n dag met 'n geheime Mona-Lisa glimlag rondloop. Dan verander sy ook fisies en verlaat die diens op die vasgestelde tyd. Sy verdwyn tydelik uit ons lewens - sy lees nou die boek van haar eie lewe - besig met haar groot taak.

Dan op 'n dag kom sy werktoe om te kom wys wat sy reggekry het, en dis moeilik om te glo wat sy so stil-stil en maklik (lyk dit vir ons) bereik het - die ewige wonder van die lewe. Dis rooi hare en swart hare en blonde hare en onskuldige kinderoë en gewoonlik 'n stem wat lustig protesteer om so bekyk te word deur baie oë.

Merensky het soveel sukses met Oop Dae - wat van 'n Oopdag vir al ons ex-volksmoeders?

\- M Rautenbach



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Poste Restante
Swakopmund
9000

2 April 1981

Hallo Almal!

Die eerste kwartaal is verby en vandag is die vakansie al 'n week oud en so te sê verby. Ons groet hier vanuit ons klein stranddorpie en soos gewoonlik, kan ons weereens getuig: "Never a dull moment".

Met twee van Reinhard se kollegas as passasiers het ons voor Kersfees weer die lang pad Kaap toe gekies. Die Hugo's van Windhoek het ons huis en diere in ons afwesigheid versorg. Hulle het gelukkig hier aangeland net toe ons wou vertrek, maar dit was weer my draaiery wat gemaak het dat ons so laat weggekom het. Op Mariental het ons volgemaak voor sluitingstyd en Reinhard het vas besluit dat ons op Noordoewer moes oornag. Die ou Kombi het homself oortref. Ten spyte daarvan dat ek na Keetmanshoop die Luderitz-pad heneem het en seker meer as 20 km vermors het, het ons stadig maar seker na Noordoewer aangekruip en om half twee kon ons voor die hotel stilhou. Daarvandaan is die omgewing vol afwisseling en kom mens tog taamlik gou weer in die beskawing. Dit was 'n heerlike vakansie van uitrus en tennisspeel en kuier.

Nuwejaar was ons terug in Swakopmund en kon in rat kom vir die nuwe skooljaar. Ongelukkig het Unisa baie lank gewag voordat hul Reinhard se studiegidse vir hierdie jaar gestuur het. Ons beplanning vir vooruitwerk was dus nie so geslaagd nie.

Op pad terug het ons 'n draai deur die kouebokkeveld gery en by Olif en Elmine op Rietvlei gaan kuier. Dit was 'n heerlike belewenis en Boerneef se Boplaas het skielik lewendig geword. In baie opsigte is dit so heerlik stil en afgesonderd daar dat mens jou die plaaslewe van destyds baie goed voor die gees kan roep. Ons het die Rietrivier met sy kuile en sandbanke asook die beroemde "Katbakkies" alles gesien. Alhoewel dit 'n slegte en stadige pad is, moet mens tog eenmaal die tyd neem om tussen die Cederberge na Clanwilliam te ry. Die berge rondom en waarlik nog ongeskonde natuur en stilte is alles 'n verkwikking vir die gees. Daarna was dit net baie warm. Op Noordoewer het ons gewag dat die son moes sak, maar selfs daarna het die hitte nie gewyk nie. Op Mariental het ons naby 'n garage oornag. Daar koel dit nooit af nie en as die son uitkom brand hy weer alles wat voorkom. Windhoek was ook heeltemal te warm en ons wou net so gou as moontlik weer ons lekker koel seelug in Swakopmund inasem. Dit is werklik die enigste leefbare plek wat ek nog in Suidwes leer ken het. Tussen Okahandja en Karibib het ons by die Talaskas gebly totdat mens weer (verkieslik by maanlig) die pad kon aandurf.

Oos-Wes- Tuis Bes! Die jaar het begin met die toneelopvoering wat die een std. 10 klas wou opvoer. Deur middel van Estelle Slabber het ons Pieter Grobbelaar gaan opsoek. Hoe waardevol die wenke was wat hy gegee het, het ons mettertyd eers besef. Op sy aanbeveling het ons 'n model gebou en die stuk met lego-poppies probeer speel. Dis 'n vreeslike werk veral vir twee wat niks van teater weet nie en die tyd en konsentrasie wat daarin gegaan het kon ons nooit vooraf bereken nie. Ons het dit net eenmaal so deurgeworstel toe ek skielik na Tygerberg moes terugkeer. Drie weke het hulle my daar gehou maar nou is alles weer in orde.

Die skool het begin en daarmee ook die instudering van die Fisici van Dürrenmatt. Reinhard het dit eers in klein kort stukkies verdeel en dan net 'n paar kinders wat betrokke was saans na ete laat oefen. Wat heeltemal oorweldigend was, was die entoesiasme waarmee die kinders die stuk aangepak het. Soos klokslag was hulle daar en nooit het hy nodig gehad om hul te soebat om 'n oefening by te woon nie. Hulle was vasberade om dit te doen.

Intussen het ek in Kaapstad hulp gesoek. Ons het gehoor dat Robert Mohr dit vertaal en begin 1980 vir Kruik opgevoer het. Na vele omswerwinge het ons die "regte" mense opgespoor. Een en almal was hul so gaaf en vriendelik en bereidwillig om te help. Dit was heeltemal oorweldigend. Marga van Rooy, wat die rol van dr von Zahnd gespeel het, het ons by Charmaine Potgieter gebring. Sy was bereid om vir 14 dae hier in Swakop "vakansie" te hou en werklik met die kinders die stuk in te oefen. Hulle was gelukkig al byna so ver dat hul die woorde geken het. Syself het die rol van Marta Boll in die Kruik produksie gehad. Wat Charmaine alles gedoen en beteken het, sal ons seker nie kan bepaal nie, maar toe sy weg is, was dit sover dat dit vanself kon "loop". Die dag toe sy vertrek het, het die kwartaal se eksamens begin. Moenie dink dat dit die kinders van oefeninge sou weghou nie. Hulle het eenvoudig daarop aangedring dat die oefeninge moes voortgaan. Ons kan werklik getuig dat hierdie stuk deur die kinders op die planke gebring is. Reinhard het net foto's gewys en hulle het na aanleiding daarvan hul eie decor ontwerp. Eers het hul 'n skaal model gebou en daarna by "Newton" se ouerhuis die hele stel gebou. Al die werwing en publisiteit is ook deur hulle beplan en uitgevoer. Reinhard kon in die gehoor sit en alles agter die skerms is deur hulle self beplan en uitgevoer. Sommige het ook hul eie "kostuums" beplan en was ook nie oor te haal om dit anders daar te stel nie.

In Swakopmund was daar twee opvoerings beplan. Die spanning het hoog geloop maar ek was die een wat naels gekou het. Die ander was veel rustiger en selfversekerd. Dit is werklik baie goed ontvang en vir 'n skoolopvoering besonder goed. Van my skool het een onderwyser 'n bitter en vlymskerpe kritiek geskryf en dit sowaar afgerol en aan die spelers uitgedeel. Hulle het dit gelate aangehoor en gelees maar die meeste het dit nie te veel ter harte geneem nie en die tweede aand nog beter gespeel. Die nag het hulle alles afgebreek en is 5 stuks met die decor en 'n vragmotor na Omaruru waar hul die volgende aand sou optree. Die res is direk na die skool gesluit het met die bus weg. Hierdie Std 10 E(1) is werklik 'n besondere klas. Daar is drie paralelle klasse vir Duits moedertaal en hierdie groep wou "Die Physiker" opvoer. Hulle het dit ook gedoen en al die rolle behalwe 2 Buben is uit hul geledere beset.

My skoonouers het Vrydag van Kaapstad in Walvisbaai aangekom en ons is die middag na Karibib waar daar ook 'n opvoering beplan is. Soos in baie dele van Suidwes is die droogte daar baie ernstig. Ten spyte van die geweldige hitte en geen watertoevoer die hele middag nie het die kinders die aand weer hul beste gelewer en die hele Karibib gehoor het tjoepstil geluister en meegeleef tot die heel laaste oomblik van stilte en nadenke. So kan ons met groot dankbaarheid die kwartaal afsluit. Dit was werklik 'n kwartaal wat totaal deur hierdie toneelstuk oorheers was, behalwe dat Reinhard 48 uit die moontlike 50 periodes klasgee en moet voorberei. Dan gee hy behalwe Duits-moedertaal ook Duits 3e taal, Bybel vir std. 10 en sang. Daarby kom nog sokker afrig 2 maal per week en kadetorkes en totdat die atletiek verby was elke middag verspring afrig. Dat hy byna

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

geen tyd vir sy eie studies het nie is duidelik en dit is waarvoor onderwysers seker vakansies kry - om in te haal wat gedurende die kwartaal agterweë gebly het.

Hou maar duim vas, volgende week is die laaste opvoering in Windhoek. Dit is vanjaar 'n voorgeskrewe boek vir matriek en Suidwes moet dit sien!

Baie liefdegroete

Reinhard en Maretha




**"Help! I'm trapped in an abstraction of reality, expressed symbolically!"**

BOOK TRADE HIT BY RISING COSTS

By Simon Jones

It is fairly hard these days to pick up a book with a happy ending. The mixture of fear and fantasy that pervades so many modern novels may be the book trade's way of alerting readers to its plight.

British publishers have been hit by a combination of public spending cuts, the strong pound, rising costs and the effects of TV.

The cost of publishing a book is rising rapidly. Labour costs, paper and printing costs and distribution costs in the UK have all risen dramatically over the past couple of years and as a consequence many publishers are now looking overseas. Those with big US sales are setting up print runs in the States to cash-in on the cheap production costs there.

Publishers with big sales in Australasia are printing more copies in Hong Kong. It will not be long, some say, before a lot of the books sold in the UK are printed in South America, India, Singapore, the States or Hong Kong.

As costs rise, sales to public institutions are falling. The current round of public spending cuts has hit the industry badly. 'A lot of books are brought with public money', says Mark Hodder-Williams, administrative director at Hodder and Stoughton. 'The cuts will seriously affect sales for at least the next 18 months.' Falling library purchases and sales to schools will hit Heineman according to editorial manager (technical and business) Robert Lomax.

Lost sales at home are not being made up overseas either. Traditionally, about a third of UK book output has gone abroad. However, the strong pound and rising costs have made British books uncompetitive. Publishers, like Hodder, who are still selling overseas are doing so on reduced margins. André Deutsche sales director Bill McCreadie says, 'Just to maintain share overseas we have to squeeze margins. We're not earning much abroad.

On top of these problems of cost and increased competition comes a prediction that sales of books are falling generally. Euromonitor's fifth Readership Survey says that this year a total of 184m books will be brought in the UK. By 1984 this figure will have slumped to 160m. Furthermore, Euromonitor suggests that fewer people read books now than in 1975.

But the industry is having none of this. 'I very much doubt that overall readership is declining', says Heinemann's Lomax. 'Trends in reading should be studied over a long period. The survey is too general to be useful', he says. Other publishers agree. Stuart MacDonald, marketing director as Sphere, describes the report as 'fascinating but frustrating'. He complains that there is too little information around about sales and readership to draw any firm conclusions.

Most publishers are cautious but not pessimistic about the outlook for rhe next 18 months. 'Things aren't as bad as we thought', says Lomax. 'People turn to reading in times of economic hardship because it's a cheap form of entertainment. 'The printing industry must adapt to the need of tertiary education and overseas markets. It must also realise that the growth area in the sale of general non-fiction is through book clubs and act accordingly', he says. Despite rising prices, Lomax claims that sales of technical and business books are doing very well.

At the popular paperback end of the market, Sphere's Stuart MacDonald says 1980 has been 'a disappointing year'. He believes the recession will continue well into 1981 but 'will sort out the men from the boys.

'We're suffering from the reluctance of the book trade to buy in bulk. 18 months ago an outlet would have taken 150 copies, now it will only order 30 at a time', he says.

However, neither Sphere, nor its rival Pan, plans any reduction in the number of new titles published this year. Sphere is one of the few publishers to maintain its advertising and promotion budgets. This year it will spend £475,000, most of it above-the-line. Pan, too, is keeping its ad budget growing in real terms. Deputy managing director Bill McMullan is reluctant to put a figure on the spend, but says that next year Pan will be moving into consumer ads. But there will be no TV advertising 'It's too expensive', says McMullan. "Radio's going that way too.'

André Deutsche will be cutting back its ad spend over the rest of the year. 'Ads aren't really cost effective', says McCreadie.

Bill McCreadie probably sums up feeling in the book trade: 'I feel Christmas is going to be good this year. Retailers panicked a little earlier in the year but now they've stopped.' However, this story might not end happily for everyone. 'While it's unlikely that any major publisher will go bust, the ownership of some major names could be changing hands soon', says McCreadie.

NEWS ANALYSIS
By Simon Jones

Uit: Marketing - 3 Sept. 1980



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE "ST. JOHN VIANNEY NATIONAL SEMINARY" SE BIBLIOTEEK

Voordat ek in Januarie vanjaar weer lid geword het van die Merensky-personeel, was ek vir vier jaar verbonde aan die biblioteek van die "St. John Vianney National Seminary" in Waterkloof. Hier het ek twee oggende per week, nl. Maandae en Dinsdae, gewerk en op 'n baie beskeie manier weer begin terugbeweeg in die beroep. Natuurlik daarby ook 'n handige sakgeldjie verdien.

Die biblioteek maak deel uit van die hele kompleks van die Seminarie waar opleiding aangebied word vir voornemende priesters van die Rooms-Katolieke Kerk. Die Seminarie bestaan uit huisvesting vir sowat 50 studente en 10 dosente, 'n ruim eetsaal, lesinglokale, 'n kapel, die Ekumeniese Navorsingseenheid en dan ook die biblioteek. Groot tuine is rondom die gebou geleë en die gronde sluit tennisbane en 'n swembad in.

Die boekevoorraad in die biblioteek beloop sowat 60 000 - 70 000 bande waarvan uit die aard van die saak die oorgrote meerderheid teologiese en dus ook Rooms-Katolieke werke is. Daar is ook 'n goeie versameling filosofie, 'n vak wat as deel van die opleiding gedoseer word, en ook sielkunde, antropologie en geskiedenis. Hierdie vakgebiede is almal reeds ontsluit, veral ook omdat in die geval van sielkunde, antropologie en geskiedenis die werke dikwels gebruik word deur studente wat ook terselfdertyd by Unisa ingeskryf is. Ander vakgebiede waarvoor die gebruik nie in groot aanvraag is nie, moet nog ontsluit word. Vir die klassifikasie word gebruik gemaak van die 10de verkorte uitgawe van Dewey en in enkele gevalle is ook gekyk na moontlike nommers in die 15de en selfs die 17de uitgawes. Katalogisering is gedoen op ou kaartjies en is dan deur 'n dame wat op die ander drie dae van die week werk, oorgetik op nuwe kaarte, gesorteer en ingeliasseer in die katalogus. Sy het ook die boeke gestempel en gemerk.

Wat die teologiese werke betref, wat dan eintlik die belangrikste deel van die versameling uitmaak, is 'n klassifikasieskedule gebruik wat deur Vader Bonaventure Hinwood opgestel is. Vader Hinwood doseer dogma aan die Seminarie maar is daarby self 'n opgeleide bibliotekaris met 'n meestersgraad in die biblioteekkunde. Hy tree ook taamlik gereeld op in televisieprogramme. Heelwat van die teologiese werke is in Latyn en dit het soms kopkrap gegaan om uit te maak waaroor dit handel. Gelukkig het Vader Hinwood, wat 'n stuk of vyf, ses tale magtig is, altyd 'n helpende hand verleen.

Daar is 'n klein naslaanversameling en in 'n aparte vertrek aangrensend aan die biblioteek word die tydskrifte gehuisves, waarvan daar ook 'n goeie versameling is. Ons het normaalweg meer versoeke ontvang vir fotostatiese afdrukke van tydskrifartikels as wat ons self aangevra het.

Enkele van die dosente is Iere en ek moes aan die begin fyn luister om sodoende gesprekke met hulle te kon volg. Hulle is een en almal baie aangename mense en as Afrikaanssprekende en Protestant daarby, is ek gulhartig aanvaar. Al wat my veral aan die begin gepla het, was om almal se name te onthou en om te onderskei tussen Vader Boniface en Vader Hiacinth en Vader Fergus was nie altyd so maklik nie! Wat die studente betref was daar Blankes, Kleurlinge, Swartes en selfs 'n Indiër en 'n Sjinees terwyl ek daar was. Uit die studente word jaarliks 'n paneel saamgestel van studentebiblioteekassistente wat middae die biblioteek beman en moet sorg dat boeke wat terugbesorg is ontrek en teruggepak word op die rakke.

Biblioteekgebruik was gemaklik en het meestal plaasgevind volgens die snuffelmetode hoewel die katalogus ook druk gebruik word. Vader Hinwood het egter gesorg dat die nuwe studente deeglik met die biblioteek kennis maak deur 'n lys op te stel van boeke en tydskrifte wat hulle dan deur middel van die katalogus moes opspoor. En soos dit maar altoos met studente gaan, is hierdie takie uitgestel tot die laaste tippie sodat almal tegelyk een oggend op die biblioteek toesak en "soek" dat dit klap!


As die beskermheilige, Die Heilige Johannes Vianney, na wie die Seminarie vernoem is, se verjaardagviering op 4 Augustus aanbreek, word dit paslik gevier met 'n diens in die kapel en daarna 'n heerlike maal waar almal gesellig verkeer. Hierdie viering vind jaarliks plaas.

Vir my was dit 'n verrykende ervaring om daar te kon werk en ook 'n gelukkige tydperk, al was dit op so 'n deeltydse basis. Daarvandaan kon ek 'n groter stappie neem na die oggenpos wat ek tans beklee.

Miemie Vink

## DOBIS-TOETS

Ontsluiting versoek dat persone wat graag wil oefen voordat die Dobis-toets afgelê word, asseblief hulle name op 'n oefenrooster by ontsluiting moet kom invul. Die tweede en derde vloere se terminale sal dan gebruik kan word.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Ondersoek na gerekenariseerde uitlenings:

Die Afdeling Leendienste en die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling stel tans ondersoek in na die rekenarisering van die leenfunksie met behulp van LIBIS, die "suster"-program van DOBIS. LIBIS staan vir Leuvense Integraal Bibliotheek-Systeem en dui daarop dat hierdie deel van die DOBIS/LIBIS-programpakket by die Universiteit van Leuven, België, ontwikkel is; terwyl DOBIS in sy oorspronklike vorm by die Universiteit van Dortmund, Wes-Duitsland ontwikkel is.

Die ondersoek bestaan uit die beskrywing van die bestaande leenstelsel (slegs die by die hooftoonbank, Merensky-biblioteek), 'n bepaling van vereistes waaraan LIBIS behoort te voldoen, die toetsing van LIBIS aan hierdie vereistes insluitende die bepaling van aanpassings aan LIBIS en/of uitleenbeleid, die bepaling en bestelling van die nodige randapparatuur vir die gerekenariseerde leenfunksie, ondersoek na die oorname van gebruikersdata vanaf die gerekenariseerde studente- en personeelstelsels van administrasie in plaas daarvan om alles self weer in te sleutel, en 'n ondersoek na gebruikersidentifikasie. Laasgenoemde ondersoek is nodig omdat LIBIS gebruik maak van 'n unieke nommer vir elke gebruiker wat in die vorm van 'n lynkode uitgedruk is en op 'n gebruikersidentifikasiekaart geplak word. Die etiket lyk as volg:

L 0 0 0 2 1 3 7 8 5

Ook elke boek wat uitgeleen word, kry 'n soortgelyke etiket. Wanneer boeke uitgeleen word, gee die gebruiker sy identifikasiekaart en die boeke aan die leenpersoneel. Die stel die eindpunt op uitleen, neem dan 'n ligpen (vergelyk skets hieronder) wat met 'n kabel aan die eindpunt gekoppel is en trek die ligpen van links na regs oor die lynkode-etikette van die gebruiker en die boeke. Sodoende word gebruikers- en boekgegewens in die rekenaar aan mekaar gekoppel.



Aangesien LIBIS beide die gebruikers- en die boeknommer kontroleer voordat hy dit aanvaar, kan hy 'n boodskap op die eindpuntskerm flits indien 'n boek in DOBIS aangedui is as nie-uitleenbaar of as 'n gebruiker om een of ander rede nie meer boeke mag uitleen nie. Wanneer boeke teruggegee word, word gebruiker en boek in LIBIS van mekaar ontkoppel deur die eindpunt op "teruggee" te stel en dan boeknommers weer met behulp van die ligpen in te "lees". Die ondersoek na gebruikers-identifikasiekaarte gaan hoofsaaklik daarom of dit moontlik sal wees om aan alle personeel en studente van UP identifikasiekaarte te verskaf en dan vir die wat biblioteekgebruikers is, die lynkode-etiket daarop toe te voeg.

Die LIBIS-program is intussen by die UP-Rekenaarsentrum geïnstalleer vir ondersoek en tans is lede van Leendienste en Beplanning besig om die verskillende funksies te toets. Die nodige randapparatuur is reeds bestel maar sal waarskynlik nie voor die helfte van die jaar afgelewer word nie. Intussen word van die bestaande eindpunt op die grondverdieping van Merensky gebruik gemaak.

Indien alles glad verloop, hoop ons om van af volgende jaar by die hooftoonbank van Merensky te kan oorskakel na gerekenariseerde uitlenings.

- Rolf Tönsing




***NEXT STEP AFTER SOCIALIZED MEDICINE***

When patients wonder if it's gas
Or ulcers or cirrhosis,
They'll put a nickel in the slot
And get a diagnosis.

They'll slip a printed time card in
And press a little button,
And out will come the cure, and it
Will cost them next to nutton.

But oh, the woe, the gnashing teeth,
From border unto border,
When on the medical machine
The sign says, "Out of Order."

Geneem uit : THE MEDICAL MUSE
Richard Armour



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SOME BASIC LAWS OF LIBRARY AUTOMATION

F H AYRES
Deputy Librarian, University of Bradford Library

It has now become an accepted fact that librarians will need to discover the ways in which the computer is likely to affect their operations. Too often they will only want to know this in order to resist any change to long established and unchallenged methods; nevertheless they will still need to know. It therefore seems an appropriate point in time to lay down some basic laws which will assist them in their task, be they machine maniac or Luddite. In order to reach as wide an audience as possible the elegant mathematics on which these laws of bibliodynamics were established, have been omitted, but some must, of necessity, be expressed in mathematical form.

### The Law of Reciprocal Incomprehension

This law lays down that for every word of jargon in librarianship ther is an equivalent word in computer science with a totally different meaning. Some examples are title, heading, and index. There are of course worthy exceptions. Honorific epithet is a good example. However, it still manages to be one of the best weapons for blinding computer men with library science.

### The First Law of Bibliodynamics

This is perhaps the most important of all these laws. It states that for any library mechanisation project $R_aC = \frac{R_pC}{2}$ where $R_a$ is the result achieved and $R_p$ the result promised. C represents the librarian's constant apprehension whatever happens. My mathematical consultants have suggested that $R_a = C\sqrt{R_p}$ but are unable to provide any proof of this. They have also pointed out that it is not possible to have a constant on both sides of the equation. This is of course true for everthing except bibliodynamics where the concept of the expanding constant has proved a powerful tool in the hands of the research groups that are investigating biblio fission. This work is, of course, still secret but it is confidently expected that it will lead to a clearer understanding of the information explosion.

### The Second Law of Bibliodynamics

This is also known as the Law of Systems Elasticity: one of the simplest and most important of these laws. It states unambiguously that where $t_p$ is the time estimated for a system to become operational and $t_t$ is the time actually taken, $t_t$ will always be $>2t_p$. Where the system involves an on line application, $t_t$ will always be $>4t_p$.

It is essential that any librarian contemplating a mechanised system should work firmly within the limits of these two laws if he wishes to preserve his own sanity or any sort of faith in computer science. There is now a great deal of evidence for the truth of both these laws.

### Hooke's Law of Costing

Named after Sir Robert Hooke because he would have invented it if he had lived long enough. It is an interesting sidelight that this law is unique in that its development owes something to literary warrant. You will recall that Oscar Wilde's definition of a cynic was someone who knows the cost of everything and the value of nothing. From this it must follow that librarianship is the least cynical of all professions because librarians think they know the value of everything yet do not know the cost of anything. Well, hardly anything. From this has evolved Hooke's Law which states that the less a librarian knows about the cost of his own conventional system the more he will want to know about the cost of someone else's mechanised system.

### The Law of Reasoned Inertia


This is used extensively throughout the profession and is usually designed to delay mechanisation until after retirement. It is a negative law and is entirely refuted by the Law of Biblioincompatibility which follows. It argues that delay can only be beneficial as it will enable one to profit from other peoples' experience. The longer the delay, the greater the profit!

### The Law of Biblioincompatibility

This lays down that a mechanised system used in one library will not work in another. This means that in order to reinvent the wheel, the systems and programming work will need to be done again.

Acknowledgement

I am indebted to my many colleagues who have inspired this work.




"This little beauty was used only by a little old lady from Pasadena to figure her weekly budget."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Jonge met 'n lang tradisie

moet wakker loop

,Opgesweepte bakvissies oorweldigend'

REUSE UITVERKOPING VAN GEWAARBORGDE GEBRUIKTE

hoender en vis

indien dit reën

STOP EN VRA JOUSELF AF

Waar sal ek 5 jaar van vandag af wees en watter pos sal ek beklee?

TWEE JAAR GELEDE WAS EK BRANDARM

'n Week van Frustrasie

STUDEER IS MOEILIK

Was die kool die sous werd?

Moet ek gaan met leë hande

Al hoe meer werkers steel

'n Vet tjek is R1 250 werd

Verwagting was groot

Verkeerde datum

...toe kom die ysige ontkenning

HOND IN HOOFROL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BIBLIOTEEK-ASSISTENTE

Vrek ver van 'N BLINK TOEKOMS

DINK JY AAN TROU, JUFFROU?

Nie uit liefde, maar vir geld

*Agter die giggel skuil 'n slim sakevrou*

BIBLIOTEKARIS/RESSE

***haal asem tot Saterdag***

**3. Bibliotekaresse** sit die pot mis —

**Hulle bloos rooi oor**

Skades en skandes

*ná jolyt*

verdaag al singende

*Talle sê koebaai vir*

*Lywige boeke*

***Massa-bedankings moontlik***

Duisende ape kyk na ander weivelde

**Spesiale komitee kyk na parkering**

Al wat jy gaan hoor, is tromme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MY PASPOORT EN EK

Om my paspoort te hernu, kry ek 'n aansoekvorm, en die informasie wat daarop vereis word, laat my mond oophang - my ma se nooiensvan en haar geboortedatum; my pa se geboortedatum en sy pa se volle name. As daar gevra is vir die datum en rede van my pa se afsterwe, kon ek invul "gesneuwel tydens die Anglo-boereoorlog" om te toets of hulle sal besef dat ek 20 jaar later gebore is.

Jou paspoortfoto is die finale, aftakelende werklikheid, maar hier kom toe nog erger dinge. Die foto's moet deur 'n Kommisaris van Ede gesertifiseer word - waarom?


As iemand bang is dat jy met 'n masker voor die kamera gaan sit, kan jy mos met dieselfde masker of mombakkies voor die Kommisaris verskyn?


By die polisiekantoor is ek enigiets te wagte, veral toe hy na die foto kyk en toe lank en aandagtig na MY! Ek glimlag suur en sê, "Dit is ek - ek lyk maar so." Ek is lus om by te voeg "Ek het ook nie 'n kous oor my kop nie", maar ek is bang hy druk my dalk in 'n vangwa en laai my by Groendakkies af. Hy lyk nog onseker en ek wonder of hy met 'n lang, wantrouige voorvinger oor my wange gaan druk om te kyk of daar nie iets verkeerd is nie.

Ek ontwyk nie sy ondersoekende oë nie en vir 'n geruime tyd kyk ons twee vir mekaar. Toe laat hy sy oë sak en met 'n hoorbare sug stempel hy agter op die foto's en gee dit vir my terug sonder 'n woord.

Ek onderdruk my lus om baie dinge te sê, bêre die foto's in my handsak en sug ook hoorbaar en harder as hy.

- Mev M Rautenbach





## TRANE

Enige verandering in mens se lewe bring trane, van die dag wat jy gebore word - dit sê nie wie se trane nie, heel moontlik die ma s'n, as haar oë kan fokus en sy sien wat lê in haar arms - want daar bestaan nie soiets soos 'n mooi pasgebore baba nie. As die baba moes weet wat hier aangaan, sou hy in bittere trane uitbars - en NIE om sy longe met lug te vul nie.

As jy die dag trou, huil jy ook - soms met reg.

As jou kinders die huis verlaat, huil jy damme vol.

As goeie vriende jou verlaat, na watter oord ookal, is dit maar weer sulke tyd.

As jy die dag 'n egskeiding belewe, droog jou trane nie gou op nie. Jy dink aan al jou tevergeefse pogings deur lange jare om jou persoonlikheid te onderdruk terwille van die vrede.

So ook het jy die volste reg om te huil as jy die dag ophou werk - tydelik, of helaas! vergoed. Jy verbreek alle bande met 'n leefwyse en veral met mense wat vir jou oneindig baie beteken het.


En as jy die dag finaal vertrek na verre strande (hopelik met groen water en 'n geel son) is daar ook trane - die keer gelukkig nie meer jou eie nie!

Daar word beweer dat trane verligting gee - soms dink ek dit laat jou nog meer ellendig voel.

Maar wie sal weet wat met ons sou gebeur as ons NIE kon huil nie? Dus, omdat ons tog trane het, laat ons hulle maar laat vloei as hulle wil kom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# Toonbank

Gepraat uit die mond van mnr Statistiek, beleef Toonbank tans sy besigste fase van die jaar. Dit is veral dat die frekwensie van registrasie van gebruikers so hoog is. Gedurende Maartmaand het nie minder as 2219 gebruikers by die Merensky aangesluit nie.

So is daar dan in Maart 6575 boeke aan studente en 1840 boeke aan personeel uitgereik. Altesaam 95 156 mense het in die loop van hierdie maand deur die verklikkerstelsel beweeg.

Toonbankpersoneel se belangrikste taak is ongetwyfeld diensverlening aan die gebruiker. Daarom word dit altyd as hoogste prioriteit gestel.

Natuurlik is daar nog talle pligte wat by die toonbankpersoneel se dagtaak gevoeg kan word. Onder hulle tel die terugroep van bespreekte boeke, die uitstuur van aanmanings, hulp in die soektog na vermiste boeke en die hantering van bindersboeke.

Ek kan nie nalaat om te sê dat Toonbank se telefoon seker die besigste in die biblioteek is nie. Feitlik alle telefoniese navrae word hier ontvang voordat dit na die regte soekpunt gekanaliseer word.

Nogtans sal elkeen van die Toonbankpersoneel onmiddellik sê dat hulle hierdie besige tyd verkies bo die stilte gedurende vakansietye. Hoekom? Dit is veel interessanter!

- Sanette Geyer

*AANDAG TUINIERS!*

*If this were my last day I'm almost sure*
*I'd spend it working in my garden. I*
*Would dig about my little plants, and try*
*To make them happy, so they would endure*
*Long after me. Then I would hide secure*
*Where my green arbor shades me from the sky,*
*And watch how bird and bee and butterfly*
*Came hovering to every flowery lure.*
*Then, as I rested, perhaps a friend or two,*
*Lovers of flowers would come, and we would walk*
*About the little garden paths and talk*
*Of peaceful times when all the world seemed true.*
*This may be my last day, for all I know;*
*What a temptation just to spend it so!*

*- Anne Higginson Spicer*

*Islam means submission to the will of God, symbolized by the believers, prostration during prayer.*

*Prayer is the practice that unites all Muslims.*

*Science is nothing but trained and organised common sense - T H Huxley*

*The Woods would be very silent if no birds sang there except those that sing the best.*

*- Thoreau*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

REEKSE

Om 'n dag deur te bring by Reeksbestellings is 'n ware belewenis. Hoewel dit deel is van die Seksie Boekbestellings, is dit tog 'n vesting op sy eie (geleë in 'n glaskas agter in die hoek by Seksie Boekbestellings).

Die glasmure bedek baie meer as wat nuuskierige oë daarbinne kan waarneem. Party dae se verwondering, woede of gesteurdheid word binne vier mure gehou.

Die rede waarom daar soveel verskillende emosies gewek word, het seker te doen met die hoeveelheid reekse wat hier hanteer word. Daar is monografiese reekse, voltooide reekse, onvoltooide reekse en losbladtoevoegings. Net soos kinders in 'n huisgesin, moet elkeen van die reekse 'n spesiale behandeling kry voordat hulle behaaglik op die rakke wag vir 'n ywerige student om hulle tussen die blaaie te kielie.

Sommige reekse kan mens sommer dadelik aan sy baadjie herken as 'n ou vriend. Ander is skugter en moet eers goed deurgekyk en gepamperlang word, voor sy familie gevind word.

Net om dinge nog meer interessant te maak, is daar reekse wat getrou vergesel word van hulle fakture, die waarvan die fakture lank voor die tyd kom en ander waarvan die fakture kom wanneer die reekse reeds vort is op pad rak toe!

Maak dus gerus 'n draai by Reeksbestellings wanneer jy gou van bui wil verander!

- Helena Theron

TWEEDE VLOER

Die Opedag van 31 Maart het ons met gemengde gevoelens die nuwe maand laat betree. Stokflou en uitasem. Maar toe die ruiker blomme van die Opvoedkundiges hier aankom, en ons terugdink aan glimlagte en komplimente van dosente, is daar besluit dat dit tog die moeite werd was.


Toe die studente hulle tassies begin pak, het Magriet, Anita en Susan elkeen 'n week gekies om tuis "los werkies" te gaan doen.

Intussen het twee voormalige kollegas ook elkeen 'n skreeding bygekry: Ria van Zyl 'n seun en Anne-marie Arnold 'n dogter.

Almal stem egter saam dat die hoogtepunt van die maand 'n smullekker ete was - tussen Ansa se uile en poppe en kussings van elke kleur ...

Om mee af te sluit, het ons 'n stormloop navrae beleef van almal wat in die vakansie\berge wil versit. 'n Tweedejaar het dan ook (per telefoon) aangekondig dat hy net so teen elfuur hier sal "instorm" om al die stof te "gryp" wat ons so mooi vir hom sal regsit. En baie dankie vir die wonderlike diens. Ag ja ....

- Susan Swanepoel




SEKSIE IBL

Baie welkom aan ons twee nuwe lede wat Maartmaand by ons aangesluit het. Die een is Ina van der Westhuizen wat haar teen 'n berg vorms vasgeloop het toe sy by ons begin het. Van die berg is daar lankal niks meer oor nie. Ina speel nie met vorms nie: sy verorber hulle. Ina, ons hoop jy kan hierdie dorsmasjientrant volhou. Skree net as jy vasbrand en hulp is dadelik oppad.

Die ander IBL-lid is iets baie spesiaals. 'n Gebruiker het uit haar eie 'n goudvissie aan ons geskenk (tesame met viskos en medisyne). Ons was juis almal so teneergedruk oor die heengaan van twee lede van ons visfamilie maar die gebruiker se pragtige gebaar het vir ons almal so 'n warm gevoel om die hart gegee. Nou's daar weer vyf!

Aan albei ons nuwelinge: ons hoop jul is al tuis soos 'n vis in die water.

Ander sosiale nuus is dat René die 4de April getrou het. Alle voorspoed en geluk vir jou en Johan.

Heleen gaan glo inskryf vir 'n motorwerktuigkundige en onthaalkursus by die Technikon. Ons wag in spanning om te sien wat daar gaan uitkom.

Maryna het toe begin April in haar nuwe huis ingetrek. Sy is nou al vir twee weke kragteloos. Dis nie net haar kragte wat gedaan is weens al die harde werk nie maar die elektrisiën wat die huis nie deur die toets gesit het nie. Hou moed en gaan slaap maar vroeg.

Annette hou vakansie saam met haar kinders. Rus sal sy nie kan nie want sy sit alweer sonder 'n bediende. Ook maar beter so: die laaste ene het die veld om die huis insluitende die vrugtebome laat afbrand. Amper was die buurman se mielieoes ook daarmee heen.

Denise het die hele Pretoria platgeloop opsoek na wintersklere maar kon niks na haar smaak kry nie. Sy moes op die ou ent maar na die "buiteland" gaan om haar inkopies te doen. Sy beveel regtig die "Mafikeng Boutique" aan.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TYDSKRIFTE

Met die aanvang van April het daar groot opgewondenheid in ons afdeling geheers oor die troue van Adri met Theuns Botha. Vir weke lank is die gebeurtenis reeds van alle kante bespreek en het almal wat kon gaan,reeds uitgesien na die dag.

Ons het ook die opedag vir dosente deurgemaak en oorleef. Hier moes Anne baie help met die voorbereiding en ook 'n praatjie lewer oor tydskrifadministrasie. 'n Paar van ons het die dosente, wat in drie groepe verdeel is, van een besigtigingspunt na die ander gelei. Daar was lanklaas 'n groep dosente wat so na aan 'n klomp oningeligte studente gelyk het.

Anne het ook die 12de April verjaar en ons het die voorreg gehad om by haar te gaan eet in haar nuwe huis met die lekker tuin en die swart hond, wat die gaste van enige formaliteite genees, binne sekondes.

Adolf, Marike, Adri en Ilse-Marie hou op die oomblik almal vakansie. Elkeen met 'n ander oogmerk - vir wittebrood, studieverlof en gewone vakansie. In ons afdeling gaan die oorblywendes normaal voort. Grietjie en Stella bly woelig voor hulle kardekse ten spyte daarvan dat hulle nog baie nuut is. Esther bestel verwoed nuwe tydskrifte en neem dit dan op in die voorraad. Carina voed die rekenaar met nuwe, ou en verbeterde inligting. Hesté hanteer die korrespondensie wat in en uitgaan en ook die fakture. Anne se pligte bly veelvuldig. Dit is korrespondensie, besluitneming, nuwe intekeninge kontroleer, ons almal help met probleme en honderde ander sake.

Ons het so baie wat hier gebeur dat dit moeilik is om alles in een stukkie te skryf. Miskien moet julle meer by ons kuier in die teekamer om ons beter te leer ken.

Groete van ons almal!



BUITEMUURS

By Buitemuurs het dit sedert Maartmaand baie druk gegaan. Weens 'n tekort aan personeel moes ons uitkap om die pot na behore aan die kook te hou. Gelukkig het Rina Greyling tot ons redding gekom. (Wat is 'n huis sonder 'n moeder?)!

Maar skaars het ons die een skok oorkom of die volgende een tref ons toe Tinie Bekker ons skielik verlaat. Op die oomblik doen mnr du Toit aanddiens. Baie dankie vir die ondersteuning mnr du Toit, ons weet dit is 'n groot opoffering.

Ons sien uit na die koms van 'n ander nuweling, Jaco van Rooyen. Hy behoort as vername persoon goed in ons geledere aan te pas. Hy is so pas terug van sy wittebroodsfees in die Drakensberge. Baie geluk Jaco.

Groete aan almal by Merensky: ryk en arm

Uit die Middestad

ALGEMENE ADMINISTRASIE

Hierdie maand moet ons met spyt afskeid neem van mev Viljoen, miskien beter bekend as Ina.

Sy sou nog vir 'n rukkie kom werk het voordat sy verlof sou neem tydens haar bedankingsperiode, maar omdat sy onverwags onder die "mes" deurgeloop het en nie weer sal terugkom nie, wil Algemene Administrasie langs hierdie weg van haar afskeid neem.


Ina, baie dankie vir jou bydrae om die wiel aan die rol te hou. Dit was aangenaam om met jou saam te werk. As jy net so vlugtig en sekuur gaan vrugte help verpak as wat jy 'n hoop kantoorwerk kon afhandel, wag daar sommer 'n blink toekoms op jou en Fanie.

Ons wens u toe 'n spoedige herstel na die operasie.

Groete
Hurter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## OPE — DAG



## Bespiegeling

'N OPE(DAG) VRAAG

Dit was duidelik dat die opedag in die biblioteek heelwat studente aan't wonder gehad het. Dié ongehoorde saamtrek van professore, doktore en dosente was vir hulle een te veel. Menige het hulle nuuskierigheid bedwing, andere het prontuit gevra en sommige het die antwoord skynbaar geweet. Dit was mos einde van die maand en die dosente het hier in die Merensky saamgedrom om hulle salarisse te ontvang! Wil jy glo?

- Sanette Geyer

OPEDAG 31 Maart 1981

Dinsdag 31 Maart was 'n baie belangrike dag in Merensky se geskiedenis. Die dosente aan UP het vir die eerste keer die geleentheid gehad om saam met Merensky-personeel die eerste stap op pad na volle rekenarisering te beskou.

Daar was oorweldigende belangstelling vanaf die doserende personeel - soveel so dat almal nie geakkommodeer kon word nie en daar dus alreeds 'n volgende opedag beplan word vir 22 Mei.

Die opedag was 'n groot projek wat danksy samewerking van alle personeel uiters suksesvol verloop het. Vandat die uitnodigings uitgestuur is totdat die laaste koppie tee geskink is, het alles seepglad verloop. Altesaam 478 persone is gedurende die dag deur Merensky geneem en onthaal.

Die dosente het 'n besoek gebring aan elkeen se betrokke vakbibliotekaris wat na goeddunke meegedeel en onderhandel het. 'n Uiters leersame sessie by Boekbestellings en Tydskrifadministrasie was volgende op die program. Hier het mev N Nel en mej A van Zijl die gaste ingelig omtrent probleme wat bestellings in die twee afdelings mag vertraag, asook bronne wat sodanige vertragings mag verbeter of selfs heeltemal uitskakel.

Die hoogtepunt op die program waarvoor almal eintlik gekom het, was die DOBIS-demonstrasie. Mev Langkilde en haar span ontsluiters het die demonstrasies op meesterlike wyse hanteer. Wonder bo wonder het die stelsel die hele dag gehou en kon alle nuuskierigheid en belangstelling na wense bevredig word.

Laaste maar nie die minste nie, is daar gesellig oor 'n koppie tee saam verkeer. Die Sosiale Komitee het hulle hier ook goed van hulle taak gekwyt en agt teesessies aangebied.

Die besoekers was baie beïndruk deur die opedag en die wyse waarop hulle deur Merensky se personeel ontvang is. Die waardering blyk duidelik uit briewe wat na die tyd deur prof Gerryts ontvang is. Die Departement Opvoedkunde het selfs op tasbare wyse, deur 'n yslike rangskikking blomme, hulle dank betuig.

## LOF

Geagte prof Gerryts

DEMONSTRASIE 31 MAART 1981: MERENSKY BIBLIOTEEK:

Ek wil u bedank vir die interessante en leersame oggend wat ons in u biblioteek kon deurbring. Ek wil u ook graag gelukwens met die puik organisasie tydens die demonstrasie en ook vir die organisasie van die biblioteekdiens in die algemeen. My hartlike dank ook aan u personeel.

Vriendelike groete




PROF S F PRINSLOO
HOOF : DEPARTEMENT RADIODIAGNOSTIEK

Geagte prof Gerryts

Namens die personeel van die Departement Latyn wil ek vir u en u kollegas baie hartelik bedank vir vanoggend se insiggewende besoek aan die Merensky-biblioteek. Ons is daarvan oortuig dat al die moeite en inspanning van die biblioteekpersoneel goeie vrugte sal afwerp, veral in die vorm van 'n sinvoller benutting van biblioteekfasiliteite deur dosente.

Ons wens u net die beste toe vir die groot diens wat almal van u lewer.

Met vriendelike groete,





D M KRIEL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



nic van vuuren



ina viljoen



johannie nel



adolf lowies

# TOTSIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



a.alberts



j.malan

# BY



h.möller

# ONS



a.visagie

# IN

# MERENSKY!




a.noppe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UITSTALLINGS





## BAIE GELUK



rené benadé




adri botha



andré van rensburg



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# BIBLIKASIE

MEI 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



PROFESSIONALISERING

Gesien in die lig van die feit dat professionele lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek en Inligtingwese, al hoe meer 'n vereiste word vir kandidate wat aansoek doen vir professionele poste, die volgende uittreksels uit 'n artikel in College & Research Libraries:

ACADEMIC LIBRARIANSHIP: PROFESSIONAL STRIVINGS

FOR MORE THAN a quarter of a century academic librarians in the United States have been writing and talking about, and striving for, a larger recognition of their contribution to the work of the colleges and universities they serve. In substance, these efforts have been chiefly directed toward some form of recognition within the academy, usually the granting of faculty status to librarians.

A great variety of opinions on these matters has been expressed, historical accounts of the status of academic librarians have been published, and a few surveys of opinion and of fact have been undertaken. In addition to these expressions of interest on the part of librarians, there have been occasional contributions by sociologists interested in the sociology of occupations and the phenomenon of professionalization. From this abundant literature there can be discerned certain trends in the occupation of librarianship, its advances toward professionalization, and its role in the life of the academy and in the larger matrix of American society.

There has not been as yet any notably effective synthesis, however, of the many ideas of librarianship expressed in this literature. Most of the writers have been preocupied with particular aspects of academic librarianship. The search for faculty rank, the definition of librarians as educators, a concern for collegial forms of governance are some of these aspects. These writers are joined by others who approach academic librarianship with borrowed concepts from the world of business and speak of participative management or collective bargaining. All these facets of the world of academic librarians are interesting and almost all of the writers have made valuable contributions to our understanding of the field. Nevertheless, there is a need, at present, to draw together the results of these efforts into a large view. It is such a synthesis that is attempted in this paper.

Underneath the wide range of rhetoric in the literature of academic librarianship there are some pervasive realities. Society's equivocal acceptance of librarianship as a profession is one. The projection of that estimate of our calling in the academy is another. A greater and more encompassing reality is the growth and change of the academy itself and the tensions thus produced in the domain of our professional experience. It would seem that any discussion of academic librarianship and especially of faculty status for librarians should begin with these realities.

PROFESSIONALISM

The study of the growth of professionalism in American society has interested sociologists for some time. There are numerous published discussions of the qualities that define an occupation as a "profession," usually accompanied by lists of criteria. Greenwood has summarized these in his article "Attributes of a Profession," which was reprinted in Volmer's more comprehensive symposium on professionalization.

Both Etzione and Goode have given attention to the movement of librarianship toward professional status. In their view of the process of professionalization they see it as a movement along a continuum, with the four full-feldged professions (medicine, law, clergy, and university teaching) at the completion end. Goode would place librarianship in the middle of this continuum, but predicts that it will not attain its goal of full professionalization.

The principal attributes of a profession have been identified by Goode as: (1) a systematic body of knowledge, and (2) a commitment to service. The authority of the professional worker, recognized by the clientele of the professional group, is derived from the body of professional knowlegde. The professional group's commitment to service is usually expressed in a code of ethics (e.g., the Hippocratic oath) that places the good of the client above the personal interest of the practitioner. In the light of such express commitment and of the urgent need for the expert services, sanction and approval of professional authority is granted by the broader community.

In the literature of the sociology of occupations these attributes of professionalism have been extensively discussed, especially the aspects of the client-practitioner relationship. The degree to which librarianship possesses these attributes has also been reviewed on a number of occasions. Goode suggests that librarianship is deficient in the knowledge base, which lacks a coherent, systematic body of theory, and in the client-librarian relationship, where the service posture of the librarian is one of compliance, not prescription. Hanks and Schmidt express somewhat the same criticism, while proposing that a different model than that of the learned professions be made the obective for librarians. Bundy and Wasserman also question librarians fulfillment of the professional ideal in the client-librarian relationship noting the librarian's tendency as a result to become "medium-oriented" rather than client-oriented. They mention further the failure of librarians, in the employment situation, to give forst loyalty to the profession rather than to the bureaucratic structure as indicating a less-than-professional posture.

The strivings of librarianship to attain stature as a profession should be seen in the context of a long history of professionalization in American culture. With the advance of technology and the increasing level of education in the work force in the United States there has been an increasing tendency for occupations to adopt professional stature as their goal. The earliest example of this tendency is civil engineering, which put forward its claim in the charter of the Institution of Surveyors in 1868. Caplow has written of the elements of this process, and Goode has traced the process for librarianship. The establishment of a professional organization, the assertion of a technological monopoly (grounded in the professional



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

knowledge base), the promulgation of a code of ethics, and prolonged political agitation for the support of public authority in maintenance of the occupational barriers between practitioners and laypeople - these four aspects of professionalization have their expressions in the history of American librarianship. How well American librarianship has accomplished these tasks of professionalization is a subject of considerable controversy. Librarianship's generic relationship to the world of learning greatly strengthens its claims as a learned profession, although the continued weakness of the kenwledge base (a lack of systematic theory) weakens it.

In the larger universe of American occupations, there are several others, such as social work, accounting, nursing, and engineering, that have achieved considerable progress toward recognition as a profession. The great growth of an educated labor force in the United States and the shift to whitecollar, service occupations has brought about a strong steady growth of occupations that make this claim. The tendency of a technological society to fractionalize into specialities has also contributed to that growth.


- DAVID G.E. SPARKS

UIT TOPBESTUUR SE DAGBOEK

12 en 13 MEI: Prof Gerryts na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir 'n vergadering van die Beplannings Komitee van universiteite.

18 en 19 MEI: Potchefstroom: Interbiblioteekkomiteevergadering

22 MEI: OPEDAG in die Merensky-biblioteek.




*JUNIE: VERJAARSDAE*


*8 : Mej H S Potgieter - Bestelafdeling*
*13 : Mej M Badenhorst - Vakbibliotekarisstelsel*
*22 : Mev J J A Möller - Reprografie*
*27 : Mev S A Kingsley - Veeartsenykunde*

PERSONNEL TRAINING See Also EARTHMOVING MACHINERY
- Uit: Engineering Index

MUSIKALE TEKENINGE VAN J J GRANDVILLE uit die tydskrif "MENS en MELODIE 12/80

(Waar nodig geag, word verklarende agtergrondskennis vir die gebruikte musiekterme gegee - eie interpretasie ook toegelaat en noodsaaklik.






Ronde (Rondo): dui op rondovorm wat 'n vorm is waarin die hooftema verskeie kere verskyn. Daar is dus altyd 'n "terugkeer" na die begin ('n 'sirkelbeweging')

Tarantelle: Taranto is 'n plek in die 'hak' van Italië, en 'n soort spinnekop daar word die tarantula genoem. Die byt van hierdie spinnekop, sou 'n siekte met die naam 'tarantisme' veroorsaak en dus word 'n sekere dans, wat die siekte dan sou kon genees, Tarantella genoem! Die musiek van laasgenoemde is 'n vinnige sesslagmaat en nader die Moto Perpetuo.

Moto Perpetua: onverpoosde beweging (dui ook op 'sirkelbeweging' - wat geen begin of einde ken nie), naamlik 'n instrumentale stuk wat van begin tot end aanhoudend snel en glad-vloeiend beweeg.





Barcarolle: gondellied, bootlied of 'n instrumentale nabootsing daarvan met die voorstelling van roeibeweging.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Valze: (Afr.: wals, Dts.: walzer) 'n drieslagmaat-dans.




Mars: 'n instrumentale komposisie met 'n sterk ritme.

Orientale: die Ooste.

Bronne:


1. Mens en Melodie: Jaargang XXV, Des. 1980.

2. Roode, M.C., Terminologie van musiek, Johannesburg, F.A.K., 1950.

3. Scholes, P.A., Musiek-handleiding vir die Radioluisteraar, Kaapstad, Oxford University Press, 1958.


- Groete uit die Musiekbiblioteek



RIA VIVIERS

Ria Viviers was onlangs 21 jaar in Merensky werksaam. Biblikasie het bietjie met haar gaan gesels oor die wel en weë van so 'n lang tyd. Ria het haar loopbaan by Merensky op 1 April 1960 begin as 'n tikster in die Katalogiseerafdeling. Hier het sy onder andere as taak gehad - die tik van die ou beroemde en berugte notules. Na slegs een maand skrik sy haar buite weste toe die "grootbaas" haar laat roep. 'n Oortreding was dit egter nie, maar die goeie nuus dat sy, op meriete, tot Biblioteekassistente bevorder word. Hierdie pos word van krag vanaf 1 Augustus 1960. Katalogisering onder leiding van Mej Bettie Coertze was nou haar voorland.


Nadat Ria aan die einde van 1965 haar Biblioteekkunde kwalifikasie verwerf het, word sy bevorder tot professionele assistent. Die volgende stap was op 1 Januarie 1967 toe sy die afdelingshoof van Ontsluiting word. Hier staan sy haar plek vol tot 1975 met die nuwe bedeling toe sy vakbibliotekaresse vir Regte word. Op die Eerstevloer ken ons haar almal en hoop ons om haar nog 21 jaar te sien. Indien sy graag vroeër wou aftree, sal ons haar dit egter nie misgun nie!

*gedagtig aan my dae in Merensky*
*(met apologie aan: Annesu de Vos)*

*as ek eendag*
*op vroeë ouderdom*
*in die hemel kom*
*met Middeleeuse hande*
*oë omgedop*
*- 'n Bisantynse*
*heilige -*

*sal die engele*
*uit jellie-agtige oë*
*opslaan in bewondering;*
*fluister*

*"sy het*
*haar doodgewerk*
*voorwaar*
*'n buitengewone geval"*



'Good heavens! Is summer over already?'



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TRANSVAALSE BUURT - Joan Kruger

Die bestaan en wese van leesverslawing

'N LESER van spensrakke, van kaslaaie en van die toedraaipapier van patats.
Dit is ek.
Soos so baie ander mense.
Die skulppatroon van koerantpapier op spens- of kmbuisrakke tref dadelik ons oog. Ons sal so ongemerk die kop skeef draai, die oë op skrefies trek en probeer om 'n valletjie te ontsyfer. Staan daar iets interessants op, sal ons gou-gou onbeskaamd die berē-koppies begin wegskuif om agter die volle leuen te kom. Maak nie saak of daardie koerant al mãände oud is nie.

So ook met kaslaaie. Kom ons toevallig in 'n plek waar die kaslaaie nog met koerantpapier uitgevoer is, lees ons eers voordat ons begin inpak.

Helaas. Dié leesstof is nie meer vandag volop nie. Saam met die vierkantjiespapier aan 'n spyker in die kleinplekkie, het hulle verdwyn en bly ons oë onvergenoeg in hul kasse sit.

Verslawing is verslawing. 'n Mens hoef dit nie noodwendig in 'n bottel of op ander wyse gekurk of ongekurk te soek nie.

Leesverslawing is enige tyd net so erg soos enige ander verslawing en sy onttrekkingsimptome laat jou net so ontredderd.

'n Mens ken dadelik leesverslaafdes uit. Hulle kan hul oë nie beteuel nie. Als wat voorkom, moet gelees word. Voordat hulle 'n vyfsentstuk in 'n parkeermeter gooi, lees hulle eers sorgvuldig die instruksies, en elke keer in 'n openbare telefoonhokkie lees hulle hoe om 'n oproep te maak - gewoonlik nadat die gesprek reeds begin het!

In 'n restaurant lees hulle elke woord op die spyskaart, die beskrywing van geregte en die uitnodiging om jou volgende kinderpartytjie dáár te hou inkluis.

Daarna begin hulle met die etikette op die Worcestersous- en tamatiesousbottel of dié op die wynbottel, na gelang van die deftigheid van die eetplek.

Hulle lees die pamflette van patente medisyne (en neem die verkeerde dosis), die strooibiljette wat onder hul windskermveërs ingedruk word, die traktaatjies wat op straat in hul hande gestop word en die nuusbriewe van die munisipaliteit.

So ook die kleinadvertensies in koerante, die agterkant van hul parkeerkaartjies en die grappies op kougompapiertjies.

Hulle doen dit alles uit 'n drang om ingelig te wees, uit 'n soeke na meerdere kennis of uit versigtigheid. Hulle doen dit omdat hulle nie anders kan nie.

Daarom koop hulle by groentewinkels wat nog die groente in koerantpapier toedraai, en as hulle getrek het, kry hulle nooit klaar glase uitgepak nie.

Om van hulle te verwag om 'n vuurtjie aan die brand te kry met ou koerante is 'n onbegonne saak.

Vir hierdie mense is dit 'n bittere ding om op 'n plek te wees waar die leesstof dalk gedaan kan raak. Gaan hulle vakansie hou, neem hulle altyd 'n stapel boeke saam en lees die dan binne die eerste paar dae deur.

Daarna begin die rusteloosheid. Hulle is voortdurend aan't snuffel na iets om te lees: almanakke van die onderskeie kerke, ou tydskrifte, 'n omsendbrief oor waterbeurte, 'n vergete sub B-leesboekie,

tydskrifte oor plaaswerktuie, en kookboeke waarmee die susters geld ingesamel het.

So was dit die vakansie met my. En daarom het ek teruggekom met twee sekere wetes.

Die een is oor die bestaan en wese van leesverslawing. Dis presies dieselfde as verslawing aan drank, dobbel, dagga en diamant-smokkel. Miskien minder gevaarlik, maar niks minder dwingend nie.

Die ander is dat ou koerante sónder uitsondering interessanter, boeiender en prikkelender is as nuwes.

Bêre maar hierdie stukkie so 'n ses maande ... en kyk dan!

Uit: Die Transvaler, Dinsdag 5 Mei 1981.



*DOCTORS' SCALES*

*Here's a curious thing about doctors' scales,*
*And something that rarely if ever fails:*
*To obese they weigh heavy, to him they weigh light,*
*Which means that few patients consider them right.*

*They're excellent scales, surely better than many,*
*They cost, when you bought them, a pretty penny,*
*They satisfy those in professional sectors,*
*Like, well, like the state and the county inspectors.*

*But patients are skeptical, scenting a plot,*
*If they don't weigh enough or they do weigh a lot,*
*So they check up on scales that can really be trusted -*
*The ones in their bathroom that they have adjusted.*

*Uit: MEDICAL MUSE dur Richard Armour*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE AFRIKAANSE BOEK - 'N LEEMTE

Die Taalkomitee van die FAK het verlede jaar op 6 Augustus 'n openhartige gesprek oor die Afrikaanse boek gereël.

Sake wat aandag geniet het, was die hantering van die Afrikaanse boek in die land se wye biblioteeknetwerk, boekklubs, die pryse en verspreiding van boeke, die Afrikaner se leesgewoontes, leemte in bepaalde boekkategorieë, die hantering van die Afrikaanse voorgeskrewe boek op skool, opleiding van skrywers en so meer.

Dié weergawe van die gesprek is 'n baie kort opsomming en raak net aan enkele van die talle besprekingspunte. Indien ruimte dit toelaat, kan 'n vollediger weergawe later oorweeg word.

Die deelnemers aan die gesprek was:
rof J H Senekal (voorsitter van die Taalkomitee en hoogleraar aan die UOVS); dr K P Prinsloo (lid van die Taalkomitee en direkteur van die RGN se Instituut vir Taal, Lettere en Kuns); mnr Morkel van Tonder (lid van die Taalkomitee en hoof van die Afrikaanse radiodiens); prof J G H Combrink (lid van die Taalkomitee en hoofleraar aan die Universiteit van Stellenbosch); dr Piet Muller (assistent-redakteur van Beeld en voormalige uitgewer); prof B Fouché (hoogleraar in Biblioteekkunde aan Unisa); mej Amanda Botha (sekretaresse van die Skrywersgilde); mnr J J Labuschagne (Tafelberg-Uitgewers) en mnr P W van Heerden (Perskor-Uitgewers).

Die gesprek het weggespring met 'n situasie-ontleding en prof Fouché het gesê die Afrikaanse boek moet in perspektief gesien word binne 'n aantal verwysingsraamwerke. Ten eerste moet die boek geplaas word binne die breë kader van lektuur- en kommunikasiemedia. Leeskultuur behels nie net die lees van boeke nie, maar ook die lees van tydskrifte, koerante, foto- en prentverhale, en staan ook binne die breër kommunikasieverband wat oudio-visuele en elektroniese media insluit. Die tweede raamwerk is die verspreidingstelsel en ten derde is daar die gehalteraamwerk.

Dr Prinsloo het na leesgewoontes verwys en gesê die ontwikkelde Afrikaner lees min in Afrikaans. Eintlik kan nie gepraat word van die Afrikaner se leeskultuur nie, maar van die Afrikaanse leeskultuur.

Dr Muller het enkele prikkelstellings ("waaraan hy nie noodwendig glo nie") in die gesprek gewerp wat lewendig bespreek is, stellings soos: die Afrikaanse boek se gemiddelde oplaag het sedert 1950 nie gestyg nie. die meeste Afrikaners lees Engels: vir die voortbestaan van 'n taal is die populêre lektuur van groter belang as die hogere lektuur; onder die Afrikaners is daar nie skrywers wat populêre werke van gehalte kan lewer wat met Engels en ander tale kan meeding nie.


Oor die lees van die Afrikaanse boek deur die jeug is prof Combrink se mening dat die hantering van die Afrikaanse voorgeskrewe boek op skool die jong mense "dik maak vir Afrikaans".

Populêre ontspanningslektuur van gehalte, wat van massalektuur onderskei moet word, het heelwat bespreking uitgelok en die gespreksgroep was dit eens dat hier 'n leemte in Afrikaans bestaan, omdat "ons nie skrywers in dié kategorie het nie". Daar is gemeld dat as 'n mens kyk na enige Amerikaanse "best seller", vind jy dat agt uit die tien skrywers van dié boek mense is wat aan een of ander skrywerskool gestudeer het. In Suid-Afrika bestaan nie opleiding opleiding op dié terrein nie. Die mark bestaan wel vir dié boeke soos wat die afset van bepaalde vertalings uit Duits en soortgelyke boeke in Engels toon.

Die vraag is gevra: behoort volkslektuur, dit wil sê die gewoon goeie populêre roman, en jeug- en kinderlektuur nie ook op universiteit en skool behandel te word nie. Die moontlikheid van 'n SA Akademieprys vir ontspanningslektuur is ook genoem.

Die biblioteekstelsel en -keuring het ook onder dié loep gekom en die gespreksgroep was van mening dat daar een of ander vorm van koördinasie in boekkeuring moet wees Geskrewe boekkeuringsbeleide moet deur openbare biblioteke ontwikkel word.

Uit: HANDHAAF MAART 1981



"Excuse me, but I'm really in dire need of some resources..."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AGIES VOOR BIB

*"Ek kan so goed sien hiersô."*
*"Dis so gemaklik"*
*"Dis lekkerder buite die bib as binne."*

Dit is van die redes waarom studente daagliks die trappies van die Merensky-Biblioteek toesit. Na aanleiding van klagtes deur studente het Die Perdeby gaan ondersoek instel.


Die probleem kom kortliks daarop neer dat studente wat in die biblioteek wil ingaan, byna nie daar kan inkom nie. Meestal soggens word die trappies toegesit. Dit is meestal mans, maar ook 'n paar dames, wat hulle daar tuismaak.

Student wat ondervra is, het nie 'n spesifieke rede waarom hulle daar sit nie. Dit mag dalk wees uit gebrek aan sitplek maar, soos een student dit gestel het: "Al is daar meer bankies op ander plekke, sal ek nog steeds hier sit. Dis lekker".

Mnr Paul van Zyl, Hoof Terreine en Geboue, sê dat die saak al so oud soos die berge is, maar dat niks help om die studente permanent daar weg te kry nie. "Ek meen die ouens wil na die asters sit en kyk."

Die meerderheid dames wat ondervra is, voel dat iets aan die saak gedoen moet word. "Ek's skoon bang as ek daar moet ingaan," sê een dame. "Dis so ongemkalik."

Terreine en Geboue sien die probleem, maar weet tot dusver nie wat om te doen nie. Vasbyt dames!





## PALE BLY AL IN MOTORS SE PAD!

SYDNEY. - 'n Mens weet nie of jy moet lag of huil nie, maar die verklarings wat sommige motorryers hier ná motorongelukke gedoen het, is erg genoeg om 'n versekeringsverteenwoordiger teen die naaste paal te laat vasjaag.

Hier is 'n handvol uittreksels uit verklarings aan versekeringsmaatskappye in Australië:

- "Ek het aan die polisie gesê ek is nie beseer nie, maar toe ek my hoed lig, het ek agtergekom ek het skedelbreuk opgedoen."
- "Ek het 'n stadig-bewegende ou heer opgemerk toe hy van my enjinkap af die lug in hop."
- "Ek het veertig jaar lank bestuur toe ek agter die stuurwiel aan die slaap raak."
- "Die voetganger het nie geweet waarheen hy moet hardloop nie, toe ry ek maar bo-oor hom."
- "Die vent was oral oor die pad. Ek moes 'n paar keer uitswenk voordat ek hom getref het."
- "Ek wou nie teen die motor voor my bots nie, toe ry ek maar teen die voetganger vas."
- "My motor was wettig geparkeer toe dit agteruit teen die ander motor stamp."
- "Die telegraafpaal het nadergekom. Ek het gepro-beer om uit sy pad te swaai, toe dit my tref."
- (Sapa-Reuter).



## 'N VLOEKSKOOT

In die afgelope eksamen moes die siviele ingenieurs 'n projek uitwerk ten aansien van 'n rivier en 'n rotsagtige krans daarby.

Die een student het nie goed voorberei nie en het al naelkouend gewonder hoe om die saak te benader. Die tyd word al minder en steeds het hy nie die goeie oplossing nie. Oplaas en ten einde raad krap hy op die antwoordboek:


"Blast the cliffs and damn the river!"

Hy het volpunte gekry behalwe vir die een punt wat afgetrek is vir swak spelling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# What's Cookin?



BOBOTIE


3 Groot uie
1 Kilogram binneboud maalvleis
2 eetlepels sout
2 snye wit brood
2 koppies melk
2 eiers
100 gram rosyne
100 gram gekapte gepelde amandels
100 gram gedroogte appelkose (week oornag in ½ koppie warm water)
3 eetlepels kerrie
1 teelepel borrie
1 koppie asyn
2 eetlepeles suiker
2 eetlepels blatjang

Smoor gekerfde uie in groot pan met 'n bietjie olie tot ligbruin. Week die brood in ½ koppie melk, voeg by maalvleis waarby sout gevoeg is en braai maalvleis saam met die uie totdat dit gaar is. Verwyder van hitte en voeg gedreineerde appelkose, rosyne en amandels by vleismengsel. Maak 'n pasta van die kerriepoeier, borrie en drie eetlepels asyn. Voeg res van asyn geleidelik by en roer suiker ook by en daarna die blatjang. Roer die kerriemengsel deeglik in die vleis. Skep vleis in vuurvaste oondskottel en klits eiers en res van melk baie goed - gooi bo-oor vleismengsel. Steek 'n paar lourierblare of suurlemoenblare in die mengsel sodat die puntjie uitsteek. Bak in matige oond totdat dit goudbruin is en die eiermengsel gaar is.

Die bobotie vries baie goed en kan in kleiner porsies verdeel word en in foeliebakkies gebak word vir vriesdoeleindes.

- JO BREED

# UITSTALLINGS









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TRUK BY DIE STAATSTEATER PRETORIA

INTERNASIONALE OPENINGSEISOEN

Programme in Junie

---

GERMANICUS - die stryd van een man teen die korrupsie en geweld van mag. 'n Klassieke werk deur N P van Wyk Louw, geregisseer deur Francois Swart. Marius Weyers, Sandra Prinsloo, Wilna Snyman, Louis van Niekerk en Anna Neethling-Pohl aan die spits van 'n groot, uitstekende rolbesetting.
2 - 6 en 16 - 20 Junie in die DRAMA

---

TRUK SE FEES-SIMFONIEORKES (90 spelers), gedirigeer deur Anton Hartman, met Mimi Coertse, Evelyn Dalberg, Deon van der Walt en Bernard de Clerk as soliste. Opera-werke van Wagner, Mozart, R. Strauss ingesluit.
Vrydag 5 Junie, 20h00, in die OPERA

---

TRUK SE FEES-SIMFONIEORKES (90 spelers), gedirigeer deur Leo Quayle, met John Lill as solis vir Beethoven se vierde Klavierconcerto. Beethoven se Koraalsimfonie met Antoinette Krige, Susan Braatvedt, Manuel Escorcio en Rouel Beukes en 'n koor van 250.
Saterdag 6 Junie, 20h00, Sondag 7 Junie, 15h30 in die OPERA

---

TWAALFDE NAG, Uys Krige se heerlike vertaling van Shakespeare se gekskeerkomedie, geregisseer deur Francois Swart. Die rolbesetting sluit in Franz Marx, Sandra Prinsloo, Pierre van Pletzen, Don Lamprecht en Carel Trichardt.
10 - 13 en 23 - 27 Junie, in die DRAMA

---

Gé KORSTEN stel jong S.A. Kunstenaars voor: Michael Halliwell, Rouel Beukes, Hanna van Niekerk, Susan Braatvedt, Gerard Korsten, Ada Potgieter en Anton Nel. Edgar Cree dirigeer die Fees-Simfonie-orkes van Truk.
Sondag 14 Junie, 15h30 in die OPERA

---

MARK ZELTSER, Briljante en gesogte Russies gebore pianis, besing by Salzburg.
Sondag 21 Junie, 15h30, in die OPERA

---

OTELLO (verdi) - dirigent: Quayle; regisseur: Beseh, ontwerper: Rice. Met Carlo Cossutta, Maria Chiara, Lawrence Folley, David Hillman, George Kok, Rudi Neitz, Susan Braatvedt, Rouel Beukes.
24 en 27 Junie, 20h00, in die OPERA (Ook in Julie)

---

LA TRAVIATA (Verdi) - dirigent: Stapleton; regisseur: Hansen; ontwerpers: Anthony Farmer (dekor) en Hansen (kostuums). Met Adriana Maliponte, Alfredo Kraus, Giorgio Zanconaro, George Kok, Bob Borowsky, Rudi Neitz.
25 en 29 Junie, 20h00, in die OPERA. (Ook in Julie)

---

LAPPIES DIE LAPPIESMOUS, Afrikaanse kindertoneel.
25 - 30 Junie, in die ARENA.

ANTON GOOSEN, LAURIKA RAUCH, liedjieboere en geselskap. Vrydag 26 Junie, 20h00 in die OPERA.

---

DIE BAMBERGSE SIMFONIE-ORKES (100 spelers), gedirigeer deur James Loughran.
8 Junie, 15h30 in die OPERA (UITVERKOOP), Beperkte kaartjies beskikbaar vir 5 en 12 Julie

---

SILVIA MARCOVICI, Roemeense violiste, speel Prokofiëf, Beethoven, Brahms. Dinsdag 30 Junie, 20h00, in die DRAMA.


---

BESPREEK BY ENIGE COMPUTICKET-TAK
Navrae (011) 28-3040 of (012) 28-6296

---

RESTOURANT ENCORE, in die Staatsteater-sentrum, ten volle gelisensieer. Tafels kan bespreek word vir etes voor of na programme.
Fasiliteite vir gestremdes. Tel. (012) 28-3090, bylyn 57 of 66 vir inligting.

---




"Oh, the alphabet, and programming our micro-computer."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AFRICANA

**DE ONDERWIJZER GEZIEN DOOR:**



ZIJN SCHOOLBESTUUR....



ZIJN LEERLINGEN....



EEN PSYCHOLOOG....



ZIJN EIGEN KINDEREN....



ZICHZELF....

## AFRICANA NUUS

Ek dink ek kan dit waag om die stelling te maak dat die begrip F Z van der Merwe-musiekversameling vir die meeste van my kollegas nie veel sê nie.

Wyle dr F Z van der Merwe het hom beywer om musiek wat in Suid-Afrika gekomponeer en/of gepubliseer is, op te spoor en te bewaar. Dit het gelei tot die samestelling van die eerste Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie (1787 - 1952) wat in 1958 verskyn het, en wat later deur die RGN bygewerk is (1953 - 1972) en in 1974 verskyn het.

Die versameling, wat ook tot dusver die grootste en kosbaarste privaat versameling is, is deur Dr van der Merwe aan die Universiteit van Pretoria bemaak. Hierdie waardevolle versameling word in die Africana-afdeling gehuisves. Daar word gepoog om hierdie versameling so volledig moontlik uit te bou en gedurig ook uit nuwe partiture aan te vul. Die doel van die versameling is om 'n getroue beeld van alle fasette van die Suid-Afrikaanse musiek-kultuur, oor enige tydperk, daar te stel. Die versameling word hoofsaaklik vir navorsing en studie-doeleindes beskikbaar gestel en bladmusiek word nie uitgeleen nie. Navrae kom vanuit baie verskillende oorde soos: Radio en TV, museums, voorgraadse- en nagraadse musiekstudente, koorleiers en natuurlik die Musiekdepartement.

Dit is soos 'n ontdekkingsreis om deur hierdie versameling te gaan. Dit is veral die Africana-bladmusiek wat so interessant is. Baie keer is hul musikale waarde nie so hoog nie, maar wel hulle kultuurhistoriese waarde en gee dit mens 'n kykie in die verlede. Die meeste het gewoonlik ook pragtig geïllustreerde voorblaaie. Onder ons jongste aankope is byvoorbeeld werke van ons groot en bekende komponiste soos (onder andere) John Joubert, Arthur Wegelin, Stefans Grové en Chris Lamprecht. Maar dit mag u dalk interesseer dat werke van Koos du Plessis en Anton Goosen ook hulle weg gevind het na ons versameling.

In die vervolg kan u gerus twee maal dink voordat u al daardie ou bladmusiek, wat al lank vergete op die solder of in die klavierstoel lê, weggooi. Skenk dit liewer aan die F Z van der Merwe-musiekversameling - daar sal dit beter tot hulle reg kom.

- Mev Sonja Potgieter






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Learning Can Be Fun




"It's a poor workman, Orklugg, who blames his tools."

## TWEEDE VLOER

Dis seker die benoude gesoek na literatuur vir take wat binnekort moet in wees, wat 'n mens 'n slag na die almanak laat kyk ... om te besef dat die jaar vinnig op pad is na sy helfte toe, en dat die ander helfte seker net so kort sal wees as die een wat byna verby is.

Meimaand moes hier eintlik Jolinda-se-maand gedoop gewees het, want vir haar is daar die ene bedrywigheid tot byna op die laaste dag van die maand. Dit was eers Trimgim op Pilolitch, toe op Loftus, en om die kroon te span - in Durban as deel van die Republiekfees. So tussenin verjaar sy toe ook nog - en sien kans om 'n klomp kollegas te onthaal - en reël saam met Mimi Vink die professionele vergadering van die Vakbibliotekarisse en ontsluiters. Dis dus heeltemal verstaanbaar dat sy besluit het om so 'n paar dae in Durban agter te bly om siel en liggaam weer 'n slag bymekaar te kry!

Alida kyk skoon bo-oor Junie tot binne-in Juliemaand, en sien net Parys, Amsterdam, ... toerbussies en Rande en Sente! Ek wonder wat gaan sy vir ons saambring - as Anna-Marie verlede jaar vir haar knoffelkaas moes bring, kan geen ander versoek mos te vergesog wees nie!

Susan-hulle is nou darem al op die teëlkoopstadium van hulle huis se aanbouings, en enige iemand wat al aabou beleef het, sal weet wat mens met 'n duurverdiende Julievakansie gaan maak as daar aan jou huis vergroot is.

Thea is, teen die tyd dat Biblikasie verskyn, reeds deur 'n tweede Opedag se organisasie en het dit ook heel waarskynlik oorleef. Al ooit van die ergste vorm van deligering gehoor? Sy sê toe al haar hulp aan om op te skryf hoe hulle te werk gegaan het om hulle stukkie van die Opedag te reël. Jy kan dit mos nie skryf nie, jy kan dit mos net doen!

Ooit van uiteenlopende navrae gehoor? Op een goeie middag is daar tegelykertyd aan die volgende bibliografieë gewerk:

Die estetiek van dans;
Die Persoonlikheid van die begrafnisondernemer;
Die rol van die Nederlanders gedurende die Eerste Vryheidsoorlog-, en
Oorlogsneurose; terwyl Jolinda van bakboord na stuurboord gedraf het op soek na inligting oor Tutankhamen, en die Masada!

Groetnis tot volgende keer!

- Magriet Lee

## VEEARTSENYKUNDE-BIBLIOTEEK

Hierdie maand groet ons uit 'n splinternuwe biblioteek hier op Onderstepoort. Ons ruimte het net mooi verdubbel met die byvoeging van 'n boonste verdieping vir die huisvesting van ons tydskrifte.

Vir hierdie uitbreiding wil ons ons hartlike dank betuig teenoor die topbestuur van die Merenskybiblioteek en ook veral teenoor dr T Trichardt vir haar reuse-bydrae tot die hele projek.

Alle Biblikasielesers kan gerus kom kyk hoe dit hier by ons lyk. Baie welkom!

Groete

Marhilda du Preez en Shirley Kingsley.

## DERDEVLOER

Die nuusmandjie op die Derdevloer is baie, baie leeg. Dit is asof daar met niemand iets gebeur nie; gin siel gaan met vakansie nie, of word siek nie, of bou 'n huis nie, of kry 'n baba nie, of trou nie ... nee wag, hier is 'n nuusbrokkie! Irene du Preez word op 23 Mei Irene Smit. Die Derdevloer beleef dan sy derde huwelik in minder as 'n jaar. Ons wil vir Irene sê baie geluk met die groot stap en mag die geluk jou hele lewe lank hou.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES

Voorklinies front noord. Die groot vensters bied mens 'n pragtige uitsig oor die grasperke en tuin. Dit skep die gevoel van ruimte wat mens baie waardeer as mens soms binne-in jouself vasgekeer voel.

Hierdie groot vensters bied mens nie alleen die kans om "buite" te wees nie, maar nooi ook die son na binne. Wonderlik hierdie tyd van die jaar!

In die somer veroorsaak dit egter ongerief. Die traphuis word 'n sauna en die blinders moet permanent die lieflike uitsig bederf.

Sonweerkaatsers, wat teen die ruite vasgeplak word, bied egter 'n oplossing vir die probleem. Dit gee die ruite 'n gerookte voorkoms, hou die sonstrale buite terwyl mens nog steeds die uitsig kan geniet.

Omdat die vensters van buite soos spieëls vertoon, het nie slegs ons gebruikers nie, maar ook die voëltjies in die omtrek die verandering opgemerk. Van ons gereelde besoekers is twee mossies wat spook om van die "vreemdelinge" in hulle territorium ontslae te raak. Hulle het dit slefs na binne gewaag om te sien waarom hulle keer op keer faal.


Ons sê baie dankie vir die sonweerkaatsers. Dit het die voëltjies gebring en saam met die pragtige plante wat ons van Administrasie ontvang het, voel ons midde in die natuur!

## The Ed Tech Glossary

**ACCOUNTABILITY: The requirement that you do what you said you would do**



## IBL




INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Dis Mei - dis winter - dis Inter hier. Dit lyk amper of dit al 'n gewoonte geword het om elke maand iemand vaarwel toe te roep of welkom te heet. So sê ons dan weer totsiens vir Ina van der Westhuizen, wat nes haar voorganger die "kleinvolk" se opvoeding eerste stel. Gelukkig het ons onmiddellik 'n plaasvervanger in Hanlie Möller gekry. Baie welkom Hanlie en baie dankie vir jou deel wat jy reeds doen.

Net verlede week gaan dit nog "all smiles" met Maryna voor die telex. Die volgende wat ons sien, is Maryna wat terug kruip nadat sy 'n gebruiker by die toonbank gehelp het. Nege en dertig lê hulle daar, voorwaar. Dis Amerika, Kanada en wie weet waar. Al wat leef en beef wil die koue ontglip en warmer oorde gaan opsoek. Piet de Kock en Irene Smit gaan 'n rustige Junie/Julie tegemoet. Daar sal min ingenieurspersoneel en -studente op die kampus waarneembaar wees. Ons sien egter swaarigheid vir Piet en Irene wanneer hulle terug is met al die "kennis" daar oorkant versamel.


In teenstelling met die "warmer" weer elders in die biblioteek, moet ons verwoed aan ons tafels vasklou of anders waai die ysige winterwind ons op 'n bondel in mnr Otto se kantoor. Dis al 'n instelling om Tegnies se mense hier by die voordeur doenig te sien, maar tevergeefs!! Indien daar nie blitsvinnig 'n plan beraam word om Inter te hulp te snel met hulle bibberende probleem nie, sal ons (indien ons dit oorleef) met sulke half gedisintegreerde tande (van al die geklapper) die somer met ope arms terugverwelkom.

Met 'n groet in die bek en 'n trek in die nek, bibber, bibber.

- Inter



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## REKENAARDINGE

By Toonbank gaan dit steeds bedrywig. Almal wag op die aanvang van die nuwe gerekenariseerde leenstelsel en 'n ondertoon van opwinding en nuuskierigheid is duidelik merkbaar. Alles gaan onherroeplik verander by Toonbank wanneer hierdie nuwe stelsel in werking tree.

Intussen word die nuwe leenstelsel, oftewel, Libis, ondersoek. Mnr Otto is dan ook tydelik van die meeste van sy pligte onthef om sy volle aandag hieraan te kan skenk. Die omvang van hierdie ondersoek word dikwels onderskat.

Met my eerste ontmoeting met Libis was ek geweldig beïndruk. Later van tyd het ek egter besef dat entoesiasme noodsaaklik is, maar nie allesoorheersend moet wees nie. 'n Rekenaar is nie magies nie, maar eerder koud-logies geprogrammeer. Gou het ek derhalwe geleer om hom krities te beskou en hom te bevraagteken, maar tog bereid te wees om aan te pas en soms net te aanvaar. 'n Mens is geneig om te veel van die rekenaar te verwag, benewens dit alles wat hy reeds aan jou gee. In elk geval staan ons in die eerste fases van so 'n stelsel se ontwikkeling en is ons kennis daarom baie oppervlakkig.

Nuwe eise sal egter van nou af aan toonbankpersoneel gestel word. So byvoorbeeld sal dit verkieslik wees dat 'n personeellid wat by toonvank diens verrig, moet kan tik. 'n Nuwe uitdaging staan ons dan weliswaar voor die deur. En al sê wie ook wat - dit bly 'n uitdaging en ontsettend interessant!

- Sanette Geyer

## TYDSKRIFTE

*Op die wyse van "Dit is weer lente":*

*Dit is weer winter, somer is verby.*
*Hoor tog hoe sing ons, hier in Van Zijlsvlei ...*


Ná die ysigste somer in tydskrif-heugenis het ons goeie rede om so te sing, terwyl ons die winter verwelkom met pas-ontvriesde glimlaggies. Hoe wonderlik om weer sonder jasse, musse, serpe en handskoene die dagtaak aan te durf. Alle "somersvoete", griepe en verkoues het die wyk geneem saam met die snerpende koue. Ook die probleem van bevrore waterbottels en handeroom is iets van die verlede. Al tasbare bewys van die somerbeproewing is die jammerlike oorblyfsels van potplantjies wat gedurende die somer op ons tafels doodgeryp het. Die bittere Desemberwind het geen onderskeid tussen mens en plant gemaak nie.

Gelukkig kon die kardex-bemanning (be-vrouing?) telkens wegskaats poskamer toe om daar te gaan ontdooi, aangesien dit die enigste plek was waar mnr R Conditioner se koue vingers nie kon vang, vries of frustreer nie.

Indien daar iemand is wat die gedagte koester dat ek oordryf of deur my (bevrore) nek, praat, is hy/sy baie welkom om volgende somer 'n paar minute lank in Tydskrifadministrasie te kom deurbring. Ignoreer gerus die kennisgewing: TRESSPASSERS WILL BE FROZEN.

Intussen het die welkome winterwind heelwat veranderinge uitgewaai. Na Irene se verhoging is Ilse-Marié kelder toe, Ansie het Stella se kardex oorgeneem en Grietjie het stil-stil (?!) verloof geraak. Adolf het die roepstem van die kampus net té sterk gevind en het permanent by die trapsitters (voordeurverstoppers) gaan aansluit. Omdat sy pos nog nie weer gevul is nie, veg ons onder gereeld oor sy deel van die werk, en omdat Anne die meeste ondervinding het, is dit telkens haar twyfelagtige voorreg om die kardex te bevlieg.

N.S. Omdat verskeie letterkundige werke van gehalte dikwels onvoltooid die lig sien, is ook die voorafgaande van 'n slotparagraaf ontdaan.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

IN LIGHTER VEIN - Buitemuurs

The Body Beautiful

Here is a small boy's version of the human anatomy:

Your head is kind of round and hard, and your brains are in it and you hair on it. Your face is the front of your head where you eat and make faces.

Your neck is what keeps your head out of your collar. Your shoulders are sort of shelfs where you hook your bracers on them.

Your stummick is something that if you do not eat often enough it hurts, and spinach don't help none. Your spine is a long bone in your back that keeps you from folding up.

Your back is always behind you no matter how quick you turn around. Your arms you got to have so you can reach the butter.

Your fingers stick out of your hand so you can add up rithmatick. Your legs is what if you have not got two of, you cannot play cricket.

Your feet are what you run on, your toes are what always get stubbed. And that's all there is of you, except what's inside, and I never saw it.

-This item was sent in by Mrs Olive Barry of Anerley, South Coast, Natal



"Who's giving me negative vibes?"

## Boekbestellings

Soos die woord hierbo aandui is dit ook waarmee ons hier in die bestelafdeling te doen het en wil ek byna sê sommer by die massas mee te doen kry. Die jaar spoed vinnig voort maar ons hieronder op Laer grond hou darem nog by te midde van al die besit-kontrole rondstaan by ons "geliefde katalogus", rondblaai in al die bibliografieë en praat nie van die nakom van ons DOBIS-beurte en dan is daar nog DOBIS-toetse wat ons moet slaag, alles so tussen-deur. Vergeet ook nie die opsigboeke wat instroom by die dosyne nie.

So 'n rukkie terug het daar ook weer eens 'n algehele verskuiwing in die Bestelafdeling plaasgevind waarna almal saamgestem het dat dit steeds 'n verbetering was en ons hele afdeling sommer spanne beter daar uitsien. Vir iemand soos mev Rautenbach sal dit seker 'n groot verrasing wees om uit te vind wanneer sy terugkom dat sy nou 'n nuwe hoekie gekry het. Ons beny haar daar waar sy rondloop en ook slefs rondry al is dit op ou Langore se rug op al die sonnige Griekse eilande en hoop en vertrou dat sy heerlik verkwik en veilig sal arriveer in Suid-Afrika.

Vir almal wat "swot" in ons afdeling 'n baie spesiale woordjie van sterkte met die dubbele deel wat julle moet dra. Ons hou almal duime vas vir al die take, toetse asook die eksamens om die draai. Baie sterkte ook aan mev Nel wat weer eersdaags in haar folterkamertjie baie ure sal moet deurbring met die opstel van die handleiding vir die rekenarisering wat soos 'n groot monster op bestelafdeling afstorm. Wees verseker ons ander sal die fort hou!!!

- Hulda Fritz

ONTSLUITING

Hier by ontsluiting het die wind ook met 'n vlaag deurgewaai en 'n paar ontsluiters opgeraap en op ander (groener?) weiveld gaan neersit. Johannie het alreeds verlede maand totsiens gesê en diens aanvaar by Evkom. Aan die einde van hierdie maand kom Hantie en Santie weer aan die beurt om hul ontsluitingstoffies af te skud. Hantie het egter nie kans gesien om afskeid te neem van ons geliefde vriend DOBIS nie, aangesien sy by die RGN ook met DOBIS-ontsluiting behulpsaam gaan wees. Santie op haar beurt verhuis ook na Evkom en het spesiaal vir haar 'n bloedrooi gevaarte aangeskaf om by haar nuwe lewe aan te pas!

Ons hoop dat julle baie gelukkig sal wees daar waar die wind julle heen neem, maar darem soms ook sal terug verlang. Verder wag ons almal in opgewondenheid op die nuwe gesiggies wat die wind weer gaan inwaai.

- Ontsluiting



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



mnr j c van rooyen

# welkom



mev r de villiers

# totsiens



j.malan




mev santie steyn



mev hantie ne

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# BIBLIKASIE

JUNIE 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



VERANDERING : BEDREIGING OF UITDAGING?

Daar word deesdae dikwels verwys na veranderinge in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Wat die politiek betref, gaan verandering en bedreiging blykbaar hand aan hand. Sommige eis verandering; ander probeer dit afdwing. Wanneer dit lyk asof veranderinge slegs vanweë hierdie bedreigingselement aangebring word, skep dit 'n gevoel van frustrasie en onsekerheid. Die vraag ontstaan onwillekeurig of die doelwitte van diegene wat verandering eis, ooreenstem met die doel waarna die Suid-Afrikaanse gemeenskap nog altyd gestreef het. Wanneer veranderinge sonder inagneming van jou doel aangebring word, word dit toegewings en die uiteinde daarvan is mislukking en ondergang.

Eweneens, dui krisisveranderinge op 'n onvermoë om eerstens, nuwe uitdagings en probleme betyds te identifiseer en om tweedens, op grond daarvan besluite te neem en strategieë te ontwikkel wat verseker dat jy op 'n lopende basis - met jou doel helder voor oë - voortdurend veranderinge en aanpassinge oorweeg en implementeer. Gebeur dit nie, is ôf die inligting vir sinvolle besluitneming nie beskikbaar nie, ôf die knieë te lam om op te tree.

Voortdurende en weldeurdagte veranderinge is noodsaaklik vir ontwikkeling en vooruitgang. Trouens, verandering is lewe en lewe impliseer verandering. Daarvan spreek die fisiese veranderinge wat elkeen van ons van die wieg na die graf ondervind (waaroor ons min beheer het) immers baie duidelik. Die veranderinge waaroor ons wel beheer het hou verband met 'n bepaalde geestesingesteldheid - 'n paraatheid om met ons doel duidelik voor oë gereed te wees om veranderinge aan te bring wat ons al sterker op ons doel sal laat aanstuur. Die lewenskragtigheid wat ons in ons werksituasie openbaar, dui enersyds, op die visie en insig waarmee ons nuwe behoeftes en uitdagings kan identifiseer en interpreteer. Andersyds, vereis dit die durf en daadkrag wat nodig is om op grond daarvan besluite te neem en strategieë te ontwikkel vir 'n doelgerigte implementering van noodsaaklike veranderinge. Soms wil dit voorkom asof biblioteke juis in hierdie verband ernstig tekort skiet. So asof die biblioteek maar rustig op ou geykte patrone kan voortgaan - net om later te vind dat voeling met die eise van die tyd verloor is. Dan word ondersoeke op aandrang van buitestaanders skielik nodig en moet krisisveranderinge aangebring word. Dit mag nie met U P se Biblioteekdiens gebeur nie.

Die aandag wat die Biblioteekdiens tans aan strategiese beplanning skenk, moet teen hierdie agtergrond gesien word. Die vernuwingsaksie wat sedert 1975 geloods is, is oor die afgelope vyf jaar afgehandel - o.a. deur die modernisering van alle fisiese fasiliteite, die instelling van vakbibliotekarisdienste en die loodsing van 'n gerekenariseerde biblioteekbedryfstelsel. Ons mag egter vir geen oomblik dink dat ons 'n stadium bereik het waar 'n handhawing van die status quo voldoende sal wees nie. Die volgende 10 jaar sal nuwe uitdagings bring en ons sal ons professionele lewenskragtigheid moet handhaaf en uitbou deur voortdurend sinvol en doelgerig te verander. Met ons beplanningsprojek wil ons 'n model en infrastruktuur skep wat voortdurende gekoördineerde en sinvolle veranderinge logies sal laat plaasvind.

As eerste stap is 'n deeglike interne verkenning noodsaaklik. Ons doel, funksies, take en prosedures sal gesamentlik sorgvuldig onder oë geneem word en in terme van nuwe eise wat waarskynlik reeds geld, sorgvuldig geëvalueer moet word. Eweneens, sal 'n eksterne verkenning geloods moet word. Enersyds, in die institusionele omgewing - d.w.s. binne die Universiteit van Pretoria self - andersyds, in die eksterne gemeenskap - d.w.s. die Pretoria- en Suid-Afrikaanse gemeenskap ten dienste waarvan die Universiteit van Pretoria staan. Wat eersgenoemde betref, benodig ons baie inligting as ons wil verseker dat alles wat ons doen in harmonie is met die doel en funksionering van die universiteit.

In hierdie stadium is daar onder andere te veel onduidelikheid oor die doelwitte wat verskillende departemente met hulle opleiding nastreef; watter onderrigstrategie hulle met die oog daarop volg en watter plek en rol ingevolge daardie strategie aan die Biblioteekdiens toegeken word.


As u en ek veranderinge in ons Biblioteekdiens in hierdie lig beskou, word dit wat net sowel 'n bedreiging kon wees 'n groot en heerlike uitdaging.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR (BIBLIOTEEKDIENS)





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






ETENSUURFILMS: AULA

Dinsdag 21 Julie: 13h10 - Apollo II: For all Mankind
Dinsdag 28 Julie: 13h10 - The Gondoliers (Gilbert en Sullivan)

AANDKONSERTE: AULA

Vrydag 31 Julie: 20h00 - Tuks-80 Premiére

MIDDAGKONSERTE: MUSAION

Donderdag 23 Julie: 13h10 - Herbie en Spence - sangpaar
Donderdag 30 Julie: 13h10 - Anneli van Rooyen-luisterliedjies


AANDKONSERTE: MUSAION

Saterdag 4 Julie: 20h00 - Pretoriase Seuns- en Meisieskoor onder leiding van Tirus Kühn
Woensdag 8 Julie: 20h00 - Stellenbosch Universiteitskoor
Donderdag 9 Julie: 20h00 - Stellenbosch Universiteitskoor
Woensdag 22 Julie: 19h00 - Letterkunde-aand: Finesse
Saterdag 25 Julie: 19h30 - Kuku talentkompetisie

TONEEL: MASKER

Saterdag, 6, 13 en 20 Julie: 10h00 - Poppeteater
Woensdag: 22 Julie: 20h00 - Grahamstad feesstuk
Saterdag: 1 Augustus: 20h00 - Grahamstad feesstuk

| *VERJAARSDAE* | | | *JULIE* |
|---|---|---|---|
| *Mev R E van der Walt* | - | *Vakbibliotekarisstelsel* | *1* |
| *Mev A Viljoen* | - | *Tukkiana* | *2* |
| *Mev A Dippenaar* | - | *Vakbibliotekarisstelsel* | *2* |
| *Mev P A Botha* | - | *Tydskrifadministrasie* | *3* |
| *Mev I du Preez* | - | *Ontsluiting* | *5* |
| *Mev M de Villiers* | - | *Algemene Admin* | *8* |
| *Mev S M Swart* | - | *Vakbibliotekarisstelsel* | *9* |
| *Mev S A Geyer* | - | *Toonbank* | *20* |
| *Mev S Swanepoel* | - | *Vakbibliotekarisstelsel* | *29* |
| *Mev G Beukes* | - | *Beplanning en Ontwikkeling* | *30* |






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE AFRIKANER LEES NIE IN AFRIKAANS NIE

uit: HANDHAAF MEI 1981

'n Aansienlike verkorte weergawe van 'n gesprek gereël deur die Taalkomitee van die FAK op 6 Augustus 1980.

Deelnemers:

Prof J H Senekal (voorsitter)
dr K P Prinsloo
mnr Morkel van Tonder
prof J G H Combrink
dr Piet Muller
prof B Fouche
mej Amanda Botha
mnr J J Labuschagne
mnr P W van Heerden
dr A M van den Berg (hoofsekretaris)
mnr J J Drotskie (komiteesekretaris)

SENEKAL: Die Taalkomitee van die FAK wy reeds geruime tyd aandag aan die probleme om die Afrikaanse boek: verspreiding, leemtes in bepaalde literatuurkategorieë, die biblioteeknetwerk, prys van boeke, die Afrikaner se leesgewoontes ens. Verlede jaar is die FAK se Konferensie vir Kultuurrade aan die Afrikaanse boek en die Afrikaanse leser gewy, en Handhaaf het onlangs 'n artikel oor die pryse van Afrikaanse boeke gepubliseer. Dié gesprek is gereël om kundiges in die "boekbedryf" die geleentheid te bied om die saak openhartig te bespreek en om nuwe riglyne vir optrede deur die Taalkomitee te bepaal.

FOUCHE: Die Afrikaanse boek moet in perspektief gesien word binne 'n aantal verwysingsraamwerke. In die eerste plek moet die boek geplaas word binne die kader van lektuurmedia. Ons leeskultuur behelsnie net die lees van boeke nie, maar ook die lees van tydskrifte, koerante, foto- en prentverhale, ens. Al hierdie lektuurmedia sou ook in die breër verband van kommunikasiemedia wat ook oudio-visuele en elektroniese media insluit, geplaas kan word. Ten tweede moet die boek in perspektief gesien word binne die raamwerk van die lektuurverspreidingstelsel: biblioteke, boekwinkels, boekklubs en boekruilwinkels. Ten derde is daar ook 'n gehalteraamwerk: literatuurkuns, die populêre romans en die sg. massalektuur. Verder moet, wat die Afrikaanse boek betref, nog vakliteratuur, naslaanwerke en wetenskaplike joernalistiek onderskei word. Dink ons by die bevordering van die Afrikaanse boek nie té eensydig aan letterkunde, ofte wel werke van hoogstaande literêre gehalte nie? Ten vierde moet 'n mens die Afrikaanse boek ook in 'n tydsperspektief sien. Die eerste Afrikaanse lektuur is skaars honderd jaar gelede gepubliseer. Tans word daar jaarliks meer as 2 000 Afrikaanse publikasies in die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie opgeneem. Daar is twee menings oor die vraag of daar iets skort met die situasie waarin die Afrikaanse boek verkeer. Die een is dat die Afrikanervolk nie 'n lesende volk is nie. Die ander standpunt is dat die Afrikaner wel genoeg lees, maar dat die gehalte van die lektuur wat gelees word, kommer wek.

PRINSLOO: Die Afrikaner lees wel, maar die ontwikkelende Afrikaner lees nie genoeg in Afrikaans nie. Met ander woorde, ons kan eintlik nie praat van die leeskultuur van die Afrikaner nie, maar van die Afrikaanse leeskultuur, of die lees van Afrikaanse boeke deur die Afrikaner. Daar is geen vergelykende studie gedoen wat kyk hoe die leeskultuur in Suid-Afrika te vergelyk is met die leeskultuur in ander lande nie. Wat nodig is, is 'n deeglike studie van hoe beskaafde mense in Suid-Afrika as buitelug-lewende volk lees. Wat lees hulle?


SENEKAL: Daar is een faktor wat in gedagte gehou moet word. Suid-Afrika is 'n land, die enigste in die wêreld, waar skrywers aan die universiteite hierdie dinge bepaal. Die middelklasskrywer sal nooit dáár opgelei kan word nie, want die hoëre skrywers is aan die universiteite in beheer, en daar word hierdie middelklaslektuur uitgehou.

COMBRINK: Nêrens word in 'n letterefakulteit aandag aan die populêre roman, die "science fiction" of wat ook al, bestee nie. Al die tyd word aan die geïnstitusionaliseerde literatuur bestee. Ek verwys na die meningvormers, die voorgraadse BA-studente, van wie 90% onderwysers word. Dié mense het binne 'n BA-konstellasie van vakke nie 'n snars van opleiding oor populêre literatuur nie. Dit word deur die mense wat letterkunde doseer, as minderwaardig gereken. Ons het ook nie 'n snars opleiding voorgraads oor jeuglektuur, kinderlektuur of kleuterlektuur nie. Ons het wel die Scheepersprys vir jeuglektuur. As ons die saak mooi beskou, vind ons dat ons van 1920 af meningvormers opgelei het wat reken alles onderkant geïnstitusionaliseerde letterkunde is nie die moeite werd nie. Dis 'n fout wat ons as Afrikanervolk gemaak het. Is dit nie tyd dat ons vir ons universiteitsdepartemente hierdie saak uiteensit nie en sê: mense, ons skeep ons mense af, ons lê hier klem op die korsie, en die brood vrot. 'n Ander aspek van die probleem is die voorskryfkomitees. Wie is die base van die voorskryfkomitees? Dit is ou manne, nie-chronologies oud nie, intellektueel oud.

BOTHA: Oor die mense wat op die onderste vlak lees, dié wat volgens prof. Fouché nie verder lees nie: Die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens het in 1978 in uitgesoekte biblioteke 'n studie onderneem wat omtrent agt maande geduur het, en mense moes sê wat hulle gelees het. Hy het 'n lys opgestel van 15 Afrikaanse boeke wat in daardie tydperk 'n leseromset van meer as 100 000 sou gehad het. Al 15 hierdie boeke was die sogenaamde skemaboeke, maar 60% van dié lesers was almal skoolmeisies. Vergelykend daarmee, het die skoolbiblioteekdiens van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie ook so 'n stelsel in sy biblioteke uitgewerk, en hy kon nie mense kry om hierdie boeke te lees wat beskikbaar is nie, behalwe wanneer hulle dan klubboeke is.

COMBRINK: Kan ons nie ook daaraan dink om 'n Akademieprys vir ontspanningslektuur in te stel nie?

SENEKAL: Kan ons ook na die kwessie van die voorskrywer kyk? Dit is 'n baie netelige probleem. Is dit nie moontlik om 'n wetenskaplike ondersoek te kry na die kriteria vir voorskrywing nie? Die voorskryf van boeke raak die onderwys aan die hele front. Dit raak ook alle bevolkingsgroepe.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



*"I expect one hundred per cent perfection around here, Perkins, or Walters, or whatever your name is."*

MULLER: Die Afrikaanse boek se gemiddelde oplaag het sedert 1950 nog nooit gestyg nie - dit het 30 jaar lank konstant gebly; die meeste Afrikaners lees Engels; vir die voortbestaan van 'n taal is die populêre lektuur van groter belang as die hogere lektuur; onder die Afrikaners is daar nie skrywers wat populêre werke van gehalte kan lewer wat met Engels en ander tale kan meeding nie; die probleem van die Afrikaanse boek in soverre hy 'n probleem het, is ook een van afsetpunte. Die gemiddelde oplaag bly nog tussen 2 000 en 3 000.

VAN HEERDEN: Die uitgewers ondervind dat die populêre skema-tipe boek se oplaag gestyg en dié van die goeie Afrikaanse boek gedaal het. Boekklubs se ledetal styg ook.

MULLER: Vir die mense wat die Afrikaanse taal en kultuur moet dra, die grootste deel van die bevolking, is daar nie lektuur nie, behalwe van heelwat laegraadse gehalte. Dit is mense wat in die eerste plek nie die intellektuele vermoëns het om die hoëre letterkunde te lees nie, en dit is die groep mense oor wie ons die bekommerdste moet wees. Nie die handjievol literatore en skrywers van proefskrifte en leweraars van resensies nie.

VAN TONDER: Ons het nog niks gesê oor die pryse van boeke nie. 'n Engelse boek, 'n sogenaamde "best seller" van 800 bladsye in fyndruk, kos R3 en 'n Afrikaanse storieboeke van 52 bladsye kos R7,50. Afrikaanse boeke is besig om hulself uit die mark uit te prys, maak nie saak wat die redes is nie. Daarbenewens is die verskynsel van doodgewoon nie vir jou plesier lees nie, beklemmend.

CONBRINK: My ervaring met nie-universitêre mense dié wat in matriek geslaag het, is dat hulle wars van die Afrikaanse boek is. Die voorgeskrewe Afrikaanse boek het hulle dik gemaak vir Afrikaans. Die mense in nie wars van Engels nie, want hulle het in Engels die storie van die boek gelees, maar die Afrikaanse boek word vir hulle só aangebied dat hulle dit nie weer wil sien nie.

SENEKAL: 'n Mens kan verwag dat die FAK, as "volksorganisasie" in 'n breë verband gesien, nou hierdie standpunt na vore bring, maar dan moet 'n mens met konfrontasie van die geïnstitusionaliseerde literatuurbedryf rekening hou.

MULLER: Hier is duidelik twee onderskeibare vraagstukke wat verband hou. Die probleem van die geïnstitusionaliseerde letterkunde, die voorskrywer en die hele kwessie van die prys van die boek en van sy verspreiding raak 'n bepaalde soort leser, dié met 'n IK bo 100. Dit is die kategorie waarmee ons ons in Afrikaans tot dusver die meeste bemoei het, myns insiens ten onregte. In Afrikaans is die massalektuur altyd as 'n soort buite-egtelike kind in die letterkunde beskou. Mense wat hulle aan die massalektuur skuldig gemaak het, het dit so half agter die hand gedoen, onder skuilname. En ons het die massalesers in Afrikaans misgekyk. Ons kán dit nie langer doen nie. Dit is die mense wat vir Afrikaans gewen moet word. Hulle is die meerderheid. Ons het egter niks wat ons kan aanbied nie. Daar is min populêre lektuur in Afrikaans wat 'n mens kan lees sonder om effens skuldig te voel dat jy jou aan 'n intellektueel minderwaardige aktiwiteit skuldig maak. 'n Rede daarvoor is dat ons nie dié skrywers het nie. Skryf is 'n ambag, maar ons Afrikaanse universiteite wil nie skryf as ambag doseer nie. As 'n mens gaan kyk na enige Amerikaanse "best seller", vind jy by die skrywer se lewensgeskiedenis dat 8 uit 10 Amerikaanse "best seller"-skrywers mense is wat aan die een of ander "school of creative writing" gestudeer het. Daar is geen Afrikaanse skrywer wat 'n eenvoudige, aanmekaargeslane, maar beskaafde verhaal soos enige James Bond-verhaal in Afrikaans kan skryf nie. Daar bestaan niemand in Afrikaans wat die tegniek kan beheers soos jy dikwels in Europa kry, om van 'n bepaalde nie-fiksiegegewe 'n fiksie-verhaal te kan skryf nie. Ons moet begin deur te bepaal wat is die behoefte van die massalektuurverbruiker, en dan moet ons in die tweede plek bepaal hoe word in sy behoeftes voorsien, hoe kry ons die boeke geskryf?

MULLER: 'n Mens moet onderskei tussen die sogenaamde skemaboek, wat al 'n konnotasie gekry het, en die Engelse sogenaamde ontspanningselektuur, wat jou vertel hoe werk die binnewerking van 'n Grand Prix-wedren, die storie om 'n hotel, of 'n lughawe, die dinge waaroor die populêre rolprente gemaak word. Van daardie soort lektuur het ons in Afrikaans niks, en dit is 90% van alles wat in Engels in die kafee verkoop word. Hier lê die grootste behoefte aan lektuur in Afrikaans - middelklaselektuur. Die skryf van dié soort boeke is 'n gespesialiseerde tegniek wat uit die rolprentbedryf ontwikkel het. Dit is 'n dokumentêre skryfstyl, en sulke skrywers word nie in Suid-Afrika opgelei nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar is eintlik geen wetenskaplikheid by voorskrywing ter sprake nie, of dit nou swart, of bruin of blank is. Dit is gewone komitees en mense wat op enige subjektiewe oorwegings sekere boeke voorskryf. Kan 'n mens nie rondom hierdie saak 'n wetenskaplike ondersoek laat doen nie?

SENEKAL: Wat van die swart en die bruin boekmark?

COMBRINK: Die voorskryf van boeke vir swartes en Kleurlinge is 'n turksvy. Die maatstawwe waaraan daardie boek moet voldoen, is meestal negatiewe voorskrifte. Hy mag nie dít bevat nie, hy mag nie dát bevat nie. Die ding is nou so gesuiwer dat jy rosyntjiekoek sonder rosyntjies het. Jy kom werklik uit by 40, 50 jaar gelede se literatuur. Jy kan dan nie 'n boek soos Patrys-hulle voorskryf nie - een van die mees gelese kinderboeke in Afrikaans 'n klompie jare gelede. Dit kan nie vir 'n bruin skool voorgeskryf word nie, want êrens staan die woord "klonkie".




"It's a special alphabetical cereal that wakes you up with thought-provoking questions."

*VERANTWOORDING*

*In 'n tyd van materiële welvaart - soos nou -*
*en in 'n tyd van salarisverhogings, vakansie-*
*besparingsbonusse en beter diensvoorwaardes -*
*soos nou -*
*(dit was tog in ons almal se gedagtes)*
*kan dit sinvol wees om doelbewus te meet:*
*Wat is my sterkste behoefte - nog en nog?*
*Wat laat my so aards-veilig voel - nog en nog?*
*Die verskil tussen weelderige oorvloed en*
*"... my daaglikse brood"?*
*En - hoe gaan ek om met óf my weelde of my*
*daaglikse brood?*


*Ferdinand Deist (1978) vertaal van Jaap Zijlstra 'n parodie op Psalm 25 soos volg vry:*

*Die stroom van welvaart is my weldoener*
*Niks sal my ontbreek nie*
*Dit laat my neerlê in groen weivelde*
*Na rustige waters lei dit my heen;*
*Dit streel my maag.*
*Die geld lei my in die regte spore*
*Om sy naam ontwil*
*Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,*
*Ek sal geen onheil vrees nie,*
*Want my polis is by my.*
*My slaappoeier en my asperine,*
*dié vertroos my*
*Die welvaart rig vir my 'n dis aan*
*Voor die oë van die onderontwikkelde lande*
*Hy salf my hoof met fraaie leuses*
*My liefdadigheid loop oor*
*Ja vakansiebonus en kinderbystand*
*Sal my volg*
*Al die dae van my lewe;*
*Ek sal in die tempel van die welvaart vertoef*
*Tot in lengte van dae*

*Tipies van 'n welvaartstaat - mens ..... sal ons wil sê.*
*En tog - Kyk maar om on heen én miskien 'n slag goed na binne*

*DEIST, F 1978 Tussen angs en sekerheid; gedagtes rondom gebed. Kaapstad. Tafelberg.*

*Anoniem*



*WISE GUY*

*Who knows each illness, konws each cure?*
*Who never doubts, is always sure?*
*Who gives advice to learned scholars*
*And shrugs aside their thanks and dollars?*

*Who is this awesome fellow, friends?*
*Who is the chap who condescends*
*To chat with men like Mayo? Who?*
*It is the intern, young and new,*

*Who knows more than all other men.*
*He'll never know so much again.*

*("The Medical Muse", by Richard Armour)*


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS EERSTE DAG IN GRIEKELAND

Op Athene lughawe was ons vliegtuig twee ure laat en ons program omvergegooi. Soos ons skakelman op die lughawe sê, "Your plane he come two hour after, now you boat gone. But is O.K., you go to other island 1 O'clock on the Naxos".

Ons vertrek met 'n bussie na die hawe Piraeus waar ons ons bagasie in 'n reiskantoortjie by 'n geïrriteerde Griek opstapel. Hy sê "Now you walk about, be back 12 o'clock, carry bags to Naxos, you see him in port. Not to be late - you sail a-one-o'clock".

12-uur waar ons gereed met tasse waat groot vragmotors en karre toustaan om in die veerboot se maag in te ry. Een-vir-een kom lede van ons groep aangestap tot ons voltallig is en dan met ons bagasie die trappe op sukkel en 'n sitplek kry en iets om te eet voor ons met ons sesuur vaart na die eiland Paros begin. Die eerste ruk is dit opwindend, maar toe 'n koue sterk wind ons omtrent die see inwaai, soek ons skuiling in 'n kroeg wat lugloos ons spoedig almal laat gaap of insluimer. Ons drink sterk swart koffie en probeer weer die wind buite en so draai die middag verby tussen benoud binne en verkluim buite. Die een eiland na die ander seil by ons verby maar Paros bly weg!

Toe om 7-uur, en ons almal min-of-meer kapot, stoom ons in Paros se hawe in en toe ons op die kaai staan, weet ons die Grieke doen dinge op hul eie manier. Iemand het intussen besluit dat ons tog na Sifnos moes gaan soos oorspronklik beplan, en vir ons 'n klein boot georganiseer wat nou met twee bemanning liggies lê en wieg teen die kaai. Die twee mans lyk solied en bekwaam en met veel hulp kom ons en ons bagsie aan boord. Die boot steek sy neus in die lug en lê oop see-in vir die 3-uur tog na Sifnos. In die begin is dit groot pret maar na 'n ruk werk die wilde jongperdspronge met jou maag en doen iets met jou binneste wat nie lekker is nie. Die boot ruk op-en-af, sywaarts, in die rondte en voer ander vreemde kapperjolle uit.

Oswald, ons rustige leier, sit van bank tot bank en probeer almal moed inpraat. Hy kom sit langs my en vra, "Wat is hier in jou sak?" "Whisky" sê ek. "Kan ek vir almal 'n doppie gee?" en toe ek instem, draai hy die bottel sonder seremonie oop en gooi die proppie vol wat hy vir my aanbied, en toe een vir homself en toe doen hy die rondte. "Gaan net weg van my" sê iemand oorkant my" "ek is naar." "Ag wat, jy jok man. Jy is mos 'n Kunstenaar, en 'n Kunstenaar word mos nie ag-foeitog naar nie - vat net 'n ou slukkie dan voel jy beter". "Vat weg die goed, ek is baie naar" se sy kwaad. Almal word medisyne aangebied en van agter lyk dit heel komies, party gooi albei arms in die lug op, ander laat sak hul koppe en hul skouers.

Oswald gaan steier-steier in die bokspringende boot na buite, later sê hy die twee bemanningslede het elk 'n glas tevoorskyn gebring en 'n stywe dop gedrink. En toe vlieg ons eers deur die grys donkerte! Die ligte word aangesakel en toe sien ons eers die ware toedrag van sake. Almal se gesigte is bleek of groen en ons kyk na mekaar met wanhopige oë.

Oswald sê opgewek "Nog net een uur dan is ons daar!" 'n Uur!!

Die boot vlieg voort met 'n gesing in ons ore en ons probeer vashou aan iets hier binne. Een-vireen gaan staan egter buite en klou aan die reëlings in die hoop dat vars lug sal help, en hier binne in die boot begin mense koppe uitsteek deur die kajuitvensters. Jy gee voor dat jy niks sien nie en maak jou oë toe.

"Nog net twintig minute, "sê Oswald, ook nie meer so vrolik nie. Maar ons glo hom nie meer nie. Ons voel seker dat Sifnos reeds lankal agter ons is, en ons voortspoed na ons einde êrens in die donkerte - en ons gee ook nie meer om nie.

"Nog net 15 minute", weer eens van Oswald, en ek wil vir hom sê, "Dis nie waar nie, man - sê maar vir ons waarheen ons werklik gaan".

Ongelooflik begin die boot se motore stadiger loop, en dis byna nog erger. Toe stamp die boot tot stilstand op die sand, en ons maak die skrikwekkende ontdekking dat ons op die grond moet kom sonder trappe of lere. Die Grieke praat opgewonde en ek hoor die naam Stavros oor-en-oor.

'n Engelse stem beveel my om my bene oor die kant van die boot te lig. Onder staan 'n groep mans met een flits in die donkerte. Ek vra huiwerig, "Stravros?" en toe 'n stem antwoord, vra ek "Stavros, you big, strong man?" Toe los ek alles en beland in Stavros se sterk arms. My arms is om sy nek, ek druk sy skouers en sê "Stravros, you my hero". "Kamare?" sê hy en ek bevestig "Kamare".

Twee vrouens vat my arms en help my oor los sand van 'n strand met die see wat hier naby ons leklek met 'n sagte gespoel. Ons word in 'n kombi ingeprop vir 'n 15 km rit na ons hotel.

'n Stem sê by die deur "As hier nog één kan in, kan die res van ons in die taxi inpas, dan hoef ons net eenkeer te ry". Ongelooflik dat daar nog iemand is wat dinge kan reël! Van agter kom daar aanmerkings soos "Ek kan nie glo dat ons nog vanaand elkeen 'n bed gaan kry nie".

Die bestuurder is kalm en stil, dis sy werk om die swaar vrag 'n hoogte op te kry, al moes hy weer agteruit om die opdraende uit te storm. Ek voel nog uiters onseker van my beheer oor die naarheid, en die beweging van die kombi of algehele stilstand is ewe erg, en ek moet met alles wat ek in my heel binneste gevestig het, vashou en nogeens vashou.

Die res van ons vriende in die taxi kom by ons verby, en toe ons hulle in ons ligte sien, lag ons almal histeries en iemand sê, "Dit lyk nes ons tweedeklas taxies!" Na hierdie histeriese klep oopgegaan het, voel almal beter en na die oneindige bootreis, voel dit kort tot ons voor ons hotel stilhou. Hoe laat is dit? elfuur, twaalfuur of eenuur?. 'n Netjiese Griekse paar kom na die kar; sy vat my arm en lei my na binne waar sleutels uitgedeel word, en ongelooflik blom 'n weelderige pienk malva in 'n bak in die kantoor. Maar ontdekkings kan wag tot môre nou wil almal so gou moontlik in die bed kom.


MARIé RAUTENBACH





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## What's Cookin?



*VLAKOEK*

*KOEK*

| | |
|---|---|
| *4 eiers, geskei* | *120 g meelblom* |
| *50 ml koue water* | *2 ml bakpoeier* |
| *200 g suiker* | *1 ml sout* |
| *25 ml mielieblom* | |

*VULSEL*

| | |
|---|---|
| *120 g botter* | *50 ml vlapoeier* |
| *200 g strooisuiker* | *12,5 ml suiker* |
| *500 ml melk* | *5 ml vanielje* |

*Klop eiergele, water en suiker vir koekbeslag baie goed saam. Sif droë bestanddele saam. Vou in eiergeelmengsel. Klits eierwitte styf en vou laaste in. Bak sowat 20 min in twee gesmeerde panne in 'n matige oond van 180° - 200° C. Keer uit en laat heeltemal koud word. Sny dan elke koek versigtig deur sodat daar vier lae is. Room botter en suiker baie goed saam. Maak 'n dik vla van die melk, vlapoeier en suiker. Roer vla totdat dit koud is en klits dan die afgekoelde vla by die bottermengsel. Voeg vanielje by en klop goed deur. Smeer vulsel tussen die koeklae en bo-oor.*



## Die Posklip



BRIEWERUBRIEK

SOEK- EN VINDKOLOM

Kollega Rautenbach vra dat die anonieme kollega wat op haar brief geantwoord het, met haar in verbinding moet tree - vir 'n baie goeie rede, naamlik dat Kollega Rautenbach kan vermy om by haar te gaan teedrink.

DIE MIDDELEEUSE UNIVERSITEIT

Die woord "skolastiek" word so dikwels misverstaan en as skelwoord gebruik, dat die misverstand reggestel moet word. Die Griekse woord skole - waarvandaan ons skool - beteken vrye tyd, iets wat ons skoolseuns miskien sal waardeer. In die kern van sy betekenis is 'n skool 'n plek waar 'n vrye man leer om sy vrye tyd aan die lettere te bestee.

- Martinus Versveld "Rondom die middeleeue".

MARIé RAUTENBACH



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

As daar nou een spesie is wat my die afgelope paar maande weer opnuut met bewondering en verwondering vervul het, dan is dit die spesie STUDENT. onderverdeel in enkele subspesies. By die huis, kerk en aan weerskante van die Africana-toonbank kry ek heelwat geleentheid om hulle te bestudeer.

Die eienskap wat deesdae baie by voorgraadse voltydse studente voorkom en my die meeste van alles fassineer, is hulle selfvertroue. As ek so na hulle kyk, voel dit regtig asof ek in 'n vorige eeu groot geword het. My kinderwêreld was die wêreld van Herman C Bosman se "Mafeking Road", waar telefone, radio's en motors maar yl versprei was tussen die Marico-boere. Gevolglik was die yslike universiteit met sy 5 000 studente en halfdosyn groot geboue vir my oorweldigend. Ek kan nog goed onthou met watter ontsag ek die Merensky-biblioteek betree het en hoe skrikkerig ek vir die "slim" biblioteekpersoneel gevoel het.

Dr Spock se leerstellings oor kinderopvoeding het dalk iets daarmee te doen, maar die hedendaagse studente wéét dat die universiteit vir hulle opgerig is en dat die dosente en biblioteekpersoneel tot hulle voordeel daargestel is. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die nonchalante houding waarmee 'n student twee minute oor tien in die aand sy uitleenstrokie voltooi terwyl die personeel in sirkels loop van haas om weg te kom. Dis eintlik verbasend dat die twintig studente wat graag die biblioteek saans en Saterdae langer sou wou oophê, nog nie briewe vir die Perdeby geskryf het nie'

Soms wens ek dat 'n mens al die studente wat twee dae voor hulle take se sperdatum daarop staatmaak dat jy die rakke vir hulle sal leegdra, op 'n begeleide toer van die biblioteek kon neem. Dan moet hulle sommer van raad bedien word deur die personeel wat voltyds werk, voltyds getroud is en nog voltyds studeer ook!

Studente is darem nie net moeilik nie. Die meeste van hulle is nog steeds vriendelik, beleefd en erkentlik. As 'n mooi jong seun jou vol vertroue aankyk en vir jou ál die boeke oor die NG Kerk van Colesberg vra, dan stel jy hom nie graag teleur nie, al moet jy alles omdop in jou soektog na brokkies inligting. Sy dankbaarheid is genoeg beloning.

Africana se eie twee studente het die akademie opsy geskuif vir aangenamer tydverdryf. Joy is "op safari" in S.W.A en Sonja slaan voet êrens in die Vrystaat. Hulle sal dit hopelik baie geniet en goed uitrus want die pad loop maar opdraende tot by November.

- Joriet Coetzee



'n Groot aanvoerder het eenmaal gesê dat 'n goeie soldaat eerstens genoeg kos moet kry, tweedens voldoende gekleed moet wees en dán eers van wapens voorsien moet word. Hieruit kan ons sekerlik aflei dat enige goeie werker 'n vol maag moet hê, warm aangetrek moet wees en dan eers kan begin met haar dagtaak.

Dit is duidelik dat die Merensky probeer om in al hierdie behoeftes te voorsien. Tweemaal per dag word ons voorsien van lekker warm tee of koffie, en WOENSDAE ....... ëe ........... WOENSDAE ...... O ja, Woensdae kry ons selfs koek ook. Wat klere aanbetref word daar ook goeie voorsiening gemaak. Menige gebruiker het al opgemerk hoe netjies die personeel met hulle roomkleurige/wit/liggeel/ dowwe grys biblioteekbaadjies lyk. Aan wapens is hier ook geen tekort nie. Die hele poskamer is immers vol briewemesse, skêre, plakkers, stempelblokke, stempelkussings en daar is selfs 'n bietjie ink ook.

Teoreties behoort ons dus slegs vrolike, tevrede gesiggies hier in die Merensky te hê. Al die fronse, gepynigde uitdrukkings en versteende glimlagte moet dus 'n dieperliggende oorsaak hë. Na 'n kwartier se ronddrawwery tussen die poskamer, kelder, snoepie (want dis nie Woensdag nie) en die "ruskamers" het mens die antwoord, en sal dit ook die res van die dag by jou hê. Teen tienuur vanaand het mens net een gedagte in jou kop en dit is VOETE!!! Dit kan ook nie juis anders nie, want veral die nuutste spitspunt-mode veroorsaak die gevoel dat dit verkiesliker sal wees om gald nie voete te hê nie.

Aangesien ons baadjies soveel byval vind, wat van bypassende pantoffels!! Om dit nie stereotiep en eentoning te maak nie, kan mens dit afwissel deur byvoorbeeld verskillende kleure vir die verskillende vloere of afdelings te kry. Met 'n bietjie verbeelding kan mens maklik die régte kleur vir die verskillende afdelings kry en sodoende die hele biblioteek ophelder. Maar nog die belangrikste - ai, salig gelukkige voete!!

N.S. Nog 'n laaste voorstel - tossels vir die topbestuur se pantoffels en al hoe kleiner soos die rangorde van senioriteit afloop. Of liewers glad nie tossels nie, want dit herinner darem te veel aan die "comics" se Pantoffelregering.

- Marike en Carina



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TWEEDE VLOER

TWEEDE VLOER

Die einde van die eerste semester breek altyd so aan: Teen die lekker lang langnaweek van Meimaand voel dit nog lank na die tyd van die amptelike universiteitsvakansie. Dan is daar gewoonlik die paar ysige winddae, ryp en lae nagtemperature wat almal hul jasse met lekker sakke laat opdiep. En daarmee saam kom toets- en eksamentyd en dan is dit klaar. Ses maande is weer so verby. Gelukkig vra Biblikasie geen statistiek met syfers wat oral moet klop nie. Net maar intressanthede, hoogtepunte, lekker vooruitsigte om almal so nader aan mekaar te bring.

In werksverband is dit seker werd om te noem dat ons met die verbintenis vanaf die tweede vloer met INEG aan die UOVS nog 'n tree in die wêreld van inligtingstelsels gegee het. Dit sal seker nie meer lank wees voordat rekenaareindpunte en data basisse vir ons net so gewoon soos wasmasjiene en stofsuiers sal wees en opedae nog net iets wat in notules aangeteken staan. Op konvensionele vlak is daar, na die herorganisasie van beheer met betrekking tot dienspersoneel wat boeke wegpak, (dit sal seker maar altyd op die handbetode gedoen word) 'n merkbare verandering in wegpakkamers en op boekrakke. (Ons moet nog net daarin slaag om 'n loper vir studiehokkies te bekom). Uitstallings op die vloer is op die oog af goed ontvang. Kommentaar wat wissel van links na regs het veral met betrekking tot die een oor Kommunisme sterk opgeval. (Vir sommige was dit so 'n lekker uitstalling dat hulle sommer die appels daarin geëet en die grammofoonplaat present geneem het). Dr. Trichardt het 'n besonder bedrywige oriënteringsprogram gehad. Wat dit eintlik noemenswaardig maak, is die feit dat studente self daarvoor vra - individueel en in groepe.

Vir die tyd wat voorlê, wanneer die biblioteekgebruikspatroon ooreenkomstig die universiteitsvakansie bietjie anders gaan lyk as gedurende die semester, gaan dit wat elke personeellid op die tweede verdieping soos volg lyk:

Alida gaan 'n ewe vol dagprogram as tans hê, net 'n bietjie anders, en in Europa.

Ansa bly tuis om vir Alida en ander in te staan terwyl sy haar vrye tyd met musiek en sang verwyl. Ons sien uit om haar saam met Adlibitum te hoor.

Anita sal steeds die Ekonomie-fort moet hou.

Susan gaan Laeveld toe, huistoe waar alles net lekker is.

Zani gaan ook help om dinge op die tuisfront aan die gang te hou.

Magriet gaan onder andere huistoe met (hopelik) niks om te doen en baie dae om dit te doen.

Jolinda wag om te hoor of sy volgende jaar saam met die trimgimspan Switserland toe gaan. (Sy gaan darem 'n naweek Groblersdal toe ook)

Ina keer terug om, nadat sy siek was, getrek het en toetse geskryf het, weer haar plek vol te kom staan.

Dr. Trichardt beplan en beplan - ook vir hulle trek na 'n ander woonstel.

Thea gaan voel die aarde aan liggaam en veral aan voet en dit so ver as die Visriviervallei.

Wederom.


## BUITEMUURS

BUITEMUURS Sê: LIFE CAN BE BEAUTIFUL

HOW TO MAKE LIFE BEAUTIFUL FOR YOURSELF AND OTHERS

1. Speak to people; there's nothing as nice as a cheerful word or greeting.
2. Smile at people. It takes 72 muscles to frown only 16 to smile.
3. Call people by name; the sweetest music to anybody's ear is the sound of their own name.
4. Be sincerely cordial; speak and act as if it were a genuine pleasure.
5. Be considerate of the feelings of others; no one likes to be rebuffed.
6. Be thoughtful of the opinions of others; there are three sides to a controversy - your's, the other man's, and the right side.
7. Be genuinely interested in people; you can like everybody if you try.
8. Be generous with praise; praise uplifts - criticism lowers.
9. Be alert to render service; above all, what counts in life is what we do for others.
10. Be fair in your criticism; remember your opinion is personal with you and that doesn't make is always correct.

- Selected






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORKLINIES

DOKTER, DOKTER


Waar is daar groter entoesiasme as by die voorgraadse mediese student? Jy is nog besig om hom te help om 'n tydskrif op te spoor, dan verdwyn die boeke op die rak en in die plek daarvan is bottels op bottels helende preparate. Die bibliotekaresse word krities van nader beskou .... jy is iewers tussen volume 18 no. 2 van 1971 en op pad na volume 18. no. 6 .... dan sê 'n diep besorgde stem: "Sê my, het jy onlangs geelsug gehad?" 'n Geskokte, bekommerde antwoord volg: "Nee!" Reaksie: "Wel, jou oë is baie geel." Daar trek my trots in my diep blou saffier poele. "Wel, jy moes beslis al geelsug gehad het" ... 'n baie, definitiewe, onbetwisbare diagnose. Antwoord: "As ek gehad het, dan het ek nie daarvan geweet nie"... (ek is van helsdingen se mense). Hy staan nog 'n besorgde treetjie nader. "Dit lyk nie baie goed nie". (Dit sê nou baie). Reaksie: "Ek dra kontak lense. Dit is seker maar dit". 'n Lang, versigte, verleë "o-o-o-o!" volg en "dokter" verdwyn met bewonderingswaardige grasie tussen die rakke.

Een oggend sit een van my kollegas soos 'n natgereënde hoender op haar stoel ... die oorsaak: 'n baie, baie seer skouer. Gou is een van die dokters by met pynpille en 'n skoon vadoek vir 'n verband. Die gebruikers se reaksie was soos volg: "Wat het gebeur?" Antwoord: "Ek het van die biblioteek se trappe af geval". Reaksie: "Haai néé mevrou!" (Die hand gaan na die ken en 'n diep besorgde plooi verskyn tussen die wenkbroue). "Hoe het dit gebeur?" Antwoord: "Ek terg sommer! Eintlik het ek een van die dokters geslaan." 'n Versigtige treetjie word agtertoe gegee. "Mevrou, as jy só lyk, dan wil ek nie weet hoe lyk die dokter nie!"

Dan is daar ons eie liewe Prof Brown. "Prof Brown, my budjie is siek. Sy ... (wat is nou 'n goeie mediese term vir binnegoed?) ... sy derms werk nie so goed nie." Prof Brown: "Gee vir hom 'n stukkie fyngemaakte Disprin wat met botter gemeng is sodat hy maklik kan sluk, asook 'n paar kristalle Engelse Sout in sy drinkwater." Nou toe nou, onder al daai vere is daar nie net 'n voël nie, maar ook iets wat soos die menslike sisteem werk.

Gawe mense, die Jansens.......

Groete, Voorkliniese Biblioteek



*"Tastes just like old rags, doesn't it?"*

ALGEMENE ADMINISTRASIE

So tussen die drukte deur gebeur hier soms mooi en soms snaakse dinge, soos byvoorbeeld die tegnikus van Rank Xerox wat die kopieërder nagaan, en op die ingewing van die oomblik 'n persoon gehelp het wat probleme ondervind met 'n IBM wat kop tussen die bene getrek het.

Een van die dosente het nou die dag by 'n sekere masjien 'n hoorbare "demmit" laat val. 'n Ander dosent het die masjien 'n nuwe naam gegee nl. "Die Bôgger".

Op 'n dag oppad huistoe is die tog onderbreek deur 'n Fox-Terrier hond wat in die Biblioteek agter gebly het. Iemand moes die hond uithelp. 'n Paar studente wat reken dat hulle 'n slag het met moeilike honde, het bedroë daarvan afgekom. Die brak het geblaf en geknor vir 'n ander wêreld. Uiteindelik met 'n kombers gewapen (sal liewers nie sê watter kleedkamer sin nie - dit bly 'n geheim) is die hond baie versigtig benader. Hy kon enige oomblik met sy opgeligte lippe en ontblote tande by 'n mens se bene verby storm en verder vlug, en hoe kry jy hom dan! Feitlik teen aan die hond is die kombers behoedsaam oopgemaak en bo-oor die regop nekhare en rug gegooi. In dieselfde beweging is die brak toegewikkel en opgetel. 'n Paar benoude tjanke het gevolg en daar is met hond en al die trappies af beweeg voordeur toe.

By die toonbank het die brak se kleinbaas opgedaag. Op versoek moes die eienaar net eers die hond se naam noem, om die hond se ontstuimigheid te kalmeer en om te sien of dit die regte hond is. Aan die gevoel in die kombers was dit die regte hond. Dit het kompleet gevoel of die hond skielik suurstof toegedien is. Die kombers is neergesit en die hond vrygelaat wat sy hele rug geswaai het omdat sy stert te kort was.

Sy kleinbaas was baie bly.
Die brak ook, wat nou kon huistoe gaan.
Ons ook.

Groetnis
ALGEMENE ADMINISTRASIE

LANDBOUNUUS 17-6-81

Soos die koue het ook die wintereksamen vinnig nagergekruip. Die landboustudente is druk besig met eksamens. Die finalejaarstudente doen net mondelingeksamens. Hulle is baie netjies geklee in hul fakulteitsbaadjies en dasse. Soos een tereg opgemerk het: Ons klomp boere kan mos ook uithang!


Danksy Mnr. Porter en sy personeel is 'n groot aantal bande terug van die bindery af.

Ons wil mnr. Piet de Kock bedank dat hy hier kom aflos het, sodat ons as personeel saam die opedag by Merensky kon bywoon.

Ons groet vanaf die Ooskampus.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Susan Marsch
Ontsluiting

Ansie Willemse
Ontsluiting

Carolina van Huysteen
Mnr. Duminy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BIBLIKASIE

JULIE 1981

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




## 'N GEREKENARISEERDE UITLEENSTELSEL

UP-DOBIS is 'n werklikheid. Almal in die Biblioteekdiens is daarvan bewus dat die nuwe aanwinste sedert Junie 1980 deur middel van die rekenaar ontsluit word, en almal is sekerlik hiervoor dankbaar. Die meeste van ons het reeds soektogte op die eindpunt uitgevoer. Die rekenaar het binne 'n kort bestek deel van ons daaglikse biblioteekwerksaamhede geword. Ons skrik nie meer as iemand van die rekenaar praat nie. Ons het gevorder tot waar ons die rekenaar as 'n "moet" in die biblioteek beskou. Soms wonder ons hoe dit moontlik was dat ons vroeër daarsonder klaargekom het.

Gelukkig eindig die ontwikkeling nie by die katalogus nie, maar sal die uitleenstelsel asook die bestelfunksie hopelik binnekort gerekenariseer wees. Dit is dan my voorreg om kortliks vir u aan te toon wat ten opsigte van die uitleenstelsel gedoen is, waar ons onsself bevind asook wat nog beplan word.

Presies 'n jaar gelede is die Eerste Verslag van die vooronderosoek ten opsigte van die werksaamhede by die Hooftoonbank voltooi. Die doel van hierdie verslag was om die bestaande uitleenstelsel te beskryf. Die eerste stap was om al die verskillende tipes materiaal wat by die uitleenproses betrokke is, te identifiseer. Behalwe boeke en tydskrifte wat uitgeleen word, is daar oudiovisuele materiaal te wete mifkrofiche, mikrofilms, kasette, kleurskyfies en draagbare mikrofiche-lesers wat aan gebruikers uitgeleen word. Materiaal uit ander biblioteke deur middel van die Interbiblioteeklening-stelsel bekom, word ook aan ons gebruikers uitgeleen. Daarbenewens is die verskillende tipes gebruikers wat materiaal by ons uitleen, bepaal en ongeveer elf hoofkategorieë gebruikers is geïdentifiseer.

Daar is verder in die eerste verslag 'n volledige beskrywing gegee van al die transaksies wat by die toonbank plaasvind. Dit sluit sake soos registrasie, uitleen, terugbesorging, boekbesprekings, hernuwings, aanmanings, ens in. Laastens is in hierdie verslag vasgestel wat die aantal transaksies is wat plaasvind en ook op watter tyd van die dag dit plaasvind. Die hoogste maandelikse uitleensyfer (12 549) aan studente en personeel was gedurende Junie 1979.

Die grootste aantal boeke wat deur studente per dag uitgeleen is, was 656, en wel op 24 Julie 1979. Op 28 Februarie 1980 was die hoogste aantal studente op een dag geregistreer, nl. 240.

Gedurende Desember 1980 is 'n Tweede Verslag voltooi. In hierdie verslag is 'n voorlopige lys van vereistes/behoeftes ten opsigte van die leenstelsel, gebaseer op die handstelsel, opgestel en die algemene vereistes vir die ideale uitleenstelsel is bygevoeg.

Gedurende Julie 1981 word 'n Derde Verslag gereedgemaak waarin aan die hand van bogenoemde vereistes/behoeftes 'n vergelyking en toetsing van die handstelsel teenoor LIBIS (Leuvens Integraal Bibliotheek System - die susterprogram van DOBIS) gedoen word. LIBIS is getoets om vas te stel of al die funksies kan akkommodeer wat in die handstelsel uitgevoer word. Op grond van bevindings uit hierdie verslae sal daar nou besluit moet word of LIBIS in die behoeftes van UP kan voorsien. Indien wel, sal dit aanbeveel word.

Sommige personeellede van die Biblioteekdiens het reeds gedurende April 1980 vir die eerste keer met LIBIS kennis gemaak deur middel van 'n demonstrasie by IBM. Gedurende September 1980 het personeellede van die Seksie Toonbank en Afdeling Beplanning vir 'n opleidingsessie na IBM gegaan. Die LIBIS-rekenaarpakket is aan die begin van Desember 1980 by Merensky geïnstalleer. Ongelukkig kon daar aan die begin van Januarie 1981 nie soos aanvanklik beplan met die verdere kennismaking van die stelsel gevorder word nie, hoofsaaklik weens die feit dat heelwat tegniese probleme ondervind is met die installering van die nuwe rekenaar gedurende daardie tyd.

Die apparatuur wat vir die uitleenstelsel benodig word, is reeds gedurende Oktober 1980 bestel. Daar sal drie rekenaareindpunte by die Hooftoonbank geplaas word en elke eindpunt sal voorsien wees van 'n lynkodeleser.

LIBIS sal hopelik gedurende 1982, geheel of gedeeltelik operasioneel word. Daar sal egter nog heelwat ervaring met die stelsel opgedoen moet word alvorens ons ten volle verseker kan wees dat dit "foutloos" sal funksioneer. Vir behoorlike kontrole sal die handstelsel vir 'n geruime tyd parallel daarmee bedryf moet word.

Hier volg nou ' kort beskrywing van die vernaamste LIBIS-leenfunksies:
Indien ons na die eerste DOBIS/LIBIS-skerm kyk, nl:

1. Searching
2. Acquisitions
3. Periodicals, serials
4. Cataloging
5. Circulation
6. Stop

sal ons die volgende uitleenskerm vind indien ons ingaan op 5 (Circulation):

1. Charge-out
2. Check-in
3. Document status
4. Borrower status-name
5. Borrower status-number
6. Replace document label
7. Replace borrower label
8. Special check-in
9. Loan policy
10. Fine policy
11. Overdue policy
12. Dates Library is closed
13. Semi-permanent loan
14. Change master number
15. Send overdues
16. Generate pre-printed labels
17. Delete borrowers
18. Correct borrower names
19. Delete paid fines



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Kom ons kyk net vlugtig hoe 'n personeellid 'n boek aan 'n gebruiker uitleen. Indien 1 (Charge-out) gekies word, word die gebruikersnommer (hierdie nommer verskyn op die plastiese I D-kaart wat die gebruiker se biblioteeklidmaatskapbewys is) en die kopienommer(s) van die boek(e) deur middel van 'n lynkodeleser in die stelsel ingelees. Dit vind plaas deur slegs die lynkodeleser vlugtig van links na regs oor bogenoemde nommers te beweeg en die hele uitleentransaksie is afgehandel. Indien die boek terugbesorg word, word die lynkodeleser slegs oor die kopienommer in die boek beweeg, die laatgeld (indien enige) word outomaties bereken en die terugbesorgingstransaksies is afgehandel. Dit klink amper te goed om waar te wees. Vir "ou" voorraad (dit is materiaal wat nog nie in DOBIS opgeneem is nie) vind dit net so plaas. Tydens die uitleningsproses word 'n voorafgedrukte etiket in die boek geplak en kort gegewens per hand ingevoer. Die terugbesorgingsproses van "ou" voorraad bly egter so vinnig soos hierbo beskryf..

Geen stelsel het nét voordele of nét nadele nie. Enkele voordele van LIBIS teenoor die handstelsel is die volgende:

1. Sorterings-, liasserings- en alfabetiseringsaktiwiteite word baie effektief deur die rekenaar gedoen.

2. Die sentrale-uitleenrekord is onmiddellik op datum.

3. Die sentrale-uitleenrekord sal in geheel vir die Biblioteekdiens toeganklik wees, dit wil sê, die hoofbiblioteek, sowel as die verskillende takbiblioteke kan hierdie rekord aanspreek, sodra hulle van eindpunte voorsien is.

4. Laatgeld word outomaties bereken sodra 'n boek terugbesorg word.

5. Aanmanings aan gebruikers word outomaties gedruk.

6. Personeel- en gebruikerstyd word bespaar met die vinniger afhandeling van onder andere die uitlenings- en terugbesorgingsprosesse.


Wat die nadele betref, kan genoem word:


1. Beheer oor 'n LIBIS-uitleenstelsel berus nie slegs by die Biblioteekdiens nie. Die goeie werking daarvan is ook van 'n betroubare en doeltreffende rekenaardiens afhanklik.

2. Tydens die terugbesorging van materiaal verkry die lener nie meer 'n skriftelike bewys dat die materiaal terugbesorg is nie.

Nogtans sien ons almal met groot verwagting uit na die volle ingebruikneming van 'n gerekenariseerde uitleenstelsel. 'n Groot droom en verlange sal daarmee verwesenlik wees.

VON B DE V OTTO





VERJAARSDAE — AUGUSTUS

| | | |
|---|---|---|
| Mej A Bosman | - Ontsluiting | 2 |
| Mnr C T Buys | - Bindery | 5 |
| Mev I Venter | - Toonbank | 5 |
| Mev R Briers | - Voorklinies | 8 |
| Mev I S Smit | - Vakbibliotekarisstelsel | 10 |
| Mev A Botes | - Vakbibliotekarisstelsel | 13 |
| Dr T Trichardt | - Beplanning en Ontwikkeling | 13 |
| Mev R M Greyling | Buitemuurs | 13 |
| Mnr P Erasmus | - Bindery | 19 |
| Mej A R van Rensburg | - Vakbibliotekarisstelsel | 22 |






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Social and Environmental Factors Influencing Human Relations*

## HOW TO BEGIN THE NEW YEAR RIGHT!

*How would you like to start the year with a nice new set of do's and don'ts for your office?*

*Try these on for size. They were posted in 1872 by the proprietor of a carriage and wagon works.*

1. *Office employes will daily sweep the floors, dust the furniture, shelves and showcases.*

2. *Each clerk will bring in a bucket of water and a scuttle of coal for the day's business.*

3. *Clerk's will each day fill lamps, clean chimneys, trim wicks. Wash the windows once a week.*

4. *Make your pens carefully. You may whittle nibs to your individual taste.*

5. *This office will open at 7 a.m. and close at 8 p.m. daily, except on the Sabbath, on which day it will remain closed.*

6. *Men employes will be given an evening off each week for courting purposes, or two evenings a week, if they go regularly to church.*

7. *Every employe should lay aside from each pay a goodly sum of his earnings for his benefits during his declining years, so that he will not become a burden upon the charity of his betters.*

8. *Any employe who smokes Spanish cigars, uses liquor in any form, gets shaved at a barber shop, or frequents pool or public halls, will give me a good reason to suspect his worth, intention, integrity, and honesty.*

9. *The employe who has performed his labors faithfully and without fault for a period of 5 years in my service, who has been thrifty and attentive to his religious duties, and is looked upon by his fellowmen as a substantial and law-abiding citizen, will be given an increase of 5 cents per day in his pay, providing a just return in profits from the business permits it.*



"Môre mense."

## KINDERLEKTUUR IN 'N UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK?

*Hierdie boek behoort*
*aan Jakob Man -*
*klein Jakob Man*
*van Stasieran*
*Wie dit vind*
*gee dit weer*
*vir 'n appel*
*of 'n peer*
*wie dit vind -*
*en dit behou*
*sal die hou*
*berou*

Hierdie stukkie wysheid kom uit Trippe Trappe Trone, die bundel van Pieter W Grobbelaar - 'n waarheid wat ons in ons dagtaak probeer toepas; om 'n boek te leen - sonder 'n appel of 'n peer as vergoeding.

Hoewel daar baie geskryf word oor watter boeke nou juis kinderboeke is, wil ek dit vir hierdie doel afbaken as boeke vir min of meer die ouderdomsgroep 3-11 jaar; dit sluit dus kleuterlektuur ook in.

Vir baie eeue is die kind net gesien as 'n - om boektaal te gebruik - kleiner uitgawe van die volwassene. Sy kleredrag, leessmaak - en selfs sielkunde is op die volwassene se lees geskoei. Daar is aanvaar dat 'n kind soos 'n volwassene dink - en dan ook so sal lees.

Die wêreld moes die kind eers as 'n mens in eie reg begin sien, voordat kinderlektuur geskep is - en dit ook uitgebou is as volwaardige deel van die letterkunde.

"'n Kinderboek is 'n besondere vorm van letterkunde. Besonder, omdat dit in die behoefte van 'n spesifieke groep - die kind - voorsien, omdat dit baie spesifieke eienskappe van die skepper daarvan verg. Dit is ook, soos enige ander vorm van die letterkunde, 'n kuns" - aldus prof C A Lohann.

Die skrywers van kinderboeke neem die verhale somtyds uit hul eie kinderjare - iets wat so 'n indruk op die kind gemaak het dat hulle in hul volwassenheid nog daaruit kan put, sonder om uit 'n "grootmenshoek" vir die kind te skryf.

'n Goeie kinderboek is kuns in dubbel maat. Dit is kuns as letterkunde, en in die illustrasies, wat meestal 'n pertinente rol speel, 'n kunsvorm in eie reg - 'n aspek wat vandag wêreldwyd aandag geniet, en bekroon word.

Bogenoemde aspekte maak reeds twee vakgebiede aan 'n universiteit wat met nuwe oë na die waarde van kinderboeke kan kyk. Kom ons kyk nader daarna, en sommer na 'n paar ander ook.

LETTERKUNDE: Enige universiteits-biblioteek probeer om die werke van Nobelpryswenners, en in ons land, Hertzogpryswenners in sy versameling te hê. Kan die waarde van werke wat met die Caldecotmedalje, of die Scheepersprys vir jeugtektuur en die C P Hoogenhouttoekenning vir kinderlektuur dan geringer geskat word?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Meer nog: as 'n skrywer met die Herzog- of CNA-pryse (ter voorbeeld) bekroon word, word daar gepoog om 'n volledige versameling van die skrywer se werk op te bou vir studie- en navorsingsdoeleindes. As 'n mens dink aan skrywers soos M E R en Leon Rousseau, wat o.a. al met die pryse bekroon is, moet mens óók dink aan hulle kinderwerke soos Karlien en Kandas (van M E R). Die volgende rympie uit laasgenoemde boek weerspieël die besondere karakter van M E R se werk wat van haar 'n bekroonde skryfster gemaak het:

*Dit reën en dit plas*
*en Karlien en Kandas*
*loop elk in die reën met 'n*
*sak vir 'n jas*

*Al honderd-en-tien*
*sê Kandas vir Karlien*
*"Ons loop in die reën, en*
*sien wat ons sien!"*

Tans word daar 'n kursus in Afrikaans- en Nederlandse kinderlektuur as deel van die Afrikaans/Nederlands Honneurs-kursus aan die PU vir CHO aangebied.

*Trippe trappe trone*
*Varkies in die bone*
*Eendjies in die waterplas*
*Gansies op die groene gras*

As jy wil weet wat die res
van dié storie nog sal wees
sal jy in volgende maand
se Biblikasie verder moet lees!

MAGRIET LEE





MET DIE DONKIE NA SANTORINI

Almal het uitgesien na Santorini as die hoogtepunt van ons toer, maar die Griekse gode het anders besluit. Daar waai toe so 'n tierende wind dat ons veerboot nie by die nuwe hawe kan land waar 'n bus vir ons sou oplaai nie.

Nou moet ons op 'n heel klein bootjie klim wat ons na die ou hawe neem. Die hawe is onder die berg en al manier om by die dorp bo te kom, is met donkies en muile - 600 trappe op! Een-vir-een word ons op 'n donkie of 'n muil se rug gehelp of min-of-meer gegooi, meesal sonder 'n saal.

Ek beland op een met 'n soort houtstellasie en ek moet klou vir al wat ek kan vir die skrikwekkende rit na bo, want die donkie loop vas teen ander donkies, pale of die muur en daar is absoluut niks op aarde wat jy daaraan kan doen nie. Die een vrou se oë is soos pierings en sy roep aanhoudend benoud na ons leier: "Help! Sê die donkie moet stadiger, ek gaan afval!" Maar die donkie wil nie hoor nie en galop voort.

Dis 'n verligting toe ons naby bo moet afklim en die laaste trappe self moet op. Ons kyk loodreg af na ons boot wat in die hawe onder ons lê, so groot soos 'n vuurhoutjie dosie.

Vir eers is die ontbering verby en ons kan lag, maar nie vir lank nie, want toe begin ons daaraan dink dat ons weer op dieselfde manier moet berg-af na drie dae. Maar nouja, dit het ons ook oorleef al het ons seer kolle so hier-en-daar opgedoen.

Filosofies dink ek toe: As ek dink ek het sleg en swaar, wat nog van die arme donkie?! En myne is verby, maar die arme dier moet elke dag sleg hê.

MARIé RAUTENBACH




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## JAARVERGADERING VAN SAIBI 7 JULIE 1981

Ons biblioteek het die voorreg gehad om hierdie jaar as gasheer op te tree tydens die Jaarvergadering van die Noord-Transvaalse tak van SAIBI;

Die Program van die vergadering was kortliks:

- Verwelkoming
- Voorlegging van Jaarverslag en Finansiële verslag
- Mosies vir die Konferensie wat gedurende September 1981 in Potchefstroom sal plaasvind
- Toekennings aan die twee beste studente in Biblioteekkunde aan UNISA en UP
- Gasspreker: Dr Piet Muller: Rol van die pers as verskaffer van inligting"
- Geselligheid




Daar is voorberei vir 120 gaste wat die gesellligheid sou bywoon. Om 120 persone in die teekamer te laat SIT en eet is nogal 'n groter kopkrap as wat mens aanvanklik dink. Gaan probeer gerus eenmaal die tafels en stoele so organiseer dat elkeen 'n behoorlike sitplek het, met genoeg spasie agter die stoel vir verbygaande verkeer - sonder dat almal se kniekoppe op die tafel rus! Wel, ons het gesien dit kan gedoen word, al is dit amper so erg soos die "Magic Cube" (net ongemakliker om te beweeg, daardie tafels en stoele).

Die Sosiale Klub het nuwe kersblakers aangeskaf en ons kon met rooi kerse daarin, net die regte atmosfeer vir die aand skep. Met so 'n bietjie musiek in die agtergrond en 'n voorraadjie wyn in die voorgrond was almal baie gou op hulle gemak. Die kos was uitstekend en ons kan met reg gelukkig voel oor 'n aand wat baie gesellig verloop het.

Baie, baie dankie nogmaals aan almal wat gehelp het aan hierdie baie geslaagde aand.

ANN VAN ZIJL
TYDSKRIFTE



*Watter kriterium word gebruik by die volgende klassifikasie nommers, nl.*

*944.01 - The Long-Haired Kings/J M Wallace-Hadrill*
*944.026 - Philip the Good/Richard Vaughan*
*944.026 - John the Fearless/Richard Vaughan*
*944.027 - Karel de Stoute/John Bartier*
*944.027 - Charles the Bold/Richard Vaughan*

*Dit is opvallend that sulke uiteenlopende karakters so naby mekaar staan!*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Die Posklip



Geagte Redaksie

In antwoord op kollega Rautenbach se oproep van verlede maand, wil ek net verskoning vra vir die anonieme brief; dit was nie so bedoel nie.

Dit lyk asof Marié regtig nie van droë tee by 'n verjaardag hou nie, so ons sal 'n plan moet bedink. Die Topbestuur het gelukkig net teen die koekverspreiding beswaar gemaak en nie 'n woord gerep oor egte Suid-Afrikaanse landgoedwyn en Drakensbergkaas nie.

Marié, jy is genooi vir die 3de April 1982. Bring tog net asseblief jou waterglas saam indien jy nie van jou wyn in 'n plastiekkoppie met 'n ontsmette geurtjie hou nie.

Groete

JORIET COETZEE


Dit is met gemengde gevoelens dat ek vir oulaas die pen vir Biblikasie optel. Die skielike verplasing terug na my wêreld, die Oos-Kaap, het 'n hele reeks verskillende emosies tot gevolg gehad en al wat nou oorbly daarvan is 'n mengsel van opgewondenheid en hartseer (soos van der Merwe seker moes gevoel het toe sy skoonma met sy splinternuwe sportmotor teen die berg af is!)

Na 2½ jaar in Pretoria en met slegs 10 maande daarvan in Merensky, neem ek baie swaar afskeid. Dit was 'n groot voorreg om 'n personeellid van Merensky te kon wees en ek neem baie goeie ondervinding, mooi vriendskappe en mooi herinneringe met my saam. Moet egter nie dink ek sal nie van my laat hoor nie. En die wat hom naby Port-Elizabeth begewe sonder om 'n draai te maak by die Du Preez's, sal spyt wees!

Aan almal by Ontsluiting, baie dankie vir al die hulp en vriendskap. En veral Breggie, dankie vir al jou geduld met my. Ek gaan julle almal baie mis, selfs vir "Oom" Dobis wat my lewe so gereël het! En as die wind in P E ons wil wegwaai, sal die verlange beslis baie groot wees. Aan al die ander personeellede wat ook bygedra het om my tydjie aangenaam te maak, baie dankie. En as ek met die groetery nie by almal uitkom nie, onthou net 'n mens lyk baie sleg met dik, rooi oë.

IRENE DU PREEZ

# What's Cookin?




*GESONDHEIDSBROODJIE*

*2½ koppies witbroodmeel*
*½ koppie semels*
*½ koppie koringkiem (Wheat germ)*
*½ koppie oats*
*½ koppie rogmeel*
*1½ eetlepels linseed*
*1½ eetlepels sesame seed*
*1½ eetlepels sonneblomsaad*
*1 teelepel sout*
*3¼ teelepels bakpoeier*
*2½ koppies warm water*
*1½ eetlepels heuning*
*1½ eetlepels sonneblomolie*
*3¼ teelepels anchor of NCP korreltjies suurdeeg*

*Gooi water in bak, dan heuning en olie. Moenie roer nie. Voeg suurdeeg by. Sodra dit skuim, meng met droë bestanddele. Roer goed. Smeer pan met Spray & Cook. Laat rys vir [illegible], [illegible] dubbel die grootte van die pan. Bak [illegible] uur by 350°.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



DIE SIELKUNDE VAN BOEKE VAT

DIE sielkunde van boeke vat.


In teenstelling tot bibliomanie, wat eintlik net onder rykes en (half) geleerdes voorkom, word die skaai van boeke in al die bevolkingslae beoefen, van bo tot onder. Bekend is byvoorbeeld die vattery deur straatboefies by boekstalletjies aan die Paryse Seine (hulle verkoop die gesteelde ware dan aan die bouquiniers 'n endjie verder-aan), maar net so bekend is die feit dat vooraanstaande mense soos pouse - Pous Innocentius (ja!) die Tiende is so 'n beroemde geval - hoogleraars, digters en staatslui nie hulle vingers van ander se boeke kon afhou nie. Die heel beroemdste boekdiewe is dan ook Catherina de Medici, wat deur die geskiedskrywer Janin au premier rang des voleurs de livres geplaas word, die monnik Don Vincente, wat derduisende boeke verduister het, en die Italiaanse graaf Libri wat seker die grootste dief van alle tye genoem mag word; meer as honderd jaar nadat sy reusagtige verduisterings agtergekom is, stry biblioteek- en boekkenners nog daaroor hoe groot en hoe waardevol die boeke was wat hy in Frankryk gesteel en onder meer aan die British Museum verkoop het.

Die jong bibliofiel Johannes Willms het 'n diepgaande studie van die "Affäre Libri" gemaak, maar moes tot die slotsom kom dat dit onmoontlik is om die omvang van Libri se diefstal vas te stel of om te wete te kom hoe hy presies te werk gegaan het.

Libri se volledige naam was Guglielmo Bruto Icilio Timoleone Libri Garrucci della Sommaia - kortom: 'n man wat met 'n naam belás was en van jongsaf gedwing was om minderwaardig te voel. Veral deur een naam moes hy, hoewel onderbewus, erflik belas voel: die naam "Libri" wat deur 'n verre voorvader, die digter Maffeo, 'n vriend van onder meer Petrarca en Boccacio, in die veertiende eeu aan die familienaam toegevoeg was; Maffeo was kennelik 'n groot boekliefhebber gewees. Deur dié belasting deur sy bonormale intelligensie (reeds op twintig jaar was hy professor en bevriend met onder meer Gausz, Laplace en Ampére) was hy so te sê voorbestem om 'n groot boekedief te word.

Willms vestig die aandag daarop dat die negentiende eeu (Libri is in 1803 gebore by uitstek "das Zeltalter des Bücherwahns, der Bibliomanie" is. In daardie eeu het die mensdom naamlik bewus geword van die reusagtige prestasies van die verlede, onder meer van die enorme boekeproduksie, die "burden of the Past" wat swaar op hom rus. Bibliokleptomanie is die "wanhoopsdaad van 'n mens wat besef dat hy die skatte van die lede nie kan bevat nie" en juis dáárom wil hy dit besit. 'n Ander opvallende trek van die regte boekedief is (en nou praat ons nie van straatboefies en toevallige stelers nie) dat hy, meestal onwetend, 'n intens eensame mens is wat meen dat hy die eensaamheid deur die besit van stapels boeke kan verlig. Nog verlede jaar het die polisie in Cambridge byvoorbeeld 'n ou man gearresteer wat oor die jare kamers vol boeke verduister het. Toe hulle die enorme voorraad ontdek, merk hulle dat die meeste boeke nooit gelees of selfs uit die bruinpapier uitgehaal was nie. En toe hulle aanstaltes maak om dit te verwyder, smeek die oubaas hulle moet hom liewer doodmaak as om sy boeke te neem. Wat hy toe sê, was honderd jaar eerder reeds deur die William Morris gesê toe hy ná die besoek aan 'n boekuitstalling in Burlington House geskryf het: "Such a book! my eyes! and I am beating my brains to see if I can find any thread of an intrigue to begin opun, so as to creep and crawl toward possession of it."

LETTERKUNDE
Deur L I BERTYN



ACTIS
BY PROFEESSOR JOHN FERGUSON,
SELLY OAK COLLEGES, BIRMINGHAM

We have a Labrador dog: she is called Actis. That's an old Greek name for a dog: it means 'sunbeam' and it suits her honey colour and her sunny temper. She loves people. If you come to see her she will run to the door, wagging her tail, and saying, 'How nice of you to come to see me. You don't seem to have had a very good wash this morning: let me give you one. Excuse me a moment. I've got a super bone. Let me run and get it so that you can have a lick and a chew with me.' When she was a small puppy, about as big as her head is now, she would dash to the door saying, 'What? Another of these marvellous human beings! O brave new world, that has such people in it.'

I learned a lot from Actis - a lot about what life ought to be like. You see, sometimes when there's a knock at the door or the phone rings we find ourselves saying, 'Oh dear! Who's that now?' But everyone, every single person enriches our life in some way. Wouldn't it be better if we rushed to the door thinking, 'Another of these marvellous human beings come to see us! Isn't this something of what Jesus meant when he told us to love one another.

UIT: THE EXPOSITORY TIMES
VOL 92(7) APRIL 1981



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



WEERLIGBESKERMING

Persone wat in 'n hoë weerligdigtheidsgebied woon, het geen rede om bang te wees vir weerlig nie, indien hulle huise behoorlik beskerm is en hulle redelik versigtig is tydens donderstorms. Motorongelukke eis jaarliks bykans 200 keer meer lewens as weerlig.

Vir die beskerming van woonhuise, en veral grasdakhuise en geboue in gebiede met 'n hoë weerligdigtheid, moet die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se Gebruikskode 03A/1976, Die Beveiliging van Woonhuise teen Weerlig", geraadpleeg word. Kopieë kan verkry word van die SABS, Privaatsak X191, PRETORIA 0001, of van die streekkantore: SABS Wes-Kaap, Liesbeekparkweg, ROADBANK, 7700 of SABS Natal, Posbus 30087, MAYVILLE 4058.

Vir persoonlike beskerming word aanbeveel dat u tydens 'n aktiewe donderstorm in u motor bly of in 'n huis, plantasie, grot of onder 'n oorhangende rots skuiling soek en nie onder enkele bome of naby hoë pale nie. Vermy oop ruimtes en keer so spoedig moontlik terug land toe indien u op 'n dam is. Buitenshuise sportaktiwiteite soos gholf en krieket moet gestaak word indien donderweer gehoor word binne vyf sekondes nadat weerlig gesien is. Moenie aan metaalomheinings of -hekke raak nie en indien daar nie skuiling naby is nie, gaan sit en wag totdat die weerlig verby is, eerder as om buite te loop of te ry.

Vir aanbevelings oor die beskerming van gespesialiseerde toerusting teen weerlig, kontak vir dr A J Eriksson, die Hoof van die Departement Elektriese Krag, X3963.







Dear mr Martin

Thy is my forman en jy het yours truly - Philemon Nxame instructions gegee om 'n honderd bakstene post dated van die first floor na die ground floor te transport.

Nou ekke het gevat die buket en met die tou wat na 'n pulley op die second floor ek het getrek die buket op toe lappaside first floor window en toe ekke het vasgemaak die tou aan die grond.

Nou ekke het galaai die honderd bakstene deur die venster in die buket en toe ekke het afgeloop na die grond en het losgemaak die tou. Nou die buket het geweeg banja meer as ekke Philemon, but not wishing to damage the companies goods ekke het vasgehou die tou.

Nou die buket het afgekom at one helluwa speed en Philemon hy gaan op at the same speed en halfway down the two meet, nou die buket hy slat vir my one time for better or worse, maar wat hou is Philemon en soos die buket verder val so ekke gaan verder op tot my arms entangle word in die pulley, at the same time the buket slat die grond met such great velocity dat die bottom uitbreek en die bakstene scatter all over the place.

Nou ekke Philemon, weeg swaarder as die buket en soos ekke gaan af die buket hy gaan op. One more time the bucket slat my outa, my skull en toe ekke val en ekke val op die stukkende bakstene - hau - too much pain.

More or less daai time ekke moes leave of my sensus gevat het, want soos ekke sit vol pain tussen die bakstene ekke los die tou. Nou die buket weeg swaarder as die tou en soos die buket hy kom af hy crash Philemon op Philemon se kop en condem alles wat toe nog all right was.

I respectfulle request sick leave.

Yours cincerly

Philemon Nxame.

Wat 'n geluk dat daar by Merensky net 'n vormpie ingevul hoef te word! Redaksie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



*Heuning bly maar een van Natuur se helendste middels. Dit word met sukses in sekere hospitale as geneesmiddel op wonde gebruik - met treffende resultate.*

*A smile is a gift you can give each day.*

*Too many wish to be happy before becoming wise.*
*Mad. Necker.*


*Its not what's behind us or what's before us, but what's in us.*

*VAN RIA VIVIERS*

*Aan Ria gegee van Prof Dawie Botha*


*DIE OORSPRONG VAN WOORDE*

*Ortopedie - uit Grieks*
*orthos - regop en pedos - kind, by implikasie die Kind sonder deformiteite.*




# -UITSTALLINGS-








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Boekbestellings

Van die personeel het gedurende die wintervakansie verlof geneem om 'n bietjie te gaan uitrus. Twee van ons kollegas het met splinternuwe vanne teruggekom! Ons beste wense aan mevv Magda Coetzee en Maretha Rossouw vir gelukkige huweliksjare.

Almal het so tussen die ontvangs van boeke, korrespondensie en besitkontole van bestellings ook met rakkontrole gehelp.

Die eerste helfte van die jaar het ons 'n druk tydperk beleef want ons het 9 000 bestellings hanteer, 2 500 briewe geskryf en 6 000 boeke ontvang.

Sterkte aan almal vir die laaste deel van die jaar!

RITA BOTES




## INTER

Te midde van 'n vakansiestilte wat op die kampus en in Merensky geheers het, het die bedrywighede in IBL se geledere voortgegaan. Die nimmer-eindigende gegons van die telex het gesorg dat die mandjies met aanvrae en navrae nooit leeg word nie. Jammer ons het nie 'n minister van robot (telex) sake wat masjiene verplig tot 'n vyfdagwerk-week en verpligte vakansie nie - dan sou die stilte dalk tot hier deurgedring het. Ter nabetragting blyk dit egter 'n voordeel te wees, want die baie medici kon dit dalk as 'n siekte gediagnoseer het en met kwarantynmaatreëls tot IBL beperk het .....!?

Helena is weer terug na 'n kort omswerwing in Noord-Transvaalse Bosveld, terwyl Denise ook 'n bedrywige vakansie met 'n Rodweiler tema en variasies (Dr Spock se handboek?) verruil het vir die "rustige" besigwees in IBL;

Maryna en Annette het ook besluit om vir 'n wyle uit te wyk na die rus wat elders is. Hulle sal dit hopelik baie geniet.

Belangrike Naskrif: IBL se personeel sê dankie vir biblioteekdeure wat weer kan toemaak - ook net betyds anders was ons spoedig geklimatiseer vir die volgende ekspedisie na Antartika.

## BUITEMUURS

Dit gaan nog goed met ons by Buitemuurs, daarom kla ons ook nie. As ons tog die dag kla, is al wat ons vra, 'n simpatieke oor.

Ons wil graag vir mnr du Toit hartlik gelukwens met die herdenking van sy veertigste jaar in die tuig. Van hierdie veertig jaar is hy nou al twee-en-twintig jaar in diens van die Merensky Biblioteek (meestal by Buitemuurs). Dit is inderdaad 'n groot prestasie.

Ons as personeel wil vir u ook bedank vir al die opofferings van u kant af en ook vir u goeie gesindheid teenoor ons.

Piet Lourens het ons ook verlaat en het vertrek na Walvisbaai. Hy gaan nou 'n volbloed Suid-Wester word en sê groete aan almal wat moet agterbly tussen die boeke.

Mooi bly en wees gegroet

UIT DIE MIDDESTAD




*"... and they told us it's going to get worse."*

## TYDSKRIFTE

VAN ZIJLSDRIF

Hier by ons gebeur alles so vinnig dat dit selfs vir ons partykeer moeilik is om by te bly. Hiermee dan 'n paar punte van belang:

Ons het een van die trapsitters gevang om ons A-kardeks te kom beman. Baie welkom Elizabeth, ons hoop jy hou by so tussen die "swottings" en werkery deur. Ons poging om die trapsitter te vang was egter so erg dat een van ons ander in die slag gebly het. Ansie, minus 'n blindederm, is reeds vir twee weke nie by die werk nie. Baie sterkte ou Ans, ons hoop jy is gou beter.

Met die res van die afdeling gaan dit soos altyd uitbundig en voor die wind.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Marie Fourie Beplanning · Prof Boon


Elizabeth Pretorius Tydskrifte


Annatjie Myburgh Alg. Admin.


Elsie Mulder - Beplanning


Mona Alberts Tikster


Irene du Plooy - Ontsluiting


Annemarie Nappe Tikster


Piet Laurens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

GELUK


Die Merensky Biblioteek voel baie trots om nog 'n personeellid te hê, wat die toekenning van die Noord-Transvaalse Tak van SAIBI vir die beste student in Biblioteekkunde gedurende 1980 ontvang het.  Susan Swanepoel, nou Susan Marsh is tans 'n lid van Ontsluiting.  Biblikasie sê vir haar baie geluk met die prestasie.








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# BIBLIKASIE

AUGUSTUS '81

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



STANDAARDE

Sedert UP-DOBIS in die lewe van die Biblioteekdiens geïnstalleer is, het alles met 'n dolle vaart begin beweeg. Nie net die spoed waarmee ander biblioteekfunksies vir rekenarisering in aanmerking kom nie, maar ook die spoed waarmee werk afgehandel kan word.

Hierdie spoed waarmee werk afgehandel kan word het 'n baie belangrike invloed op die beplanning van die werksvloei deur 'n bepaalde seksie wat op sy beurt werksvloei in alle ander seksies teenoor mekaar kan beïnvloed. Al is dit noodsaaklik dat ons vir ons seksies waar die rekenaar reeds gebruik word en nog gebruik gaan word, standaarde wat vasstel ten einde die werksvloei en dus ook die werkslas wat 'n bepaalde Seksie kan dra, te bepaal.

So is Seksie Makro-ontsluiting die eerste wat begin werk het aan die skepping van 'n stel realistiese standaarde vir die take wat in die Seksie verrig word. In November 1980 is daar met die insig wat daar was deur die personeel 'n groep standaarde gestel wat tot einde Junie 1981 getoets is. Die tyd het egter geleer dat die standaarde onrealisties hoog was. Aan die hand van werkverrigtingstatistiek van die individuele ontsluiters waarvan sommige as newe-produk van die programme verkry is en ander per hand getel is, is nuwe standaarde gestel wat weer vir 'n periode van ses maande getoets sal word. So sal daar binne 'n redelike tydperk 'n stel realistiese standaarde gegrond op werklike statistiek en met in agneming van alle eksterne faktore wat daarop kan inwerk, die lig laat sien.

Nou kan daar aan die hand van u standaard vir die hoeveelheid boeke wat 'n onstluiter per week behoort te kan hanteer bepaal word watter hoeveelheid materiaal kan die Seksie as geheel per maand, per kwartaal en dus ook per jaar hanteer. So ook kan die personeelbegroting van die Seksie weer akkuraat bepaal word ooreenkomstig die aantal bande wat per jaar vanaf Seksie Boekbestellings deurgestuur word.

Aan die anderkant kan die standaarde ook 'n impak hê op die aantal bande wat deur die Seksie Boekbestellings bestel moet word en gevolglik ook op die aantal aanbevelings wat die vakbibliotekarisse kan deurstuur en uiteindelik op die totale begroting van die Biblioteekdiens.

Die bepaling van hierdie tipe standaarde sal dus noodwendig in alle ander Seksies en afdelings van die Biblioteekdiens plaasvind, sodat daar met behulp van diê inligting doeltreffende oorkoepelende beplanning deur die topbestuur van die Biblioteekdiens uitgevoer kan word..

Standaarde wat deur ons Biblioteekdiens opgestel word is ook weer vergelykbaar met standaarde in ander universiteitsbiblioteke waar soortgelyke gerekenariseerde toestande bestaan en so is ons almal saam besig om baanbrekers werk te doen.

## UIT TOPBESTUUR SE KANTORE

- Op 7 Augustus is daar weer eens 'n baie geslaagde Ope-dag gehou. Die personeel van die Rekenaarsentrum en Dataverwerking, was hierdie keer die gaste.

- Prof Gerryts het die afgelope maand vergaderings gehou saam met die Vakbibliotekarisassistente, Afdelings Leendienste, Boekbestellings en Makro-Ontsluiting.

- Die leenfunksie van DOBIS/LIBIS naamlik LIBIS-ONLINE is sedert die begin van die jaar getoets. Nadat 4 verslae die lig gesien het, is die stelsel op 20 Augustus deur die Koördineringskomitee vir Biblioteekrekenarisering aanbeveel en sal hierdie aanbeveling nou na die volgende vergadering van die Biblioteekkomitee deurgevoer word.

- Prof Gerryts vertrek op 11 September na die buiteland. Mev Gerryts vergesel hom die eerste twee weke. Biblikasie wens hulle 'n baie aangename reis toe. Prof Gerryts onthou net: "All work and no play ..."



*VERJAARSDAE - SEPTEMBER*

| *NAAM* | *AFDELING* | *DATUM* |
|---|---|---|
| Mev A M Myburgh | Algemene Administrasie | 7 |
| Mnr A P S Grobler | Vakbibliotekarisstelsel | 10 |
| Mev M W Rautenbach | Boekbestellings | 13 |
| Mnr D J Hughes | Bindery | 15 |
| Mej M S Mörsner | Ontsluiting | 18 |
| Mnr T B vd Walt | Beplanning | 18 |
| Mej S Möller | Mediese-Biblioteek | 19 |
| Mnr W S H Porter | Bindery | 20 |
| Mev A Moolman | Musiekbiblioteek | 20 |
| Mev I M v Niekerk | Vakbibliotekarisstelsel | 22 |
| Mev D Wheeler | IBL | 25 |
| Mev S M J Viviers | Vakbibliotekarisstelsel | 27 |
| Mev C J du Plessis | Toonbank | 28 |
| Mej R van Staden | Reprografiese dienste | 29 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KINDERLEKTUUR IN 'N UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK?

'n Goeie kinderboek moet juis
dit wees
dat kind ên grootmens
daar iets in kan lees.

Ons het vroeër gesê dat naas die letterkunde, die kinderboek ook in sy illustrasies kuns in eie reg skep. Kom ons kyk 'n slag na die waarde van die kinderboek vir die KUNS- en opleiding van kunstenaars.

Die kunstenares Katrine Harries wat as kunstenares van formaat beskou word, het verewig geraak in die dun beentjies van Alie - van Rivierplaas, en in die krullebol van Katrientjie van Keerweder, en sal onthou word vir die skepping van 'n kunstradisie in eie reg. Selfs jonger kunstenaresse soos Sheila Nowers en Cora Coetzee bewys hulle veelsydigheid deur hulle uitstekende kinderboek-illustrasies.


Dit is opvallend hoe 'n groot aantal kunsstudente reeds 'n aanslag op die Merensky se redelik karige versameling kinderboeke maak.

KULTUURGESKIEDENIS

'n Groot deel van ons eie, of enige ander land se kultuur word in sy kleuterrympies opgeneem; waarskynlik omdat dit van geslag tot geslag gebruik word om aan die slaap te sing, uit te tel, of mee te koggel. Die volgende voorbeeld kom uit Leon Rousseau se Rympies vir Kleuters.

*JUKKE EN SKEIE*

*Jukke en skeie*
*slaan die hennetjie dood*
*sy lê te min eiers*
*sy eet te veel brood.*



Die waarde wat SIELKUNDE, SPRAAKHEELKUNDE en die KINDERLEIDINGINSTITUUT uit kinderlektuur kan put, wil ek as een geheel sien, omdat daar by almal in wese dieselfde betrokkenheid by die kind is. Marilyn Nye begin haar artikel "Children's Literature to Educate Adults" met die volgende woorde: "Many recent children's books have provided a delightful way to expand both a teacher's and parent's understanding of child behaviour. What better source for learning about the "early childhood set" than from their own boots?"

Aspekte soos die ouer/kindverhouding verwagtings van ouers ten opsigte van hulle kinders, aanpassingsprobleme in 'n nuwe omgewing, skool, of met 'n nuwe aankomeling in die familie, word in soveel boeke beskryf, en dit kan vir die volwassene wat dit lees van veel insig wees, terwyl dit vir die kind vir wie dit gebruik word van begrips- sowel as terapeutiese waarde kan wees.

Elsabé Steenberg beskryf in haar verhaal Huis Paleis Pondok uit die bundel Storiehuis Woordpaleis die situasie waar Aletta aan die begin van die verhaal die Oliekolonie op haar kop omkeer, en aan die kamer se mure smeer om die nuwe skreepotbababoetie se nare reuk uit die huis te kry... en aan die einde van die verhaal voel sy die nat babalyfie, en die babareuk is lekker so naby haar ...

OPVOEDKUNDE:

Dit is veral toekomstige kleuter- en laerskoolonderwysers wat deur die wêreld van die kinderboek die wêreld van die kind beter kan leer ken en verstaan - en later ook dit leer kan waardeer waaruit hy of sy geleer het.

Die volgende versie, ook uit Leon Rousseau se Rympies vir Kleuters hoef darem nie noodwendig aan die kleuters geleer te word nie, maar kan 'n heerlike toepassing word wanneer die situasie hom voordoen:

*AB Boek!*
*Meester sit in die hoek*
*hy eet 'n stukkie koek*
*en slaan die kinders wat vloek*
*AB Boek.*




BIBLIOTEEKKUNDE:

Kinderlektuur word normaalweg onder Leserkunde aan universiteite gedoseer en die boeke soos Die Kind en sy Literatuur en Children and Literature versier die Biblioteekkunderakke - met weinig voorbeelde ter illustrasie van dit waaroor daar geskryf word.

Die SABV in die verlede en seker ook SAIBI in die toekoms, is juis die liggaam wat hom beywer het vir die bevordering van die goeie kinderboek; en wat gesorg het vir die instelling van bekronings soos die CP-Hoogenhout- en Katrine Harries-pryse. Die feit dat vele van die bekroonde werke hier plaaslik skitter in hulle afwesigheid, dui nie juis op 'n groot vertroue in ons Beroepsliggaam se vermoëns nie - of dalk het die pap maar net al die jare tussen die hand en die mond op die grond geval!

Dit bring ons seker by die belangrikste kwessie - wie moet dit aankoop, en watter Departement sal moet geld afstaan wanneer so 'n versmaeling tot stand gebring en uitgebou word?

As 'n mens kyk na die groot- en uiteenlopende gebruikersgroep wat geraak word, lyk dit asof hier van 'n spanpoging sprake moet wees, met die Biblioteekdiens self ook as 'n medebetalende aandeelhouer, op grond van sy SAIBI verbintenis.

Vir oulaas iets wat elkeen wat in 'n biblioteek werk sal ken: Hester Heese se Dis lekker om te lewe, uit die bundel Verskombers:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Elke more is mooi vir my*
*elke stil somermôre*
*as ek met my fiets skool toe ry*
*en die wind koes deur my hare*

*en elke aand, lekker lekker aand*
*elke aand wil ek stokkiesdraai*
*en speel en lag en stories lees*
*tot dagbreekmôre met hanekraai.*



.... en mag ek hoop vir nog baie Trippe Trappe Tone, Karlien en Kandas, Verskombers en Storiehuis Woordpaleise op die Merensky se rakke in die toekoms!

BIBLIOGRAFIE:


1. GROBBELAAR, P W Trippe Trappe Trone. Kaapstad. Tafelberg 1969.

2. LOHANN, C A Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind. Potchefstroom, D.Phil, 1972.

3. M E R, Karlien en Kandas Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1950.

4. BOUWER, A Stories van Rivierplaas. Kaapstad, Nasionale Pers, 1955.

5. BOUWER, A Katrientjie van Keerwater. Kaapstad, Tafelberg, 1961.

6. ROUSSEAU, L. Rympies vir Kleuters , Kaapstad, Human en Rousseau, 1974.

7. NYE, M L Childrens Literature to Educate Adults. Language Arts 54:51-4, Jan.77

8. STEENBERG, E Huis Paleis Pondok in Storiehuis Woordpaleis. Kaapstad, Tafelberg, 1979.

9. PIENAAR, C. Die Kind en sy literatuur. Kaapstad, HAUM, 1970.

10. HAVILAND, V Children and Literature Illinois, Scott Foresman, 1973.

11. HEESE, H Dis lekker om te lewe in Verskombers. Kaapstad, 1977.


MAGRIET LEE

SLATER, M. Career Patterns and the occupational image. London: Aslib, 1979. (Aslib. Occasional publications; no. 23); vi, 334p. ISBN 0 85142 122 9 pbk: £18.00 (£15.00 to Aslib members).

The public, the profession itself, newspapers, books, films, T.V. and pornography were investigated for the light they throw on the librarian. The prevailing public image is out of sync with reality - by about 80 years in the novel. Here we see thin, ugly incompetent women, with hate in their hearts. Things are not much better in the press, which likes to draw attention to atypical librarians who rescue people, or are the victims of crimes passionelles, or are dotty about Arsenal. No wonder librarians were pleased with the image of a tousled, unlaced young woman in a stable that Smirnoff spread around. In the middle there are perceptive reflections of important things: Animal Farm filed with the kiddies' books, too busy with the statistics to attend to you now, the scholar's scholar, on the Prestel screen - "ASK YOUR LIBRARIAN", and my favourite cartoon - "Despite this ridiculous T-shirt and my odd hair style, I am a qualified librarian".

The general public see the librarian as having a more important, worthwhile job than the information officer. He is an unfamiliar concept to them. They certainly do not associate him with science, but they do see him as having an exciting job, concerned with the contents of documents rather than the documents themselves. A librarian moves books around. It seems that both jobs lack status in the public eye - on a par with the secretary and the bookseller, perhaps, and definitely a cut above the estate agent and salesman. But these are at the bottom of a long list of comparisons!

From people's responses on what they liked about their present job and, and their reason for entering the profession in the first place, Margaret Slater was able to construct a separate self-image. A librarian is typically a woman in her thirties, but not an introspective, authoritarian, cold person any more. She sees herself as having an educative function. She entered the profession with a motivation to serve, a desire to help, and/or a romantic addiction to books and reading - "you're helping people, without getting too deeply involved." People with problems are welcomed, but definitely not problem people. The information worker's self-image is a concept translator, a technical journalist. He is in his early forties and has a family. He is a detective manqué. He likes problem solving, intellectual puzzles, even, but does not want to get involved in the world of violence and villains. (Maybe he did not want to be pinned down at the work bench, either, because he is very often an ex-chemist engineer.) He also has the satisfaction of helping others, but this is discovered later, and is not the prime motivation. He is really a dedicated beneralist who wants to keep on top. Asked whether they would choose the same accupation again, only half said yes. (To this same question 86% of physicians and farmers say yes, 70% of nurses 74% of university teachers, 47% of secretaries clerical workers).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

The project started as an interest in mobility and turnover rates in the library profession overall. Margaret Slater wondered at the motivation for joining and leaving - hence the work on the image. This part of the book is interesting and entertaining, but I think it also supplies an answer to one of the questions with which we torment ourselves and each other - what is the difference between librarianship and information work. It is the people that are different?

TOM WHITEHALL
Department of Library and Information Studies, Loughborough University





ARROGANTE EISE AAN UNIVERSITEITE

'N DEUNTJIE wat al hoe meer in Suid-Afrika gehoor word, is dat daar al hoe minder behoefte is aan sekere suiwer geesteswetenskappe. Taalkunde geskiedenis en sosiale wetenskappe is "Middeleeus", of so nie oorbodig in terme van "harde" ekonomiese prioriteite. Wat Suid-Afrika nodig het, is meer ingenieurs, ouditeurs, rekenaarwetenskaplikes - meer "mense van die praktyk". Arrogante eise word aan die universiteite gestel om mense klaar afgerig vir die praktyk te lewer. Klaarblyklik is niemand opvallend bewus van die vals klanke in hierdie materialistiese deuntjie nie. Vals klanke soos die volgende:

- Dat ekonomiese prioriteite die een en al is van 'n land se kultuurstrategie. Dien geprojekteerde groei werklik menslike doeleindes op die lang en kort termyn? Om op hierdie vrae antwoord te kry, is die "Middeleeuse" menswetenskappe noodsaaklik vir die totale strategie van 'n land se kultuur as teenvoeter vir die materialisme van die geldmaker.
- Dat universiteitsopleiding sonder meer uitgelewer word aan die vraag- en aanbodmeganisme van die ekonomie. Wat se soort wêreld gaan ons kry waarin bykans net ingenieurs, bedryfsleiers en hoog opgeleide gesofistikeerde smouse die kulturele toon moet aangee, veral nog as hulle opleiding bloot bestaan het in die verteer van feitekennis, en hulle geestesvorming agterweë gebly het, omdat dit nie "prakties" genoeg is nie?

Dat ons liewer vroegtydig 'n regmatige plek gun aan daardie soort geesteswetenskappe wat hulle met die "geestelike" aspekte van die mens se bestaan besig hou, as wat agterna lapwerk aan 'n kultuur gedoen moet word wat op loop gegaan het met slegs materiële voorwaardes vir die mens se bestaan. Die suiwer wetenskappe (wat natuurwetenskappe insluit) wat nie in diens staan van een of ander verbygaande praktyk nie, is geen luukse nie, maar een van die hoekstene van beskaafdheid.

UIT: WOORD EN DAAD Jrg 21 nr.288, Aug 1981



'N FABEL VIR TEETYD

Eens op 'n tyd, so begin alle goeie sprokies mos, was daar in 'n ver land twee state. Die een staat was Mer. Daar het hulle boontoe gestreef en hulle het baie boeke gehad. Die ander staat was die hertoginnedom van Skie. Hulle het laer af geseil en hulle het baie tydskrifte gehad.

Toe breek die era van die Groot Keiser aan. Vir die goeie Uniale Politiek (kortweg: UP) het hy dit goed gevind dat hierdie twee state moet saamwerk en so skep hy die ryk van Mer en Skie.

En die ryk het gefloreer. Daar was aktiwiteit vanaf die ligte van Nashuaxeroxibm tot by die hek van dong.

Maar op 'n dag sit die keiser peinsend op sy troon.

"Julle weet," sê hy aan sy Vise-kanseliers, "ek het alles bereik wat 'n keiser sou wou, maar dit is net vir een ding..."

"Wat kan dit wees?" vra die Vise-kanseliers.

"Ek het alles," antwoord die keiser, "behalwe 'n ...... gevallestudie. Gaan nou na die Veebee en bring vir my 'n gevallestudie."

Sonder verwyl het die Vise-kanseliers die opdrag oorgedra aan die Veebee wat die Kuns verstaan om 'n gevallestudie hok te slaan. En na verloop van weinige dae was die Veebee terug. 'n Oudiënsie met die Keiser word toegestaan.

"Ja, en toe," vra die Keiser, "het jy 'n gevallestudie vir my?"

"Seker, ja."

"Nou goed, laat ons hoor," beveel die Keiser.

"Dit blyk," sê die Veebee, "dat daar 'n gebruiker na 'n publikasie kom soek het..."

"'n 'Publikasie'?" val die Keiser ongeduldig tussenbeide, "bedoel jy 'n boek of 'n tydskrif?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Wag, wag," sê die Veebee met hand omhoog. "U sal nog hoor. Dit blyk toe die titel van die publikasie is British Museum (Natural History). Fossil Mammals of Africa."

"Ja, ja," sê die Keiser opgewonde, " 'n tydsrif, beslis. En toe gaan kyk julle op die mikrofiche?"

"Juis, u het gelyk, en toe staan daar ...."

"...Onder British Museum...," vul die Keiser aan.

"...Kyk by Fossil Mammals of Africa."

"Mooi," sê die Keiser want hy het niks teen kruisverwysings nie.

"Maar," gaan die Veebee voort, "maar toe ons by Fossil Mammals kyk, is daar, vreemd hoegenaamd geen inskrywing nie!"

"O gits," sê die Keiser en slaan sy hande saam. "En toe, wat doen julle toe?"

"Wel, net om al die moontlikhede te monitor, gaan ons na die reekskardeks by Boekbestellings om vas te stel of die publikasie nie straks 'n boekbestelling is nie."

"Wys, baie wys," beaam die Keiser en om sy skerpsinnigheid te toon, vra hy, "toe kyk julle natuurlik onder Fossil Mammals of Africa?"

"Netso, en raai, dáár staan, u sou nooit glo nie..."

"Gaan kyk onder British Museum",voltooi die Keiser.

"Ja, ja," sê die Veebee, nou heeltemal oorstelp van opgewondenheid, "maar toe ons kyk waarheen ons verwys was, toe is ook dáár geen inskrywing nie!!"

"Agge nee!" roep die Keiser en onhuts spring hy van sy troon. "Jy hou my hier vir die gek. Ek weet hierdie is maar net 'n sprokie, maar selfs 'n sprokie verg darem 'n basis van realisme. Nee, ek kan regtig nie aanvaar dat soiets ooit kan gebeur nie ..."

Of kan dit dalk?

*The Art of Biography*
*Is different from Geography.*
*Geography is about Maps,*
*But Biography is about Chaps.*





"DI" TROUE

Groot was die opwinding in die Merensky op Woensdag 29 Julie toe Sy Koninklike Hoogheid, Charles Kroonprins van Wallis ... en so aan ... sy bruid, die Lady Diana Spencer, in 'n prinses verander het.

Maande voor die troue is daar al vuisgeslaan oor wie die Merensky sou moes oppas en wie die uitverkore vasgenaeldes voor die kykkassie moes wees.

En toe breek "Di" dag aan: die Merensky is amper leweloos wat gebruikers ēn personeel aanbetref. Net hier en daar steek 'n verdwaalde gebruiker op die tweede verdieping kop uit om die oudio (waar was dit?) visuele aanbieding ter ondersteuning van die uitstalling (of was dit ter wille van die agtergeblewenes?! ), te besigtig.

Die volgende groot oomblik was die uitklimslag! Skaars het Di haar glasskoentjies uit die koets gelig sodat "Di" lank reeds bespiegelde rok sigbaar geword het, of die tonge begin gons en die skêre - hier ter plaatse! - begin oorsny. "Di" rok was in 'n rekordtyd (en op eg bibliotekale wyse) geklassifiseer as grotesk ... middeleeus ... afskuwelik ... gekreukel ... oudmodies ... onvleiend en helaas ook ... sprokiesagtig! In die Merensky het jarelange vriendskappe begin 'trou'-breuk ly as gevolg van die sterk "pro-rok" en "anti-rok" bewegings wat begin kop-uitsteek het.

Tog het die koerantjoggies op straat letterlik munt geslaan uit die okkasie veral uit "Di" soen op die balkon! Daardie amoreuse daad van die witperd-prins het al wat vroumens is laat terugverlang na beter dae. Nóg 'n veer in ou Charles se hoed was dat hy tog só sprekend baie op onse Professor Gerryts lyk! (Of is dit vice versa?!)

Teen dié tyd lyk dit darem asof die ergste troukoors al oorgewaai het, want die "pro-rokkers" en die "anti-rokkers" praat alweer (hoewel net in kort sinne) met mekaar. Die pro's verslind steeds al wat publikasie is oor die gedoe! ... hoe lyk dit met 'n spesiale klasnommer vanuit ontsluiting vir 'adellike troues'...

N.S Ons wonder maar net hoekom Yolinda du Toit 'n week met vakansie was ... troukoors?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ODE TO THE IMPOSSIBLE GAME

*"I can learn from the pros," I told myself*
*As I lifted my video machine to the shelf.*
*"With a good collection of matches on tape,*
*I'll whip my whole tennis game right into shape.*
*It's simply a matter of skilled imitation-*
*Biofeedback, repitition, and visualization."*

*I studied the Tanner serve by the hour,*
*Researching the source of that*
*mind-boggling power.*
*I watched Bjorn's footwork and laser-like pace,*
*And I carefully mimicked the Goolagong grace.*
*I absorbed the complexity of Martina's slice;*
*And I taught myself how to be Arthur Ashe-nice.*
*I Marveled at McEnroe's ceaseless tenacity,*
*And I strove to assimilate Jaeger's audacity.*
*I scrutinized Connors' return of the serve,*
*And I borrowed a little of Billie Jean's nerve.*

*I can dance on my tiptoes exactly like Tracy;*
*My clothes are all name brands;*
*my panties are lacy.*
*My two-handed backhand is modeled on Chris's;*
*I can clown like Nastase does when he misses.*
*I've memorized Braden's statistics and tips,*
*And practiced my Western and Continental grips.*
*I train for my matches with protein and sprints,*
*And I've tried all the rackets,*
*from graphite to Prince.*

*I try to use something from each of the greats,*
*Combining the best of their inviable traits.*
*But somehow the chemistry just isn't right;*
*My volleys are flaccid, my lobs have no height.*
*My serve is a puffball, my strokes lack finesse,*
*And my concentration vanishes under duress.*
*I hit down-the-line when I try for crosscourt*
*And my tactical drop shots still drop a bit short.*
*I find myself wandering toward no-man's land,*
*And my deep shots don't go*
*quite as deep as I'd planned.*
*When faced with a floater I quake in self-doubt-*
*By the time I recover, I've hit the ball out.*

*It's quite unattainable, the excellence I seek;*
*But the dreams keep me out there,*
*five times a week.*

GAY S GASSER




**Some learnings require more than knowledge and understanding!**

## VERRASSING OP DIE 13de

Die 13de Augustus was weer 'n dag van professionele vergadering hou vir die Vakbibliotekarisse. Vooraf het ons egter sulke vriendelike briefies in mooi geel koevertjies van die SOP-vergadering ontvang - 'n uitnodiging na 'n klein geselligheidjie in die teekamer daarna. Almal het baie uitgesien daarna, maar so 'n fees het ons sekerlik nie verwag nie. Sagte rooi kerslig het almal dadelik in 'n ligte luim geplaas. En die kos! Bobotie, geelrys, nagereg uit die boonste rakke! Alida het 'n paar hooogtepunte uit haar oorsese reis met ons gedeel en almal het heerlik gesels en gekuier. Die Vakbibliotekarisse wil hiermee die SOP-vergadering weer eens hartlik bedank vir 'n groot fees!





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Eendag was daar

Eendag was daar 'n dogtertjie. Haar naam was Madeleen. Sy was agt jaar oud. Sy kon al goed lees en skryf. Sy kon ook droom.

Madeleen se pappa was 'n bibliotekaris. Hy was eers 'n onderwyser wat kinders leer lees en skryf en somme maak het. Toe studeer hy verder en word 'n bibliotekaris by 'n universiteitsbiblioteek.

In die skoolvakansie het Madeleen eendag saam met haar Pappa werk toe gegaan. Hy was 'n vakbibliotekaris wat tussen 'n klomp boeke gesit het, met baie papiere op sy tafel, en kort-kort het daar mense vir hom iets kom vra. Party wou net woordeboeke hê, of weet waar die kleedkamer is, maar ander het lank gesit, en baie gepraat. Hulle het woorde gebruik wat sy nie altyd verstaan het nie.

Wat vir Madeleen die wonderlikste was, was die baie boeke. Boeke vol letters, wat dan woorde gemaak het, en boeke vol syfers en strepies wat vir haar vreemd was. Daar was rakke vol boeke met letters in. Pappa het by sy tafel gesit en op die papiere geskryf totdat almal vol was. Toe het hy begin somme maak. Hy het sulke rye syfertjies oor en oor opgetel - soveel keer dat sy moeg geword het, en vir een van die tannies 'n boek met groot prente van honde gaan vra het.

Daardie nag, net na haar ogies swaar geword het van Klaas Vakie se sand, het sy by Letterland gaan kuier. Die hoofletter A en en die 5 het haar kom haal. A het haar geroep, en sy het binne-in die 5 se ronde magie gespring en heerlik daarin gery tot sy onder haar honderde lettertjies en syfers gesien staan het.

Hulle het saggies gaan land, en al die letters en syfers het nuuskierig nader gestaan. "Is dit waar julle almal vandaan kom?", het Madeleen verbaas gevra. "Al die letters in my storieboek en op Mamma se inkopielysie, en in Pappa se biblioteek ....." "Ja," het die E geantwoord - met sy breë voet plat op die aarde. "Hulle kom ons hier haal vir die hele wêreld se skryfwerk."

"Sjoe, raak julle dan nie op nie?" het Madeleen nuuskierig gevra. "Is dit hoekom daar so min van julle is - amper minder as in Pappa se biblioteek." "Hulle mors met ons - hulle mors met ons", het die klein 2 gesê - sy spitsneusie sommer so verontwaardig in die lug.

"Haai, is dit regtig so?" het Madeleen gevra. "Ja", het die C geantwoord, en sy diep stem het sommer so uit sy maag gekom. "Lank gelede kon min mense skryf, en hulle kon ook nie boeke druk nie. Toe was elke letter spesiaal. Almal was mooi letters. Toe het 'n man - sy naam was Gutenberg, eendag vir sy vrou 'n borsspeld uit hout gekerf, omdat hy te arm was om 'n geskenk te koop. Haar naam was Anna, en hy het die "A" uitgekerf. Toe dit klaar was, het die letter per ongeluk in die verf geval, en toe Gutenberg dit afdruk om dit skoon te kry, het hy gedink dat hy mos baie letters so kan maak, en boeke so kan druk. Van daardie dag af het hulle al hoe meer letters en syfers elke dag kom haal, en vandag is dit so erg, dat die dwergies ons nie meer vinnig genoeg kan maak nie!"

"Maar mense moet mos kan skryf," het Madeleen gekeer. "Mense ontdek altyd nuwe dinge, en hulle moet dit mos neerskryf ... en wat van al die nuwe stories wat vir kinders uitgedink word!" "Nee Madeleen," het die N geantwoord. "Ons kla nie oor die nuwe dinge wat geskryf word nie. Ons kla oor dieselfde goed wat oor en oor geskryf word, en niks nuuts bring nie. Soos mense baie onnodig en te veel praat, kan hulle ook so mors as hulle skryf. Julle praat van Morsjorse, maar het jy al van 'n Syferslons of 'n Letterlieplapper gehoor? Dis wat ōns hulle noem." "Dieselfde - altyd - dieselfde ..." sê die klein e'tjie en wikkel soos Ouma-Plaas se skommelstoel op sy ronde voetjie rond.

"Haai, nou verstaan ek baie beter - en ek belowe julle, ek sal altyd net mooi letters maak, en ek sal dink voor elke woord wat ek skryf - dat ek julle nie verder opmors nie," sê Madeleen. "Ek sal my maatjies ook vra om mooi met julle te werk - maar ek weet nie so mooi van die grootmense nie ..."

Toe Madeleen die volgende oggend haar ogies oopmaak kon sy onthou dat sy op die 2 terug gery het huistoe, met haar arms styf om sy nek - en dat hy amper soos 'n perdjie gelyk het.

"Pappa, hoekom gebruik grootmense so baie letters en syfers?", het Madeleen aan ontbyttafel gevra. "Omdat dit ons werk is, Liefie," het Pappa geantwoord, maar hy het nie eintlik gehoor wat sy sê nie - hy het gedink aan sy kwartaalverslag se statistiek wat nie wou klop nie, en die verslag oor rakruimte wat daardie dag nog moes klaar kom ...


MAGRIET LEE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## What's Cookin?



TRIFLE (Linda se Ma s'n)

Bestanddele:

1½ pakkies Boudior beskuitjies
Melktertvulsel
1 pakkie roojellie aangemaak met slegs een koppie kookwater
Sjerrie of soet rooiwyn
1 pakkie Orly whip (binne-in is daar 2 pakkies - gebruik albei)
1 pakkie okker- of pekanneute
Kersies

Melktertvulsel:

3 eetl suiker )
1 eetl Maizena ) Meng goed
1 eetl meelblom )
2 eiers

Kook 2½ koppies melk en 1 groot eetlepel botter saam. Meng melk geleidelik by meel- en eiermengsel. Laat kook. Haal van stoof af en gooi 1 doppie vanielje by.

Metode:

Doop helfte van die Boidoir beskuitjies in die jellie en helfte in die sjerrie. Pak een ry jellie beskuities en een ry sjerrie beskuitjies om die beurt onder in poedingbak. Sit 'n laag melktertvulsel oor, dan 'n laag Orlywhip (styfgeklits met 'n bietjie suiker of versiersuiker daarby), dan fyngemaakte neute. Herhaal die beskuitjies, melktertvulsel en Orlywhip. Versier laaste laag met heel neute en kersies. Hierdie nagereg kan 'n week voor die tyd gemaak word. Los die versiering dan uit tot net voor bediening.


HOENDERGEREG

Kook 1 hoender sag met sout, peper, naeltjies ens. Ontbeen en sny in stukkies.


Braai in 'n pan in botter: Uie en sampioene. Maak 'n witsous in die pan (gooi 1 koppie melk in die pan. Meng ½ koppie melk en 3 teel. mielieblom - bietjie opgehoop. As melk kook, voeg mengsel in die koppie by. Laat dit verdik). Voeg dan 1 koppie (cheddarkaas, ½ koppie sjerrie en ½ koppie room by. Voeg fynhoender by. Plaas in oondskottel en strooi bietjie gerasperde kaas oor. Bak by 200°C tot bruin. Bedien met rys ens.

## DIE VLIEëNDE PADDA

R E TÖNSING




As iemand wat met moeite slegs gekruip het op 'n boomstomp-spits,




Reeds meen dat hy 'n voëltjie is,



Het hy dit mis.

Vry vertaal uit Wilhelm Busch Album, Süd-West Verlag, München, p.76. Wilhelm Busch het van 1832 - 1908 geleef, en die grootste deel van sy lewe naby Hannover, Duitsland gewoon.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TYDSKRIFTE

*"Maar douw vervang die rijpies*
*Die winterveld word groen"*

*Het julle dit ook agtergekom?*
*En "When the hounds of spring are on winter's traces" kom daar skielik nuwe lewe in Tydskrifte-afdeling. Almal sing 'n deuntjie - verkillende deuntjies natuurlik, en om verskillende redes ook.*

*"Die maan maak 'n glimlag daar buite.*
*Die lente lower die lag.*
*'n Verliefde kijk uit deur die ruite*
*En staan vir sij liefste en wag"*
*Dis Grietjie se deuntjie oor haar Groot Dag die 26ste September.*

*"Slaap my kindjie, slaap sag" oefen Stella so tussen die sagte breigoedjies deur.*

*Maar wat 'n kontras is die swotters se lied!*
*"Examinations are formidable even to the best prepared, for the greatest fool may ask more than the wisest man can answer"*

*En Ilse-Marie wat afskeid neem en maar lugtig is vir die onbekende pos op die tweede vloer, sing sag maar oortuigend "Where there is no knowledge, there is no sin"*


*Marike wat nou Bewaker van die Kelder word sing vrolik haar nuwe deuntjie:*
*"Steal not this book, for fear of shame,*
*For in it is the owner's name;*
*And when you're dead, the Lord will say:*
*'Where is that book you stole away?'*
*And if you say you do not know,*
*Down to the flames you'll have to go"*

*En ons ander wat oorbly bekyk maar net dinge en dink*
*"Sing dan o blye sangers!*
*Sing jul lente-lied.*
*Diep in my wese jubel*
*'n Lente-sang - verniet?"*



SKENKING

Mev E E Schweikerdt het 'n baie waardevolle boek naamlik Cartes et Figures du Voyage en Nubie et en Abyssinie (1792) deur James Bruce aan die Universiteit van Pretoria geskenk. Die oorhandiging het plaasgevind op 20 Augustus 1981 om 14h30. Teenwoordig was proff H P van der Schijff (Dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde), E D Gerryts, mnr W Duminy, mevv E Schweikerdt en J Coetzee en mej E Klopper. Die boek word opgeneem in die Seksie Africana en Besondere versamelings.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



As u en ek dit volg, sal ons die meeste van ons kwellings uitskakel en ons deel van wat die Franse noem la joie de vivre oneindig vergroot.

NET VIR VANDAG

1. Net vir vandag sal ek gelukkig wees. Dit veronderstel dat wat Abraham Lincoln gesê het, waar is: "Die meeste mense is omtrent net so gelukkig as wat hulle hul voorneem om te wees. "Geluk kom van binne; dit is nie 'n saak van uiterlike dinge nie.

2. Net vir vandag sal ek probeer om my aan te pas by wat is, en nie trag om alles by my eie begeertes te laat inpas nie. My familie, my besigheid, en my voor- of teenspoed sal ek aanvaar soos ek hulle vind, en myself by hulle aanpas.

3. Net vir vandag sal ek my liggaam oppas. Ek sal dit oefen, dit versorg, dit voed, en dit nie misbruik of verwaarloos nie, sodat dit 'n volmaakte masjien sal wees om my te dien.

4. Net vir vandag sal ek probeer om my verstand te versterk. Ek sal iets nuttigs leer. Ek sal nie 'n geestelike luiaard wees nie. Ek sal iets lees wat inspanning, oorweging en konsentrasie vereis.

5. Net vir vandag sal ek my siel op drieërlei wyse dissiplineer. Ek sal vir iemand 'n guns bewys en nie uitgevind word nie. Ek sal minstens twee dinge doen wat ek nie wil doen nie, soos William James aan die hand gee, net ter wille van die dissipline.

6. Net vir vandag sal ek innemend wees. Ek sal daar so goed uitsien as wat ek kan, so netjies aantrek as moontlik, op lae toon praat, hoflik handel, m ld wees met lof, hoegenaamd nie kritiek uitoefen nie, met niks foutvind nie, en nie probeer om iemand anders te reël of te verbeter nie.

7. Net vir vandag sal ek probeer om slegs deur hierdie dag te lewe en nie my hele lewensprobleem tegelyk aan te pak nie. Ek kan dinge twaalf uur lank doen wat my sou verskrik, as ek lewenslank daarmee moes volhou.

8. Net vir vandag sal ek 'n program volg. Ek sal neerskryf wat ek elke uur verwag om te doen. Moontlik sal ek dit nie stiptelik volg nie, maar ek sal dit hê. Dit sal twee peste uitskakel: haas en besluiteloosheid.

9. Net vir vandag sal ek my 'n stille halfuur alleen afsonder en ontspan. Gedurende hierdie halfuur sal ek soms aan God dink om 'n bietjie perspektief in my lewe te kry.

10. Net vir vandag sal ek onbevrees wees; veral sal ek nie bang wees om gelukkig te wees nie, om wat mooi is te geniet, om lief te hê, en om te glo dat diegene wat ek liefhet, my ook liefhet.

DALE CARNEGIE






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BUITEMUURS

UIT DIE MIDDESTAD

Wanneer die einde van die tweede semester al nader tree, en 'n mens betraq die gelaatsuitdrukkings van die studente, dan kom 'n ou versie uit die kinderdae onwillekeurig by mens op:

*"Some folk are happy,*
*some are sad*
*some are good and some*
*are bad.*
*Some are poor and some*
*are rich,*
*Some sail through life without a hitch.*
*Yet on the whole it is true to say*
*That he is rich,*
*and wise and gay*
*Who works and lives*
*with good friends everyday".*

Met die vertrek van mnr Lourens by Buitemuurs het ons ook 'n getroue kollega en goeie vriend verloor. Ons het egter verneem dat hy as leraar in sy eerste gemeente te Walvisbaai, baie tuis en gelukkig is, en die Walvisbaaiers in die algemeen baie gaaf en vriendelik syn te wees.

Sy vertrek het ons met 'n leemte gelaat wat ons werk- en leefwyse bietjie ontwrig, maar danksy omstandighede is Augustusmaand vir die studente 'n maand van toetse, sodat die aanddienste minder stormlope beleef. Ons vertrou egter dat met die aanstelling van 'n nuwe personeellid, daar weer vir 'n lang tydperk bestendigheid in ons personeelposisie sal wees, want daar is seker niks so frusterend en afbrekend in mens se werksaamhede en dienste aan die studente as 'n gedurige vertrek of wisseling in personeel nie.

MET GROETE VAN BUITEMUURS






I'M COPYING THE SECTION ON CHRISTIAN ETHICS SO MY STUDENTS DON'T HAVE TO BUY THE BOOK!

# Boekbestellings

Nadat meeste van Seksie Boekbestellings se geledere 'n ruskansie gehad het, is ons darem nou weer voltallig en aan die gang. (Maar ook nie vir lank nie). Vir die eerste keer in 'n lang ruk, gaan daar weer 'n vakante pos in die bestelafdeling wees.

Bestelafdeling het in hierdie maand nog 'n ekstra takie bygekry. Die feit dat ons hulp verleen by reprografiese dienste, is weer eens 'n bewys dat die biblioteekdiens as 'n eenheid beskou word, deurdat personeellede ten tye van 'n"noodsituasie" op enige punt hulp verleen.

Te midde van die eise wat die werk in Seksie Boekbestellings aan ons stel, het ons Afdeling Vrydag tyd ingeruim om by San Francisco te gaan ontspan. Op dié manier het ons die "winter?" op 'n hoë noot afgesluit.

MARETHA ROSSOUW



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Toonbank — UITSTALLINGS

'N ONDERSOEK NA SOSIALE KOMMUNIKASIESTELSELS IN BIBLIOTEKE TEN VOORDEEL VAN HULLE GEBRUIKERS MET SPESIALE VERWYSING NA HEERSENDE TOESTANDE IN DIE MERENSKY BIBLIOTEEK

Dit blyk duidelik dat die Merensky Biblioteek een van die Tukkiestudente se gunsteling bymekaarkomplekke is. Eintlik is dit buiten die gewone biblioteekfasiliteite ook 'n gewilde swotplek, maar baie belangrike afsprake en gesprekke vind ook hier plaas. Natuurlik word die potensiële benutting van die biblioteek as slaapplek deur die dag (nag?) en selfs as eetplek nooit buite rekening gelaat nie. So beweeg hier daagliks groepe, gesigte, paartjies en verskynsels deur wat aan die Toonbankpersoneel so bekend is soos die res van die personeel.

Uit die aard van bogenoemde het ek gemerk dat daar wel een saak is wat problematies blyk te wees vanuit die student (gebruiker) se oogpunt:

1. Dit is baie moeilik om vir 'n persoon wat later na 'n afgespreekte punt in die biblioteek gaan in 'n noodgeval 'n boodskap te laat.

2. Dit verg baie geduld en tyd om 'n persoon te vind wat nië op 'n afgespreekte plek in die biblioteek sit nie.

3. 'n Persoon van buite kan nie 'n dringende telefoniese boodskap aan 'n gebruiker oorgedra kry, indien die presiese lokasie van die gebruiker aan hom bekend is nie.

Nadat so vele navrae en probleme in die verband al ondervind is, kon bogenoemde drie areas maklik uitgewys word. So word dan beweer dat 'n gesofistikeerde interkomstelsel bevorderlik sou wees. Dadelik moet ek egter byvoeg dat die opening bokant die Hooftoonbank darem 'n verbinding tussen vier van die ses vlakke met 'n lang psst! moontlik maak.

Sovert dit die eersgenoemde probleem aanbetref, bied die pilare in die biblioteek 'n handige uitkomkans. Sou die weg waarlangs 'n betrokke persoon gewoonlik beweeg aan sy vriend/in/e bekend wees, kon dië baie maklik 'n groterige, plakaatagtige boodskap aan 'n strategiese pilaar heg. Die volgende dien as voorbeeld van hierdie metode:

---

HANS NEL
Kom sien my by die koshuis
R

---


Die tweede probleem bied sy eie oplossing. Tyd en geduld!

Die derde probleem is feitlik onoplosbaar. Die enigste antwoord sou die genoemde interkomstelsel wees, met dien verstande dat vele probleme hieruit sal voortspruit. Een van die oeroue biblioteekreëls gebied mos nie verniet stilte in die biblioteek (aub) nie!

Nou het die gedagte by my opgekom of die instelling van 'n offisiële posklipstelsel op die een hoek van die Toonbank nie tog die antwoord op die meeste van hierdie probleme sal bied nie.

SANETTE GEYER
TOONBANK









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Maretha Jansen-Van Vuuren

W
E
L
K
O
M



Gainor Stroebel




Thomas van der Walt



Carin Augustyn




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



BIBLIKASIE SEPTEMBER
U.P BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Voorwoord



### DIE HUIDIGE FINANSIëLE POSISIE VAN DIE BIBLIOTEEK

Hierdie tyd van die jaar is dit nodig om 'n slag ons finansiële posisie in oënskou te neem en ook te beplan vir die jaar wat voorlê.

Die inflasie-spook is steeds besig om die Biblioteek nadelig te beïnvloed. Ter illustrasie die volgende: In 1976 was on toelae vir die aankoop van boeke R228 700 en daarmee is + 2 000 boeke en pamflette aangekoop. Vir 1980 was ons toelaag vir boeke R432 000 en daarmee kon slegs 14 600 boeke aangekoop word. In 1976 was die bedrag bestee op die intekening van 5 439 tydskriftitels R195 800. In 1980 was daar ingeteken op 6 561 tydskriftitels waarvoor R504 000 begroot was. Hierdie is maar enkele voorbeelde van hoe pryse die afgelope vyf jaar gestyg het. Alhoewel die bedrae aan die Biblioteekdiens toegeken meer as verdubbel het, het die aantal items wat daarmee gekoop kon word staties gebly en is die Biblioteekdiens dus in werklikheid besig om 'n agterstand op te bou in die verkryging van nuwe literatuur.


Nieteenstaande 'n goedgemotiveerde aanvraag kon die Raad weens finansiële oorwegings, nie sy weg oopsien om addisionele poste in die Biblioteek toe te ken vir 1982 nie. Alhoewel die aansoeke vir 1983 herhaal gaan word, is daar geen sekerheid dat die aansoeke toegestaan sal word nie, en sal ons in die Biblioteekdiens net eenvoudig skouer aan die wiel moet sit om die beskikbare mannekrag (of moet ons dit liewer dameskrag noem), so doeltreffend as moontlik te benut.

Hierdie situasie bied 'n besondere uitdaging aan die afdelings- en seksiehoofde wat betref die bestuur van die afdelings- en seksies, maar dit plaas ook 'n verpligting op elke individu om sy/haar energie in die biblioteek so aan te wend dat dit sal lei tot optimale werksverrigting en die uitskakeling van onnodige en tydsverkwistende aksies.

Gelukkig is ons situasie glad nie haglik nie, maar dit dwing ons tog om deeglik na ons voorkeure te kyk en seker te maak dat ons slegs geld sal bestee aan dinge wat primêr sal lei tot die verwesenliking van die doel van die Biblioteek. Sekondêre dinge sal eenvoudig net moet wag. Ook by die aankoop van biblioteekmateriaal sal sorg gedra moet word dat die fondse tot ons beskikking so doeltreffend moontlik aangewend word.

Gelukkig weet ons as Topbestuur van die Biblioteekdiens dat ons kan staatmaak op die samewerking en lojaliteit van die Biblioteek personeel, ook wat hierdie genoemde sake betref en met die verwagte nuwe ontwikkelings soos die rekenarisering van die Leendiens en die aanskaf-afdeling en toenemende gebruikmaking van eksterne rekenaarmatige dienste, beloof die volgende jaar om baie opwindend en interessant vir die Biblioteekdiens te wees.

W W DUMINY



| *VERJAARSDAE IN OKTOBER* | | *Oktober* |
|---|---|---|
| *Mnr W Olivier* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *2* |
| *Mev J Maree* | *Ontsluiting* | *3* |
| *Mev A Booyzen* | *IBL* | *6* |
| *Mev W Vorster* | *Kalafong* | *14* |
| *Mnr J C v Rooyen* | *Buitemuurs* | *17* |
| *Mej E Stoltz* | *Toonbank* | *17* |
| *Mej M Jansen van Vuuren* | *Tik en Dupliseer* | *20* |
| *Mej E G Klopper* | *Beplanning* | *25* |
| *Mev S Marsh* | *Ontsluiting* | *26* |
| *Mej B Kotze* | *Ontsluiting* | *30* |
| *Mev H Fouche* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *30* |
| *Mev M Viljoen* | *Tydskrifte* | *31* |

### ENGLISH AS SHE IS SPOKE


"He maintained his neutrally respectful demeanour while a dozen smart replies flickered rapidly to extinction in his agile mind."

As jy jou taal sô magtig is, kan jy maar gerus jou baas onder jou ooglede aangluur!





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



PROF M J POSTHUMUS

army beef: blikkiesvleis
booby trap: verneukmyn, fopmyn
emergency aerodrome: noodvliegveld
kit bag: soldatesak
radio direction finder: radiorigtingsoeker
storage tank: opgaartenk
transmitting aerial: sendantenne

Bostaande is enkele woorde uit die weermagswoordeboek wat in 1954 verskyn het - 'n publikasie wat saamgestel is deur M J Posthumus, destyds hoofvertaler van die Departement van Verdediging.

Mattheus Johannes Posthumus is op 21 Junie 1906 op Middelburg in die Kaapprovinsie gebore en is op 24 Augustus 1981 in Pretoria oorlede in die ouderdom van vyf-en-sewentig jaar.

Prof Posthumus se lewe was aan sy taal gewy. Hy was dertig jaar lank vertaler en terminoloog in die staatsdiens en talle publikasies het uit sy pen verskyn waaronder Die taak van die taalkundige in Suid-Afrika en Die vry preadjunk in Afrikaans, laasgenoemde sy gepubliseerde proefskrif.

Van 1960 tot by sy aftrede in 1971 was prof Posthumus verbonde aan die Departement Afrikaans by UNISA. Op 1 September 1979 word hy aangestel as fakulteitsekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die Vrydag voor sy dood skryf hy die volgende in 'n toespraak wat hy nooit sou lewer nie:

"'n Taal wat met sy geestesprodukte respek afdwing, dwing ook respek af vir die volk wat die taal praat ...

"Ek glo vas dat Afrikaans 'n boodskap vir ons land, vir Afrika en vir die wêreld het. Die boodskap moet gegrond wees op die geestesprodukte in ons taal, die suiwerheid van die gesindheid wat spreek uit ons taal en die verkondiging van vryheid en verlossing. Dit is die wapens van die woord."

Op spesiale versoek van dosente van die taalkunde-afdeling van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, word 'n klein huldigingsuitstalling in die Merensky-biblioteek gehou vir 'n groot taalman.

RITA BADENHORST

'N WêRELD VAN KENNIS IN HAAR OPGESLUIT

Die groot geluk kom na my dat 'n vriendin my saamvra na Johannesburg waar sy 'n afspraak het met mej Anna Smith om 'n artikel te bespreek wat mej Smith vir "Lantern" belowe het.

Mej Smith is reeds afgetree maar werk nog deeltyds by die Africana museum in die Johannesburgse Openbare-biblioteek.

As jy hierdie vrou groet, voel jy haar rustigheid aan, en haar vreugde in en haar liefde vir haar werk.

Sy het 'n klomp boeke op die groot tafel want sy moet besluit watter materiaal sy gaan gebruik vir haar artikel. Die artikel sal handel oor handgekleurde S A botaniese illustrasies van die 18e eeu. Die boeke is asemrowend en dis weelde en suiwer plesier om hulle te hanteer. Mej Smith wys ons 'n boek wat deur Kewtuine gepubliseer is nog voordat Johan van Riebeeck na die Kaap gekom het. 'n Ondernemende en onverskrokke tuinier het na die Kaap gekom om plante te versamel en na Kew te neem. Die illustrasies in hierdie boek is in swart/wit en verbasend akkuraat.

Na hierdie besoek voel ons geweldig gestimuleer en ook nederig voor hierdie vrou wat deur die jare soveel bereik het met haar toewyding en volgehoue harde werk.

MARIE RAUTENBACH

Kyk uit vir hierdie artikel so oor ses maande - dit sal hopelik 'n paar kleurafdrukke bevat.



,,Kan ons asseblief nog 'n tafeldoek kry?''



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N BESOEK AAN OSHAKATI

Op 17 September 1981, het die Suid-Afrikaanse Weermag 'n groep van 70 offisiersvroue op 'n daguitstappie na Oshakati geneem om aan hulle 'n insae in toestande aan die grens te gee en ook aan hulle die voorraad te wys wat by die SWAPO-basisse in Angola gebuit is.



Ter wille van die dames wat nog nooit in 'n militêre vragvliegtuig gereis het nie, wil ek dit graag kortliks skets. Die sitplekke bestaan uit seilstroke wat in 'n soort hangmat-opslaanstoeltjies geïnstalleer word. Daarop hang/sit/lê jy so goed as wat jy kan want beweegruimte is baie min. Gelukkig hoef jy nie bekommerd te wees oor 'n dowwe rugpyn as die reis begin nie, want teen die einde het jy in elk geval nie meer 'n rug nie - hy's af. Geriewe van enige aard is heeltemal afwesig. Vir die dames is daar nie eers die gerief van gesprekvoering nie, want die lawaai is oorverdowend.

Die reis tussen Pretoria en Ondangwa het 'n bietjie meer as 3 uur geduur, op 'n hoogte van ongeveer 7 000 meter. Weens veiligheidsredes kon die vliegtuig nie geleidelik hoogte verminder nie en het hy met 'n sierlike sirkelbeweging bokant Ondangwa, baie vinnig aarde toe gegaan. Die effek is beslis meer dramaties as enigiets wat die pretpark by Pretoria se skou kan oplewer.



Die busreis tussen Ondangwa en Oshakati was 'n openbaring vir almal wat nog net altyd die "grens" op televisie gesien het. Die wêreld is so plat soos 'n pannekoek, net so vaalwit soos 'n halfrou pannekoek en bestaan uit sand....... sand........sand. Daar is nogtans heelwat mooi groot bome om die eentonigheid te breek en verder verskaf vierkantige geboutjies met rooi advertensiebordjies (vir raai watter soort koeldrank) elke paar duisend meter 'n bietjie kleur. In daardie ondraaglike hitte is daar seker nie 'n ander handelsartikel wat groter ondersteuning geniet as juis dié betrokke koeldrank nie.

Op Oshakati het die dames 'n voorligting gekry wat baie vrae oor die SAW se optrede teen SWAPO, beantwoord het. Daar is 'n uitstalling in die ontspanningsaal opgestel van al die dokumente, kaarte, briewe, foto's en kommunistiese lektuur wat gekonfiskeer is. Die kommunistiese boeke en tydskrifte is maar so vaal soos altyd (Lenin se gesig staar jou van elke 2de voorblad af aan) en die SWAPO-lede lees dit seker maar net uit blote verveling en by gebrek aan iets beters.

Gedurende die namiddag het die dames die geleentheid gehad om R200 miljoen se voertuie, wapens en ammunisie wat deur die weermag uit Angola teruggebring is, te besigtig. As jy met jou eie hande aan 'n stuk warmgebakte Russiese staal vat, word die stryd teen Kommunisme (dalk vir die eerste keer) vir jou 'n werklikheid. Alhoewel baie van die toerusting tegnologies al verouderd is, kan die meeste daarvan in kundige hande nog steeds dood en verwoesting saai. Dis maar net 'n genade dat Rusland nog nie meer en beter mense-materiaal kon bekom om sy verwoestingswerk te verrig nie.

Ek het daar weggegaan met 'n gevoel van diepe dankbaarheid dat ons Hemelse Vader weer eens ons land en ons mense bewaar het.

JORIET COETZEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBLIOTEEKTRAPLEER

Hierdie meubelstuk het gedurende die eerste deel van die agtiende eeu in Engeland en Europa in gebruik gekom, as direkte gevolg van die ontstaan van groot privaatbiblioteke in die huise van welgestelde mense. Die boekrakke wat van die vloer tot die plafon gestrek het, was baie indrukwekkend. Dit was egter moeilik om die boonste rakke te bereik en 'n trapleer was die enigste oplossing.

Die biblioteektrapleer bestaan uit 'n stel draagbare trappe wat spesiaal ontwerp is om by die styl van die res van die meubels in die biblioteek te pas. Omdat die hoogtes van die boekrakke van huis tot huis verskil het, was die traplere in verskillende hoogtes, met tussen vier en tien trappe, gemaak in groot vertrekke met hoë rakke, was soms 'n groot stewige trap met relings, byna soos die trappe tussen twee verdiepings, in gebruik. Die meeste mense het egter verkies om die trapleer klein en maklik verskuifbaar te hou. Vindingryke meubelmakers het opvoubare traplere gemaak, wat, wanneer dit opgevou is, na 'n ander meubelstuk lyk. So, byvoorbeeld, het 'n stoel omgevou en 'n trapleer gevorm, of 'n tafel se blad het oopgeslaan om 'n trapleer te voorskyn te laat kom.

Vandag het min mense groot privaatbilbioteke en is dié spesiaal vervaardigde traplere nie maklik bekombaar nie.



## SCRAMBLISH
## IN ONE EASY LESSON - By Christopher Lucas

If the sign tells you to remove your feet or hang yourself, don't be offended. It's part of a new international language.

I've been promised a flash toilet in Pakistan, and I've eaten steamed muscles in Nagasaki. In Taiwain, I've marvelled at a tailor's sign that vowed: "Ladies can have fits here," and fumbled through an Italian mail-order catalogue that threatened clients with "a speedy execution."

I know a Spanish car-hire office that boasts "Without competitive prices!" and a Leningrad restaurant that has a cloakroom sign urging, "Please hang yourself here." But then even the British are guilty of disfiguring speech. Consider this advertisement from a village newspaper: "Children shot for Christmas in the home. Call Regent Studios."

What are they doing to the English language? The preceding are examples of a linguistic wave that has splashed across the world. Modern English has become the most popular language in history. In addition to the more than 300 million people who speak it as a mother tongue, 1 000 million or so use some kind of English as a second language. In this swirling, seething Babel, it's only natural that curious things occur. Words corkscrew wildly, spelling runs amok, meanings turn inside out, grammar takes a holiday. Call it broken, mangled, fractured, clobbered or just plain scrambled English - or, for short, Scramblish. It's a language that can be both entertaining and utterly misleading, poetic and meaningless, inspired and lunatic.

Over the years I've roamed some five dozen countries and collected choice samples of Scramblish. I've discovered its varieties on every continent. Whether it's called Japlish, Franglais or pidgin-English, Scramblish, the poor man's Esperanto, knows no frontiers.

Who wouldn't be seduced by this masterly invitation to a shark-fishing trip in Tahiti? "Choice the best," sings the brochure. "Goo fortt ou Board m/y The shark fissing boat. Leef the harbor at 10am and have your fan, on board. A luxury 21m fissing boat, folly equiped for navigation. Roods reels baits and tution by a very experimentd crew. Return at 4pm after 6hours of fan sun chaine relax and adventure." What a day!

In Italy, I saw this placard on a church door: "Beware! Falling Angels!" (They meant statues, not seraphim.) And the following street sign in Java: "Attention! You must be well dressed on the road. Violating this rule you will be seized and confiscated."

Around the world, restaurants are particularly inspired. I have ordered "breded fillet pork catlet" in Penang, "rare cheesecake" in Nagoya, and a "Grilled Chinese and Ham on Toast" in Hong Kong. "Eat the Middle East foods in an European ambulance," offered a Teheran steakhouse.


Hotel notices boast some of the finest Scramblish available. One well-meaning Tokyo hotel warns, "Swindlers dangling with guests around our hotel at night have no relations with us." And how about this for inscrutability: "Lift repaired. This lift cannot be used."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

The world's different forms of pidgin-English have created whole new idioms. Scramblish, yes, but high-level stuff. in Macao, I revelled in such phrases as: "You topside box no savvy" (Your brain does not comprehend) and "That fella completely sick" (He's dead). But no other pidgin has the evocative power and imagination of Tok Pisin, Papua New Guinea's lingua franca. Just savour the vocabulary: antap (on top) means "above"; samting nogut (something no good) is "evil." The inventive Paua New Guineans have even tackled Shakespeare: Pren, man belong Rom, wantok, harim nau ("Friends, Romans, countrymen, lend me your ears"). Yu Laikim? The greatest.

Ultimately, the sneakiest examples of Scramblish lull the victim into thinking he's actually reading English; then wham! - he's up to his eyeballs in verbal quicksand. A brochure advertising France's Basque coast opens innocently enough: "Those who visit the area will not find great historical monuments, majestic architecture or memories of events from a sensational past." Then: "The Basque coast is more importance than the inland parts, and therefore more visitores and sperdy time over. It has charm of its oun, wild, with the mountains nearing the sea, and the waves foamines on the rocks like wild horses, with manes flowires." Sheer poetry! Kelley or Sheats, maybe.




"Seen my new micro?"

LIBRARY SERVICES WITH A SMILE

Geraldine's Library wasn't quite like a normal library. You visited it not because you wanted a library but because you were a close friend of Geraldine. There was no bureaucratic signing out of books, the system operated on the basis of perfect trust and understanding. There was no question of fines on overdue books or of computerised recall slips. The worst thing that could happen if you kept a book out too long was that a serious looking scientist would turn up saying that he was interested in something or other and that Geraldine had recommended his discussing it with you. It would then be the work of the moment to whip a relevant book or two off the shelf and send him away happy.

Early in the morning a short queue would form outside the librarian's office. There was a convenient row of chairs and a couple of racks of journals and magazines. Above the rustle of turning pages you could hear snatches of conversation form the office. The chap at the front of the queue was consulting Geraldine. It could be a young student: "You see I've got to write essay by tomorrow so I need something really good," or a fellow of the Royal Society: "My dear girl, if I could remember who wrote it or what it was about, I wouldn't be bothering you. The only interesting thing in the whole book was this diagram I've been telling you about." The queue always contained a fair selection of the feeble-minded who wanted a book on thermodynamics but did not know where on the shelves to look. In addition there was a liberal sprinkling of the feeble spirited who simply commented on the brightness of the Sun and the beauty of the spring time. They would then stand gazing at the floor and shuffing their feet for several minutes until they remembered an urgent appointment and left hurriedly.

Recently I found a rival library which offered all sorts of modern facilities. It had computerised book issue, microfilm readers and automatic literature searches. I jilted Geraldine immediately, only pausing to remove a copy of Richard Milton Bozorth's Ferromagnetism from the shelves as I left.

As the months went by I began to think of Geraldine again. I had a lot of time for thinking now. I had to sit staring at the ceiling for hours trying to fight down the nausea that comes from scanning through microfilm. I discovered that fiche did not agree with me. My computer literature search had given me 104 references. About 90 of them were totally irrelevant. I already knew about the dozen or so relevant ones; Geraldine had pointed them out to me last year.

I decided to go back to Geraldine's library. The first move was to replace surreptitiously Bozorth, which was by now so "hot" that it had to be hidden under a pile of debris on my desk. I did the deed one lunch time. I pushed Bozorth to the back of the shelf next to the correct one, and then left.




Retribution for this cowardly deed came swiftly. That very afternoon I got ready to photograph a fracture surface only to discover it missing. A piece of steel as big as a cigar had vanished from my office. Extensive searches and interrogations failed to reveal it. I have never been convinced that the welfare and safety of hundreds of working men depends on my examining these fracture surfaces; I am, however, certain that the welfare of one particular working man depends on my not losing them. I lay awake well into the night worrying about the problem. I could always get things to tally by photographing one of the other surfaces twice from different angles. That would be unethical. I could admit having lost the thing. That would be ethical, but do ethics count for much in the dole queue?

In the morning I forced my breakfast down and set off for a last frantic search. When I reached



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


my desk there was a packet from Geraldine on it. The enclosed note read: "I found this in the middle of Bozorth yesterday. You don't need to move your steel about under cover any more; there hasn't been a steel picket in this library since April."

There are some essential library services that even the most flexible software packages don't seem to provide. I'm going back to Geraldin's library.

JONATHAN BLACKTOP



*As julle dink Merensky se trappe sit vol .......*




"Don't overlook obvious cost recovery services..." (from *Library Management*).



TEEN DIE MUUR

As jy oplet by jou werk, kan jy die ongetroude vrouens (geskei, of nog nooit kop verloor nie) duidelik uitken. Hulle skarrel rond om kinders te karwei en moet tyd afneem by die werk om 'n ogie te gaan hou oor 101 huishoudelike bedrywighede wat 'n man gewoonlik behartig.

Die getroude vrou kan net die telefoon oplig en haar sake is gereël. Die feit dat sy dalk weer ander probleme het, is nie hier ter sprake nie.

Die sorg-vir-dinge wat 'n man van haar skouers afneem, bring mee dat die getroude vrou 'n houding van selfversekerdheid het, meesal gemeng met selftevredenheid - anders as haar ongelukkige medesuster wat met neergeslane oë haarself probeer klein hou teen die mure!

"GRAPPIE"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




WYSHEDE VAN G B SHAW

Youth is wasted on youth. Not money, but the lack of money is the root of all evil. Golf is a good walk spoilt.

En daar is die storie dat Shaw eendag 'n kaartjie kry wat sê:


"Lady Caroline Philips shall be at home on Thursday the 4th at 4.30 pm."

Shaw skryf onderaan: "G B Shaw likewise" en pos dit terug.












Nr. 875. Vogter. Augsburg 1533.

DIE KRUIEDOKTER

Deur die eeue is Kennis van Kruie vir gesondheid en skoonheid van een geslag na die volgende oorgedra.


Kruieaftreksel in die laaste afspoelwater wanneer jy jou hare was, laat jou hare lekker ruik en mooi blink.

Vir donker hare laat trek 'n paar takkies roosmaryn in kookwater vir 10 minute en gooi by afspoelwater.

Gebruik Kamilleblommetjies vir ligte hare.

M RAUTENBACH

## What's Cookin?



*GROWWE BESKUIT*

*2 kop meel*
*6 kop nutty wheat*
*8 gelykvol teel. bakpoeier*
*2 kop suiker*
*1 eetl sout*
*½ kop olie*
*½ pd botter*
*500 ml karringmelk*


*Metode:*


*Sif meel by nutty wheat. Vryf botter in. Voeg die res van die droë bestanddele by en meng goed. Maak aan met die olie en karringmelk. Druk vas in gesmeerde pan. Bak by 350°F vir 1 uur. Laat afkoel en sny in blokkies. Droog uit*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## UITSTALLINGS








ELKE HOND KRY HAAR DAG


*Sonja, entoesiasties soos altyd,*
*Het eendag vir Snoetjies gesê:*
*"My hond jy's in 'n ander tyd*
*Opregte Worsies is al wat ek wil hê."*

*3X Worsies teen 'n Rand of twee,*
*So het Sonja gretig uitgewerk,*
*Sou handige sakgeldjies gee*
*En al klaar haar kopers gemerk.*

*Snoetjies tot groot dinge aangevuur*
*Het allerlei simptone openbaar.*
*Sy sou dit mos ook nie kon verduur*
*Om aan haar Miesies die waarheid te verklaar.*

*Die groot dag breek eindelik aan.*
*Snoetjies word beter as goud opgepas*
*Maar voor die aand was alle hoop gedaan*
*Want windhonde (meer wind as hond) is al wat*
*daar was.*

*JORIET COETZEE*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ETIKET:

Hierdie is 'n onderwerp waaroor daar baie lank geredeneer kan word. Die meeste mense voel dat dit eintlik maar net bedagsaamheid teenoor jou medemens is. Die vraag is egter tot hoe ver hierdie bedagsaamheid moet strek. Hier is twee voorbeelde van etiket in verband met die behandeling van kuiergaste wat oorslaap!

1) 1890
2) 1981?

1890

Delikaat en uiters taktvol moet die gasvrou haar gaste verwelkom by hulle aankoms en alles in haar vermoë doen om die gaste dadelik tuis en op hul gemak te laat voel. Moenie in die voormiddag al georganiseerde vermaak hê nie. Laat die gaste toe om in die voormiddag hulself onledig te hou met wandelinge deur u parke, of met lees of skryf of met die ander gaste te gesels.

Kies die kamer vir elke gas om te pas by sy of haar persoonlikheid. As daar van u gaste is wat nie hulle eie rytuie besit nie, reël vooraf om hulle by die naaste stasie of poskoets te laat afhaal. Namate u gaste arriveer, word al die bagasie deur u manlike bediendes na die verskillende kamers geneem, waar die kamermeisies al die klere uitpak en netjies in die laaie wegpak. Daarna word die leë koffers verwyder.

Die kamermeisie moet by die gas verneem watter tabberd sy die aand wil aantrek en dit dan vir haar gaan uitstryk en dit netjies op haar bed regsit. Die kamermeisie moet ook uitvind watter dag van die week die gas sal wil bad en hoe verkies sy haar badwater. Daar moet twee handdoeke en 'n koekie seep wat nog nie vantevore gebruik is nie in die gas se kamer wees.

"Teenswoordig is dit vry algemeen om 'n growwe, ongebleikte katoenlaken oor die bed te gooi, met 'n linnelaken bo-oor." Sommige mense hou egter nie van linnelakens nie. Laat u kamerbediende uitvind wat u gas se keuse is.

Daar moet gesorg word vir genoeg lang vuurhoutjies in elke kamer. Benewens die groot, swaar kerse in die groot staanders, moet daar gesorg word vir 'n paar kleiner kerse in blakers wat die gas kan ronddra. Daar moet genoeg komberse wees en as die weer koud is, moet groot vure in elke kamer brand en elke bed moet met 'n warmpan warm gemaak word net voordat die gaste bed toe gaan. Die kamermeisie moet ook uitvind of sy die gas moet gaan help as sy die dag wil bad, en of sy self sal klaarkom. Sorg vir genoeg skoon waswater in die lampetbekers, en ook drinkwater.

In elke kamer moet 'n Bybel met groot, helder letters kom en ook 'n kruik met geurige koekies. Ook genoeg skryfpapier, pen en ink en 'n buisie kladsand.

Vra die gas hoe laat sy die oggend tee bedien wil hê. Die kamermeisies neem dan die tee op 'n netjiese skinkbord saam met 'n kannetjie warm water na elke gas se kamer. Sy maak die gas wakker, skuif die swaar gordyne weg en maak die luike oop. Sy maak die wastafel aan die kant, maak die pot leeg en dra die slopemmers uit, tesame met die gas se klere wat sy die vorige dag buitenshuis gedra het. Die klere moet dan netjies afgeborsel word en enige koordjies of omboorsels wat losgeraak het, moet weer vasgewerk word.

Die dames se stewels word met 'n spesiale soort room skoongemaak. Onder geen omstandighede mag 'n dame se fyn stewels met dieselfde swartsel as 'n man se stewels skoongemaak word nie, want dit kan 'n duur tabberd ruïneer. Die kamermeisie stryk ook die tabberd wat die gas die oggend wil dra, en neem dit na haar kamer. Die gas se klere word netjies vir haar uitgesit, so ook die juwele wat sy wil dra, en haar potjies pommade. Die kamermeisie kan haar ook later, wanneer sy opstaan, help om aan te trek, veral met die vasryg van haar korsette, en haar hare kam.



1981

Gastekamer

'n Gasvrou kan gerus 'n nag in haar eie gastekamer slaap. Dan sal sy maklik agterkom as enigiets skort.

Die bed is die belangrikste. Dit moet gerieflik wees. Sorg vir 'n ekstra kombers op die voetenent of in die kas. Daar moet minstens twee kussings vir elke bed wees. 'n Gas wat in die winter sy/haar nagklere in die die bed in 'n warmwatersak toegewikkel kry, sal ekstra tuis voel.

Op die tafel langs die bed kom 'n leeslampie wat by die bed aan- of afgeskakel kan word; leesstof soos 'n paar nuwe tydskrifte, 'n bundel kortverhale en 'n Bybeltjie; 'n wekker en 'n radio indien moontlik.

Verder moet u sorg vir 'n klein vasie blomme of 'n plantjie; papiersakdoeke en 'n snippermandjie; 'n asbak (as die gas rook); 'n houer of mandjie met spelde, naald en gare vir verstelwerk; skryfpapier met koeverte en seëls; 'n bak met vrugte, 'n kleinbordjie en vrugtemessie met 'n servet of klam jammerlappie; 'n fles of kraffie met koue water en 'n glas.

In die hangkas hoort hangers geskik vir rokke, pakke klere en lang broeke; minstens twee leë,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

skoon rakke; insekweerder indien nodig; 'n gaassakkie met laventelblaartjies of iets soortgelyks om die kas lekker te laat ruik.

In die badkamer moet minstens een groot badhanddoek en een kleiner gesighanddoek per persoon wees. Die klein handdoek moet groot genoeg wees sodat 'n man wat nog skeerseep gebruik, dit oor sy skouers kan hang. Sorg verder vir 'n wasgoedtou, seep (een koekie by die wasbak en een by die bad), 'n dosie waspoeier, ekstra toiletpapier, lugverfrisser, 'n ekstra badmatjie, sjampoe, tandepasta en 'n nuwe tandeborsel pynpille, 'n glas, grimering soos vogroom en 'n lipstif, handeroom en badolie.

Vra wanneer u gas(te) wil bad en bied aan om die badwater te laat inloop.

Vroulike gaste behartig maklik hul eie drupdroogwasgoed. As 'n gasvrou 'n bediende het, kan sy aanbied om klere te laat was en stryk. Veral 'n manlike gas wat miskien op 'n sakereis is, sal dit waardeer as sy gasvrou vra of daar klere is wat sy vir hom kan was en pars.

Gaste wat vir 'n naweek of langer genooi word, moet weet watter soort klere om saam te bring. Die gasvrou moet sê as hulle byvoorbeeld tennis-, aand- of swemklere moet saambring.

## UIT VERGANGE SE DAE ...

Ek het gewonder of u nie die onderstaande versie sal plaas nie. Ek het dit nie op skrif nie, maar skryf dit soos ek dit onthou, al byna 56 jaar. Dit het in Die Huisgenoot verskyn in die jare twintig toe die draagbare grammofone ons land op horings gehad het.

Pa het op die dorp gaan goed koop
en raai wat bring pa ook,
'n dosie wat kan lag en praat,
Ta Doons sê dis 'n spook,
ons kinders wou nie glo nie
en Ouma was eers kwaad,
sy sê dis net geld vermors,
wat wou 'n doos kan praat!
Maar Vader draai die rem los
en druk 'n knoppie daar,
die doos begin te lag en praat
en sing jou waarlik waar!
Toe nou vir 'n wals! sê Pappie
en hy't Mammie by die hand.
Ta Doons begin te bokspring
en ekke gryp vir Griet
want daarso hop ai Miet.
Die pret was op sy hoogste -
skop pa die tafel om.
Die doos val fyn en flenters
en is ook dadelik stom.
Daar het jy dit, skree Ouma.
Staan rondtrap soos 'n muil!
Almal is dood verslae
en ek en Grietjie huil!

## UP PERSONEELVERENIGING

Die UP Personeelvereniging wat in 1980 opnuut tot stand gekom het, het stadigaan hierdie jaar in sy werksaamhede momentum begin kry en belowe om in die toekoms iets groots te word. Die rede lê miskien in die feit dat die doserende en niedoserende personeel vir die eerste keer nou saam in 'n Vereniging gesnoer is en die Vereniging dus namens alle UP-personeel beding.

Die Vereniging is reeds by die KUDV geaffilieer en geniet dus die erkenning van al die ander universiteite in die land. Op sy beurt neem die Komitee van Universiteitshoofde kennis van die bestaan van die KUDV.

Op plaaslike vlak word die personeelvereniging deur die Universiteitsowerhede erken. Ons Vereniging mag selfs van die interne posstelsel asook dupliseergeriewe gebruik maak.

Daar word hard gewerk aan die uitbreiding van 'n winkelafslagstelsel (Sien die nuusbrief) en ons ondersoek die instel van 'n groep-korttermynversekering. Daar word dus 'n beroep op personeel gedoen om by die Vereniging aan te sluit om sodoende ons bedingingsmag te versterk. Met die afslag wat u kry op een aankoop by een van ons lewerensiers kan u maklik die ledegelde wat u moet betaal, bespaar.




THE SAME WORDS MAY MEAN DIFFERENT THINGS TO DIFFERENT PEOPLE!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




*UIT DIE BUITE(MUURSE) POS*

*Wees gerus!*
*Alhoewel nie stil nie, is alles wel deeglik onder beheer op die Westelike Front.*
*Klein soos ons is, is McFadyen-Kompanie (onder leiding van ons veteraan van vele veldslae, Generaal du Toit) gereed vir enige aanslag.*
*Met die aankoms van 'n nuweling rekruut met die naam van Muller, is die nagspan weer op volle sterkte en die dagspan terug in normale roetine.*
*Die stryd duur voort!*
*Daar is iets besonders daarin om diens te lewer aan die Buitemuurse Student, wat in die ware sin van die woord op die Frontlinies veg en elke dag midde in die stryd staan.*
*Dit is 'n voorreg om 'n hand uit te steek na sulke stryders en iets aan te gee vir die pad - en te weet dat elke brokkie hulp waardeer word.*
*Vir julle wat in die "Opleidingskamp" so hard werk: alle sterkte!*
*Hier op die Westelike Front gaan dit baie goed.*

*GROETE VANUIT DIE MIDDESTAD*






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES



VOORKLINIES

GENEEM UIT: NIEMAND VIR HOMSELF NIE
DEUR : DR A J VAN DER MERWE

### LUI DIE REGTE KLOK

As dit so is dat ons onder mense tevergeefs na 'n volmaakte engel soek, dan is dit aan die ander kant tog ook 'n feit dat niemand 'n volslae duiwel sal blyk te wees nie. 'n Engelse skrywer het dit sô gestel: elke mens verenig verskillende diersoorte met mekaar in sy persoon op so 'n wyse dat 'n sekere diersoort by die een persoon veel sterker op die voorgrond tree as by die ander.

En hoewel die tug van die openbare mening sowel as die polys van die beskawing veel bydra om die dier in ons aan bande te lê, gebeur daar tog altyd weer dinge wat daartoe aanleiding gee dat die dier daardie dwang afskud en homself na sy ware aard laat geld. Soms vind iemand hierdie aanleiding in die wel en wee van sy lotgevalle, wat 'n versagtende of verhardende invloed op hom uitoefen, maar in niks vind hy dit so seker en so sterk as in sy omgang met ander nie.

Hier is dit waar die afgrond tot die afgrond roep; waar die optrede van iemand so dikwels maar net 'n eggo is van 'n kreet wat 'n ander uitgegil het. Wat die mens deur sy gedrag en lewenshouding van homself aan ander openbaar, is in baie gevalle eenvoudig 'n reaksie op wat hy by ander gevind het. Terwyl hy hom in die teenwoordigheid van die een persoon op 'n sekere manier gedra, is dit moontlik dat iemand anders presies die teenoorgestelde handelwyse by hom sal uitlok. Terwyl die een persoon die engel in hom na die voordeur van sy lewe bring, sal die ander bes moontlik die duiwel in hom na buite lok.

Wie weet nie uit persoonlike ervaring nie dat daar mense is van wie so 'n warme besieling uitstraal, dat iemand uit sy omgang met hulle weer nuwe moed put om die stryd teen versoeking en teleurstelling aan te knoop? Maar ons ken ook wel ander wie se houding sô negatief en sonder fut is, dat die invloed wat van hulle uitgaan ongeveer dieselfde uitwerking het as 'n morfieninspuiting op 'n pasiënt.

Daar is mense in wie se teenwoordigheid dit byna onmoontlik is om iets ontoelaatbaars te doen. Dit is asof die adel van hul siel 'n beroep doen op wat die beste in iemand anders is. Hierteenoor is daar ander in wie se geselskap iemand as't ware 'n proses van ontaarding ondergaan. Hierop moet ons ag gee in ons beoordeling van ander, anders laat ons 'n faktor van groot betekenis buite rekening. En daardeur loop ons gevaar om ons eie verantwoordelikheid uit die oog te verloor in die eise wat ons aan die gedrag van 'n ander stel. Want as die houding van ander teenoor ons vir 'n groot deel hul reaksie is op die prikkel wat daar van ons eie persoon uitgegaan het, dan word ons as vanself gestel voor diê vraag: of die aanstoot wat ons soms aan ander neem, nie vir 'n groot deel op eie rekening geplaas moet word nie?

Het ons reg om te verwag dat 'n ander hoflik, vriendelik, openhartig en hulpvaardig teenoor ons moet optree, wanneer ons eie houding teenoor hom daarop bereken is om presies die teenoorgestelde by hom uit te lok?

Hoe kan ons met reg verwag dat die engel in iemand voor die dag moet kom, wanneer ons die klok gaan lui by die deur waar die duiwel woon?

Vind ons nie by ander dikwels maar net die aangename of onaangename wat ons by hulle uitgelok het nie?

Die moontlikhede vir verskonings is groot of dalk kan u 'n paar idees by kry ...




### BEVORDERINGS VANAF 81-08-01

1) Mev A Fisher vanaf professionele assistente na Junior Bibliotekaresse.

2) Mej S Möller, mej A M van Zyl en mev M S J Viviers vanaf Afdelingshoof Gr.I na Bibliotekaresse.

Baie geluk aan almal. Waar is die sjampanje?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Musiek

MUSIC ....

Every music-student's guide to apologies for lateness, absence or sheer incapability. Compiled by Michael Round

Forgot.

The bus was (a) late (b) missing (d) derailed (d) hijacked.

The clock outside is wrong.

Changed lesson-times with somebody.

Didn't they turn up?

Previous lesson overran (N.B. not convincing at 9 am).

Extra rehearsal for (a) choir concert (b) Nativity play (c) Pan's People (d) football

Went home for the weekend and left my (a) music (b) mouthpiece (c) timetable (d) diary (c) suitcase (containing any or all of the above) on the piano.

Food-poisoning.

Blood-poisoning.

Nervous exhaustion.

Cut finger (N.B. not convincing for singing-lessons).

Somebody borrowed my instrument (N.B. not convincing for piano-lessons).

Split my best reed (N.B. not convincing for singing- or piano-lessons).

The library demanded my music back.

Had to go to (a) bank (b) dentist (c) court (d) vet (e) rich great-uncle's funeral.

Stopped by police on suspicion of (a) loitering with intent (b) loitering without intent (c) drug-smuggling (d) gun-running (e) defective rear light.

Act of God (unspecified).

Somebody produced another bottle of wine.

Car insurance ran out.

Car failed its M.O.T.

Instrument failed its M.O.T.

Had to babysit for landlady's (a) toddler (b) grandmother (c) Chihuahua (d) tame shark.

Fallen leaves on the line.

Jury service.

Contact lens.

Took a day off as a gesture of solidarity with (a) Namibia (b) the Falkland Islands (c) Zimbabwe (d) Upper Volta.

Cat (a) escaped (b) had flu (c) had kittens.

Got carried away practising and forgot what time it was (N.B. do not use unless in character).

Stayed up till 3 am (a) finishing essay (b) feeling sick (c) trying to remember where I'd parked (d) trying to remember where I lived.

Had a nightmare that I would have an accident on the way here so didn't risk it.

Could have sworn I turned up. Are you sure I didn't turn up ...?

Put my clock back instead of forward.

Thought term didn't start till next Tuesday.

Thought term ended last Tuesday.

Thought I wasn't supposed to be having lessons this term.

Left my (a) music (b) instrument (c) money (d) keyring (e) essay (f) crash-helmet (g) amplifier (h) Snoopy mascot at home and had to go back for it.

Chinese New Year.

Eskimo New Year.

Fog at Gatwick.

Bike-chain came off.

Handlebars came off.

I came off.

Somebody said you weren't teaching today.

Sprained my wrist (a) playing squash (b) playing darts (c) hang-gliding (d) getting out of the bath (e) getting out of bed (f) following the score of "The Sorcerer's Apprentice".

Woke up, thought today was Sunday, so went back to sleep.

Bus-conductor wouldn't accept (a) £20 note (b) foreign money (c) cello.

Birthday (N.B. do not use too often).

Train waiting for a guard at Waterloo.

Guard waiting for a train at Charing Cross.

Been reading this list, trying to find the right excuse.

Melodieuse groete
Vanuit: DIE MUSIEKBIBLIOTEEK!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

Dis heerlike lente die winter's verby ..................

Ja, jy voel dit, sien dit, lees dit en nog baie ander dinge.

Saam met Hennie Aucamp kan mens dan sô oor elke dag voel:

"PLUK DIE DAG"

*Dalk môre - taal*
*is nimmer - taal*
*geluk is net uit*
*nóú te haal*

*Wat vóór jou staan*
*gebeur één maal*
*word in die tyd*
*nooit sô herhaal*

*Plaas nie jou hoop*
*op ewigheid*
*ontvang met dank*
*oombliklikheid*

*Wie uitstel vra*
*miskien sy uur*
*(verlate tyd)*
*Kan altyd duur*

*Dalk later - taal*
*is nimmer - taal*
*geluk is net*
*uit nóú te haal*

Behalwe vir die lentegevoel hier op 2e Vloer (kyk maar na die blomme en somerrokke) gaan elke dag nog maar sy gewone gang. So byvoorbeeld was Magriet se oë so 'n paar dae toegeswel van een of ander allergie. Nadat sy by die dokter was blyk dit toe dat dit STATISTIEKE is waarvoor sy geheel en al allergies is. Nadat sy pille gedrink het en nie weer statistieke gehad om te doen nie, was haar oë sommer binne 'n paar dae doodreg. So ôppas! Mens weet nooit wat jou allergies kan maak in 'n Bib nie.

Susan is deesdae een week hier en een week met verlof - amper soos die grappie waar die ou jong vir sy baas moet sê of die flikkerligte van sy motor werk - "Nou's hy af baas, en nou's hy weer aan."

Aangesien sy al haar verlof voor Oktober moet neem beny ons haar maar net.

Carin het so stil-stil hier op tweede vloer verskyn en is gedurig besig om fotostate te maak, studente rond te wys, en sy blyk bedrywig te wees by die Sosiale Klub. Verder kan sy nog heeltemal poëties raak oor haar troudag wat maar nog nie baie lank gelede verby is nie.

Zani is die een wat as daar 'n telefoongesprek in Engels gevoer moet word vinnig vir ons moet intree, - vra maar vir Ansa!

En Sonja is die eet vir swot, eksamenroosters en 'n hond wat moet kleintjies kry en dan is daar niks - en hoe het ons hier op 2e Vloer nie uitgesien na die koms van daardie klein worsies nie! Ai Sonja! Maar ons is geduldig.

Intussen is Anita Joubert weg en Ilse-Marie moes vinnig inspring om die ekonomie en publieke administrasie studente van hulp te wees, aangesien hulle glad nie katjies is wat jy sonder handskoene moet aanpak nie! Sy lyk in elkgeval dood kalm en rustig.

En Ansa is nog steeds besig met Tuks 80!, alhoewel die naweek van die 19de September die laaste optrede is. Sy's sekerlik verheug! En iets wat haar nog meer kalm maak is die feit dat Alida terug is, want het sy nie gewerk nie! Dit was net pos en nogmaals posmandjies wat leeggemaak en deurgegaan moes word.

Dan is daar twee mense wat gereeld oortyd werk. Alida en Thea. As jy maar sien dan werk hulle - oortyd. Thea het nou een dag gesê sy kan nou al so goed Engels praat vanweë haar gebruikers, dat ons nou nie weet of dit dalk dit is wat sy na-ure opswot om haar nog meer afgerond te maak vir haar gesprekvoeringe nie. En Alida is so besig met Ineg en opleiding en demonstrasies, dat sy nie anders kan as om haar posmandjie na ure leeg te maak nie.

Maar nou ja, dis tweede vloer en sy mense en dinge.
Groete
JOLINDA DU TOIT

N.S. Vir Jolinda wil ons ander net sê dat jy die lentegees op die vloer belis versterk met blink - gelukkige oë, 'n pragtige ring en opgewondenheid oor die groot dag. Ons beleef dit sô saam met jou dat ons partykeer wonder wie reël die troue - jy of ons. Baie geluk met die verlowing en dankie dat jy die lente nog meer romanties maak.

TWEEDE VLOER




"More Budget Cuts?"




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



René Roux


# TOTSIENS

# WELKOM



Hein Enslin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# BIBLIKASIE

OKTOBER

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



VOORWOORD

Daar word deesdae heelwat gepraat en gepubliseer oor 'n professionele etiese kode vir bibliotekarisse en inligtingswerkers. Die Britse Biblioteekvereniging is tans in die proses om vir sy lede so 'n kode saam te stel terwyl die Amerikaners hulle s'n voortdurend hersien. Ook in Suid-Afrika gee SAIBI deur middel van sy Komitee vir Opleiding en Navorsing aandag aan die saak.

'n Professionele etiese kode sou minimum stan daarde ten opsigte van dienslewering, vermoëns ens kon neerlê ten einde te verseker dat die biblioteek - en inligtingsprofessie in sy geheel 'n bepaalde minimum peil bereik. Dit sou verder sinvol wees om vanuit 'n positiewe vertrekpunt, naamlik dat êlkeen van ons tot 'n bepaalde taak geroep is, 'n etiese kode daar te stel. Wanneer so 'n benadering gevolg word sal 'n etiese kode mikpunte en riglyne bevat aan die hand waarvan elke bibliotekaris/inligtingswerker na sy/haar vermoë kan ontwikkel om 'n optimale diens (menslikerwys gesproke) te lewer. Om dit anders te stel, die roeping van die bibliotekaris/inligtingswerker vind dan inhoudelik gestalte in 'n aantal mikpunte, ideale en riglyne. 'n Etiese kode bevat dus moets en moenies, waarin die moets oorheers.

Die Britte identifiseer ses terreine waarop riglyne ten opsigte van 'n etiese kode neergelê kan word te wete:

- die vermoë van die bibliotekaris/inligtingswerker
- onderskeidingsvermoë ten opsigte van die privaatheid van navrae van die gebruiker wat bedien word
- professionele onafhanklikheid
- die onpartydigheid en onbevangenheid van die individuele bibliotekaris/inligtingswerker of die professie as geheel
- finansiële etiek
- die integriteit van lede van 'n professionele vereniging.

'n Verdere saak wat hierby gevoeg kan word is uiteraard die verantwoordelikhede/pligte van die bibliotekaris/inligtingswerker.

Elk van bogenoemde is belangrik en vanuit 'n bepaalde milieu is 'n aantal riglyne moontlik byvoorbeeld:


- persoonlike opinies en vooroordele mag nie 'n invloed op die ontsluiting en beskikbaarstelling van materiaal uitoefen nie
- bibliotekarisse/inligtingswerkers moet so optree dat dit nie die professionele beeld van die beroep skaad nie
- die gebruiker en sy navraag moet beskerm word.

Dit is egter ten opsigte van die vermoëns en kundigheid van die bibliotekaris/inligtingswerker wat ek graag enkele verdere gedagtes wil deurgee. Die basis vir ons vermoëns en kundigheid word tydens die voorgraadse studiejare en professionele opleiding gegee. Om egter daarna 'n suksesvolle bibliotekaris/inligtingswerker in die praktyk te wees moet 'n mens jou kundigheid ten opsigte van 'n aantal sake voortdurend oefen en uitbou:

- om jou vakkennis te verbreed en te verdiep
- om jou kennis van inligtingsbronne, veral die gepubliseerde bronne voortdurend uit te bou en alle moontlike hulpmiddels om dit te bereik, gebruik.
- om jou bibliografies kundigheid verder te ontwikkel en ook tred te hou met ontwikkelinge op hierdie gebied bv ten opsigte van rekenaarmatige ontsluitingsisteme. Die onontbeerlikheid van die bibliotekaris/inligtingkundige is juis geleë in die feit dat hy of sy weet waar om inligting te vind en die kortste paadjie te volg om dit in die hande te kry
- om jou kommunikasievermoë voortdurend op 'n hoë peil te hou ten einde altyd 'n goeie diagnose van die gebruiker se inligtingsbehoefte te maak
- om 'n bestuurskundige vaardigheid te ontwikkel ten einde alle werksprosesse altyd sistematies te kan bevraagteken en nuwe alternatiewe metodes te ontwikkel en te ontwerp
- om die tegnologiese vaardighede onder die knie te kry wat nodig is om die masjienleesbare inligtingsbronne te sistematiseer en en te gebruik.


Wanneer 'n bibliotekaris/inligtingswerker daarna strewe om sy vaardighede en kundigheid op bogenoemde ses terreine uit te bou en te ontwikkel sal hy of sy in staat wees om nie alleen op 'n minimum wyse maar ook maksimum gesproke in diens van sy beroep te staan. Mag ons in die Biblioteekdiens van UP ook voortdurend daarna strewe.

J A BOON






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



*VERJAARSDAE IN NOVEMBER*

| | | |
|---|---|---|
| *Mev S Potgieter* | *Africana* | *2* |
| *Mnr E H Muller* | *Buitemuurs* | *7* |
| *Mej H Visser* | *Tydskrifte* | *13* |
| *Mev J C Malan* | *Medies* | *15* |
| *Mev A C Visagie* | *Tydskrifte* | *18* |
| *Prof J A Boon* | *Adjunk-Direkteur* | *20* |
| *Mev S vd Westhuizen* | *Tydskrifte* | *20* |
| *Mev C M de Klerk* | *Toonbank* | *28* |
| *Mej J du Preez* | *Landbib* | *29* |

SANSO GEBOUE- EN RUIMTESTATISTIEK

Die SANSO Inligtingstelsel hanteer die ruimtefaset as komponent van die netwerk van inligtingstrukture. Die doel van hierdie stelsel is om as instrument te dien wat effektiewe administrasie sal bevorder.

Inligting wat in SANSO opgeneem word, moet noodsaaklikerwyse gedefinieerd, gekategoriseerd en gestandaardiseer wees ten einde eenvormige interpretasie van prosedure en gegewens te verseker. So byvoorbeeld, is kodes om bepaalde gebruike van ruimte toegeken wat weer herlei word na veralgemeende ruimte kategorieë. As beplanningsinstrument, bepaal SANSO sowel die beplanningsnorme as die metodes en prosedure waarvolgens gegewens ingesamel en verwerk word. Hierdeur word die Bestuur in staat gestel om die benutting van ruimte te evalueer aan die hand van nasionale standaarde asook om toekomstige ruimte uitbreiding binne die SANSO norme vir ruimtebenutting te hou.

SANSO ken aan biblioteke drie ruimte kategorieë toe wat as voldoende geag word vir die uitvoering van funksies:

- kantoor- en konferensieruimte (15 TVM/personeellid);
- studieruimte wat uit twee komponente bestaan, nl leesruimte (2,5 TVM/sitplek) en bergingsruimte (0,009 TVM/band) en
- diens- en prosesseerruimte (7% van die totale oppervlak van lees- en bergingsruimte).

In die beplanningsnorm wat gekoppel is aan die totale aantal VTE-studente, word bogenoemde standaarde omreken na TVM/VTE-student. Die beplanningsnorm vir biblioteke is as volg:

- Kantoor- en konferensieruimte: 1 personeellid vir elke 65 VTE-studente, d w s 0,231 TVM/VTE-student.
- Leesruimte: voorsiening van sitplekke vir 25% van die totale VTE-studente bereken teen 2,5 TVM/sitplek, d w s 0,625 TVM/VTE.
- Bergingsruimte: word bereken volgens die aantal bande vir voorgraadse studente (60 bande per voorgraadse student), Hons-studente (120 bande) en M & D-studente (180 bande). Die beplanningsnorme vir hierdie 3 groepe VTE-studente is onderskeidelik 0,540 TVM/VTE; 1,080 TVM/VTE en 1,620 TVM/VTE-student.
- Diens- en prosesseerruimte: Onderskeidelik 0,082 TVM/VTE, 0,119 TVM/VTE en 0,157 TVM/VTE-student.

Bereken volgens die 1980 gegewens, ken SANSO 22194 TVM aan die Biblioteekdiens toe teenoor die 15935 TVM waaroor die Biblioteekdiens tans beskik. Dit dui op 'n huidige tekort van 28,21% of 6259 TVM. Teen 1990 sal die Biblioteekdiens volgens SANSO 24010 TVM benodig wat dui op 'n toename van 33,64% of 8075 TVM op die huidige ruimte.

T TRICHARDT



"I'm not kidding around anymore, Mrs. Whitman. You have our book. We have your son."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BINNEHUISVERSIERING

Wat behels dit alles? Wanneer ons die tegniek van binnehuisversiering op die keper beskou kom ons tot die gevolgtrekking dat dit te make het met tuisteskepping. Wat sou tuisteskepping dan wees en hoe doen die leek dit suksesvol?

Na 'n leersame praatjie deur 'n dosent aan die Technikon van Pretoria in die kuns van tuisteskepping is die volgende belangrike punte uitgelig:

Wanneer iemand 'n tuiste skep is dit belangrik om altyd rekening te hou met jou gesin of die inwoners van die habitat. Rig 'n woonplek altyd so in dat dit voldoen aan die vereistes van jou gesinslede se persoonlikhede en 'n geleentheid skep vir die uitlewing daarvan.

Kleur speel 'n belangrike rol. Die kleur van enige stoffasie of meubelstuk moet versigtig gekies word aangesien kleur 'n effek op die mens het. Kleure kan bv aangewend word om stemminge en emosies te skep en te bevredig. Rooi, groen en geel vorm die grondslag van alle kleure en is dan ook die primêre kleure. Rooi en geel - warm, vrolike kleure. Kleure kan op baie subtiele wyse in die huis gebruik word bv wit - weerkaats ander kleure terwyl swart dit absorbeer. Dus het kleure 'n waarde deur die aanwending daarvan kan dit verskeie meubelstukke versteek of verhef.

Hoe moet kleure dan aangewend word? Dit is goed om een kleur in verskeie skakerings te gebruik. Gebruik m a w 'n ligte kleur saam met sy donker skakering. 'n Aksent kleur is nodig om eentonigheid te breek of om 'n effek te verkry: plante dien hier 'n goeie doel.

Beligting speel 'n uiters belangrike rol in tuisteskepping. Kleur en beligting gaan hand aan hand aangesien die een die ander beïnvloed. Ons dink hier onwillekeurig aan die vertoning van 'n meubelstuk in die dag, saans by 'n lamp, kers of helder lig. Dit het baie te make met die verkryging van 'n bepaalde effek en atmosfeer van 'n meubelstuk en daarom moet dit, voordat dit aangekoop word, getoets word in die tipe van beligting wat daarby gebruik gaan word.

Ten slotte moet die tuisteskepper ingestel wees op tyds- en arbeidsbesparing en altyd iets bv 'n skildery, bank of enige ander ornament as uitgangspunt gebruik. Gebruik ook 'n tema in die rangskikking van meubels en alles met betrekking tot die versiering van 'n vertrek moet in hoofsaak aangepas word by die aksie wat in die vertrek gaan plaasvind en die persoonlikhede en behoeftes van die mense wat daar aktief sal wees.

En onthou: 'n suksesvolle tuisteskepper is nooit voortdurend aan die koop of verkoop nie. Die kuns van tuisteskepping is daarin geleë dat 'n mens altyd dit wat jy het optimaal oor en oor moet gebruik. Dus verf, stoffeer en herrangskik. Veral met betrekking tot die aankoop van gordyne en ornamente moet dit veelsydig gebruik kan word en nie beperk wees tot 'n spesifieke vertrek nie. Die wagwoord van die tuisteskepper is dus: bruikbaarheid en veelsydigheid!

RENé BENADé



"My hearing is fine . . . it's my LISTENING that's not so good."

## EK HET MY LAAT OPCHECK VORIE PRYSE STYG

Liewe Ma in Amerika,

Ek was gou-gou dokter toe Ma. Voorlat die pryse opgaan. Ek maak sommer 'n afspraak om gedokter te word vir die siektes wat nog moet kom. Soos wat mense met jou kar maak voorlat jy met vakansie gaan. Ek reken ek sal vir die dokter vra: "Sal hierie lyf van my dit kan vat met die eksamen? En sal my lyf nå dit in so 'n toestand wees lat ek op vakansie kan gaan?" Mens se kar en mens se lyf moet jy mos eers lat opcheck voorlat jy 'n strawwe reis onnerneem.

En ek wou dit teen die ou prys ook gedoen gekry het, Ma. Voor die stygings. Inspuitings, middersyne en al dit, wou ek nog van die ou stok hê. En dan's daar natuurlik altyd die kans gewees lat hy my kon afboek vir die eksamen. Gesonne lyf en al.

Oupa het eers gesê ek moet uitkyk vir 'n middersyneuitverkoping. Dan kan mens dalk ou stok goedkoop kry. Maar ek was seker laat gewees vir dit. Nêrenster kry ek 'n dokter of apteker met 'n "sale now on"-bordjie op sy venster nie. Nine rand ninety nine vir 'n bottel pille of 'n onnersoek siet jy net nêrens nie. Sô ek moet maar gaat lê teen heersende pryse.

Maar waar was Ma, Kom ek toe sieker daar uit as wat ek daar in is Ma. Nes 'n kar as jy hom keraats toe gehad het. Ek voel na dit so 'n leë hol kol op my boud se gaatsak waar my geld gesit het. Als vir niks. Sagrys rekent dat as ek daar ingegaat het soos ek daar uitgekom het, sou ek nooit daar ingegaat het nie. Dit kry mens as jy wil gaan vir tune-ups oppie ou pryse.

Vieruur was my afspraak met dokter Hoogenfooi, is drie in die firma: Hoogenfooi, Hardop en Hopereer. Hulle ontvanger-van-inkomste dametjie is sustertjie Hartlik. Fiets en fyn is sy en vreeslik aanvatlik. Toe ek inkom, sit dit vol, maar sy is reg vir my ok. Meneer Lodewikus, ek persoem", sê sy, met so 'n bouvereniging-aksent. En sy vryf haar ses rand vyftig vingertjies so vol verwagting. "Vaste adres", vra sy en ek moet die straat en die nommers in blokletters uitspelle. "Oppe mediese fonds?" Ek verstaat nie mooi nie en ek sê soms. Sy skryf dit ok neer. Nalat sy die jobkaart uitgemaak het, sê sy "sit maar" en toe sit ek maar.

Als lyk so grênd in die wagkamer Ma. Lyk nie of die firma besig om bankrot te speel nie. Behalwe nou vir verlede jaar se Landbouweekblad wat ek deur moet blaai. Maar dis darem nie ingereken by die prys nie. Dis oppie huis.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Al is die advertensies in die Weekblad so oud, die mieliekoppe het eintlik muf op.

Klokslag vyf voor vyf kan ek my lyf laat onnersoek. Hoogenfooi lyk haastig en vra my my moeilikheid. "Neewat", sê ek, "ek wil maar net inkom vir diens voorlat die pryse opgaan!" Hy gee my 'n vuil kyk, soos die man by die keraats. Sit sy oorfone op en luister lank en innig. Netsoos Sagrys na sy underground, luister hy. "Klop nog", sê hy, wat ek buitendien geweet het. Toe vat hy my pols. "Twee en sewentig". Maar ek vra nie uit hoeveel nie. Hy pomp my een arm wat pap lyk op en gauge hom. Gelukkig nie 'n puncture nie. Hy voel oor my maag of ek al geëet het. Ek weet nie of hy die hot dog en dit kon voel nie, maar hy lyk tevrede. "Rook jy?" vra hy. "Net as Sagrys vir my hou", sê ek. "Cut dit uit", sê hy. "Drink jy baie?" wil hy verder weet. "Nee wat", sê ek. "Nou voor die eksamen is ek so bewerig ek stort als uit", sê ek. "Hou aan bewe", sê hy.

Toe skryf hy 'n preskropsie. Net vir die wis en die onwis. En aptekers moet ok lewe. "Jy's gelukkig" sê hy, "als werk nog". Maar hy sê niks van afslag oorlat ek in so 'n goeie kondisie is nie.

Ma se seun,
LODEWIKUS

UIT: LODEWIKUS SE BRIEWEBUS

En as ons so na die mense om ons kyk:

KAT - Definitief Irene Smit se nommer
PUP - Met 'n Engelse verwysing na klein hondjies - Sonja Potgieter s'n
KWê - Susan Swanepoel - geen verdere verduideliking nodig nie!
DOH - Vir Ansa met verwysing na die begin van die toonleer.
HOP - Met alle simpatie aan Norrie, Hannetjie en Thea na hulle voetoperasies.
WEG - Jolinda du Toit, wat al amper begin inpak

Op meer akademiese noot:


LLB vir Piet
Kyk vir al die swottendes wie se oë nou net op een plek is

DDK 184 T vir Dr Trichardt, wat beslis nie 'n PLATONIESE betekenis het nie

En soos die afgestorwe - en moontlik herlewende EWINGS van Dallas hulle hele van as registrasienommer gebruik het, ook iets meer gesofistikeerd vir ons Topbestuur, as net drie letters. Wat van

SAIBI vir mnr Duminy
DIALOG vir pof Boon, en
JETSET vir prof Gerryts?

MAGRIET LEE






"No kidding! It says, 'You shall have no other computers before me.'"

BIB 100 T?

Al ooit gedink wat jou motor se registrasienommer op die nuwe Transvaalse manier sou wees as jou werk, of jou omgewing in ag geneem moes word by die toekenning daarvan. In ons geval het ek maar die vokale bygetrek, wat nie deur die TPA gebruik word nie, want glo my, sinvolle drieletterwoorde sonder vokale is bitter skaars!

IBL en GSV is voor die hand liggend, maar wat van

VRA 999 vir Katalogusadvies
DDK 019 vir Ontsluiting
TIK 100 vir die tiksters, met die 100 bedoelende kilometer per uur
TEL vir Finansiële Administrasie
KLA vir Reprografie - wat hulle seker daagliks ervaar!
BEO vir Beplanning en Ontwikkeling (Nie 'n verwysing na Skandinawiese hoëtrou-apparaat nie!)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N SPOOKSTORIE VIR TEETYD

Soos gewoonlik neig die gesprek om ons teetafel na motors. Die voordele en die nadele van verskillende modelle sowel as van nuut teenoor tweedehands word ontrafel en vir toekomstige verwysing in die agterkop gehou. Maar omdat die meeste van ons om ons tafel daarvan hou om self na die karre om te sien, is 'n tweedehandse voertuig 'n goeie oorweging, kan selfs 'n winskopie wees. So lei een woord na 'n ander en Krisjan begin optel hoeveel karre hy in die laaste tien jaar besit het.

Oom Billy sit sy teekoppie neer en sê: "Tja, dit laat 'n mens nogal dink. Die ouens wat vóór jou die kar gehad het, waar is hulle nou en wat doen hulle nou?"

"Party van hulle," meen oom Danie, "is al seker dood. Dan moet jy versigtig ry, netnou kom spook hulle by jou..."

Oom Aminadab, van die Reprografie seksie, neem sy pyp rustig uit sy mond en sê: "Dit laat my dink aan die tyd toe ek nog op die busse was..."

Genoeglik sit ons terug in ons stoele. Teetyd is al amper om, maar watwou, ons tafel staan hier om die draai en as oom Aminadab met een of ander herinnering vorendag wil kom, dan gaan ons nie kapsie maak nie.

"Ek het 'n agt-en-veertig Chef gehad," gaan hy voort, "en om by die busloodse te kom, het ek altyd in Boomstraat afgery.

"Op 'n keer toe ek weer daar verbykom, toe roep daardie mevrou Bester my. Jy weet," en oom Aminadab wend hom na oom Billy, "sy het daar op die hoek van Paul Kruger en Boomstraat gewoon."

Die twee ooms is al ou ingesetenes van Pretoria en hulle skakel maklik oor na die dae toe dit nog eintlik 'n dorp was en meeste mense van mekaar geweet het.

"Ja, natuurlik," antwoord oom Billy en daar is so 'n vonkel in sy oë dat 'n mens sommer wens Leon Schuster het al in daardie dae met sy Vrypostige Mikrofoon opnames gemaak want dit lyk of sy 'n karakter kon gewees het. "Sy was mos daardie vrou wat gereeld met die geeste gepraat het."

"Ja," sê oom Aminadab en hy trek aan sy pyp. "Dit is ook waarvoor sy my geroep het. Sy sê dat daar elke dag 'n ou man saam met my ry en as ek by haar huis verbykom, dan klim die ou af en hy bly by haar tot ek vanaand weer huistoe gaan, dan klim hy weer in die kar by my..."

"Maar oom weet niks van hom nie," waag Krisjan.

"Nee," sê oom Aminadab, "ek weet niks van hom nie. Ek ry alleen werk toe en ek ry alleen huis toe. Maar sy sê sy sien hom elke keer. Hy's so 'n kortetjie en hy is al goed bles..."

"Van toe af ry jy seker 'n ander pad huis toe..." grinnik oom Danie. Maar oom Aminadab laat hom nie van stryk bring nie. "Mevrou Bester sê die ou man het lankgelede in my huis gewoon en daar is iets wat hom nog al die tyd pla..."

"Hy wag seker nog vir die laaste paaiement," meen Krisjan.

"Nee, dis nie dit nie," sê die oom en hy trek-trek so aan die pyp, maar dié het intussen doodgegaan. "Nee, sy sê die ou man het 'n trommeltjie geld daar in die jaart begrawe en nou kan die ou man nie tot rus kom voor dit uitgehaal is nie..."

Die ligsinnige gees om die tafel koel merkbaar af. Spoke is een ding, maar geld! In ons geestesoog sien ons reeds pik en graaf, hoor hoe die grond uitgeskep word en dan die klank van metaal teen metaal. Tja, mense verskil nie soveel van mekaar nie, nie sòveel dat jy dit sal agterkom nie...

"Nou moet jy weet," gaan oom Aminadab voort en hy sit sy pyp op die teetefel neer, "daardie mevrou Bester was nog nooit by my huis nie, maar sy beskryf vir my alles netsoos dit daar lyk en sy moes dit by die ou man gehoor het. Jy weet, Billy, die buitekamer wat ek aan die garage gebou het, reg aan die begin net toe ek die huis gekoop het, nou ja, sy sê die geld is daar begrawe, daar onder waar nou die vloer van die buitekamer is. Net so aan die kant van die garage in lyn met die agterdeur, as jy uitkom. Na agtertoe, daar waar daardie ou moerbeiboom gestaan het totdat die weerlig hom geslaan het..."


"Magtie oom," val ek hom in die rede, want ek kan die spanning nie meer uitstaan nie, "en het oom toe die geld gaan uitgrou?"

"Wat?" vra om Aminadab gesteurd. Hy steek weer sy pyp aan, "moet ek nou 'n vloer gaan staan en opkap net van 'n spookstorie...?"

Vir die eerste keer merk ek sy aansteker. Dit is van 'n baie eksklusiewe Franse fabrikaat, gemaak van platina met die oom se voorletters daarop uitgewerk in 18 karaat goud. 'n Mens kan spookstories en spoke maklik afmaak, veral as jy nie die een was wat die spook ontmoet het nie, maar al glo jy nie in spoke nie, dan is daar darem nog altyd die moontlikheid dat 'n mens, terwyl hy nog gelewe het, iets kon begrawe het. En dan weer, daardie aansteker in die oom se hand, dit was geen gesigsbedrog nie, dit was werklik...

Ek laat dit maar vir u om te besluit, maar my eie gevoel is, dit was 'n tamaai trommeltjie...

PIET DE KOCK



„Soos dit vir my lyk, is die oogmerk van die spel om die klein gaatjie met die wit balletjie te mis, die stok te breek en dan pers in die gesig te word."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Die Posklip



Geagte Redaksie

Daar het jy nou weer die bewys daarvan dat die gras aan die anderkant van jou eie wei-kampie altyd groener lyk. Verlede maand het 'n ongetroude/geskeide iemand oor die voordele daarvan om getroud te wees, geskryf. Nouja, ek is getroud en vir my lyk dit weer so rustig om net een Baas en een Topbestuur te hê want jou Baas by die huis se Topbestuur kan nogal soos 'n donker wolk bokant jou kop hang.

'n Getroude vrou se week kan ongeveer op die volgende manier verloop:

Maandag voel sy verwaarloos omdat sy soveel tyd aan manlief se massa vuil sokkies bestee het dat sy nie behoorlik hare gekam het nie.

Dinsdag voel sy verleë want manlief was dikbek omdat sy massa skoon sokkies nie reeds opgerol in sy laai gelê het nie.

Woensdag voel sy afgeskeep want manlief gaan die middag heerlik golf speel en sy gaan by 'n verdroogde tuin tuiskom.

Donderdag voel sy minderwaardig want die ontbyt was nie na manlief se sin nie.

Vrydag voel sy ongeduldig omdat manlief weer al sy besigheid vir haar gegee het. Sy werk is tog sō belangrik en buitendien kry sy so baie tyd by die werk af.

Saterdag maak sy maar soos die kombuiskraan: drup-drup-drup (drie weke lank al).

Sondagmôre verwag die MANLIKE predikant van haar om al om 09h00 saam met haar versadigde man in die kerk te sit.

Selfversekerdheid en selftevredenheid?

Mense, jy kan dit weinig meer as 'n drang tot oorlewing noem!

"GEEN GRAPPIE"

N.S Indien "Grappie" daarin belangstel om vir manlief oor te neem moet sy asb net in die persoonlike kolomme van Biblikasie adverteer.



„Liefling, ek sal jou nie eens vir die wêreld verruil nie. Hy is in 'n nog erger toestand."

ETIKET EN WANHOOP

In verlede maand se Biblikasie was daar 'n artikel oor Etiket, met 'n hoofletter E. Gasvryheid (ook met 'n groot G) kan bepaald oordoen word, en as jy al daardie dinge vir jou gaste voorsien, is jy beter as 'n 5-ster hotel, en sal jy nooit sonder gaste wees nie. Die vraag is: Wil jy altyd gaste hê? Die Hollanders, wat 'n nugtere volk is, het 'n gesegde: "Vis en gaste ruik na 3 dae."

Onlangs het ek in my klein-klein woonplekkie 'n gas vir 'n sewedag-week gehad. Die eerste aand lig sy my ongeërg in dat sy vyfuur soggens opstaan wanneer sy met verlof is. Toe ek oopmond vra "Hoekom?" aangesien dit winter is, antwoord sy dat die dae anders nie lank genoeg is nie.

Inderdaad val ek die eerste oggend byna uit die bed van skrik toe sy die TV aanskakel om vas te stel of dit sowaar vyfuur was.

En elke oggend het sy 'n nuwe manier beplan om my wakker te maak en my sodoende gekul uit ure se drome.

In die eerste deel van die etiket-artikel sê dit: "moenie in die voormiddag al georganiseerde vermaak hê nie."

Sekerlik moet ook die gas hierdie reël nakom?

As die kuier te lank duur, is dit dalk die gasvrou se behoud om 'n speletjie te speel, soos die genoemde vroeë georganiseerde sport, selfs hardgebakte eiers en gebrande pampoen (eina!).


En daar is geen perke aan 'n wanhopige gasvrou se vindingrykheid in 'n noodtoestand nie!


RAAI WIE?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## What's Cookin?





*KOEJAWELTERT*

1. *Skei die stroop en vrugte van 1 groot blik koejawels.*

2. *Laat die stroop kook en verdik dit met 2 desertlepels vlapoeier.*

3. *Voeg hierby fyngedrukte koejawels en 'n bietjie suiker indien verkies. Laat koud word.*

4. *Sny 1 groot rolkoek in skywe en lê uit in bak.*

5. *Meng die volgende saam:*

   *1 blik kondensmelk*
   *1 bakkie gladde maaskaas*
   *2 suurlemoene se sap*

6. *Plaas kondensmelk-maaskaasmengsel op rolkoekonderlaag en daarna die koejawelmengsel.*

7. *Laat 1 dag lank in yskas voor gebruik.*

8. *Versier met geklopte room indien verkies.*



*VERS*

*Gedagtes borrel en bondel*
*soek 'n uitlaatklep*
*in verse*
*met hoofletters*
*en uitroeptekens*

*Die wilde wil van oopmaak*
*oopbreek*
*groei en groei en ...*

*Maar dan*
*stamp ek my tone*
*teen die klippe*
*van my eie onvermoë*
*struikel*
*oor praktiese realisme -*
*en staar--oudergewoonte--*
*in die matglas*
*van eie ego*
*vas.*

*BUSRIT*

*+Elke dag ry ons saam bus*
*net soms wonder ek -*
*wie jy is?*

*+Ek dra 'n masker*
*en jy dra 'n masker -*
*soms raai ek net*
*wat skuil daaragter?*

*+Ek is dood*
*en jy is dood-,*
*weet jy miskien*
*hoe word ons kinders groot?*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

BELEWENISSE VAN BYNA-BO

*'n Jaar van vreugde*
*'n Jaar van smart*
*Kyk waar trek hy -*
*Dit breek jou hart!*

*Diep in Oktober*
*Is dit al voorwaar*
*en ons beleef nou die dertigste winter*
*in die '81ste jaar.*

*Kan jy 'n vloer*
*'n Myl ver hoor lag*
*Dis vreugde oor Maureen*
*- ons het lank vir haar gewag.*

*En vra jy vir Alida*
*Hoe gaan dit nou met haar*
*"Goed, van Ansa gesond is,*
*en verder JETTA, JETTA!*

*Na 'n jaar se notules*
*Is Thea nog lank nie kapoet*
*Sy's net vir 'n ruk af*
*Om te laat sny aan haar voet.*

*Hoor jy dalk 'n sug*
*as jy na Ilsé Marié luister?*
*Met die eksamen voor die deur*
*Lyk November maar duister.*


*Kyk Susan se voete*
*Sy vee al af ons stof*
*Kort voor lank ly sy*
*mos aan chroniese verlof!*

*Gedag dis Susan*
*Wat die hekelkuns wou leer*
*Maar nou laat Carin vir Jolinda*
*die kort- en langbene probeer.*

*Dr Trichardt help studente*
*van Plato to by Hegel*
*en so tussendeur moet sy*
*nog sitplekopnames regel!*

*As jy die Biblikasie lees*
*en van daaglikse ooreising gaap,*
*Groet ons julle met 'n vakansiegroet -*
*Die uwe uit Natal, en Zani uit die Kaap!*

*MAGRIET LEE*




„Probeer dié mevrou — dit sal jou help om makliker te praat."

'N WEERBERIG VAN DIE 3$^{e}$ VLOER

Annatjie: Matig en warm met 'n sterk moontlikheid van los donderbuie gewoonlik in die laat namiddag (veral as die voorspelling vir 'n tydperk 08h00 tot 22h00 strek!)

Amanda: Mooiweer en matig maar aanvanklik koel en effens bewolk.

Hennie: Ligte buie versprei deur die dag.

Irene: 'n Warm wind van die see af stroom gewoonlik laterig in die oggend die binneland in - bedaar effens, maar miskolle kan plek-plek te wagte wees later in die dag.

Matilda: Mooiweer en warm met helder sonskyn vroeg-oggend - sal voortduur afhangende van hoe temperature in omliggende streke daal.

Jinnie: Koel bergwinde gedurende die week wat plek maak vir besondere mooiweer en sonskyn Woensdag om en by 10h00.

Rita: Onveranderde mooiweerstoestande heers.

Piet: 'n Koue front mag dalk inbeweeg - origens warm met 'n voortdurende hoogdrukstelsel aan die weg beweeg.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




SWART KATTE EN PERSSTORIES

(OF: AS DIE KOERANTE BIBLIKASIE SE NUUSBROKKIES SOU OPVOLG)

"MIDDESTAD" 9 Okt 1981 Laat Uitgawe:

SWART KAT STERF IN MIDDESTAD

Geheimsinnigheid omring die omstandighede waaronder 'n jeugdige swart kat gisteraand aan sy einde gekom het voor die McFadyen Biblioteek. Die kat, wat volgens ooggetuies "snaaks" opgetree het, is deur 'n veiligheidsbeampte met 'n swaar-kaliber rewolwer doodgeskiet. Die kat sou na bewering studente en personeellede bedreig het met sy aggressiewe gedrag. Herhaalde oproepe na die SPCA het niks opgelewer nie. Nóg die direkteur van die SPCA nóg die Bibliotekaris by McFadyen was vanmôre vir kommentaar beskikbaar.

---oOo---

"MôREBLAD" 10 Okt 1981:

KWAAI REAKSIE OP KATESTROFE


Lede van die publiek en verteenwoordigers van verskeie organisasies het beswaar gemaak teen wat bestempel word as die "onverantwoordelike optrede" van Universiteitsowerhede rondom die dood van 'n swart kat op die Buitemuurse Kampus van UP. Ook die SPCA het skerp gereageer op aantygings dat dié insident die gevolg was van hulle traagheid om op te tree. Die Veiligheidspolisie ondersoek die saak.

---oOo---

"CITYZIN" 10 Oct. 1981:

CONSPIRACY SAYS MINISTER

Discrimination against black cats says Opposition.



"SONDAGNUUS" 11 OKT 1981 VOORBLAD:

BAA BAA SWART KAT

London - Betogings het in verskeie Europese stede uitgebreek in protes teen die dood van 'n swart kat in Pretoria dié week. In Parys is 'n "Black Cat Liberation Movement" in die lewe geroep. Verskeie Afrika-leiers het Suid-Afrika skerp veroordeel vir dié "moordslagting onder onderdruktes".

---oOo---

"SONDAGNUUS" 11 OKT 1981 AGTERBLAD:

WIE IS DIE WULPSE GEMMERKATJIE WAT DIE AAND VOOR SY DOOD DIE SWART KAT OP 'N VENSTERBANK ONTMOET HET?

---oOo---

VERSKEIE KOERANTE 12 OKT 1981

"Swartkat na Veiligheidsraad"

"HOE EK HOM GESKIET HET - WAG VERTEL"

"Opposition demands chosen comittee to probe Black Cat scandal"

" S A AMBASSADE MET BLIKKE KATKOS BESTOOK"

"Cats on strike worldwide - mice run wild"

"TV-DRAMA BLACK CAT" TO FOLLOW "DALLAS"

---oOo---

"LANDBOUMAANDBLAD" NOV 1981

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

47. VERLORE ITEMS:


Swart kat wat antwoord op naam "Tabby". Bejaarde dame ontroosbaar. Skakel asb 30327

---oOo---

"BIBLIKASIE" OKT 1981 NUUS UIT DIE BUITE(MUURSE) POS:

Verder gaan dit goed dankie.

McFADYEN-SPAN






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



"This set-up seems to be especially popular."

ONTSLUITING

Die Seksie Makro-Ontsluiting het intussen besluit om sy terminologie 'n bietjie te verander in 'n poging om die afdeling se struktuur te formaliseer. Tot nou toe het daar eintlik 'n informele reëling bestaan, in die afwesigheid van 'n seksiehoof; dié reëling word nog behou, maar kry nou formele bestaansreg. Die lede van die afdeling staan nou bekend as die Komitee van Ontsluiters, en ons kontroleerders vrom saam die Dagbestuur van die Komitee van Ontsluiters. Daar sal geen Seksie-hoof wees nie, en bestuur van die afdeling roteer nog steeds op 'n gereelde basis tussen die lede van die Dagbestuur, nl mej M Mörsner, en mevv Vink en Van Wyk. Hiermee word dan volle professionele status aan elke lid van die Seksie toegeken. Gereelde professionele vergaderings sal ook voortaan gehou word.

Hiermee saam met die Seksie sommer ook 'n pragtige "nuwe" komiteetafel aangeskaf, deur die ou een agter in die afdeling met 'n nuwe tafelkleed uit te dos. Ons dank aan mevv E Cronje en H Fourie vir die smaakvolle keuse. (Sommer 'n woord van simpatie en welkom terug aan mev Fourie, wat gedurende die afgelope tyd met haar gesondheid gesukkel het. Héléne, ons hoop dit sal van nou af beter gaan met jou).

Wat die Seksie se werksaamhede betref, gaan dit stil maar bedrywig. Die jaar staan einde se kant toe, en almal sien uit na 'n welverdiende vakansie. Hopelik het die somer nou finaal gearriveer, en sal dit 'n inspirasie wees vir die paar maande wat nog voorlê. Ons berei onsself so stadigaan voor op 'n retrospektiewe oorplasing van die "ou" voorraad, en sal dus nog heelwat te doen hê in die volgende paar jaar, voordat ons gerekenariseerde bestaan ten volle sy potensiaal in die Merensky ontplooi het. DOBIS is party dae nog heel stout, maar in die algemeen bly hy nog 'n ontsluiter se beste vriend - al blaf ons so 'n bietjie vir mekaar partymaal

Tot 'n volgende skrywe
groete vanuit

ONTSLUITING

BOEKBESTELLINGS

Oktobermaand, seker die mooiste tyd van die jaar hier in die Jakarandastad, maar ook die tyd waarin dit voel of elke dag meer as 24 uur moes gehad het om te werk, studies en speel te kon huisves. Dit is juis in die gees van die tyd dat ek vir een en almal (studerendes en nie-studerendes) hierdie volgende woorde wil gee om oor na te dink - miskien ietsie vir daardie moeë liggaam en moontlik ook moeë gees!

*Dag, liewe medemens,*
*Neem jou tyd om gelukkig te wees.*
*Jy is 'n wonderwerk wat*
*tydelik woon op hierdie aarde.*
*Jy is enig, uniek,*
*onvervangbaar.*
*Besef jy dit?*
*Waarom is jy nie verbaas nie,*
*is jy nie bly, verstom*
*oor jouself*
*en oor al die ander*
*rondom jou?*
*Vind jy dit so ongewoon,*
*so vanselfsprekend,*
*dat jy leef,*
*dat jy mag lewe,*
*dat jy tyd kry,*
*om te sing en te dans,*
*om gelukkig te wees?*
*Waarom dan jou tyd verspeel*
*in 'n sinnelose gejaag*
*na geld en besitting?*
*Waarom belas jy jouself*
*met kommer oor môre en oormôre?*
*Waarom maak jy rusie, laat jy jou verveel,*
*gee jy jou oor aan leë plesier*
*en slaap wanneer die son skyn?*
*Neem rustig jou tyd*
*om gelukkig te wees.*
*Tyd is geen snelweg*
*tussen die wieg en die graf,*
*maar 'n ruimte*
*om te parkeer in die son!*


*(Met erkenning aan Phil Bosmans)*

Baie sterkte aan almal wat moeg en tam voel, dié wat worstel met die eksamenspook en dié wat worstel met die lus vir 'n lââãng vakansie - hou moed Desember is om die draai.

Ek wil ook graag nou van die geleentheid gebruik maak om aan almal baie dankie te sê vir die lekker saamwerk. Dit was 'n voorreg om deel van Merensky te kon wees.

Groete

MARIANNE






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VEEARTSENYKUNDE

Vanaf Novembermaand kry die Veeartsenykunde-biblioteek 'n splinternuwe takbibliotekaresse in die persoon van mev Erika van der Westhuizen. Ons hoop jy sal baie gelukkig wees hier, Erika en dat jy die werk stimulerend sal vind.

Groot nuus vir al die dames (en die mans?) op Onderstepoort is die aanstelling van 'n dame as een van die departementshoofde by die fakulteit Veeartsenykunde. Soos ons dr Malie Smuts ken, sal sy beslis haar plek ook op hierdie terrein kan volstaan.

Groete

MATHILDA DU PREEZ EN SHIRLEY KINGSLEY

## -UITSTALLINGS-



*TYDSKRIFTE*

*"Ek wil lewendige skapies en eendjies op my troue hê"*
*Het Grietjie herhaalde kere gesê.*
*Ag, en wat 'n gesukkel was dit nie*
*want 'n plek vir só 'n onthaal bestaan net nie.*
*Maar moet nie glo Griet het tou opgegooi*
*Sy het aanhou soek vir 'n plek net so mooi.*

*Van Genl Smuts se huis tot Irene se plaas,*
*het sy oral 'n bloutjie geloop, tot - oplaas-*
*die Opelugmuseum was die regte plek*
*met skapies en eendjies en 'n ou plaashek.*
*Die Grietjie so fraai soos 'n bruid maar kan wees*
*was 'n plesier vir die oog, en die onthaal*
*was 'n Fees.*

*Ons sê Baie Geluk aan julle twee*
*Sterkte vir die huwelik met sy wel en sy wee.*

*OKTOBER*

*Wie het beweer Oktober is Somer? Miskien net die digter van ouds met sy verdraaide idee van*

*Die mooiste, mooiste maand*
*Dan is die dag so helder (?)*
*So groen is elke aand.*

*Dit is in 1981 bewys dat dit slegs 'n ou bygeloof is, soos in talle ander gevalle; bv:*

*Pampoen gee krulhare*
*(Die krulle op my pampoenkop kom uit die haarkap-persalon)*
*Beet gee rooi wange*
*(My rooi wnage kom van Justine, via Ilse-Marie)*
*As jy op 'n tafel sit trou jy met 'n dronk man*
*(Gelukkig is die dronk man my gespaar - tot dusver)*

*Maar as ons ons nou verbeel dis somer, die son skyn, ons sou nie wintersklere dra in Oktober nie en nie meer met winterpajamas slaap nie, dan kan Oktober natuurlik wees soos die digter dit besing het. Maar nou lyk dit mos al te veel of die sei-soene verskuif om by dié van Europa aan te pas (imported from Britain). Die enigste voordeel wat ek in die hele ding kan sien, is dat dit heerlike koel weer is vir verpligte ongewone akti-witeite. Want skielik mos eergister toe sien ek dat die jakarandas hier voor die biblioteek blom.*

*En waarom was ek toe skielik verheug?*
*"Somer en son en saffier vir my"?*
*Ek neem van die vars lug 'n lekker groot teug*
*En sug, want eksamen is vir MY verby.*

*SIES*

**PROF VERSTROOI**







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Maureen Brassel, Ernst Muller, Johanna Gaigher, Isabel van Rooyen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BIBLIKASIE

NOVEMBER/
DESEMBER

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorwoord



BIBLIKASIE : 5 JAAR OUD

"Die geboorte van Biblikasie is 'n heuglike gebeurtenis. Sy verskyning is nog 'n treetjie nader aan ons doelstelling om 'n Biblioteekdiens daar te stel wat in gees en gesindheid kerngesond is". Dit was die eerste twee sinne in die eerste nommer van Biblikasie.

Ek het deur die eerste klompie nommers van Biblikasie geblaai en opnuut onder die indruk gekom van die belangrike rol wat ons blad speel om onderlinge binding en kommunikasie te bewerkstellig terwyl die geskiedenis van ons Biblioteekdiens en die doen en late van sy mense op spontane wyse te boek gestel word. Dit blyk so duidelik uit die volgende:

1976
JUNIE: Die rekenariseringsprojek word as 'n prioriteitsprojek aangekondig en die MacFadyen-biblioteek slaag daarin om sy versameling van 50 000 bande uit te dun.

JULIE: Die uitbreiding van die Voorkliniese biblioteek deur die inskakeling van die studente se ontspanningsaal in die kelderverdieping word goedgekeur. Danksy die harde werk van die Sosiale klub bring gordyne, tafeldoekies, asbakkies en blompotjies nou 'n nuwe gesellige atmosfeer in die Merensky-biblioteek se teekamer.

AUGUSTUS: Piet de Kock kwalifiseer vir die eindrondte in TV se vasvrareeks "TV Distination".

SEPTEMBER: 'n Module van DOBIS word vir die eerste keer vir demonstrasie- en eksperimentele doeleindes geïnstalleer. Mej Magriet Lee en mev Denise Wheeler aanvaar diens - eersgenoemde in die Seksie Makro-ontlsuiting.

OKTOBER: Die verklikkerstelsel word geïnstalleer.

NOVEMBER-DESEMBER: Die nuwe Veeartsenykunde-biblioteek word op 12 November amptelik in gebruik gestel. (Nou vyf jaar later, op 26 November 1981 neem ons die uitbreiding van dieselfde biblioteek in gebruik).

1977
JANUARIE: 170 Bibliotekarisse van Noord- en Suid-Transvaal vergader by die Merensky-biblioteek. Mev Heleen Fourie sluit by ons aan.

FEBRUARIE: 'n Totiusherdenkingsaand word in die Merensky-biblioteek gehou en bekende persoonlikhede soos prof P J Nienaber, prof Anna Neethling-Pohl en mnr Carl Trichardt tree by die geleentheid op.

Op 18 Maart hou die personeel hulle eie sigeuneraand. Dieselfde maand word Rolf en Christel Tönsing 'n seun ryker.

So vertel Biblikasie ons verhaal van maand tot maand. Ek wil in hierdie laaste nommer van die jaar waarin Biblikasie vyf jaar oud geword het, vir elkeen wat help skryf het sê baie dankie en knap gedaan. 'n Besondere woord van waardering aan diegene wat as redakteurs en subredakteurs opgetree het.

Die redakteurs was

| | |
|---|---|
| 1976-77 | Mej I M Pellisier |
| 1978 | Mej Jeanette du Preez |
| 1979 | Mev Heleen Fourie |
| 1980 | Mej Magriet Lee |
| 1981 | Mev Matilda Pieterse |

Ons is dankbaar om vier van hierdie vyf persone nog met ons te hê. Mag hulle nog lank by ons bly. U het u name deur goeie werk reeds vasgelê in die annale van ons Biblioteekdiens.

Ek wens ons uittredende redaktrise, mev Matilda Pieterse, en haar twee sub-redaktrises, mevv Zani Swart en Sonja Potgieter 'n welverdiende blaaskans toe. Dankie vir 1981 se lekker-lees. Aan die inkomende redaktrise, mej Anna van Zijl, en haar adjudante, mej Amelia van den Bergh en mev Rika van der Walt van harte geluk en sterkte!

Die wete dat daar in ons Biblioteekdiens soveel entoesiastiese, toegewyde en begaafde mense is, bly vir my 'n wonderlike en inspirerende ervaring. Ek hoef nooit om te kyk nie, hulle is langs my - altyd! Baie dankie.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR



*WHICH BONE ARE YOU?*

*IT has been said that the membership of any organisation is made up of FOUR BONES.*

*There are WISH BONES who spend all their time wishing that someone else would do all the work.*

*There are JAW BONES who do all the talking and very little else.*

*There are KNUCKLE BONES who knock everything that anybody else tires to do.*

*And finally there are the BACK BONES who get under the load and do the work.*

*SANTA NUUS*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KERSFEES - HOE HET DIE FEES ONTSTAAN?

Op 25 Desember word oor die hele wêreld Kersfees gevier. Maar hoekom dan nou juis op die 25ste Desember?

Uit die Nuwe Testament kon die datum waarop Chistus gesterf het afgelei word, maar die datum van sy geboorte kon nie presies vasgestel word nie. Uit die verhaal van die goeie Herders is daar die volgende afleiding gemaak. In Palestina bly die skape vanaf Maart tot November snags buite. Christus is dus in die voorjaar gebore, gedurende die Somer of Herfs, en dus nie in die Winter soos ons dit nou vier nie.

Die eerste Christelike kerke het nie Kersfees gevier nie. Ketters het op die 6de Januarie begin om die doop van Christus te vier. Hierdie fees is later deur die Oosterse kerke oorgeneem. Hulle vier egter ook die geboorte van Christus saam met die doopfees.

Die Heidense nasies o a die Romeine en Grieke het 'n fees op die 25ste Desember gevier naamlik, die herdenking aan die geboorte van die son. In teenstelling hiermee het die kerk van Christus in die sesde eeu 'n fees begin hou ter herdenking aan die geboorte van Christus "die onverganklike lig" op die 25ste Desember. Dit het 'n jaarlikse instelling geword.

'n Ingrypende vraag wat dr J J Beukes in sy boek "Zin en Onzin van Kerstfees" vra naamlik, dat ons in hierdie jaar nie sal vra "Wat sal ek ontvang nie" maar "Hoe sal ek U ontvang," het my laat nadink op die manier waarop ons vandag Kersfees vier ... het dit nie 'n Kermis geword, met al die partytjies, geskenke en versierings nie?

AMANDA VILJOEN



## KOEI IN DIE LUSERN - FANUS ... OF SO IETS

"Fanus

Na aanleiding van jou rubriek oor TAAL-TERRORISTE in DT van verlede Maandag, wil ek ook 'n skoot skiet.

Dit het my ook opgeval dat daar 'n hartseer aan die gebeur is: ons het so baie probleme in hierdie land dat ek nie eens wil beginne opnoem nie. Daar is mense aangestel en mense verkies wat daagliks met hierdie probleme worstel, maar help hulle om die probleme op te los?

Nee.

Soos dit vir my lyk het die probleemoplossing in hierdie land 'n AKADEMIESE SPELETJIE AAN DIE EEN KANT, en 'N POLITIEKE SPELETJIE AAN DIE ANDERKANT, GEWORD.

Wat bedoel ek daarmee?

As daar 'n koei in die lusern is en die koei is besig om haar te oorvreet, wat is die probleem en wat is die moontlike oplossing?

Die probleem is: 'n koei is in die lusern en is besig om haar te oorvreet.

Die oplossing is: maak oop die hek en jaag die koei uit. Maar wat gebeur?

Die probleem word na 'n komitee verwys. Die komitee het 'n groter probleem, of probleme. Waar gaan hulle vergader? Hoe lank gaan hulle vergader? Hoeveel gaan hulle betaal word? En wie gaan die voorsitter wees? Uiteindelik is die aanvanklike probleme opgelos.

Nou vergader hulle. Die een lid wil weet watter soort koei dit is. Die ander vra hoe oud die lusern is. 'n Derde wil weet of die hek wat nog toe is, geolie is, en as dit is, waarom skree die hek as 'n mens dit oopmaak? Moet 'n mens nie maar liewer die hek toehou nie, want niemand hou van 'n geskree nie. Dan ook, Mnr. die voorsitter, as die hek oopgemaak word, is daar nie 'n moontlikheid dat daar ander beeste in die lusernland sal kom nie?

Wat stel u dan voor? vra die voorsitter. Wel, in die eerste plek kan die koei daar gelaat word. Sy sal dan sekerlik vrek, maar deur haar dood kan sy baie ander beeste red. In die tweede plek kan 'n mens die lusern verwyder. In die derde plek kan 'n mens die lusernland so verdeel dat elke bees 'n klein stukkie land kry en dan so die moontlikheid van oorvreting uitskakel.

Nog iemand kom op die been. Meneer, ons het swart beeste en wit beeste. Nou het ons gesien dat swart beeste meer vreet as wit beeste. Die voorsitter wil weet hoe dit dan moontlik is. Die lid sê dat dit baie eenvoudig is: ons het meer swart beeste as wit beeste. Die tyd het hulle ingehaal en die kommissie besluit om die bespreking uit te stel tot 10 Oktober, die dag wanneer Waikato teen Noord-Transvaal speel. En dan hou ons sommer die vergadering in Pretoria? Vra die juffrou om vir ons te bespreek...N.P. van Wyk Louw het ins sy Nuusberigte: 1956 al hierdie dinge al gesê:

"Nee: opnoem van boosheid baat nie: boosheid is teelkragtig BYNA soos goedheid: die boosheid spruit eenvoudig salige lote na alkant toe uit: stuur sy lootjies skool toe, laat hul tonêel speel, maak parlementslede en filosowe van hulle."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

En teen die einde:

"Kom, ons gooi één van dié gemeste-kalwer-leiers nêêr in die skraal Karoo en ploeg hom in - dáár so by die plakkieaanteel-plaas van die Wit-Driehoek-Berge by Matjiesfontein - en kyk hôéveel aarde hy nat-maak: daar waar sy nátkol sit."

Groetnis

ANRIES VENTER." - DIE TRANSVALER 28/9/81



*WORD JY OUD, OF IS JY OUD? - DRIENIE WAGNER*

*My ou Vriend,*

*As jy '30 se depressie soos gister onthou,*
*En nog steeds 'n nuwe depressie sien in elke jaar wat ontvou -*

*As jy onthou van vier Nigerballs vir 'n pennie,*
*'n tiekie vir 'n pond vleis*
*En jou blinke sjieling se paar pond rys -*

*As jy net nie vandag se sentjie onnodig kan strooi,*
*Al is jou bankrekening ook so mooi -*

*MOET JY WEET JY WORD OUD!*

*My ou Vriend,*

*As "O ou ryperd" van Chris Blignaut jou trane in die oë laat kry,*
*En "White Christmas" van Bing Crosby jou vir dae by kan bly -*

*As '38 se Ossewatrek weer fris in jou geheue is,*
*En jy skaars nodig het om '47 se koninklike besoek te verfris -*

*As jy jou klas en studentemaats soos gister onthou,*
*Maar jy verstaan die kuns om nuwe kenisse se name en vanne te verbrou -*

*MOET JY WEET JY WORD OUD!*

*My ou Vriend,*

*As jy by "Pick 'n Pay" staan en kyk hoe die masjien die koekies maak,*
*En jy onthou skielik hoe't die melktert uit Oorle Ma se Welcome Dover gesmaak*

*As jy daardie eerste Austintjie van jou in jou verbeelding sien,*
*En jy nou nie die verskil tussen 'n Mercedes en 'n Passat kan sien -*

*As jou welvarende kinders jou met 'n paar rand op jou verjaardag bederf,*
*En jy besluit weer hul moet uit jou pensioen nog erf -*

*MOET JY WEET JY WORD OUD!*

*Maar my ou Vriend,*

*As jy die Nasionale Party se beleid van '48 onthou,*
*En jy besluit dis presies nog dieselfde as nou -*

*As Mej. Suid-Afrika by jou verby sou gaan,*
*En jy nie die minste moeite sou doen om haar gade te slaan -*

*MOET JY WEET JY IS OUD!*

*EDUCA*




LESSONS FROM THE CUBE ....

The latest craze happens to be for one of the most educational toys ever invented. That is how Dr David Singmaster, of London's Polytechnic of the South Bank, rates the Hungarian, magic or Rubik's cube.

In a paper to the mathematics section of the British Association for the Advancement of Science he explains some of its advanced mathematics and he believes schools should be striving to exploit the popular cube's full educational potential.

Dr Singmaster says it can be used to teach children three-dimensional geometry, along with the variations on the cube theme now appearing. "Children who two years ago would not have known what a cube was, are today playing cheerfully with cubes, octagonal prisms, truncated cubes and cubo-octahedra. Soon there will be tetrahedra, spheres and possibly dodecahedra and octahedra."

TIMES EDUCATIONAL SUPPLEMENT 4/9/81





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

KLEIN KLIPPE VER GOOI

MY KROON - DEUR LINDY EDWARDS

Noudat ek daaroor nading, verbaas dit my nog steeds hoe 'n dertienjarige meisie so gou haar leessmaak kan verander. Baie jare is sy doodgelukkig om in haar verbeelding die avonture van Saartjie, Soekie, Tessa en die Maasdorpers mee te maak. Dan eendag lees sy haar eerste roman, en hierna is dit tiekets vir 'n hele paar jaar, ondanks byna desperate pogings van taalonderwysers om die arme bloedjies 'n "gevorderde leessmaak" te laat ontwikkel.

Hierdie stadium het ek bereik net voordat ek hoërskool toe is. Onvermydelik het die "kastaiingbruin hare wat soos 'n sluier om haar gesig val" gekom. Ewe onvermydelik wou die jonge dametjie ook sulke hare hê, onwetend van die groot probleem wat sy op haar skouers sou laai.

Tot dusver het ek altyd kort hare gedra, maar nou moes dit opsluit lang hare wees. Ook nie honderd jaar nie, of ek was al in staat om hulle met rekkies (genoeg om 'n skoonheidskundige die wanhopings te gee!) vas te maak sodat hulle sulke bokstertjies staan. As my kuif in my oë gehang het, is hy sonder enige verdere seremonie vasgemaak met 'n knippie of twee.

Skaars het my hare skouerlengte bereik, of ons gaan met vakansie L.M. toe. Hier het my eintlike probleme begin, want warm water was bra skaars in die baie gewilde karavaanpark. Dus, ná twee weke se gesukkel om die Portugese sand met behulp van koue water uit my hare te kry, kon ek dit nie langer uithou nie. By die huis was die karavaan skaars uitgepak, of ek bevlieg behoorlik die telefoon om 'n baie dringende afspraak te maak.

Ek wou al besin oor die voorgenome baie drastiese stap, maar wat wou! Die koeël was byna deur die kerk en buig of bars, ek wou my hare af hê voordat my moed my begewe.

In daardie stadium was dit mos "in" om jou hare lank voor en kort agter te dra. "Lowswept over the brow," het ek gesê, hoewel ek dit sterk betwyfel of daar veel verband is tussen die styl en my beskrywing daarvan. Maar eind goed, dan's alles dood-dollies en die resultaat het my geval.

Maar toe begin dinge lol. My lowswept-styl het presies so begin lyk - GESWEPT - kompleet nes ouma se grasbesem. Vir die eerste keer het ek agtergekom dat ek die eienares van 'n baie dik bos hare was. Ook is die Vrystaat (altans Welkom) bekend om sy baie wind en stof. Voeg nou daarby die feit dat ek gereeld op my fiets skool toe ry (fietsry maak 'n mens warm en sweterig) en jy kry hare wat gereeld elke tweede dag gewas moet word. Boonop het ek teen dié tyd al oor 'n redelike kennis van rekkies beskik, en gebreekte hare en bolletjies is verbode by die skool. Dus kon ek die goed nie vasmaak nie en los was dit net 'n bron van ergernis. Oplossing? Korter hare ...


Standerd 8 en 9 was dus jare van kort hare - en was dit nie heerlik om so loskop te kon rondloop nie! Dit moes nou wel elke dag gewas word en dit was wel geneig om 'n bietjie wild te staan, maar in vergelyking met my maats wat lang hare gehad het, was my probleme maar min. Buitendien, kort hare is mode ...

MAAR ag! Dit kon ek verwag het - êrens in die kabel sou daar 'n kinkel kom en hierdie keer was dit sommer letterlik en figuurlik. Die letterlike gedeelte het eerste gekom, en snaaks genoeg was 'n vakansie weer die oorsaak. Lede van die vroulike geslag wat al by die see gesukkel het met hare wat buitensporig krul, sal weet dat ek nie oordryf as ek sê dat my golliwog-hare my byna mal gemaak het nie. Veel erger egter was die figuurlike gedeelte, want van eersgenoemde het ek gou genoeg herstel met ons tuiskoms.

Lang hare vir mans is al lankal mode, maar tot redelik onlangs het die manlike lede in my familie en vriendekring hul hare almal kort gedra. Maar toe byt die mode-gogga ook onder hulle en skielik begin hulle dit almal langer dra. Party se hare was 'n redelike lengte met hul ore nog oop; die ander s'n van 'n bietjie na redelik langer, maar almal, klein en groot, se hare was te lank om ongeskend deur 'n weermag-inspeksie te gaan.

Almal het al die grappie gehoor van die moeder wat vir haar dogter gesê het: "Kind, jy moet jou hare laat sny, anders lyk jy een van die dae soos 'n seun." Maar dit sou ongeldig wees wat hierdie vroulike wese betref, en dus was dit koebaai kroel woeld vir my heerlike kort hare, want not 'n tiekie of ek die kortste hare onder al my kennisse sou hê (vroulik of manlik) en not 'n sikspens of ek die onderwerp van bogenoemde grap in ons familie sou wees.

Nou is dit weer sulke tyd, want intussen het lang hare se sorge dieselfde gebly. Dit gaan stadig, so pynlik stadig, sodat dit voel of die hele wêreld teen my is. Welkom is steeds bekend om sy stof, en met die fietsry kry ons nog altyd die wind van voor; ek sit nog steeds my sitvlak op die skoolbanke en deurslyt en dus kan ek nie my hare met bolletjies vasmaak nie, terwyl rekkies nog 'n mens se hare verniel; my hare is nog steeds dik en my kuif bly wederstrewig my haarsnygeld word gebruik vir kamme, borsels, sjampoe, linte en knippies en natuurlik is dit tydrowend om die goed deeglik te versorg; ek is uit die mode en les bes - dit skend my matriekwaardigheid verskriklik om met bokstertjies rond te loop. Ek lyk kompleet nes 'n sessie ...






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BABA-KOMPETISIE 1981

Die kompetisie het baie plesierig verloop. Soos prof Gerryts dit uitgedruk het: " 'n Mens was maar huwerig om jou foto te gee want die name kan dalk een of ander tyd daarby verskyn." Die name hêt ook daarby verskyn, maar vooraf is daar eers deeglik bespiegel oor die oë, die mond, die houding, die lengte en die breedte van die deelnemers. Iemand het opgemerk dat die meeste mense maar sleg agteruitgegaan het en almal het saamgestem dat prof Boon loshande die mooiste baba was!

Groot geheimhouding het geheers oor wat die prys nou eintlik sou wees vir die persoon wat die meeste name reg kan raai. Twee persone, Willem Oliver en Marike Viljoen, moes definitief gekoukus het, anders was dit telepatie, maar hulle was so gelyk dat hulle die prys moes deel. Groot was hulle verbasing toe die prys 'n yslike kalkoenmannetjie met 'n pienk strik om die nek blyk te wees. Die delery sou 'n yslike probleem afgee, maar die oplossing was dat Elsa Cronje hom summier koop as troeteldier. 'n Lang, luilekker lewe vir Koekoes Kalkoen toegewens!








## MEV MARIê RAUTENBACH

Biblikasie en sekerlik die hele Merensky, wil graag 'n besondere afskeidswoordjie tot mev Mariê Rautenbach rig. Dit is nie nodig om 'n lang storie te skryf oor dit wat sy vir Merensky se mense beteken het nie. Almal van ons wat die geleentheid het om die mêns, Mariê Rautenbach, te kon leer ken, sal weet hoeveel ons haar gaan mis.

Ons gun haar die ruskans en weet dat sy nog baie het om aan te herkou; 'n hele vol lewe se mooi herinneringe.



## MY TASSIE IS GEPAK

My tassie is gepak, nou wag ek net vir 23 Desember, dan gaan ek onder die sambreel sit.

Tot siens dus aan julle almal. Vir diê van julle wat ek iets wou sê, het ek al, so ek sal net my robbies vat en skoert!

Die uwe

MARIê RAUTENBACH





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Die Posklip



## BRIEWERUBRIEK - GRAPPIE SE ANTWOORD

Ja, ek wās, en ja, ek wei nie meer op die groen velde van die huwelik nie. En nee, beslis NEE, nie eers in my desperaatste oomblikke wil ek ooit weer 'n manlief aandurf nie.

Êrens was daar 'n kommunikasie-probleem, want my bedoeling met die vorige brief was van 'n heel ander aard - dit was 'n klip in die bos en werklik 'n grappie.

Die huwelik is 'n ondervinding wat elke vrou eintlik behoort te belewe, verkieslik eenmalig.

Jare gelede was daar 'n koerantberig wat ek met vreugde gelees, uitgeknip en bewaar het. Daar was 'n kongres in London, bygewoon deur professionele vrouens, en die onderwerp was mans. Die eenparige besluit was: Ontmoet 'n man by die teater of die restaurant maar om saam met 'n man te woon, is buite die kwessie, al is jy bereid om alles in die stryd te werp!

Toe ek, vol vermaak, die berig onder my man se neus vryf, was hy woedend en dikbek vir weke lank.

As jy getroud is, verwag jy jou man se hulp en ondersteuning, maar o wee! jy kry dit selde. As jy alleen is, weet jy, jy moet alles self doen, en dit wōrd gedoen al moet jy iemand daarvoor betaal - beter as om te soebat en te neul. Ek glo 'n man dink dis lekker vir 'n vrou om te neul en besef nie dat dit net gif in jou are pomp nie.

Ja, dis rustig om nie 'n veeleisende man te hê nie (en waar kry jy een wat nie is nie?) Jy hoef aan niemand verantwoording te doen vir alles en dan nog na lang preke oor jou onverantwoordelikheid te luister nie. En as jy alleen is en die aand baie moeg, kan jy gaan slaap as die son sak. As jy 'n manlief het, moet jy lank spartel om te slaap in die lig as hy wil lees en elke bladsy onnodig hard omblaai. En as hy uiteindelik die boek neersit, trek hy onmiddellik los met 'n oor verpletterende gesnork.

Nee dankie, nie meer vir my nie. Selfsugtig? Ja. Maar baie lekker.

So vir "Geen Grappie" wil ek net sê: maak jou vel dik en koop vir jou oorproppe (sommer vir bedags ook, as die preke kom.)

Dis inderdaad oorlewing!

Ns As ek nie bang was vir die sensor se skēr nie, sou ek myself baie sterker uitgedruk het.

GRAPPIE




"You know why we're so compatible, Harvey? Because you're blind and I'm deaf."

## 'N MANLIKE KLIP IN DIE BOS!

Geagte redaksie

In die afgelope twee uitgawes van Biblikasie het daar briewe verskyn van twee baie humoristiese dames; "Grappie" en "Geen Grappie" (en ek verwag dat daar in hierdie uitgawe nog "grappies" gaan volg.)

Dit is eintlik baie ironies dat die dames na hulle self verwys in terme van grappies, want die posisie van die vrou vandag is alles behalwe 'n grap. Dit is 'n skande dat daar soveel aandag gegee word aan die verdrukking van anderskleuriges, maar oor die verdrukking en verguising van die vrou word geswyg. Selfs die nie-blanke kry



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

in Suid-Afrika meer aandag as die vrou.

Die grootste onreg en diskriminasie vind natuurlik binne die huwelik plaas, soos die twee "Grappies ook gesê of gesuggereer het. Die man besit sekere gawes wat dit vir die vrou onmoontlik maak om 'n suksesvolle huwelik te hê. Een hiervan is dat hy sy persoonlikheid heeltemal verander ná sy huwelik. Nadat die vrou getroud is besef sy dat sy die persoon met wie sy getroud is, eintlik glad nie ken nie. Nou besef sy waarvoor het sy haar ingelaat, maar ongelukkig te laat. Gedurende hierdie tyd bly die vrou natuurlik net soos sy was, vriendelik, lieftallig, netjies ens. Sy probeer altyd om haar man gelukkig te hou, en kan nie begryp dat hy so verander het nie.

Die ander gawe wat die man besit is om die vrou se oë te sluit vir alles wat mag skeef loop. Hy is die oorsaak dat sy net die maanskyn en rose raak sien. Hierdie vermoë van hom is so sterk dat vrouens telkens dieselfde fout maak, en dit is om te trou. Al die waarskuwing en klagtes van dié wat reeds in die huwelik staan, of gestaan het, word geïgnoreer, en eers ná die huwelik kom die wrede ontnugtering. Dit kom dus daarop neer dat die man die oorsaak is dat vrouens met toe oë in die huwelik ingaan.

In die huwelik self is daar baie irriterende, diskriminerende dinge wat pla, en die twee "Grappies" het sommige hiervan genoem. Daar is nog baie ander. Hoekom, byvoorbeeld, is die man so belangrik dat sy lewe gewoonlik verseker word. Hiermee wil hy voorgee dat hy graag voorsiening wil maak vir sy vrou en gesin wat agterbly as hy doodgaan, maar die vrou het dit mos nie nodig nie! Die mans probeer net bluf met die sorgsaamheid van hom (En in die gevalle waar die vrou se lewe wel verseker word, sit die men in elk geval net en wag dat die dag aanbreek wanneer hy die geld saam met sy tweede vrou kan spandeer.)

Die onbetroubaarheid van 'n man kom nêrens duideliker na vore as in die vroeë en hoë sterftesyfers van die Suid-Afrikaanse mans nie. Hulle kan nie eens die spanning waaraan hulle elke dag onderworpe is, verwerk nie. Die vrou leef immers onder net sulke groot spanning: gaan haar man se salaris groot genoeg wees om te betaal vir al haar klererekenings van die maand, waar is die beste plek vir die swembad in die tuin ens. Die mans het egter 'n maklike manier om weg te kom van hulle probleme, en die arme vrou moet alleen agter bly.

Vir al die vrouens wat regtig desperaat is, is daar dus darem die troos dat die lewensverwagting van die mens al hoe laer word. Boonop kan egskeidings gelukkig maklik verkry word, en is dit aan te beveel. Suid-Afrika hou baie min wêreldrekords, en ons kan dit nie bekostig om een van die weiniges wat ons wel hou, af te staan nie.



21 JAAR OF LANGER IN MERENSKY

Vyf persone in Merensky is reeds langer as 21 jaar in die Biblioteekdiens werksaam. Mnr Willie Porter is selfs 38 jaar in Merensky en mnr Dawie Hughes 34 jaar. Op die foto verskyn van links na regs:

Mnr Hughes, Mej Möller, Mnr du Toit, Mev Viviers, Mnr Porter. Op die Jaarlikse afsluitingsfunksie is silwer skinkborde deur prof Gerryts aan hierdie "oudstryders" oorhandig.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




GEE MY U HAND

Wat gee 'n mens vir iemand wat alles het?
En wat, vra die ouers van ons tyd, kan ons meer gee vir 'n jong geslag wat alles het?
Daar is tog 'n antwoord op dië skynbaar etoriese vraag:
Gee vir ons u hande!
Ja, ons het alles en ons is dankbaar (as ek namens die jeugdiges mag praat):
Meer geleenthede as ooit; die vrug van û soeke na kennis;
die produk van û vaardigheid; welvaart ..... en kennis, so baie kennis!
Juis daarom vra ons:
Gee my u hand!
Want vir al ons akademiese geleerdheid staan ons arm -
nie aan feite nie, maar aan u voorbeeld
nie aan kennis nie, maar om u te ken.
Dit is die rykdom van u egte menswees wat by ons verbygegaan het.
Want ons is geen databanke nie -
ons is mense .... soos u!
Gee dan, vra ons, naas u lesse en lesings, vir ons om langs u te staan
en u vaardiggeoefende hande met ons oë te volg.
Gee vir ons lomp vingers ook soms 'n stukkie klei,
en u hand op ons skouer.
Gee my u hand!
En as u-hulle oud geword het, en ons die pas moet gee -
herinner ons daaraan: dat ons nie ôns akademiese ekstase sal vergeet
om ôns hande vir ôns kinders te gee nie.
Dit is die enigste voorbeeld wat ons ontvang het,
ons saam met u:
Die voorbeeld van Hom na wie die volk verlang het -
te midde van hul oorvloed van dië wat ander vra
leer, van predikers en leraars -
'n Herder
Iemand met hande!
Hande wat sou troos, en lei, sou heel, en bid,
bestraf, die brood sou breek..en leer!
Hande wat geleer het, wat lippe nie kan doen nie:
Hoe ware liefde lyk
Hande wat ook sou ly...sy hande vir ons!
En ons hande vir Hom?
En ons, as sy hande, vir almal om ons, en dië wat nâ ons kom?





TOONBANKNUUS

Ons het deur 1981 tot die besef gekom dat die fisiese opset hier by die Toonbank weer eens in oënskou geneem moet word. Dit was veral vanweë die feit dat 'n verskeidenheid voorwerpe (rubber-spinnekoppe, lemoenskille, papiervliegtuie, ens) in hierdie jaar op ons neergedaal het. Tydens Thomas se draai by ons het ons sy toekomstige posisie in Beplanning in gedagte gehou en die saak met hom bespreek. As oplossing is 'n koepelvormige dak wat tot by die eerste verdieping strek, voorgestel. Geen kompromie is egter bereik nie.

Dit sou ook vir ons baie voordelig wees indien ons, ons krambinder in die middelpunt van die toonbank kon vasanker. Ons het tot die slotsom gekom dat ons nie juis van studente hou wat gedurig die "stapler" wil leen of 'n dreigende houding oor die "nie-meer-beskikbare"-vraestelle inneem nie.

Intussen geniet ons die stilte wat besig is om oor die kampus toe te sak. Die rustigheid plaas almal in 'n vakansiegevoel. Die gejaag het so afgeneem dat ons selfs kan oorweeg om Name/Vanne/Diere/Dorpe te speel.

Hannetjie is terug (stywe toontjies en al) om die leisels weer stewig vas te vat. Ons is baie bly om jou weer by ons te hê, Hannetjie.

Verder gaan ons op die gewone trant aan. Irene het klaar eksamen geskryf, Corrie maak nog steeds resepte, rate, wenke, idees, ens bymekaar en Sanette leef en dink nog steeds net Libis. Ons almal wonder intussen oor Ina en Estelle se trouplanne en nie-trouplanne. Johanna is net 'n aanwins en so ywerig dat sy haarself skoon uit haar skoene loop om flink met die gebruikers te wees.

Om af te sluit wil ons die res van die personeel 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toewens.

TOONBANK



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## AFRICANA

Die aftelling vir die vertrek van hierdie jaar het reeds begin en dit sal 'n baie drastiese tegniese fout moet wees wat sal verhoed dat hy binnekort in die ruimte verdwyn.

Die personeel in Africana het hopelik in hierdie jaar nie net slimmer nie maar ook wyser geword. Sonja en Joy het altwee op akademiese gebied, harde bene gekou, maar sal net soos voorheen weer met eer uit die stryd tree. Die verdediging van die land het my eie skouers 'n bietjie krommer gedruk want met 'n man en twee seuns in die Weermag (een seun boonop in die bos) was daar maar min kans vir "op die plek rus."

Gedurende hierdie jaar het ek weer besef dat elke mens wat jy in jou lewe leer ken tot verryking en opvoeding van jouself dien. Daar is by elkeen van my twee kollegas in Africana karaktereienskappe wat my voortdurend opgeval en geïnspireer het. By Joy was dit haar stiptelikheid. Alhoewel sy dikwels saans gewerk het was sy maar altyd weer die volgende oggend om 07h15 by die werk - klaar gewas en gegrimeer. Sonja weer is 'n toonbeeld van lewensvreugde en selfs die dae wat sy klaerig was het sy nooit desperaat gelyk nie. Sy is 'n voorbeeld van iemand wat "swaarkry met lekkerkry, klaarkry."

Vir die mense op die tweede vloer wil ons sê dat ons baie lekker saamgewerk en saam geëet het. Zani en Karen was altyd bereidwillig om ons toonbank op te pas as ons almal op een of ander sending wou uitgaan. Hier werk in elk geval nie nors en onvriendelike mense in die Merensky nie en daarom kan ons 'n hartlike bedanking aan al die afdelings rig vir die aangename gees wat hier heers. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar!

JURIET COETZEE

## TYDSKRIFTE

Noudat die jaar sy einde nader is dit miskien goed om 'n kort oorsig te gee van alles wat met ons klompie gebeur het. Die belangrikste persoon in ons afdeling, Anne, het weer eens 'n jaar met baie verandering van spyse gehad. Soos voorheen moes sy aanpas by 'n paar nuwe gesigte in die afdeling en hulle inlyf in die wel en weë van Tydskrif Administrasie. Sy het ook haar alombekende geel ryding verruil vir 'n splinternuwe witte, 'n Toyota Corola.

Stella het maar hierdie jaar eers by ons begin maar haar tikvingers is al so behendig dat sy na 'n jarelange kollega lyk. Sy het ook ontdek dat hulle een van die dae nie meer drie nie, maar vier in die huis gaan wees.

Adri en Grietjie het besluit die van Botha geniet meer aansien in Suid-Afrika as hulle eie en kry toe summier vir hulle mans met die van.

Ansie is ook 'n nuwe enetjie in die afdeling wat hierdie jaar eers begin het, maar as jy haar so kyk sal jy dit nooit sê nie. Sy het haar al lankal as 'n staatmaker bewys. As daar 'n gunsie gedoen moet word is Ansie altyd die ene bereidwilligheid.

Carina is nou al vir die afgelope paar maande besig om die takbiblioteke se tydskrifte op Tisab te plaas. Tussendeur sorg sy vir ligte vermaak met 'n kwinkslag vir elke situasie.

Marike beman deesdae die kelder vir ons en regeer daar met 'n ysterhand. Sy mis ons blykbaar nog, want telkens kom kyk sy hoe gaan dit met ons klomp hier op Laergrond.

Esther was eers een van ons tikvingertjies maar deesdae sit sy tjoepstil en werk agter haar kardex. Sy vang nou graad en dan is sy al halfpad na haar einddoel. Sterkte, Essie.

Liesbet oftewel Elizabeth het verwoed gesoek na 'n ander woonstel en ons het later almal saam gesoek, want was dit 'n gesukkel. Gelukkig is sy nou geholpe.


Om mee af te sluit moet ek net noem dat hierdie jaar ons ook goed besig gehou het in alle opsigte. Die posman was elke dag op sy pos en die Merensky bly maar 'n gewilde plek om pos aan te stuur. So met al die studerendes in die afdeling was dit 'n dubbele taak om alles klopdisselboom te laat gaan. Ons hoop die eksamens was vir elkeen van hulle 'n grootse poging in die rigting van sukses.

Vir almal wat saam met ons in die Merensky werk, wil ons 'n geweldige aangename en voorspoedige Kersmaand toewens. Tot volgende jaar!





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




SEKSIE MAKRO-ONTSLUITING

Die verspreiding van inligting is 'n probleem wat op alle terreine ondervind word. Binne die Seksie Makro-ontsluiting is 'n probleem ondervind met die verspreiding van inligting ten opsigte van die toestand waarin DOBIS verkeer: aan of af, mag gebruik word of moenie gebruik nie. 'n Seinstelsel, of kollestelsel is ontwikkel om die probleem te oorbrug, en gekleurde kolle word op 'n wit skryfbord aangebring, reg agter die kontroleerders.

Groen Kol: DOBIS is aktief en mag gebruik word

Rooi Kol : DOBIS is nie aktief nie en/of mag nie gebruik word nie

Blou Kol : DOBIS is aktief en mag gebruik word. maar kom lees ook wat hier geskryf staan.

M MöRSNER

INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Interbiblioteeklenings het hierdie jaar 'n personeelwisseling gehad soos nog nooit van te vore in sy geskiedenis nie. Daar is maar ses persone in die seksie, maar ons het die volgende reggekry: een persoon is na Africana oorgeplaas, een persoon is na 'n ander pos verskuif, daar was drie aanstellings, twee bedankings, twee oorplasings van ander seksies na IBL en een oorplasing na 'n ander departement van die universiteit. Ten spyte hiervan het die werk voortgegaan. Ons kan egter met tevredenheid terugkyk na die jaar wat verby is. Daar is baie bereik. Dink maar aan die QBB: PISAL en GK, die kontrole deur 'n tweede persoon van vermiste materiaal en die nuwe handleiding wat die lig gesien het. Moet ook nie vergeet van die fotostate wat ons, na maande se frustrasie, nou so vinnig bereik nie.

Dis dan nou ook gepas om die jaar af te sluit met so 'n paar van ons "geliefde" statistiekies.

Oorsese aanvrae volgens departemente 8 Januarie 1981 - 16 November 1981

1ste Teologie R418, 2de Plantkunde R396, 3de Duitse R372, 4de Musiek R290, 5de Wysbegeerte R288, 6de Huishoudkunde R264, 7de Chemie R244, 8ste Regte R196, 9de Landbou R144, 10de Rek en Oudit. R128, 12de L O en Spraakheelkunde elk R124, 13de Skielkunde R112, 14de Ingenieurswese R108, 15de Argitektuur R96, 16de Bestuurswese R80, 17de Opvoedkunde R74, 18de Romaanse Tale R48, 19de Wiskunde R40, 20ste Sosiologie R40, 21ste Grieks R36, 22ste Kunsgeskiedenis R32, 23ste Studente Diensburo R28, 24ste Geskiedenis, Statistiek, Medies en Veeartsenykunde elk R24, 25ste Toegepaste Wiskunde, BFA en Fisika elk R20, 26ste Latyn en Rekenaarwetenskap elk R8, 27ste Biblioteekkunde, Afrikaans en Biochemie elk R4.

TOTAAL: R3 994

Die volgende afleidings kan moontlik gemaak word: Departemente vra baie materiaal op interbiblioteeklening aan omdat Merensky se voorraad onvoldoende is of, is dit eerder 'n aanduiding van watter departemente Merensky se dienste beter benut?

Groete en seënwense van seksie tot seksie. Ons sien julle weer in die Nuwejaar.

INTERBIBLIOTEEKLENINGS





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BESTELAFDELING

Dit is nou die laaste geleentheid vir almal om hul sê te sê en ons afdeling het hierdie maand 'n "groot" sê om te sê. Ons moet binnekort afskeid neem van ons sonstraal in die afdeling.

Daar is so baie wat 'n mens kan sê, maar ons wil graag dankie sê vir die manier van menswees van mev Rautenbach. Dankie vir die sonskyndae (ten spyte van die gebrek aan vensters) wat mev hier in bestelafdeling gebring het. Die ander personeellede sal ook kan getuig van die baie blommetjies uit haar tuin, die goeie raad vir probleme en sommer net die lekker gesels.

Mevrou Rautenbach se aftrede laat beslis 'n groot leemte in die Merensky. Ons almal wil vir u 'n aangename rustydjie toewens en alles wat mooi is vir die toekoms.

Onthou net Mevrou: Andersonstraat 125 is net hier om die draai. So, mevrou is glad nie ontslae van ons nie!

Aan almal 'n geseënde Kerstyd van ons hier in die bestelafdeling.



NUUS UIT DIE VAKBIBLIOTEKARISSTELSEL

Tydens die vakbibliotekarisse se afskeidsfunksie op 5 November is Matilda Pieterse as die nuwe sekundus vir 1982 verkies. Matilda, van al die vakbibliotekarisse se kant, baie geluk, wens jou net die beste toe vir die jaar (eintlik twee!) wat voorlê.

DERDEVERDIEPING

Dit is glad nie die maklikste van take om iets van die derdeverdieping se mense neergeskribbel te kry nie. Sowat van glibberig het julle lanklaas gesien!

Eerstens het Piet so periodiek opgeduik tussen vraestelle en nogmaals vraestelle deur. Die dames het "hulle man" baie gemis en voel sommer veilig noudat hy weer in ons midde is.

Rika het ook 'n paar vraestelle agter die blad en met haar vriendelike gesiggie terug op die vloer; die studente huis toe of see toe; voel die eksamenspook behoorlik begrawe.

Jinnie is vir twee salige weke by die see en met die generaal weg gaan dit maar deurmekaar hier! Ook Rita het vir 'n paar dae die wyk geneem en in die Drakensberge gaan rondklouter.

Amanda raak 'n regte "Jetsetter." Sy is so pas terug van Israel met haar Golden Produkte en nou gaan sy alweer Mauritius toe vir twee weke. Geniet dit Amanda. Ons hoop die "jets" hou!

Twee persone in ons midde is erg aan die inpak. Irene verhuis Verwoerdburg toe en het 'n stryd om met al haar katte en stukkende motor se hulp getrek te kry!

Hennie se inpakkery maak ons almal baie hartseer want sy is nog net tot die 11de Desember in Merensky. Ons klomp op die Derdevloer en ek is seker ook Tydskrifte, waar sy voorheen gewerk het, wil vir haar baie dankie sê vir die aangename tyd wat ons saam met haar kon hê. Hennie, ons wens vir jou en Frans net alles wat mooi is toe. Sterkte vir die volgende twee onsekere jare. Daarna is ons egter seker dat een of ander gelukkige gemeente 'n pragtige "pastoriemoedertjie" gaan kry.

Annatjie het so die Kersfees-"feeling" dat sy met moeite in Merensky gehou kan word. Annatjie, geniet jou vakansie in die Kaap. Ons is seker Max en Nolsie sal darem die groot verlange oorleef.

Matilda gaan ook vir 'n paar weke see toe en spook tans net hard om die laaste Biblikasie op die teetafel te kry.

Almal van ons wens die res van die personeel 'n welverdiende ruskansie, 'n Geseënde Kersfees en 'n veilige terugkoms toe!




*'n Mens kan sien die studente is amper klaar met die eksamen en ledigheid is die duiwel se oorkussing. Die bykomstighede is toe ook sommer uit een van die uitstallings "geleen".*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## KLEIN KRONIEK VAN 'N VAKBIBLIOTEKARIS



*...wonder wat die dag gaan oplewer -*



*...beter solank opwarm*




*- eerste gebruiker is in aantog -*
*o, sý*




*...kan ek miskien help?*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




-ek doen dit graag (vrindelik, vinnig en vlytig!)

DOBIS is nog nie aktief nie





dis so 'n dik rooi boek


outeur? - geen














titel? - onbekend


het altyd op dié rak gestaan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




...ek's reg vir die volgende een - gaan beslis nie wéér vir die gek gehou word nie




Huh?



Prof Gerryts wil jou onmiddellik op die rooi tapyt hê!!!



...hou net die blinkkant bo, man!



- 'n veer in die hoed verrig wondere nê...




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




*wens net sy wil ophou praat,*
*want*

*...lyk na nóg 'n taaie*
*waar's die assistent tog nou?*



*- as die lewe jou stormloop,*
*doen dit terug!*









*gaan teetyd dan nooit aanbreek*
*nie...*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019







*WAT*



*'N*



*DAG* !

*WAT 'N JAAR* !



*Sterkte vir die een wat voorlê!*


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Nooit sal ek die dag vergeet toe ek vir 'n paar studente moes vra waar Roperstraat en die Merensky Biblioteek nou eintlik is nie. Nou aanvaar ek my 'werksplek' as vanselfsprekend (soos ons almal maar maak) en 'n mens is geneig om sô deel te word van 'n plek en sy mense dat jy vergeet hóékom dit eintlik so maklik is. Dit is vir elke mens belangrik om (steeds individueel) deel te wees van 'n groep - in hierdie geval 'n werksgemeenskap - en jouself ten volle te gee vir die saak waarom dit gaan. Juis dít is in die Merensky so maklik, want hier is 'n sekere kwaliteit betreffende medemenslikheid en gesindhede voelbaar, wat dit vir enige nuweling moontlik maak om in te skakel en aan te pas.

Aan die einde van so 'n vol jaar kan mens bly wees oor hegte vriendskappe wat gesluit is, hartseer voel oor maats wat vertrek, glimlag oor klein verskilletjies, dankbaar wees vir geleenthede, besieling put uit nuwe ontwikkelinge en mense met inisiatief - maar die héél lekkerste is om te kan UITSIEN na 'n nóg voller 1982.

'n Groot DANKIE aan almal wat dit so aangenaam en maklik gemaak het om te wil deel wees van DIE MERENSKY!

RIKA VAN DER WALT




*VERJAARSDAE - DESEMBER 1981*


| | | |
|---|---|---|
| *Mej H Fritz* | *Boekbestellings* | *2* |
| *Mej A Pienaar* | *Mediese biblioteek* | *7* |
| *Mev E Nel* | *Boekbestellings* | *9* |
| *Mnr C Fouche* | *GSV* | *10* |
| *Mev M du Preez* | *Veeartsenykunde* | *12* |
| *Mnr E L Snel* | *Bindery* | *19* |
| *Mev J C Gaigher* | *Toonbank* | *20* |
| *Mev M C Vink* | *Ontsluiting* | *22* |
| *Mej J C Breed* | *Ontsluiting* | *31* |

*JANUARIE 1982*

| | | |
|---|---|---|
| *Mnr P de Kock* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *1* |
| *Mnr P H Greyling* | *Mediese Biblioteek* | *1* |
| *Mev L van Wyk* | *Ontsluiting* | *7* |
| *Mev J Erlank* | *Toonbank* | *8* |
| *Mev A S Fischer* | *Landboubiblioteek* | *9* |
| *Mej P M Blaauw* | *Boekbestellings* | *13* |
| *Mej S M Schoeman* | *Adj-Dir Sekretaresse* | *15* |
| *Mev M Botes* | *Boekbestellings* | *16* |
| *Mej E Muller* | *Tydskrifadmin* | *18* |
| *Mev M N Pieterse* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *21* |
| *Mej A E Els* | *Boekbestellings* | *27* |
| *Mej M T Brassel* | *Beplanning* | *29* |
| *Mnr H van Breda* | *Finansiële Admin* | *30* |

## -UITSTALLINGS-






IN MEMORIAM

Die Merensky-Personeel het met leedwese verneem van die afsterwe van Breggie Kotzé op 26 November. Breggie was werksaam in Merensky vanaf 1 Julie 1975 tot November 1981, in die Afdeling Ontsluiting. Ons innige simpatie aan haar familie en vriende.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019